- 3.3.2 Individuele chromatiede (dogterchromosome) word deur die spoelwesels/drade na teenoorgestelde pole getrek ✓ (2)
- 3.3.3 Chromosomale nie-disjunksie ✓ (1)

3.3.4



Punte-toekenning:

C – Toon **3 homoloë chromosoompare/6 chromosome** (nie chromatiede nie) ✓✓

P – Toon **ligging** op ewenaarsvlak ✓

V – Toon korrekte variasie van die chromosome ✓. (kleure van die chromosome moet komplementêr wees)

(Gebruik hierdie letters vir die merkproses.)

(4)

- 3.4 3.4.1
- Om addisionele fondse te genereer om die gehalte van gesondheidsorg te verbeter ✓
 - Om die daaglikse suikerinnome te verminder deur die prys te verhoog ✓
 - Om fondse te genereer vir die ondersteuning van programme en navorsing wat ontwerp is om die menslike en ekonomiese koste van diabetes te verminder ✓ (Enige 2 x 1)
- (2)

3.4.2 **Arbeidsproduktiwiteit** word aansienlik verminder omdat:

- Werkgewers nie riskante take aan diabetes gee nie, as gevolg van moontlike hipoglisemie (lae bloedsuiker) ✓
- 'n Algemene traagheid en verswakte visie veroorsaak word deur die toestand ✓
- Daar 'n verlies aan werksure is as gevolg van siekverlof ✓
- Daar 'n tekort aan geskoolde werkers is as gevolg van vroeë aftrede, ongeskiktheid en sterfte. ✓ (Enige 1 x 1)

Die impak op die ekonomie:

- Toenemende mediese onkoste ✓
- Verlies aan inkomste en voordele as gevolg van verlengde siekverlof ✓ (Enige 1 x 1)

(2)

3.5	3.5.1	A ✓		(1)
	3.5.2	2 ✓		(1)
	3.5.3	Retina ✓/ kornea ✓/ lens ✓	(Enige 1 x 1)	(1)
	3.5.4	<ul style="list-style-type: none">• Die siliaarspier trek saam en beweeg nader aan die lens ✓• die siliaarliggaam beweeg vorentoe ✓• die spanning op die suspensoriese ligamente verminder ✓ en• die spanning op die lens verminder ✓• die elastiese lens raak dikker en meer konveks ✓• die ligbrekings / refraksie vermoë van die lens neem toe ✓• 'n duidelike beeld van die voorwerp word op die retina gevorm ✓	(Enige 5 x 1)	(5)
				[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4****4.1 Gehoor (proses)**

- Die pinna gelei /konsentreer klankgolwe ✓
- deur die gehoorkanaal ✓
- op die timpaniese membraan ✓
- wat veroorsaak dat die timpanum vibreer ✓
- Die vibrasies van die timpaniese membraan word oorgedra aan die gehoorbeentjies ✓ in die middeloor
- Die voetplaat van die stapes dra die vibrasies oor aan die membraan van die ovaal venster ✓
- Dit veroorsaak drukgolwe in die perilimf van die vestibulêre kanaal ✓
- Die drukgolwe word oorgedra aan die endolimf van die kogleêre kanaal ✓
- Die drukgolwe stimuleer die haarselle van die Corti orgaan ✓
- Die haarselle skakel die stimulus om in 'n impuls ✓
- Die impuls word deur die gehoorsenuwee ✓ na die serebrum ✓ van die brein gelei waar die klank geïnterpreteer word
- Die drukgolwe beweeg na die timpaniese kanaal waar dit uiteindelik deur die ronde venster geabsorbeer word ✓ (Maks. 7) (7)

Draai van die kop om die bron (oorsprong) van die klank (geluid) te ondersoek (respons)

- Die interpretasie van die klank (geluid) lei tot 'n ondersoekende reaksie ✓
- Die serebrum stuur impulse ✓ (instruksie)
- na die nekspiere (effektor) ✓
- Deur die motoriese senuwees ✓
- En dit veroorsaak 'n antagonistiese aksie ✓ van die nekspiere
- Wat die kop in staat stel om na die bron van die klank (geluid) ✓ te draai
- Sodat die oë meer inligting kan versamel rakende die aard en bron van die geluid (Maks. 4) (4)

Plant respons (reaksie) op 'n eensydige ligprikkel (stimulus)

- Die punt van die stingel ✓
- het die vermoë om op 'n eensydige ligprikkel te reageer
- Deur groeibewegings ✓
- Dit word fototropisme genoem ✓
- Wanneer stingels aan 'n eensydige ligprikkel blootgestel word
- Word die planthormoon ouksiene ✓ in die groeipunt van die stingel vervaardig
- Die beligte kant ervaar 'n tekort aan ouksiene ✓
- want die ouksiene migreer na die donker kant van die stingel of word deur die lig vernietig ✓
- 'n Hoë ouksienkonsentrasie bevorder selverlenging by plantselle ✓
- Dus veroorsaak die oneweredige verspreiding van ouksiene ✓
- oneweredige groei van die stingel en dat die donker kant vinniger groei ✓
- Die stingel buig dus na die lig ✓ (Maks. 6) (6)

Inhoud: 17
Sintese: 3

ASSESSERING VAN AANBIEDING VAN OPSTEL

Relevansie	Logiese volgorde	Omvattend
Al die inligting verskaf is relevant tot die onderwerp	Idees is in 'n logiese /oorsaak-gevolg volgorde	Het al die aspekte vereis deur die opstel beantwoord
Slegs inligting relevant tot gehoor, die daaropvolgende reaksie en die plantreaksie op 'n eensydige ligprikkel is ingesluit (daar is geen irrelevante inligting nie)	Die logiese volgorde van gebeure tydens gehoor, die daaropvolgende reaksie en die plant se reaksie op 'n eensydige ligprikkel is verstrek	Sluit voldoende inligting in oor al die prosesse d.w.s. gehoor,(4) en die daaropvolgende reaksie(2) en die plantreaksie op eensydige ligprikkel min (4)
1 punt	1 punt	1 punt

Sintese: 3

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

JUNIE 2014

PUNTE: 100

TYD: 2 URE

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in jou ANTWOORDBOEK.
3. Begin elke antwoord bo-aan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met 'n potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme en vloeddiagramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar, 'n gradeboog en 'n passer gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer (1.1.1 – 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Die tipe dominansie waar beide allele van 'n geen ewe veel uitgedruk word.

- A Ko-dominansie
- B Meervoudige allele
- C Onvolledige dominansie
- D Volledige dominansie

1.1.2 Die wetenskaplike wat bekend is as die vader van genetika.

- A James Watson
- B Francis Crick
- C Gregor Mendel
- D Alfred Wallace

1.1.3 Bestudeer die lys hieronder en beantwoord die vraag.

- (i) Downsindroom
- (ii) Albinisme
- (iii) Hemofilie
- (iv) Kleurblindheid

Watter een van die volgende is voorbeelde van geslagsgekoppelde oorewing?

- A (i), (ii), en (iv)
- B (iii) en (iv)
- C (iii) alleen
- D (ii) en (iii)

1.1.4 'n Vrou met bloedgroep A trou met 'n man met bloedgroep AB. Watter van die volgende kinders **kan nie** hul eie wees nie?

- A Fred - bloedgroep A
- B Sandy - bloedgroep O
- C Pinkie - bloedgroep AB
- D Bill - bloedgroep B

1.1.5 Stamselle word ge-oë in ...

- A baie jong embrios (een tot drie dae oud).
- B die middel van die ouer embrios (vyf tot veertien dae oud).
- C sekere fetusweefsel (bv. die naelstring).
- D al die bogenoemde.

(5 x 2)

(10)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die **term** langs die nommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die tipe selverdeling verantwoordelik vir gameetvorming

1.2.2 Chromosoom toestand wat die teenwoordigheid van twee stelle chromosome in 'n sel beskryf

1.2.3 Die 22 paar chromosome in die menslike kariotipe wat nie met geslag geassosieer word nie

1.2.4 Die fase van meiose waar die twee chromosome van elke homoloë paar na die teenoorgestelde pole getrek word

(4)

1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A en B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II van toepassing is. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die toepaslike nommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	'n Oorerflike eenheid wat 'n spesifieke kenmerk bepaal	A Geen	B Alleel
1.3.2	Die gebruik van lewende organismes om bruikbare produkte te vervaardig	A Genetiese manipulasie	B Biotegnologie
1.3.3	Die samestelling van die kombinasie van allele vir 'n spesifieke kenmerk	A Dominante	B Resessiewe
1.3.4	Speel 'n rol in vaderskapstoetse	A Bloedgroepe	B DNA profiele
1.3.5	'n Verandering in die nukleotiede volgorde in die DNA molekule	A Chromosoommutasie	B Geenmutasie

(5 x 2) (10)

1.4 In 'n sekere tipe duif is die **rooi-oogkleur (R)** dominant oor **swart oë (r)** terwyl grys stertvere (**G**) dominant is oor wit stertvere (**g**).

'n Duiweteler kruis 'n homosigotiese wyfie met rooi oë en grys stertvere met 'n homosigotiese mannetjie met swart oë en wit stertvere.

1.4.1 Noem die genotipe van die:

- (a) Wyfieduif (1)
- (b) Mannetjiesduif (1)

1.4.2 Noem die genotipes van die gamete van die wyfieduif. (1)

1.4.3 Gee die fenotipe van die nageslag met die volgende genotipe:

- (a) rrGg (1)
 - (b) RrGg (1)
- (6)**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1 Tydens die proses om die struktuur van DNA te bepaal, het Watson en Crick gekyk na die verhouding van stikstofbassisse in die DNA van verskeie van 'n sekere organisme. Hulle het die resultate van drie verskillende monsters wat in dieselfde laboratorium gedoen is in ag geneem, soos in die tabel hieronder getoon.


Persentasie van elke stikstofbasis			
Stikstofbassisse in DNA	Monster 1	Monster 2	Monster 3
A	29	31	30
T	31	29	30
C	21	20	19
G	19	21	20

- 2.1.1 Waarom het Watson en Crick die resultate van drie monsters gebruik? (1)
- 2.1.2 Wat is die verhouding Adenien tot Timien in die eksperiment? (1)
- 2.1.3 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.1.2. (1)
- 2.1.4 Teken 'n sirkelgrafiek wat die persentasie van die verskillende stikstofbassisse in monster 1 illustreer. Toon ALLE berekeninge. (7)
(10)
- 2.2 Bestudeer die tabel hieronder.

DNA basis drietal	Proses 1	mRNA kodon	Proses 2	Aminosuur
CGA		3		Alanien
4		CAA		Glutamien
TAG		AUC		Isoleusien

- 2.2.1 Watter proses word deur nommer 1 verteenwoordig? (1)
- 2.2.2 Identifiseer:
(a) kodon nommer 3 (1)
(b) basis drietal nommer 4 (1)
- 2.2.3 Watter antikodon van tRNA sal pas by die mRNA kodon van die aminosuur Isoleusien? (1)
- 2.2.4 Verduidelik die proses 2 soos getoon in bostaande table. (6)
(10)

2.3 Die diagramme hieronder toon die kariotipes van twee persone.



- 2.3.1 Bepaal watter van die kariotipes (**A** of **B**) 'n manlike en 'n vroulike persoon onderskeidelik verteenwoordig. (2)
- 2.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.3.1. (2)
- 2.3.3 Verduidelik waarom die bostaande kariotipes die van 'n somatiese sel is en nie die van 'n gamete nie. (1)

(5)
[25]

VRAAG 3

3.1 In die Hedera plant is groen blare (**G**) dominant oor (**g**) veelkleurige blare (wit en groen). 'n Plant wat heterosigoties is vir groen blare word gekruis met 'n plant met veelkleurige blare.

- 3.1.1 Skryf die genotipe vir die plant met groen blare in die bogenoemde kruising. (1)
- 3.1.2 As die plant in VRAAG 3.1.1 toegelaat word om selfbestuiwing te ondergaan en 64 nakomelinge word geproduseer, hoeveel plante sal ...
- (a) veelkleurige blare hê? (1)
 - (b) heterosigoties vir groen blare wees? (1)
 - (c) homosigoties wees? (1)
- (4)

3.2 'n Leerder ondersoek die voorkoms van sekere dominante en resessiewe kenmerke in sy klas.

Sy hipotese was:

Daar sal meer leerders met dominante kenmerke wees as met resesiewe kenmerke.

Hy gebruik 10 seuns en 10 dogters om die volgende kenmerke te ondersoek. Hy versamel die data oor 'n periode van twee weke.

Kenmerk	Dominante	Resessiewe
Rol van tong	roller	Nie-roller
Aantal vingers	vyf vingers	ses vingers
Hare	krulhare	reguit hare
Oorlobbe	vry oorlob	gehegte oorlob

Die resultate vir die ondersoek word in die tabel hieronder getoon.

Tong roller	Nie roller	Ses vingers	Vyf vingers	Krul hare	Reguit hare	Vry oorlobbe	Gehegte oorlobbe
✓✓			✓✓✓		✓		
✓			✓		✓✓✓	✓✓✓	✓
✓✓✓	✓		✓✓	✓	✓	✓	
✓			✓✓✓✓		✓	✓✓✓	
✓✓	✓		✓		✓✓✓	✓✓✓	
✓✓✓			✓	✓✓	✓✓	✓	
✓	✓		✓✓✓✓ ✓		✓✓✓	✓✓✓	
✓	✓	✓	✓✓		✓	✓	
✓	✓			✓	✓	✓✓	✓✓

- 3.2.1 Verwerk die resultate van die ondersoek en gee die bevindinge in tabelvorm weer. (5)
- 3.2.2 Watter TWEE prosesse vind gedurende meiose plaas wat dit moontlik maak dat 'n kind verskillende gene van die ouers erf. (2)
- 3.2.3 Watter kenmerke toon die grootste verskil tussen dominante en resessiewe allele? (1)
- 3.2.4 Verduidelik of die leerder se hipotese aanvaar of verwerp kan word? (2)
- (10)**

3.3 Die oorerwing van pelskleur in katte is aan geslag gekoppel. Die skilderkleur by katte is 'n kombinasie van swart en oranje pels. Die alleel vir swart pels word deur X^B verteenwoordig en die alleel vir oranje pels word deur X^O verteenwoordig.

'n Wyfiekat met 'n skilderkleur paar met 'n oranje mannetjieskat.

WENK: Die geslagschromosome/gonosome by katte is dieselfde as by die mens.

- 3.3.1 Gebruik die simbole X^B , X^O en Y om 'n genetiese kruising van die paring soos hierbo genoem te toon. Toon ook die verhouding van die F_1 -fenotipes aan. (7)
- 3.3.2 Verduidelik waarom die mannetjieskatjies nooit die skilderkleur pels kan hê nie. (2)
- 3.3.3 Verduidelik waarom die wyfiekatjies die skilderkleur pels kan hê. (2)
- (11)**
- [25]**
- TOTAAL AFDELING B: 50**

AFDELING C

VRAAG 4

Beskryf die struktuur van DNA/DNS sowel as die proses van DNA/DNS replisering en verduidelik die belangrikheid van DNA/DNS replisering vir meiose.

Inhoud (17)
Sintese (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeiagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

JUNIE 2014

PUNTE: 150

TYD: 2½ ure

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in jou ANTWOORDEBOEK.
3. Begin elke antwoord bo-aan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met 'n potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme en vloeddiagramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik nie.
10. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar, 'n gradeboog en 'n passer gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer (1.1.1 – 1.1.10) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.


1.1.1 Watter deel hieronder vorm deel van die menslike plasenta?

- A Fallopiusbuis
- B Chorion
- C Serviks
- D Amnion

1.1.2 Ontwikkeling van die embrio in die liggaam van die moeder, wat uiteindelik lei tot 'n lewendige geboorte.

- A Viviparie
- B Ovoviviparie
- C Bevrugting
- D Oviparie

1.1.3 Vrae 1.1.3 en 1.1.4 is gebaseer op die volgende diagram.



Watter kombinasie van byskrifte is KORREK vir 2, 3 en 6 onderskeidelik?

- A hamer; koglea; buis van Eustachius
- B aambeeld; koglea; gehoorkanaal
- C aambeeld; halvesirkelvormige kanale; buis van Eustachius
- D hamer; halvesirkelvormige kanale; gehoorkanaal

1.1.4 Kies uit die volgende tabel die korrekte kombinasie van strukture en funksies van dele in die diagram:

Korrekte antwoord	Struktuur nommer	Struktuur naam	Funksie
A	5	ovaalvenster	Dra die vibrasies van die gehoorbeentjies oor na die middeloor
B	7	ronde venster	Balanseer druk aan weerskante van die timpanum
C	5	ovaalvenster	Dra die vibrasies van die gehoorbeentjies oor na die inwendige oor
D	7	ovaalvenster	Absorbeer druk wat opbou in die inwendige oor

1.1.5 Gedurende watter fase van meiose word vier haploïede dogterselle gevorm?

- A Telofase II
- B Metafase I
- C Anafase II
- D Telofase I

1.1.6 Watter EEN van die volgende stellings oor meiose is NIE waar nie?

- A In plante vind meiose plaas in die helmknop om stuifmeelkorrels te produseer en in die vrugbeginsel om die saadknop te produseer.
- B Meiose is die verdeling van een sel in vier geneties verskillende selle.
- C By die mens vind meiose plaas in die testes om sperms te produseer en in die ovarium om 'n ovum te produseer.
- D Meiose is die verdeling van een sel in vier selle wat elkeen dubbel die aantal chromosome as die ouersel besit.

Vrae 1.1.7 en 1.1.8 is gebaseer op die inligting in die tabel hieronder. Dit dui die hoeveelheid afval aan wat gegenereer word uit verskillende produkte en die tyd wat dit neem vir elke produk om afgebreek (ontbind) te word.

Produk	Hoeveelheid afval (in ton)	Tyd om afval te ontbind (in jare)
Plastieksakke	200	300
Leerskoene	30	20
Batterye	20	100
Nylon vesel	100	50
Aluminium blikkies	50	75

1.1.7 Wat is die persentasie bydrae van aluminium blikkies tot die totale hoeveelheid afval wat gegenereer word deur die produkte op die lys?

- A 50%
- B 18,75%
- C 75%
- D 12,5%

1.1.8 Lees die volgende stellings oor die inligting in die tabel en beantwoord dan die vraag:

1. Plastieksakke neem 350 jaar langer as nylon vesel om te ontbind.
2. Die hergebruik van afvalprodukte word hersiklering genoem en sluit die hergebruik van plastiek, glas en papier in om nuwe produkte te maak.
3. Leerskoene ontbind relatief vinnig, want dit is gemaak van 'n organiese diere produk wat dus bio-afbreekbaar is.
4. Kernafval is skadeloos en dus nie gevaarlik vir lewende organismes nie.


Watter van hierdie stellings is NIE korrek nie?

- A 1, 2 en 4
- B 1 en 4
- C Slegs 4
- D 2, 3 en 4

1.1.9 Watter van die volgende dele, van die amniotiese eiers van reptiele en voëls, is verantwoordelik vir die berging van afvalprodukte?

- A Allantois
- B Dooiersak
- C Chorion
- D Amnion

- 1.1.10 Die volgende strukture verteenwoordig die ontwikkelings stadiums van die sigoot in mense:



Die korrekte volgorde van die strukture wat ooreenstem met die diagramme hierbo is ...

- A 2, 5, 4, 1, 3, 6
 B 2, 5, 4, 1, 6, 3
 C 3, 6, 1, 4, 5, 2
 D 2, 4, 5, 1, 3, 6

10 x 2 **(20)**

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die **term** langs die nommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die tipe ontwikkeling in voëls waar die kleintjies prakties gesproke ten volle ontwikkel en onmiddellik beweeglik is wanneer hulle uitbroei.
- 1.2.2 Die natuurlike proses waardeur sommige van die Son se energie deur die Aarde se atmosfeer vasgevang word, om sodoende die aarde te verwarm en lewe te onderhou.
- 1.2.3 Senuweevesels wat impulse weg gelei vanaf die selliggaam van 'n neuron.
- 1.2.4 Die vorming van eierselle (ovums) uit die kiemepiteelselle deur die proses van meiose.
- 1.2.5 'n Gedragspatroon waar die ouers tyd en energie spandeer op die voeding en beskerming van hul nageslag.
- 1.2.6 'n Funksionele (fisiologiese), maar nie direkte, verbinding tussen twee opeenvolgende neurone.
- 1.2.7 Die effek wat veroorsaak word deur plaagdoders, onkruidodders en kunsmis wat die water in riviere, damme en mere besoedel.
- 1.2.8 Die proses waardeur die embryo vasheg aan die endometriale wand van die uterus.

(8)


- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I op **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** van die items in KOLOM II van toepassing is nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die toepaslike nommer (1.3.1 tot 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Die samesmelting van 'n ovum met 'n spermsel	A:	Bevrugting
		B:	Kopulasie
1.3.2	Faktore wat biodiversiteit verlaag deur habitat vernietiging	A:	Monokultuur
		B:	Oorbeweidning
1.3.3	Verander leë Graafse follikels in 'n corpus luteum	A:	Testosteroon
		B:	Estrogeen
1.3.4	'n Gevolg van die oogbal wat te lank is	A:	Astigmatisme
		B:	Vêrsiendheid (Hipermetropia)
1.3.5	Komponent(e) van die outonome senuweestelsel	A:	Simpatiese afdeling
		B:	Parasimpatiese afdeling
1.3.6	Beskerm die fetus teen dehidrasie en temperatuur veranderinge	A:	Plasenta
		B:	Amniotiese vloeistof
1.3.7	Water word altyd benodig en dit is onnodig vir die twee ouers om fisiese kontak te maak	A:	Inwendige bevrugting
		B:	Uitwendige bevrugting
1.3.8	Reseptore in die menslike oor wat stimuli ontvang om die balans van die liggaam in stand te hou	A:	Makulae
		B:	Kristae

(8 x 2)

(16)

1.4 Die diagram hieronder toon die struktuur van die vroulike voortplantingstelsel.




Gee die **LETTER** en **NAAM** van die deel ...

- 1.4.1 wat afgebreek word wanneer die vlakke van progesteron en estrogeen afneem. (2)
- 1.4.2 waar bevrugting plaasvind. (2)
- 1.4.3 waar die Graafse follikels ontwikkel. (2)
- (6)**

TOTAAL AFDELING A: [50]

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1 Die diagram hieronder toon 'n fase in die proses van meiose.




- 2.1.1 Word die fase wat in die diagram verskyn aangetref in meiose 1 of meiose 2? (1)
- 2.1.2 Gee TWEE sigbare redes vir jou antwoord in VRAAG 2.1.1 (2)
- 2.1.3 Gee byskrifte vir **A** en **B**. (2)
- 2.1.4 Wat noem ons die tydperk tussen twee opeenvolgende selverdelings? (1)
- 2.1.5 Verduidelik kortliks die betekenis van die gebeure in die tydperk genoem in VRAAG 2.1.4, vir die proses van spermatogenese. (4)
- (10)**

2.2 Bestudeer die voorstelling van die manlike voortplantingstelsel.


Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief



- 2.2.1 Identifiseer die dele **C** en **F**. (2)
- 2.2.2 Verskaf die **LETTERS** wat die volgende buisies verteenwoordig:
- (a) vas deferens (1)
- (b) epididimis (1)
- 2.2.3 Gee EEN funksie van elk van die volgende kliere:
- (a) Seminale vesikels (1)
- (b) Cowper se klier (1)
- 2.2.4 Maak 'n netjiese benoemde skets van die struktuur van die menslike sperm. (3)
- 2.2.5 As daar 23 chromosome in die kern van 'n sperm is, hoeveel chromosome sal daar wees in die kerne wat deel uitmaak van die selle van elk van die volgende dele?
- (a) F (1)
- (b) H (1)
- (11)**

2.3 Die volgende twee grafieke toon die veranderinge in temperatuur in 'n vrou se liggaam, sowel as die vlakke van die hormone estrogeen en progesteron tydens die menstruele siklus.



2.3.1 Bereken met hoeveel grade Celsius die vrou se temperatuur gewissel het in een menstruele siklus. Toon alle stappe. (2)

2.3.2 Vanaf die diagramme wat die ontwikkelende follikel toon blyk dit dat ovulasie plaasgevind het op dag 14. Noem TWEE verdere bewyse vanaf die grafieke wat aandui dat ovulasie plaasgevind het. (2)

- 2.3.3 Het bevrugting plaasgevind binne die 28-dag-siklus wat deur grafieke geïllustreer word? (1)
- 2.3.4 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.3.3 (1)
- 2.3.5 Beskryf die negatiewe terugkoppelingsmeganisme waarby FSH en progesteron betrokke is om die produksie van ovums te beheer. (4)
(10)

- 2.4 Ongeveer 77% van Suid-Afrika se waterbronne kom van oppervlakwater van riviere, mere en damme.

'n Groep Graad 12-leerders het 'n opname oor die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika gedoen. Hulle het die volgende twee vrae in hulle opname gebruik:

1. Sal die bou van meer damme positief bydra tot die beskikbaarheid van water aan al die inwoners van ons land?
2. Sal die vernietiging van vleilande die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika beïnvloed?

Die resultate van die opname word aangedui in die volgende tabel:


Vrae gevra	Aantal mense wat geantwoord het	
	JA	NEE
Vraag 1	35	5
Vraag 2	10	30

- 2.4.1 Verskaf TWEE beplanningstappe wat die leerders in gedagte moet hou wanneer hierdie opname gedoen word. (2)
- 2.4.2 Noem EEN manier hoe die leerders die betroubaarheid van die resultate kon verbeter het. (1)
- 2.4.3 Gebruik een assestelsel en teken staafgrafieke om die resultate van hierdie opname aan te toon. (6)
(9)

TOTAAL VRAAG 2: [40]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die vrae.



- 3.1.1 Verduidelik kortliks die noodsaaklikheid van 'n senuweestelsel by die mens. (2)
- 3.1.2 Noem die posisie en funksie van die meninges (breinvliese). (2)
- 3.1.3 Gee die LETTER en die NAAM van die deel in die diagram wat verantwoordelik is vir elk van die volgende: (8)
- (a) Die handhawing van die liggaam se spier-tonus en balans. (2)
- (b) Regulering van asemhaling en hartklop. (2)


3.2 Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae.

Veelvuldige sklerose is 'n inflammatoriese siekte waardeur die isolerende bedekking van neurone van die brein en die rugmurg geraak word. Die immuunstelsel vernietig stelselmatig die miëlienskedes van hierdie neurone, wat hul vermoë beïnvloed om impulse in die sentrale senuweestelsel te gelei. Die miëlienskedes verhard met tyd en uiteindelik word die neuron, en daarna die hele senuwee, permanent beskadig.

(Aangepas vanaf www.wikipedia.org en Lewenswetenskappe - Die Antwoord reeks)

- 3.2.1 Verduidelik wat bedoel word met die "miëlienskedes" van neurone en noem die rol daarvan in die sentrale senuweestelsel. (2)
- 3.2.2 Noem TWEE moontlike oorsake van veelvuldige sklerose by die mens. (2)
- 3.2.3 Na watter simptome moet opgelet word by 'n persoon wat gediagnoseer is met veelvuldige sklerose. (2)
- (6)**

3.3 Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.




- 3.3.1 Identifiseer deel **E**. (1)
- 3.3.2 Terwyl jy die vraestel beantwoord is sekere veranderinge in die oog nodig om jou te laat fokus op die letters op die papier nadat jy gekyk het na 'n voorwerp (bv. 'n muurhorlosie) ongeveer 6 meter van jou tafel af. Wat noem ons hierdie aanpassing van die oog? (1)
- 3.3.3 Identifiseer dele **D** en **H** in die diagram en verduidelik kortliks die rol van elke deel in die aanpassing van die oog waarna verwys is in VRAAG 3.3.2 (4)
- (6)**

3.4 Lees die volgende gedeelte en bestudeer die grafiek voordat die vrae beantwoord word.

Plaaigbeheer behels die gebruik van plaagdoders (chemikalieë) om plae te dood wat meeding met die mens vir voedsel. Plaagdoders kan gesonde plante doodmaak of in die weefsel daarvan inbeweeg. Dit kan die produksie van gewasse verlaag en omdat plaagdoders duur is, verhoog dit die koste van voedsel en die toegang daartoe deur behoeftige (arm) verbruikers. Een manier om plaag spesies as 'n boerdery praktyk te beheer, is om biologiese beheer te gebruik.

Die volgende grafiek toon hoe die bevolking van 'n plaag verander nadat 'n biologiese beheer spesie toegelaat is om daarvan ontslae te raak in plaas van die gebruik van duur plaagdoders.



(Aangepas vanaf Oxford Suksesvolle Lewenswetenskappe)

- 3.4.1 Wat word bedoel met "biologiese beheer"? (1)
- 3.4.2 Verduidelik wat gebeur met die plaag en beheer spesie tussen 15 en 20 maande. (2)
- 3.4.3 Noem die tyd en die grootte van die bevolking toe die plaag en die beheer spesie dieselfde getalle vir die eerste keer bereik het? (2)
- 3.4.4 Waarom kan die beheerstelsel as suksesvol beskou word en nie gesien word as 'n swak boerderypraktyk nie? (3)

- 3.4.5 Verduidelik kortliks waarom elk van die volgende faktore die kwaliteit van die water in 'n natuurlike omgewing beïnvloed:
- (a) Termiese besoedeling deur mynbou (2)
 (b) Die vestiging van uitheemse plante (2)
(12)
- 3.5 Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae:

Koolstofdiksied is een van die "kweekhuisgasse" wat bydra tot aardverwarming. Mense en hul aktiwiteite speel 'n besliste rol in die toename in CO₂ konsentrasie in die atmosfeer. Ons koolstofvoetspoor is 'n kragtige instrument om die impak van ons lewenstyl op aardverwarming te begryp. Die beste manier om CO₂ vrystelling te bereken is gebaseer op die verbruik van brandstowwe soos petrol, diesel en olie. Die langtermyn resultate van 'n verhoogde kweekhuiseffek lei tot 'n styging in globale temperature. Dit word bereken dat teen die jaar 2100 die atmosferiese temperatuur sal toeneem met tussen 1,4 °C en 5,8 °C.

- 3.5.1 Wat word bedoel met ons "koolstofvoetspoor"? (2)
- 3.5.2 Noem TWEE maniere hoe ons, ons "koolstofvoetspoor" kan verminder om sodoende aardverwarming te verlaag. (2)
- 3.5.3 Beskryf moontlike gesondheidsgevaare vir die menslike liggaam indien die vernietiging van die osoonlaag voortgaan. (2)
- 3.5.4 Wat is die beste manier, volgens die leesstuk, om CO₂ vrystelling te bereken? (2)
(8)

TOTAAL VRAAG 3: [40]

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1 Noem die verskil tussen 'n refleksaksie en 'n refleksboog. Beskryf die werking van 'n eenvoudige refleksaksie, met behulp van 'n gepaste voorbeeld. Noem in jou beskrywing die rol van elke komponent van die refleksboog.
- Inhoud:** (17)
Sintese: (3)
(20)

NOTA: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: [20]
GROOTTOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

LEWENSWETENSKAPPE

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in jou ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde van ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde aan volgens die instruksies van elke vraag.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, tabelle of vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.
12. Rond alle berekenings af tot twee desimale na die koma.

AFDELING A**VRAAG 1**


- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.10 D.
- 1.1.1 Die monomere van proteïne is. ..
- A aminosure.
 - B nukleotiede.
 - C glukose.
 - D vetsure
- 1.1.2 Wanneer bloedsuikervlakke in die menslike liggaam styg, reageer die pankreas deur ... af te skei.
- A glikogeen
 - B glukagon
 - C adrenalien
 - D insulien
- 1.1.3 Senuweeselle wat impulse na die brein en rugmurg gelei, word ... genoem.
- A motoriese neurone
 - B refleksboë
 - C sensoriese neurone
 - D efferente neurone
- 1.1.4 Die fisiologiese verbinding tussen die akson van een neuron en die dendriet van 'n ander is 'n ...
- A ganglion.
 - B sinaps
 - C kapillêre netwerk.
 - D selliggaam
- 1.1.5 Die planthormoon wat verantwoordelik is vir die verlenging van die litte van 'n stingel is ...
- A ouksiene
 - B absissiensuur.
 - C gibbereliene.
 - D asynsuur.

- 1.1.6 Die onderstaande diagram toon die nakomelinge wat die resultaat is wanneer 'n wit konyn met 'n swart konyn-paar. Die alleel vir swart pels is dominant oor die alleel vir wit pels. Die persentasie heterosigotiese nakomelinge wat in hierdie generasie geproduseer word, sal ... wees.



- A 25
B 100
C 50
D 75

1.1.7 Wanfunksionering van watter endokriene klier veroorsaak die afwyking getoon in die onderstaande prent?




- A Adrenale klier (bynier)
- B Pituïtêre klier (hipofise)
- C Pankreas
- D Tiroïedklier (skildklier)

1.1.8 Die outonadiese senuweestelsel ...

- A stop homeostase
- B bestaan uit simpatiese en parasimpatiese stelsels.
- C beheer willekeurige aktiwiteite.
- D funksioneer onafhanklik van die sentrale senuweestelsel.

- 1.1.9 Watter een van die volgende beskrywings stel die voortplantingsstrategie in die onderstaande diagram korrek voor?



A	Prekosiële ontwikkeling	Kan hulself voed
B	Altrisiële ontwikkeling	Kan nie hulself voed nie
C	Prekosiële ontwikkeling	Liggaam bedek met donsvere
D	Altrisiële ontwikkeling	Onafhanklik van hul ouers

(9 x 2) (18)

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 'n Gesigsgebrek wat veroorsaak word deur 'n vertroebeling van die lens wat lei tot gedeeltelike of geen visie
- 1.2.2 Reseptore vir balans wat in die ampullas van die halfsirkelvormige kanale aangetref word
- 1.2.3 Alternatiewe vorme van 'n geen wat dieselfde eienskap beheer maar op verskillende maniere
- 1.2.4 Ongedifferensieerde embrioniese selle met die vermoë om in enige weefsel of orgaan te ontwikkel
- 1.2.5 Die hormoon wat vir apikale oorheersing by plante verantwoordelik is
- 1.2.6 Die klier by die vrou wat FSH en LH afskei
- 1.2.7 Die selle by die man wat testosteroon afskei

(7 x 1) (7)

- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A en B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A en B** of **GEENEEN** langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.8 **SLEGS B**.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Oorerwing waar nie een van die allele dominant is nie	A	Onvolledige dominansie
		B	Kodominansie
1.3.2	'n Groeibeweging in reaksie op swaartekrag	A	Geotropisme
		B	Fototropisme
1.3.3	'n Geslagsgekoppelde siekte	A	Sekelselanemie
		B	Down sindroom
1.3.4	'n Voortplantingsmetode waar eiers gelê word en die ontwikkeling van die eiers buite die moeder se liggaam plaasvind	A	Oviparie
		B	Viviparie
1.3.5	Stoor afvalprodukte afkomstig van die embrio	A	Chorion
		B	Allantois
1.3.6	Korrektiewe maatreël vir miopie (bysindheid)	A	Konkawe lens
		B	Konvekse lens

(6 x 2) (12)

- 1.4 By konyne is grys pels dominant oor wit pels en swart oë dominant oor rooi oë. Die onderstaande letters verteenwoordig die genotipes van sommige konyne:

GG – Grys hare	BB – Swart oë
Gg – Grys hare	Bb – Swart oë
gg – Wit hare	bb – Rooi oë

- 1.4.1 Wat is die fenotipes van die konyne met die volgende genotipes?

A	Ggbb	(1)
B	ggBB	(1)
C	ggbb	(1)
D	GgBb	(1)


1.4.2 'n Manlike konyn met die genotipe GGbb word gekruis met 'n vroulike konyn met die genotipe ggBb. Die punnetdiagram word hieronder uiteengesit:

	Gb	Gb	Gb	Gb
gB	GgBb	GgBb	GgBb	GgBb
gb	Ggbb	Ggbb	Ggbb	Ggbb
gB	GgBb	GgBb	GgBb	GgBb
gb	Ggbb	Ggbb	Ggbb	Ggbb

Hoeveel van die 16 nakomelinge het:

- (a) Grys pels en swart oë? (1)
- (b) Grys pels en rooi oë? (1)
- (c) Wit pels en swart oë? (1)
- (d) Wit pels en rooi oë? (1)

1.5 Die onderstaande diagram illustreer 'n homeostatiese proses om die korrekte watervlakke in die liggaam te herstel. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.




- 1.5.1
- (a) Neem die volume water toe of af by **A**? (1)
 - (b) Identifiseer klier **B**. (1)
 - (c) Benoem hormoon **C**. (1)
 - (d) In watter spesifieke gedeelte van orgaan **D** vind die herabsorpsie van water plaas? (1)
 - (e) Watter hoeveelheid van die water **E** gaan in die urien verlore? (meer/minder) (1)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer figure 1 en 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.1.1 Identifiseer die prosesse wat in figure 1 en 2 aangetoon word. (2)
- 2.1.2 Watter EEN van die prosesse aangetoon in figure 1 en 2 vind plaas voordat seldeling begin? (1)
- 2.1.3 Voorspel die resultaat indien die proses genoem in VRAAG 2.1.2 nie plaasvind nie. (2)
- 2.1.4 Somtyds kom daar "foute" voor by beide prosesse. Wat is die spesifieke naam vir hierdie fout? (1)
- 2.1.5 Noem enige TWEE oorsake van die fout in VRAAG 2.1.4 genoem. (2)

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.


t RNA	Aminosuur
CAC	Valien
UGA	Treonien
UAA	Isoleusien
CCC	Glisien
ACC	Triptofaan
GUC	Glutamien
GUG	Histidien

Aan die einde van die proses getoon in FIGUUR 2 word drie aminosure gevorm soos hieronder aangedui:

Glutamien – Histidien – Valien

- 2.1.6 Deur te verwys na bostaande tabel, skryf van links na regs, die korrekte basisvolgorde van kodons 1 tot 6 neer. (6)
- 2.1.7 DNS-profilering word wêreldwyd in forensiese ondersoeke gebruik. Daar is egter sommige mense wat redeneer (beweer) dat dit NIE altyd betroubaar is NIE. Noem TWEE redes vir hul redenasie. (2)
- 2.1.8 Lys TWEE bronne van DNS-bewyse by 'n misdad toneel. (2)

2.2 Die onderstaande diagram toon 'n biotegnologie-navorsingsprojek om die kwaliteit van skape te verbeter. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae.




- 2.2.1 Identifiseer die biotegnologiese proses wat in die bostaande diagram aangetoon word. (1)
- 2.2.2 Beskryf die proses wat in VRAAG 2.2.1 genoem word. (5)
- 2.2.3 Erf skaap X die verlangde eienskappe van Skaap A of B? (1)
- 2.2.4 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.2.3. (2)

- 2.3 Navorsing is gedoen om die uitwerking (effek) van die bloed-alkoholvlak op die reaksietyd van 'n voertuigbestuurder te bepaal. (Reaksietyd: tyd wat geneem word om op 'n eksterne stimulus te reageer.) Die navorser het die reaksietye van ses vrywilligers, aan wie verskillende hoeveelhede alkohol gegee is, gemeet. Die resultaat van die ondersoek word hieronder getoon. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae.

BLOEDALKOHOLKONSENTRASIE (%)	REAKSIETYD(SEKONDES)
0,08	0,32
0,10	0,38
0,12	0,44
0,14	0,50
0,16	0,56
0,18	0,62

- 2.3.1 Identifiseer die onafhanklike veranderlike in hierdie ondersoek. (1)
- 2.3.2 Stel 'n kontrole voor vir hierdie ondersoek. (1)
- 2.3.3 Noem, onderskeidelik, TWEE maniere waarop die:
- (a) Geldigheid en (2)
- (b) Betroubaarheid van die ondersoek verbeter kan word. (2)

Die onderstaande diagram illustreer hoe 'n normale voertuigbestuurder remme aanslaan wanneer hy 'n hindernis in die pad sien. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.4 Identifiseer die dele **A** en **B**. (2)

2.3.5 Deur na die diagram te verwys, verduidelik hoe motorbestuur onder die invloed van alkohol die reaksietyd van die bestuurder kan verhoog. (5)

[40]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die grafiese voorstelling van 'n normale menstruasiesiklus en beantwoord die vrae wat volg.



3.1.1 Noem die bron van die onderstaande hormone:

- (a) Estrogeen en (1)
- (b) Progesteron (1)

3.1.2 Beskryf die uitwerking op die uteruswand wanneer daar 'n ...

- (a) toename in die estrogeenvlakke is tussen dag 4 en 14. (2)
- (b) afname in die progesteronvlak is. (2)


3.1.3 Watter moontlike gevolgtrekking kan gemaak word indien die progesteronvlak hoog bly na dag 28 van die siklus?

(1)

3.1.4 Verduidelik waarom die inplanting van 'n IUA (Intra Uteriene Apparaat) in die uterus nie menstruasie voorkom nie, maar wel swangerskap.

(2)

3.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae.



3.2.1 Identifiseer die dele:


- (a) **A**
- (b) **B** en
- (c) **D**

3.2.2 Verduidelik waarom die premature breking van die deel **C** as noodlotig of lewensbedreigend beskou kan word vir die fetus. (3)

3.2.3 Watter een van die genommerde dele is verantwoordelik vir die vervaardiging van progesteron? (1)

3.2.4 Beskryf hoe die uitruiling van voedingstowwe, afvalstowwe en gasse plaasvind tussen die moeder en die fetus sonder dat die bloed van die moeder met die van die fetus meng. (4)

- 3.3 Die onderstaande diagram illustreer 'n fase in meiose. Een van die chromosome het nie geskei nie as gevolg van 'n abnormaliteit. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.




- 3.3.1 Identifiseer die fase van meiose wat hierbo geïllustreer word. (1)
- 3.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 3.3.1. (2)
- 3.3.3 Noem die fout wat tydens bogenoemde fase van meiose ontstaan het. (1)
- 3.3.4 Teken 'n diagram van die sel hierbo soos wat dit sal lyk tydens metafase 1. (4)
- 3.4 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

In sy mees onlangse begrotingsrede het die Minister van Finansies, Pravin Gordhan aangekondig dat 'n suikerbelasting gehef gaan word met ingang van 1 April 2017. Alhoewel die vervaardigers belas sal word, beoog die nuwe belasting voorstel om addisionele fondse te genereer om die kwaliteit van gesondheidsorg te verbeter. Die hoofdoel is om die daaglikse openbare verbruik van suiker te verlaag deur die prysverhoging. Die fondse wat gegenereer word kan gebruik word om programme en navorsing te ondersteun wat ontwerp is om die menslike en ekonomiese koste verbonde aan diabetes te verminder.

[Aangepas van artikel: <http://www.supermarket.co.za/news-article>]

- 3.4.1 Noem TWEE doelwitte van die voorgestelde suikerbelasting vir 2017. (2)
- 3.4.2 Diabetes is een van die gesondheidskwessies wat in die uittreksel beklemtoon word. Beskryf hoe diabetes 'n negatiewe uitwerking kan hê op arbeidsproduktiwiteit asook op die ekonomie van Suid Afrika. (2)

- 3.5 Die onderstaande diagram illustreer hoe die menslike oog vir vêr en naby visie akkommodeer.



- 3.5.1 Watter lens (**A** of **B**) is aangepas om afstandvisie te akkommodeer? (1)
- 3.5.2 Watter genummerde deel reguleer die hoeveelheid lig wat die oog binnedring? (1)
- 3.5.3 Watter deel kan permanent beskadig word as laserstrale direk in die oog skyn? (1)
- 3.5.4 Verduidelik hoe die veranderinge van **A** na **B** teweeg gebring word. (5)

[40]

TOTAL SECTION B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

- 4.1 Beide mense en plante is in staat om op uitwendige prikkels te reageer. Gehoor vind plaas by die mens, gevolg deur die kop wat onmiddellik beweeg word om die bron van die klank (geluid) te ondersoek. Beskryf hoe hierdie proses by mense gebeur. Beskryf ook in jou opstel hoe plante reageer op 'n eensydige ligprikkel.

Inhoud: 17

Sintese: 3

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 150



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

PUNTE: 150

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word:**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks'punte in die regterkanste kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf gegee word:**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word:**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings gegee word:**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe gegee word:**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word:**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word:**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie:**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings:**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryfis nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer:**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander:**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute:**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskap beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om):**
Geen krediet nie.

14. **As eenhede van mate nie aangedui word nie:**
Kandidate sal punte verloor. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
15. Wees sensitief vir die **betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
16. **Opskrif:**
Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke tabelle ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
17. **Vermenging van amptelike tale (terme en konsepte):**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D✓✓		
	1.1.2	A✓✓		
	1.1.3	B✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	D✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	B✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	C✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Altrisieël✓		
	1.2.2	Vas deferens✓/saadbuis/spermbuis		
	1.2.3	Serebrum✓		
	1.2.4	Glasvog✓		
	1.2.5	Mitochondrium✓		
	1.2.6	Osoonlaag✓		
	1.2.7	Chiasmata✓		
	1.2.8	Alzheimer✓ se siekte	(8 x 1)	(8)
1.3	1.3.1	Slegs B✓✓		
	1.3.2	Slegs B✓✓		
	1.3.3	Slegs A✓✓		
	1.3.4	Slegs B✓✓		
	1.3.5	Beide A & B✓✓	(5 x 2)	(10)
1.4	1.4.1	B✓ Sklera✓		(2)
	1.4.2	D✓ Koglea✓		(2)
	1.4.3	E✓ Ronde venster✓		(2)
	1.4.4	A✓ Iris✓		(2)
	1.4.5	F✓ Buis van Eustachius✓		(2)
	1.4.6	C✓ Gehoor-/Kogleare senuwee/ Vestibulêre senuwee ✓		(2)

50

TOTAALAFDELING A:

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

2.1.1 - Respirasie✓
- Ontbinding✓/verrotting
- Bos-✓/Veldbrande
(Merk slegs die eerste TWEE) Enige (2)

2.1.2 - Vervoer✓/petrol/diesel/steenkool/hout/gas/paraffien
- Gebruik van elektriese toestelle/yskaste, stowe
(Merk slegs die eerste TWEE) (2)

2.1.3 - Bome/plante absorbeer CO₂✓
- gedurende fotosintese✓ (2)

2.1.4 - Meer hitte word vasgevang✓/minder hitte ontsnap vanaf die aardoppervlak
- gevolglik styg die in temperatuur geleidelik✓
- het 'n verhoging✓ van die kweekhuis effek tot gevolg Enige (2)
(8)

2.2

2.2.1 Pituïtêre klier✓/Hipofise (1)

2.2.2 - **Sekreterer tiroksien**✓
- Verhoog en beheer basale metaboliese tempo✓
- Beïnvloed die fisiese groei en ontwikkeling van die liggaam
- Verhoog die aktiwiteit van die senustelsel
- Verhoog die hart se werkverrigting en versnel die hart se mataboliese tempo en die hartklop
- Beïnvloed die spysverteringstelsel
(Merk slegs EERSTE een) Enige (1)

2.2.3

-Hipofise/Pituïtêre klier
-Skei meer TSH af✓
-Stimuleer tiroïed✓
-Om meer tiroksien af te skei✓
-Gevolglik verhoog die algemene metabolisme✓/ en selrespirasie✓ (5)
- gevolglik word meer hitte geproduseer **(7)**

2.3

2.3.1 Estrogeen✓ (1)

2.3.2

-Dit stimuleer die endometrium✓ van die uterus
- om te verdik✓/bloedvatryk/klierryk (3)
-wat dit vir inplanting voorberei✓

2.3.3

- Afname✓ (2)
- in die progesteroonkonsentrasie✓ aaneinde van siklus

- 2.3.4
-Hoë vlak van progesteron✓
- inhibeer hipofise✓
- om FSH af te skei✓ (3)
- daarom kan geen primêre follikel ontwikkel nie✓ Enige
- 2.3.5 (1)
Drastiese afname✓
- 2.3.6
- Die plasenta is verantwoordelik vir die sekresie van progesteron gedurende gestasie/swangerskap✓ (2)
- skeur los van die uteruswand✓ (12)
- 2.4
- Diploïede ✓ selle in ovarium
- ondergaan meiose✓
- Primêre follikels✓ vorm
- wat uit haploïede selle✓ bestaan
- Een sel✓ (5)
- ontwikkel in ovum✓ binne die Graafse-follikel Enige
- 2.5
2.5.1 (2)
- 'n Vinnige✓ outomatiese respons✓/handeling
- 2.5.2 (3)
Sensoriese✓ -Inter✓ -Motoriese✓neuron
(Moet in korrekte volgorde wees)
- 2.5.3 (1)
Sensoriese✓ neuron
- 2.5.4
- Geleidingspoed is baie vinniger✓ (2)
- om die persoon teen beserings te beskerm✓ (8)
[40]

VRAAG 3


3.1

3.1.1 Aardverwarmingspotensiaal ✓ 25 x meer as CO₂ (1)

3.1.2 - afname in massa ✓ van organieseafvaldeurverrotting
- genereerelektrisiteit ✓ van metaanwatgevorm word (2)

3.1.3 (a) $4 + 6 + 11 + 20 + 9 = 50$ ✓ / $(100 - 50) = 50$ ✓ (2)

(b) **Beraamde% Aardmetaanvrystelling deur verskillende bronne**



BEREKENINGE:

Landbou	$4/100 \times 360 = 14.4^\circ$
Steenkoolmyne	$6/100 \times 360 = 21.6^\circ$
Stortingsterreine	$11/100 \times 360 = 39.6^\circ$
Olie & Gasse	$20/100 \times 360 = 72^\circ$
Afvalwater	$9/100 \times 360 = 32.4^\circ$
Ander	$50/100 \times 360 = 180^\circ$

PUNTETOEKENNING VIR DIE SIRKELDIAGRAM	
Opskrif van grafiek – beide veranderlikes aangedui	1
Teken die korrekte tipe grafiek	1
1 – 5 sektore korrek aangedui/benoem	1
6 sektore korrek aangedui/benoem	2
1 – 5 sektore korrek bereken	1
6 sektore korrek bereken	2

(6)
(11)

- 3.2
- 3.2.1 Fototropisme✓ (1)
- 3.2.2 Ouksien✓ (1)
- 3.2.3 - Ouksien geproduseer in die stingelpunt✓
-word oneweredig versprei✓
-a.g.v. lig wat slegs van eenkant ontvang word✓
-beweeg die ouksien na die skadu✓/donkerder kant van die stingel
-waar die konsentrasie vermeerder✓/verhoog
-die hoër konsentrasie versnel die groei✓
-dit het die verlenging van die selle tot gevolg✓/die selle vertoon langer engroter.
-terwyl die selverlenging aan die helder verligte kant geïnhibeer word✓/dieselle vertoon korter en kleiner
- dit het tot gevolg dat die stingel na die lig groei✓ Enige (7)
- 3.3
- 3.3.1 Plasenta✓ (1)
- 3.3.2 Naelstring✓ (1)
- 3.3.3
- | Aar | Arterie |
|--------------------------------|--------------------------------|
| Suurstof inhoud – Hoog✓ | Suurstof inhoud – Laag✓ |
| Voedingstowwe – Hoog✓ | Voedingstowwe inhoud –Laag✓ |
| CO ₂ inhoud – Laag✓ | CO ₂ inhoud – Hoog✓ |
| Stikstofhoudende afval – Laag✓ | Stikstofhoudende afval – Hoog✓ |
- (Merk slegs die eerste TWEE) Enige(2 x 2) + 1 vir tabel (5)
- (7)
- 3.4.
- 3.4.1 - Medulla Oblongata✓
- reguleer die hartklop en asemhaling✓
- die hart kan dus ophou met klop✓
- en longe mag ophou asemhaal✓ Enige (3)
- 3.4.2 - Die regterkant van die brein beheer die linkerkant van die liggaam✓
- Willekeurige spiere✓ in die linkerarm
- word beheer deur die regter✓ serebrale korteks van die serebrum Enige (2)
- (5)
- 3.5
- 3.5.1 Makula✓ – registreerkop se posisie✓ (2)
- 3.5.2 Krista✓ – registreer beweging van kop✓ (2)
- 3.5.3 Keëltjies✓ –visie gedurende helder ligtoestande en kleurvisie✓ (2)
Stafies✓ – visie gedurende dowwe ligtoestande✓ (2)

(8)
[40]

AFDELING C

VRAAG 4

Termoregulering✓

- Wanneer omgewingstemperatuur hoog is✓
 - Neem reseptore✓ in die vel dit waar
 - Impulse word na die hipotalamus gestuur✓
 - Wat weer impulse na die bloedvate✓ in die vel stuur
 - Hierdie bloedvate word wyer✓/vergroot in deursnee/vasodilasie
 - Meer bloed vloei na die vel✓
 - Meer hitte word deur die liggaam verloor✓
 - Deur uitstraling✓
 - Die sweetkliere✓
 - Produseer meer sweet✓
 - Wat verdamp✓ vanaf die veloppervlak
 - Dit lei tot groter hitteverlies✓
 - Die liggaam koel af✓
- Enige10 (10)

- Hipotalamus sal op die inligting wat van die osmoresptore ontvang word reageer✓
 - Om meer ADH in die bloed vry te stel✓
- (2)

- Hoër konsentrasie ADH verhoog die deurlaatbaarheid✓
 - van die nierbuis/distale kronkelbuis/versamelbuis✓
 - Wat meer water van die filtraat herabsorbeer✓
 - Wat in die omliggende kapillêre bloedvate vloei✓
 - Verhoog in die hoeveelheid water✓ in die bloed
 - Minder urine word uitgeskei✓/meergekonsentreerde
- (5)

Inhoud: (17)
Sintesis: (3)

Kriteria	Uitbreiding		Punt
Relevansie	Al die inligting voorsien is relevant vir die onderwerp	Slegs inligting i.v.m. termoregulering en die rol van die hipotalamus in die regulering van die waterinhoud is gegee	1
Logiese volgorde	Idees is in 'n logiese/oorsaak-en-gevolg volgorde gegee	Logiese volgorde van gebeure tydens termoregulering en regulering van die waterinhoud is korrek	1
Begrip	Beantwoord alle aspekte vereis in die opstel	Die rol van die hipotalamus(1/2), bloedvate en sweetkliere in termoregulering is gegee(8/10) en die rol van ADH (4/5)	1

TOTAALAFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

SEPTEMBER 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, tabelle en vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A


VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 Die membraan wat die kranium/skedel en werwelkolom uitvoer, is die ...
- A chorion.
 - B katarak.
 - C epidermis.
 - D breinvlies.
- 1.1.2 Watter EEN van die volgende funksies is die effek van adrenalien wat in die bloed vrygestel word?
- A Vergroting van die pupille om visie te verbeter
 - B Minder sweet word afgeskei
 - C Verwyding van bloedvate na die vel en ingewande
 - D Verlaging in die tempo en die vlak van asemhaling
- 1.1.3 Die rol van die allantoïs in 'n amniotiese eier is om ...
- A suurstof aan die groeiende embrio te verskaf.
 - B afvalstowwe wat deur die embrio geproduseer word, te berg.
 - C as voedsel vir die embrio te dien.
 - D as 'n skokabsorbeerder te dien om enige moontlike meganiese skade te voorkom.
- 1.1.4 Die vloeistofge vulde struktuur wat in die ovarium ontwikkel voor ovulasie plaasvind is die ...
- A amnion.
 - B uretra.
 - C oviduk.
 - D follikel.
- 1.1.5 'n Mikrograaf van 'n sel van 'n muis wat verdeel het, toon 19 chromosome, waarvan elk uit twee susterchromatiede bestaan. Die mikrograaf was tydens ... geneem.
- A telofase II
 - B profase I
 - C anafase II
 - D profase II

- 1.1.6 'n Natuurlike populasie van plante kan volhoubaar geoes word as ...
- A die gemeenskapslede genoeg voedsel bymekaar kan maak om hulle families te voed.
 - B die gemeenskapslede alles wat hulle bymekaar gemaak het, kan verkoop.
 - C die plantpopulasie herstel sodat die plante in die toekoms weer geoes kan word.
 - D dit nie die toerisme-potensiaal in die omgewing benadeel nie.
- 1.1.7 Watter EEN van die volgende is 'n voortplantingstrategie waar kleintjies binne-in eiers ontwikkel wat inwendig bevrug is en in die moeder se liggaam bly nadat bevrugting plaasgevind het, maar hulle kry hul voeding van die eiergeel en nie van die moeder nie?
- A Oviparie
 - B Ovoviviparie
 - C Viviparie
 - D Kliewing
- 1.1.8 Die getal chromatiede wat in 'n paar homologe chromosome gevind word, is ...
- A twee.
 - B vier.
 - C een.
 - D agt.
- 1.1.9 Die volgende twee chemiese stowwe wat in die sade van plante voorkom, het of 'n stimulerende, of 'n stremmende effek op die ontkieming van die sade.
- Die chemiese stowwe waarna verwys word, is ...
- A ouksiene en absissiensuur.
 - B ouksiene en gibberelliene.
 - C gibberelliene en absissiensuur.
 - D gibberelliene en die groeihormoon.

1.1.10 Die konsentriese sirkels **X**, **Y** en **Z** toon die verskillende bloedsuikervlakke soos in die sleutel hieronder, aan.

Die stippellyn op die diagram hieronder toon die variasies in 'n persoon se bloedsuikervlakke vir een dag, aan.



Sleutel

Bloedsuikerkonsentrasie

X – 70 milligram per 100 milliliter

Y – 90 milligram per 100 milliliter

Z – 110 milligram per 100 milliliter

Ons kan vanuit die data die gevolgtrekking maak dat die ...

- A persoon om 14:00 glukose gedrink het.
- B persoon om 10:00 aktief was.
- C persoon se pankreas om 08:00 begin het om meer glukagon af te skei.
- D persoon se pankreas om 16:00 begin het om meer insulien af te skei.

(10 x 2) **(20)**

1.2 Gee die korrekte **biologiese** term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.2.1 Die tipe ontwikkeling by voëls waar die nageslag klein en afhanklik gebore word
- 1.2.2 'n Buis wat spermatoosö vanaf die epididimis tot by die seminale vesikel vervoer
- 1.2.3 Die deel van die brein wat jou in staat stel om te verstaan wat jy lees
- 1.2.4 Die jellie-agtige stof wat tussen die lens en retina aangetref word
- 1.2.5 Struktuur wat in die middelste deel van 'n spermsee voorkom wat energie vir beweging verskaf
- 1.2.6 'n Laag gas in die stratosfeer wat skadelike ultravioletstrale absorbeer
- 1.2.7 Punte waar chromatiede van homoloë chromosome oorkruis om gene uit te ruil
- 1.2.8 Die siekte wat in die brein voorkom wat permanente geheueverlies veroorsaak


(8)

1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A en B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **GEENEEN** langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM I	KOLOM II
1.3.1	'n Kernverdeling wat plaasvind om somatiese selle te vorm	A Meiose B Mitose
1.3.2	Gespesialiseerde selle in die seminale buisies wat 'n rol in die voeding van die nuutgevormde spermatoosö speel	A Selle van Leydig B Selle van Sertoli
1.3.3	Toegang tot genoeg voedsel op 'n gereelde basis ten einde 'n gesonde lewenstyl te verseker	A Voedselsekerheid B Toets van voedsel
1.3.4	'n Gesigsgebrek wat reggestel kan word met bikonkawe (divergerende) lense	A Versiendheid B Bysiendheid
1.3.5	Kan waterkwaliteit verminder	A Mynbou B Uitermatige gebruik van anorganiese kunsmis-stowwe

(10)

1.4 Die diagramme hieronder toon dele van die menslike oog en oor.



Gee die LETTER en die NAAM van die deel wat:

- 1.4.1 Die delikate binneste lae van die oog beskerm (2)
- 1.4.2 Klankprikkel na senuwee-impulse verander (2)
- 1.4.3 Vibrasies van die inwendige oor terug na die middeloor gelei, om eggo's te voorkom (2)
- 1.4.4 Die hoeveelheid lig wat die oog binnedring reguleer (2)
- 1.4.5 Help om die druk aan beide kante van die timpanum dieselfde te hou (2)
- 1.4.6 Impulse na die serebellum gelei (2)
- (12)**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder.

Die daaglikse koolstofdioksiedkonsentrasie in die atmosfeer wat op 9 Mei 2013 by Mauna Loa Waarnemingstasie, Hawaii gemeet is, was meer as 400 dele per miljoen vir die eerste keer sedert die metings in 1958 begin is.

Een van die groot bydraende faktore is die toename in ontbossing.

[Aangepas uit www.the-guardian.com/environment/2013/may]

2.1.1 Behalwe vir ontbossing noem TWEE ander natuurlike bronne wat bydra tot die verhoging van die koolstofdioksiedkonsentrasie in die atmosfeer. (2)


2.1.2 Noem TWEE maniere waarop menslike aktiwiteite tot 'n toename in koolstofdioksied in die atmosfeer bydra. (2)

2.1.3 Verduidelik hoe bebossing (die aanplant van bome en struike) sal bydra tot die verlaging van koolstofdioksiedvlakke in die atmosfeer. (2)

2.1.4 Beskryf die negatiewe impak wat die styging van die koolstofdioksiedkonsentrasie in die atmosfeer op die kweekhuiseffek het. (2)

(8)

2.2 Bestudeer die diagram hieronder wat die posisie van twee endokriene kliere in die menslike liggaam illustreer.




2.2.1 Benoem deel A. (1)

2.2.2 Noem EEN funksie van klier B. (1)

2.2.3 Beskryf die interaksie tussen die kliere gemerk **A** en **B** onderskeidelik wat die verhoging in hitteproduksie wanneer nodig, sal verseker.

(5)
(7)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder wat die relatiewe konsentrasie van twee hormone wat die menstruasiesiklus van 'n vrou beïnvloed, toon.




2.3.1 Watter hormoon se konsentrasie piek tydens ovulasie? (1)

2.3.2 Beskryf die uitwerking wat 'n hoë konsentrasie van die hormoon genoem in VRAAG 2.3.1 op die vroulike liggaam het. (3)

2.3.3 Watter bewys is daar volgens die gegewe inligting in die grafiek dat bevrugting **nie plaasgevind het nie**? (2)

Estrogeen en progesteron is nie net betrokke by die menstruasiesiklus nie, maar ook gedurende swangerskap soos die grafiek hieronder toon.



- 2.3.4 Verduidelik hoekom dit nie moontlik is vir 'n vrou se liggaam om tydens swangerskap 'n ovum te produseer nie. (3)
- 2.3.5 Wat gebeur met die progesteronvlakke tydens geboorte? (1)
- 2.3.6 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.3.5. (2)
(12)
- 2.4 Beskryf oögenese. (5)
- 2.5 Die volgende vrae verwys na 'n refleksboog.
- 2.5.1 Definieer 'n *refleksbeweging*. (2)
- 2.5.2 Noem die DRIE neurone betrokke in die refleksbeweging in die korrekte volgorde en begin wanneer die prikkel/stimulus ontvang word. (3)
- 2.5.3 As gevolg van 'n ongeluk, kon 'n persoon nie die hoë temperatuur van 'n stooftaaf voel nie, maar hy kon wel sy arm buig.

Watter neuron in die refleksboog is tydens die ongeluk beskadig? (1)

- 2.5.4 Verduidelik waarom dit voordelig is om 'n miëlienskede/murgskede rondom die aksone van neurone, betrokke in 'n refleksboog, te hê.

(2)
(8)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 Lees die uittreksel hieronder oor metaanvrystellings oor die wêreld heen.

Metaan is die primêre komponent van natuurlike gasse, maar terselfdertyd is dit 'n hoofkweekhuisgas (KHG).

Metaan word vrygestel tydens die produsering en vervoer van steenkool, natuurlike gasse en olie. Vrystellings is ook as gevolg van vee en ander landboupraktyke, die verrotting van organiese afval en deur sekere afvalwater-behandelingsisteme.

Die aardverwarmingspotensiaal is 25 keer meer as CO₂.

[Aangepas uit www.globalmethane.org]

- 3.1.1 Volgens die inligting in die uittreksel kan metaan as gevaarlik beskou word. Hoekom kan metaan as gevaarlik beskou word? (1)
- 3.1.2 Beskryf tot watter mate sekere munisipaliteite in Suid-Afrika die verrotting van organiese afval, wat metaan vrystel, kan benut en tot hulle voordeel aanwend. (2)

Die tabel hieronder toon die beraamde persentasie van aardmetaanvrystellings vir 2010 van verskillende bronne.


Beraamde Aardmetaanvrystellings deur verskillende bronne.

Bron van vrystelling	% Bydrae
Landbou (bemesting)	4
Steenkoolmyne	6
Stortingsterreine	11
Olie en gasse	20
Afvalwater	9
Ander bronne	X

[Aangepas uit www.globalmethane.org]


- 3.1.3 (a) Bereken die waarde van X. Toon alle berekeninge. (2)
- (b) Teken 'n sirkeldiagram wat die inligting soos in die tabel hierbo aandui, voorstel. (6)
(11)

- 3.2 Die diagram hieronder toon die oneweredige groei van die punt van 'n stingel in die rigting van die stimulus.




- 3.2.1 Noem die groeireaksie wat in die diagram aangetoon word. (1)
- 3.2.2 Noem die chemiese stof in die stingel wat 'n rol gespeel het in die oneweredige groei van die punt van die stingel. (1)
- 3.2.3 Beskryf die rol van die chemiese stof genoem in VRAAG 3.2.2 op die groei van die stingel soos in die diagram hierbo getoon. (7)
- (9)

- 3.3 Die diagram hieronder toon die sirkulasie van die bloed in die wand van die uterus van 'n swanger vrou. Die pyle toon die rigting van die bloedvloei.



- 3.3.1 Identifiseer **A** as die area waar die uitruiling van stowwe tussen die moeder se liggaam en die ontwikkelende fetus plaasvind. (1)
- 3.3.2 Identifiseer **B** as die struktuur waarin daar 'n aar/vene en twee slagare/arteries voorkom. (1)
- 3.3.3 Tabuleer TWEE verskille tussen die samestelling van die bloed in die aar en in 'n slagaar wat in struktuur **B** voorkom. (5)
(7)

3.4 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



Verduidelik elk van die volgende waarnemings deur na die letters van die brein te verwys.

3.4.1 Skade aan die deel van die brein genoem **B** kan die dood van 'n persoon veroorsaak, selfs al is die ander dele van die brein en die liggaam steeds aktief. (3)

3.4.2 'n Bloedklont in die regter serebrale korteks in die gedeelte genoem **A** kan verlamming in die linkerarm tot gevolg hê. (2)
(5)

3.5 Gee die naam en die funksie van die reseptore soos gevind in die:

3.5.1 Utrikulus en sakkulus. (2)

3.5.2 Ampulla van die halvesirkelvormige kanale. (2)

3.5.3 Retina. (4)

(8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

Beskryf hoe die menslike liggaam 'n konstante liggaamstemperatuur handhaaf wanneer 'n persoon strawwe oefeninge op 'n warm dag doen en beskryf die rol wat die hipotalamus speel om die waterinhoud in die liggaam op 'n warm dag te reguleer.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloedigramme, tabelle of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

SEPTEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die punttoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee.**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee.**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word.**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word.**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie.**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings.**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer.**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander.**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute.**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie.**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om).**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie.**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit in vraag gegee is.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif.**
Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte).**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word sonder die goedkeuring van die Provinsiale Moderator nie.

AFDELING A

VRAAG 1

- | | | | | |
|-----|--------|------------------------------------|----------|-------------|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓✓ | | |
| | 1.1.2 | D✓✓ | | |
| | 1.1.3 | C✓✓ | | |
| | 1.1.4 | A✓✓ | | |
| | 1.1.5 | D✓✓ | | |
| | 1.1.6 | B✓✓ | | |
| | 1.1.7 | A✓✓ | | |
| | 1.1.8 | D✓✓ | | |
| | 1.1.9 | C✓✓ | | |
| | 1.1.10 | C✓✓ | (10 x 2) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Heterosigoties/Hibried✓ | | |
| | 1.2.2 | Foramen magnum✓ | | |
| | 1.2.3 | Alleel✓ | | |
| | 1.2.4 | Reproduktiewe isolasie meganismes✓ | | |
| | 1.2.5 | Gelsagsgekoppeld✓/X-gekoppeld | | |
| | 1.2.6 | Biogeografie✓ | | |
| | 1.2.7 | Homoloë strukture✓ | | |
| | 1.2.8 | Hipotese✓ | | (8) |
| 1.3 | 1.3.1 | B✓✓alleen | | |
| | 1.3.2 | Beide A en B ✓✓ | | |
| | 1.3.3 | Beide A en B ✓✓ | | |
| | 1.3.4 | B✓✓alleen | | |
| | 1.3.5 | Geeneen✓✓ | | |
| | 1.3.6 | Beide A en B✓✓ | | |
| | 1.3.7 | A✓✓ alleen | (7 x 2) | (14) |
| 1.4 | 1.4.1 | (a) wwyy✓✓ | | (2) |
| | | (b) WY, Wy✓✓ | | (2) |
| | 1.4.2 | Ertjiekam✓, geel bene✓ | | (2) |
| | 1.4.2 | WwYy✓✓OF WWYY | | (2) |
| | | | | (8) |

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1.1 Translasie✓ (1)
- 2.1.2 Ribosoom✓ (1)
- 2.1.3 (a) Peptied✓ band (1)
- (b) Antikodon✓ (1)
- (c) Kodon✓ (1)
- (d) GGA✓ (1)
- 2.1.4 Transkripsie✓
- DNA rol af✓
- en rits los✓
- Een DNA-string dien as templaas✓ vir die vorming van mRNA.
- Vrye nukleotiede vorm mRNA volgens die DNA✓ templaas
U paar met A, en G met C enige 4 (4)
- 2.1.5 (a) 1 = Prolie✓ (1)
- 4 = Glisien✓ (1)
- (b) 5 = CAC✓ (1)
- (13)**
- 2.2 2.2.1 Na verskeie generasies/tyd sal vlieë weerstandigheid/nie weerstandigheid ontwikkel teen DDT✓✓ (2)
- 2.2.2 Die dosis DDT wat benodig word om 50% vlieë te dood✓ (1)
- 2.2.3 - Daar is variasie✓ in die nageslag
- Sommige vlieë het 'n kenmerk✓/mutasie wat hulle weerstandig
- maak vir 'n insekdoder/hulle oorleef✓
- en sekere het nie✓ (5)
- en gaan dood✓
- dit word genoem natuurlike seleksie✓
- Die vlieë✓ wat oorleef plant voort
- en dra die gunstige kenmerk/weerstandigheid oor aan die nageslag✓
- Die volgende nageslag sal dus 'n hoër proporsie individue hê met die gunstige kenmerk enige 5 (5)
- (8)**

- 2.3 2.3.1 0,5 ✓mya (1)
- 2.3.2 *Homo erectus*✓ (1)
- 2.3.3 *Australopithecus afarensis*✓ (1)
- 2.3.4 (a) 2✓ (1)
- 2.3.5 (b) 5✓ (1)
- 2.3.6 1200 – 200 = 1 000 ✓CC (aanvaar 900 tot 1300; 200 tot 300) (2)
- 2.3.7 - Om 'n groter brein te huisves✓ sodat hulle
- gereedskap kan gebruik✓/kan kommunikeer met taal (2)
- (10)**

2.4 2.4.1

SKEDEL A	SKEDEL B
Klein slagtande✓	Groot slagtande✓
Prominente ken✓	Nie prominente ken✓
Geen diastema✓/geen spasies tussen tande	Diastema✓/spasies tussen tande
Wenkbroukaste nie goed ontwikkel nie✓	Wenkbroukaste ontwikkel ✓
Kake nie vooruitstekend✓	Kake vooruitstekend✓
Gesig nie prognaat/nie vooruitstekend	Gesig prognaat✓/ vooruitstekend
Groter kranium✓	Kleiner kranium✓
Geen kraniale-rif oor kranium✓nie	Kraniale rif oor bokant van kranium✓

(Merk slegs eerste TWEE) (4 + 1 tabel) (5)

- 2.4.2 Vrylike roterende arm✓
 Rotering van elmbooggewrig✓
 Rotering om die gewrig✓
 Kaal vingerpunte/naels in plaas van kloue✓
 Lang boarms✓
 Teenstellende duime✓
 Vyf vingers✓
(Merk slegs eerste VIER)

Enige (4)
(9)
[40]

VRAAG 3

- 3.1
- 'n Bevolking van die eekhoringspesie word verdeel✓ (1)
 - ***deur 'n geografiese versperring/rivier✓**
 - As gevolg van die twee dele van die eekhoringsbevolking kan hulle nie inteel✓nie/geen geenvloei tussen die twee bevolkings✓nie (2)
 - Natuurlike seleksie vind onafhanklik plaas in elke bevolking✓
 - as gevolg van verskillende omgewings toestande.✓
 - Dit het tot gevolg dat die twee bevolking fenotipes en genotipes van mekaar verskil✓ oor 'n periode van tyd
 - Selfs al meng die twee bevolkings weer, sal hulle nie kan inteel✓nie
 - die bevolking word 'n nuwe spesie✓/spesievorming.
 - Dit word spesievorming genoem✓

***Verpligte punt + 5 (6)**

- 3.2 3.2.1
- Groot aantal eiers geproduseer✓, verhoog die betroubaarheid✓
 - Eenvoudige voedingsmedium✓ verminder die koste✓
 - kolle op manlike vrugtevlieë/grootte van vroulike vlieë✓ maak dit maklik om hulle te identifiseer✓
 - Kort generasie tyd✓ daarom vinnige resultate ✓
- (Merk slegs eerste TWEE)** (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 P₁/ouer

	fenotipe	Wit-oog mannetjie	x	Rooi-oog wyfie✓
	genotipe	$X^r Y$	x	$X^R X^R$ ✓
	<i>Meiose</i>			
	G/gamete	X^r, Y	x	$X^R; X^R$ ✓

Bevrugting

F₁/nageslag

	genotipe	$X^R X^r; X^R X^r; X^R Y; X^R Y$ ✓		
	fenotipe	2 Rooi-oog wyfies en 2 Rooi-oog mannetjies✓		
		*1:1✓		

Ouers en nageslag✓/P₁ en F₁
Meiose en bevrugting✓

enige 6 +1*

OF

P₁/ouers

	phenotipe	Wit-oog mannetjie	x	Rooi-oog wyfie✓
	genotipe	$X^r Y$	x	$X^R X^R$ ✓
	<i>Meiose</i>			
	G/gamete	X^r, Y	x	$X^R; X^R$ ✓

Gamete	X^r	Y
X^R	$X^R X^r$	$X^R Y$
X^R	$X^R X^r$	$X^R Y$
✓✓		

Bevrugting

F₁/nageslag

	phenotype	2 Rooi-oog wyfies en 2 Rooi-oog mannetjies✓		
		*1:1✓		

enige 6 +1* (7)

- 3.2.3 - Manlike vrugtevlieë het slegs een allele✓
- So slegs een resessiewe allele toon die fenotipe✓
- maar vroulike vrugtevlieë moet twee resessiewe allele✓ besit om die fenotipe te toon (3)
(14)
- 3.3 3.3.1 (a) homosigoties dominante✓ of heterosigoties✓ (2)
(b) homosigotiese resessief✓ (1)
- 3.3.2 - Normaal is dominant en die dominante toestand✓
- kan wys in 'n homosigoties✓
- of heterosigotiese toestand✓
- OF
- Vir 'n normale kind✓
- moet persoon O ten minste een dominante geen✓ besit
- fenotipe is normaal ✓ (3)
(6)
- 3.4 3.4.1 Sentriool✓ (1)
- 3.4.2 Nedisjunksie✓/Nieverdeling (1)
- 3.4.3 Anafase 1✓ (1)
- 3.4.4 Chromosome beweeg na die pole✓ (1)
- 3.4.5 3✓ (1)
- 3.4.6 Twee gamete met 2 chromosome elk✓
Twee gamete met 4 chromosome elk✓ (2)
- 3.4.7 Die sigoot sal 7 chromosome besit✓ (3+4) in plaas van 6.
Dit sal 'n abnormaliteit veroorsaak✓ (Trisomie)
Daar sal 'n ekstra chromosoom wees✓
- OF
- Die sigoot sal 5 chromosome besit✓ (2+3) in plaas van 6.
Dit veroorsaak 'n afwyking✓ (Trisomie)
Daar sal een chromosoom minder wees✓ (3)
(10)
- 3.5 3.5.1 Verdagte 1✓ (1)
- 3.5.2 Die strepies van die bewys DNA-profiel stem ooreen met die strepies van verdagte 1✓ (1)
- 3.5.3 Deur die DNA monsters herhaaldelik te toet✓ om seker te maak hulle kry dieselfde resultaat✓. (2)
(4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

Die ontwikkeling van bipedalisme

- Die posisie van die foramen magnum is na vore✓ laat die bipedale
- spesie toe om op twee bene te loop✓
- dit laat 'n wyer visie✓ van die omgewing toe
- wat hulle toelaat om vir voedsel te soek✓
- predators te vermy✓
- hulle hande is vry✓
- om gereedskap te gebruik✓
- en voedsel voor te berei✓
- kleintjies te dra✓
- of te jag of te veg✓
- Die s-vormige rugstring✓ laat die
- regop postuur toe✓
- wat 'n kleiner oppervlakte aan die son blootstel✓
- Dit verminder die risiko van oorverhitting✓ terwyl hulle jag of vlug van die predators
- Die korter wyer pelvis✓
- dra die groter gewig✓ as gevolg van bipedalisme
- laat vrouens toe om kinders te baar✓
- Die regop posisie stel hul geslag ten toon✓
- wat die teenoorgestelde geslag aantrek✓
- en die voortsetting van die spesies✓

Maks 11

Verandering in die skedel verwant aan dieet

- Die groot tande, veral die oogtande✓
- die groot en lang kake✓
- en die kraniale/oogbanke geassosieer met groot spiere wat die kake beheer✓
- toon dat die aapagtige wesens meer rou voedsel geëet het wat baie prosessering/skeur, byt en kou vereis het✓
- Die kleiner tande, insluitend die oogtande✓
- sowel as die kleiner kaak✓
- en die teenwoordigheid van kleiner spiere vir kou✓
- toon dat die moderne mens 'n dieet van gaar voedsel volg/minder prosessering/skeur, byt en kou vereis✓

Maks 6

(17)
Inhoud (3)
Sintese (20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Kriteria	Relevansie (R)	Logiese orde (L)	Begrip (C)
Algemeen	Alle inligting gegee is relevant aan die opstel	Idees is in 'n logiese volgorde/oorsaak-effek	Alle aspekte benodig deur die opstel is genoegsaam aangespreek
In hierdie opstel	Slegs inligting relevant aan bipedalisme en die kenmerke van die skedel verwant aan die dieet is gegee	Inligting aangaande bipedalisme en die kenmerke van die skedel verwant aan die dieet is logies gegee	Ten minste ses korrekte punte oor bipedalisme en vier rakende die skedel wat verwant is aan die dieet is gegee
Punt	1	1	1

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

SEPTEMBER 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in jou ANTWOORDBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met 'n potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, tabelle en vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik nie.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.


1.1.1 Die drie molekules waaruit 'n nukleotied bestaan is ...

- A water, suiker en 'n fosfaatgroep.
- B stikstofbasis, water en suiker.
- C fosfaatgroep, suiker en stikstofbasis.
- D water, stikstofbasis en fosfaatgroep.

1.1.2 Down-sindroom word veroorsaak deur die teenwoordigheid van ...

- A een kopie van chromosoom 21.
- B een en twintig chromosomes.
- C drie stelle chromosome.
- D drie kopieë van chromosoom 21.

1.1.3 'n Fragment DNA vanaf 'n chromosoom van mnr. Smith en mnr. Moore is ontleed. Die DNA-fragment beheer die produksie van 'n ensiem wat as dit foutief is dit 'n raar genetiese afwyking veroorsaak. Mnr. Smith is nie aangetas nie, maar mnr. Moore het die afwyking. Beide se nukleotied volgorde van DNA-fragmente word hieronder getoon.



Dit kan met sekerheid afgelei word dat ...

- A die komplementêre DNA-string van mnr. Smith se DNA die volgorde **G A T C T G G C T A G G A C** het.
- B die aminosuur volgorde van die DNA van mnr. Smith en mnr. Moore identies is.
- C mnr. Moore se genetiese afwyking te wyte is aan die verandering van nukleotides omdat 'n basis verwyder is.
- D mnr. Smith se mRNA die volgorde **G A T C T G G C T A G G A C** het.

- 1.1.4 Die vermoë om fenieltriokarbaniet (PTC) te proe is as gevolg van 'n dominante alleel (**T**) en die onvermoë om dit te proe is as gevolg van 'n resessiewe alleel (**t**).

Die moontlike genotipe van die man wat PTC kan proe, maar wie se pa en suster nie kan nie, is ...

- A Tt.
- B TtTt.
- C tt.
- D TTtt.

- 1.1.5 Watter van die volgende verteenwoordig korrek 'n verskil tussen Mitose en Meiose I?

	MITOSE	MEIOSE I
A	Chromosome beweeg na die teenoorgestelde pole in anafase	Homoloë chromosome beweeg na die teenoorgestelde pole in anaphase I
B	Chromosome is in 'n enkele ry op die middellyn in metafase	Homoloë chromosome pare rangskik hulself op die middellyn in metafase I
C	Oorkruising vind plaas tydens profase	Oorkruising vind plaas tydens profase
D	4 dogterselle identies aan mekaar word gevorm	2 identiese dogterselle word gevorm

- 1.1.6 Watter EEN van die volgende monohibriedkruisings sal 'n fenotipiese verhouding van 1:1 lewer?

'n Kruising waar ...

- A beide ouers heterosigoties is.
- B een ouer heterosigoties is en die ander ouer homosigoties resessief is.
- C beide ouers homosigoties is vir die dominante kenmerk.
- D een ouer heterosigoties is en die ander ouer homosigoties dominant is.

- 1.1.7 In 'n gesin van vier kinders, het elke kind 'n ander bloedgroep van die ABO bloedgroepe van die mens.

Die genotipe van die ouers moet ... wees.

- A $I^A i$ en $I^B i$
- B $I^A I^B$ en ii
- C $I^B i$ en $I^A I^B$
- D $I^B i$ en ii

1.1.8 Die tipe proteïen gevorm, word bepaal deur die ...

- A paring van die stikstofbasis in die DNA-molekule.
- B getal fosfate.
- C lengte van die DNA-molekule.
- D volgorde van die aminosure.

1.1.9 Die vrugte van 'n appelboom is geoes en sorteer volgens kleur. 95 appels was rooi, 97 was groen en 201 was rooi met groen vlekke.

Dit is as gevolg van ...

- A volledige dominansie.
- B onvolledige dominansie.
- C kodominansie.
- D meervuldige allele.

1.1.10 Bestudeer die lys hieronder.

1. Bedreigde spesies kan bewaar word.
2. Gebruik van onkruidodders word verminder.
3. Oes opbrengste word verbeter.
4. Impak op die mens se gesondheids se gesondheid is bekend/ nie bekend nie.

Watter EEN van die volgende kombinasies ondersteun die genetiese modifikasie?

- A 1, 2, 3 en 4
- B 1, 2, en 4 alleen
- C 1, 2 en 3 alleen
- D 1, 3 en 4 alleen

(10 x 2) **(20)**

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.2.1 'n Toestand waar die allele van 'n spesifieke lokus verskillend is
- 1.2.2 Opening in die skedel waardeur die rugmurg gaan
- 1.2.3 Alternatiewe vorme van 'n geen by 'n spesifieke lokus
- 1.2.4 Faktore wat voorkom dat twee spesies 'n vrugbare nageslag het
- 1.2.5 Die patroon van oorerwing wat aantoon dat sekere afwykings op die X chromosoom gedra word
- 1.2.6 Verspreiding van spesies in verskillende dele van die wêreld
- 1.2.7 Die oorgeërfde strukture wat aantoon dat organismes 'n gemeenskaplike voorouer deel
- 1.2.8 'n Tentatiewe verduideliking van 'n verskynsel wat getoets kan word


(8)

1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B**, of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Die nageslag kan die kenmerk toon al toon die ouers dit nie	A:	Dominante
		B:	Resessiewe
1.3.2	Dra by tot variasie	A:	Willekeurige paring
		B:	Meiose
1.3.3	Bepaal die fenotipe van 'n organisme	A:	Genotipe
		B:	Omgewing
1.3.4	Variasie wat duidelike fenotipes toon	A:	Deurlopende
		B:	Nie-deurlopende
1.3.5	'n Nuwe spesie ontstaan skielik en vinnig wanneer subbevolkings van die ouer-bevolking skei	A:	Darwinisme
		B:	Lamarckisme
1.3.6	'n Bron van stamselle	A:	Die naelstring
		B:	Die embrio
1.3.7	Produseer genetiese identiese individue	A:	Kloning
		B:	Stamselle

(7 x 2) (14)

- 1.4 Die struktuur op die kop (die kam) by hoenders kan verskillende vorms wees. Die diagram hieronder toon die oorewing van twee verskillende kamtipes, 'okkerneut' en 'ertjie'.



'n Okkerneutvormige kam (**W**) is dominant oor die ertjievormige (**w**) kam. In die hoenders is geel bene (**Y**) dominant oor wit bene (**y**).

Ouer 1 is homosigoties dominant vir kamvorm en heterosigoties vir beenkleur terwyl ouer 2 homosigoties resessief vir kamvorm is en homosigoties resessief vir beenkleur.

1.4.1 Skryf neer:

- (a) Die genotipe van ouer 2 (2)
- (b) Die moontlike gamete van ouer 1 (2)

1.4.2 Die ouers het 'n kuiken wat se genotipe **wwYy** is. Wat is die kuiken se fenotipe? (2)

1.4.3 'n Ander paar hoenders het 'n kuiken met die genotipe **wwyy**. Die hen se genotipe is **WwYy**. Gee die moontlike genotipe van die haan. (2)


(8)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die diagram hieronder toon 'n fase van proteïensintese.



- 2.1.1 Identifiseer die fase van proteïensintese wat in die diagram hierbo getoon word. (1)
- 2.1.2 In watter selorganel vind die fase genoem in VRAAG 2.1.1 plaas? (1)
- 2.1.3 Identifiseer elk van die volgende:
- (a) Band Q (1)
 - (b) Die drietalbasis genommer Y (1)
 - (c) Die groep basisse Z (1)
 - (d) Die DNA drietal van X (1)
- 2.1.4 Beskryf hoe mRNA gevorm word. (4)

2.1.5 Die onderstaande tabel toon vyf aminosure met hulle ooreenstemmende kodons.


AMINOSUUR	KODON
Leusien	CUU
Glisien	GGA
Glutamiïsesuur	CAA
Prolieen	CCU

Gebruik die inligting in die tabel om:

- (a) Aminosuur 1 en 4 te identifiseer. (2)
 - (b) Die ooreenstemmende basisdrietal (kodon) op die mRNA molekule vir aminosuur 5 te skryf. (1)
- (13)**

2.2 Insekdoder word gebruik om vlieë te beheer. Die insekdoder DDT is in 1940 vir die eerste keer gebruik. Vlieë wat weerstandig is teen verskeie dosisse DDT, is in 1948 gevind.


Die grafiek hieronder toon die resultate van die konsentrasie DDT benodig om 50% van die vlieë in opeenvolgende generasies te dood.



[Aangepas uit: *m.jme.oxford journals.org*]

- 2.2.1 Formuleer 'n hipotese vir die ondersoek. (2)
 - 2.2.2 Noem die onafhanklike veranderlike in die ondersoek. (1)
 - 2.2.3 Verduidelik die resultate van die grafiek in terme van natuurlike seleksie. (5)
- (8)**


2.3 Bestudeer die filogenetiese stamboom hieronder wat 'n moontlike voorstelling van menslike evolusie toon.



[Aangepas uit *Biology: Understanding Life*, Sandra Alters, 1995]

- 2.3.1 Hoe lank gelede het *Homo sapiens* ontstaan? (1)
- 2.3.2 Watter spesies het vir die langste periode bestaan? (1)
- 2.3.3 Identifiseer die gemeenskaplike voorouer van al die spesies getoon in die filogenetiese stamboom. (1)
- 2.3.4 Watter spesie het die grootste skedelkapasiteit? (1)
- 2.3.5 Hoeveel van elk van die volgende word deur die diagram voorgestel?
- (a) Genera (1)
- (b) Spesies (1)
- 2.3.6 Wat is die verskil in die skedelkapasiteit van *Homo sapiens* en *Australopithecus afarensis*? Toon alle bewerkings. (2)
- 2.3.7 Verduidelik EEN belang van die toename in die skedelkapasiteit in die *Homo* spesies. (2)
- (10)**

2.4 Bestudeer die twee skedels hieronder.




- 2.4.1 Tabuleer TWEE verskille tussen skedel **A** en **B** wat die tendense van menslike evolusie voorstel. (5)
- 2.4.2 Noem VIER fisiese kenmerke van die boonste ledemaat wat die mens met die Afrika-ape deel. (4)

(9)

[40]

VRAAG 3

- 3.1 'n Eekhoringspesie bly in die berge. 'n Landverskuiwing het die rivier se rigting verander en oor 'n lang periode van tyd het die eekhorings verskillende spesies geword.



Beskryf die proses wat gelei het tot die vorming van die verskillende spesies eekhorings.

(6)

- 3.2 Vroulike vrugtevlieë is ongeveer 2,5 mm lank. Manlike vrugtevlieë is kleiner en het 'n kenmerkende swart kol op hul liggame. Vroulike vrugtevlieë lê tot 400 eiers per dag, wat tussen 7 tot 14 dae neem om tot volwassenes te ontwikkel.

Vrugtevlieë oorleef en broei in klein flessies met 'n eenvoudige voedingsmedium wat hoofsaaklik uit suiker bestaan.

- 3.2.1 Gebruik die inligting hierbo en verduidelik TWEE redes waarom die vrugtevlieg 'n nuttige organisme is om genetiese kruisings te ondersoek.

(4)

- 3.2.2 Manlike vrugtevlieë het die geslagtelike chromosome **XY** en die vroulike vrugtevlieë het **XX**. In die vrugtevlieg word die allele vir oogkleur op die **X** chromosoom oorgedra.

Die allele vir rooi-oë **X^R** is dominant aan die allele vir wit-oë **X^r**.

'n Wit-oog mannetjie word gekruis met 'n homosigotiese rooi-oog wyfie. Gebruik 'n genetiese kruising om die **F₁** nageslag se fenotipiese verhouding te toon.


(7)

- 3.2.3 Verduidelik waarom manlike vrugtevlieë eerder as vroulike vrugtevlieë 'n resessiewe allele fenotipe toon.

(3)

(14)

- 3.3 Mense met albinisme kan nie die donker pigment, melanien, in hul vel produseer nie. Hierdie toestand word veroorsaak wanneer 'n individu homosigoties resessief is vir die kenmerk.



- 3.3.1 Toon aan vir elk van die individue hieronder of hulle, homosigoties dominant, homosigoties resessief of heterosigoties is:


(a) **O** (2)

(b) **T** (1)

- 3.3.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 3.3.1(a). (3)

(6)


3.4 Die diagram hieronder toon 'n sel tydens meiose.



- 3.4.1 Gee die byskrif vir deel **B**. (1)
- 3.4.2 Wat word die proses wat by **A** plaasvind, genoem? (1)
- 3.4.3 Watter fase van meiose word hierbo geïllustreer? (1)
- 3.4.4 Gee EEN sigbare rede vir jou antwoord in VRAAG 3.4.3. (1)
- 3.4.5 Hoeveel chromosome sal teenwoordig wees in 'n normale gameet van die spesie hierbo voorgestel? (1)
- 3.4.6 Wat sal die chromosoom getal van die vier gamete gevorm aan die einde van Meiosis II wees? (2)
- 3.4.7 As 'n gameet gevorm deur die fout in meiose (**A**) bevrug word deur 'n normale gameet, verduidelik hoe die nuwe sigoot beïnvloed sal word. (3)

(10)

- 3.5 Op 'n misdad toneel waar 'n tienermeisie vermoor is, het forensiese wetenskaplikes bloedmonsters van twee moontlike verdagtes geneem om DNA-profiel saam te stel. 'n DNA-profiel is ook as 'n bewys gedoen vanaf velweefsel wat onder die slagoffer se naels gevind is. Die diagram hieronder toon die onderskeie DNA profiele.



- 3.5.1 Watter verdagte is moontlik die moordenaar? (1)
- 3.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.5.1. (1)
- 3.5.3 Die verdagte beweer hy/sy het nie die moord gepleeg nie. Verduidelik EEN wyse waarmee die forensiese span kan bewys dat hulle reg is. (2)

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1 Moderne mense (*Homo sapiens*) verskil van Afrika-ape op verskillende maniere. Beskryf hierdie verskille in terme van strukture met betrekking tot postuur (bipedalisme) en kenmerke van die skedel wat verwant is aan die dieet.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme en tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 'n Ligprikkel word in 'n senuwee-impuls omgeskakel in die ...
- A iris.
 - B retina.
 - C optiese senuwee.
 - D choroïed.
- 1.1.2 Watter planthormoon bevorder saaddormansie?
- A Gibberellien
 - B Ouksien
 - C Absissiensuur
 - D Groeihormoon
- 1.1.3 Die tipe voortplanting waar die kleintjies uit die eiers ontwikkel wat in die ma se liggaam gehou word, maar geen voeding van die ma ontvang nie:
- A Viviparie
 - B Oviparie
 - C Ovoviviparie
 - D Altrisieel
- 1.1.4 Watter deel van die mens se brein beheer balans en ewewig?
- A Serebrum
 - B Serebellum
 - C Medulla oblongata
 - D Corpus callosum
- 1.1.5 DNS/DNA-replisering vind tydens ... plaas.
- A anafase I
 - B interfase
 - C profase I
 - D profase II

- 1.1.6 Watter van die volgende is die KORREKTE voorstelling van die gebeure wat by die sekresie en werking/aksie van ADH (antidiuretiese hormoon) betrokke is?

	WATERVLAK IN BLOED RELATIEF TOT NORMAAL	HOEVEELHEID ADH RELATIEF TOT NORMAAL GEPRODUSEER	HOEVEELHEID WATER DEUR NIERE GEHERABSORBEER
A	Toename	Toename	Afname
B	Toename	Afname	Toename
C	Afname	Toename	Toename
D	Afname	Afname	Afname


- 1.1.7 'n Werker bring omtrent tien minute in 'n inloopvrieskas deur. Hieronder is sommige van die veranderinge wat in sy liggaam plaasvind in reaksie op die afname in eksterne temperatuur.

- (i) Bloedvate in die vel vernou
- (ii) Brein reageer
- (iii) Temperatuur van die vel verander
- (iv) Temperatuurreseptore in die vel neem veranderinge waar

Watter EEN is die korrekte volgorde waarin die veranderinge plaasvind?

- A (ii) → (i) → (iii) → (iv)
- B (iii) → (i) → (iv) → (ii)
- C (iv) → (ii) → (i) → (iii)
- D (iv) → (i) → (ii) → (iii)

- 1.1.8 Die diagramme hieronder toon die menslike oog onder verskillende omstandighede.



Watter TWEE diagramme hierbo toon die resultaat wanneer die siliêre spiere saamtrek en die kringspiere van die iris ontspan?

- A 1 en 3
 B 3 en 2
 C 1 en 4
 D 4 en 2
- 1.1.9 'n Leerder het 'n ondersoek uitgevoer om die persentasie mense wat versierende is, te bepaal.

Die faktor wat waarskynlik die MINSTE effek op so 'n ondersoek sal hê, is die ...

- A ligintensiteit van die vertrek waarbinne die toets uitgevoer is.
 B lengte van die mense.
 C ouderdom van die mense in die steekproef.
 D afstand tussen die instrument wat gebruik word om die sig te toets en die persoon wat getoets word.

- 1.1.10 Die data hieronder stel die resultate voor van 'n ondersoek wat gebruik is om te bepaal hoe die dikte van die lens verander het soos wat 'n potlood verder weg van die oog af beweeg is.

AFSTAND VANAF OOG (cm)	DIKTE VAN LENS (mm)
10	4,0
20	3,6
30	3,2
50	2,9
100	2,6
150	2,6
200	2,6

[Aangepas uit *Complete Biology*, 2000]

Die algemene afleiding wat uit die data gemaak kan word, is dat ...

- A soos die afstand vanaf die oog tot 100 cm toegeneem het, het die dikte van die lens toegeneem, waarna dit konstant gebly het.
- B soos die afstand vanaf die oog afgeneem het, het die dikte van die lens konstant gebly.
- C soos die afstand vanaf die oog tot 100 cm toegeneem het, het die dikte van die lens afgeneem, waarna dit konstant gebly het.
- D die dikte van die lens toegeneem het met 'n toename in die afstand vanaf die oog. (10 x 2) **(20)**

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die struktuur in die oor wat die druk aan weerskante van die oordrom dieselfde hou
- 1.2.2 Die meting van die totale hoeveelheid koolstofdiksied wat 'n individu, 'n bepaalde bevolking of 'n maatskappy per jaar vrystel
- 1.2.3 Die soort besoedeling wat veroorsaak word wanneer water in 'n rivier gestort word nadat dit in kragentrales of nywerhede verhit is
- 1.2.4 Die waterige vloeistof wat die kornea en die voorste kamer van die oog ondersteun
- 1.2.5 Die hormoon wat deur die Graafse follikel geproduseer word
- 1.2.6 Die hormoon wat verantwoordelik is vir die vorming van die corpus luteum
- 1.2.7 Die reseptore in die oor wat veranderinge in die rigting en spoed van enige beweging van die liggaam waarneem

- 1.2.8 'n Hormoon wat die sekresie van tiroksien stimuleer
- 1.2.9 Die soort bevrugting wat met vivipariese voortplanting geassosieer word
- 1.2.10 Die reeks veranderinge wat in die vorm van die lens en die oogbal plaasvind in reaksie op die afstand van 'n voorwerp vanaf die oog
(10 x 1) **(10)**


- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Kan 'n afname in die pH van die bloed veroorsaak	A:	oortollige glukose
		B:	oortollige koolstofdioksied
1.3.2	Die deel van die brein wat die twee hemisfere verbind	A:	serebellum
		B:	corpus callosum
1.3.3	'n Breinsiekte wat geheueverlies tot gevolg het	A:	Alzheimer se siekte
		B:	veelvuldige sklerose
1.3.4	'n Struktuur in die senuweestelsel wat 'n stimulus waarneem	A:	effektor
		B:	reseptor
1.3.5	'n Hormoon wat deur die pituïtêre klier/hipofise afgeskei word	A:	testosteroon
		B:	tiroksien
1.3.6	'n Tipe ontwikkeling in voëls waar die kleintjies kort nadat hulle uitgebroei het, kan rondbeweeg	A:	prekosiële ontwikkeling
		B:	altrisiële ontwikkeling

(6 x 2)

(12)

1.4 Bestudeer die diagram hieronder wat 'n proses wat in 'n man plaasvind, toon.




- 1.4.1 Noem die proses waardeur manlike gamete by mense deur meiose gevorm word. (1)
- 1.4.2 Noem die orgaan by mans waar die proses wat in VRAAG 1.4.1 genoem is, plaasvind. (1)
- 1.4.3 Hoeveel chromosome sal in elke sel aangetref word by:
- (a) A (1)
- (b) B (1)
- 1.4.4 Noem TWEE prosesse wat tydens die 1^{ste} meiotiese verdeling plaasvind wat tot die genetiese variasie van selle **A** bydra. (2)
- 1.4.5 Hoeveel selle by **B** sal die Y-chromosoom dra? (1)
- 1.4.6 Wat word die volwasse selle by **B** genoem? (1)

(8)**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die diagram hieronder.



2.1.1 Gee byskrifte vir elk van die volgende:

- (a) A (1)
- (b) B (1)
- (c) C (1)


2.1.2 Noem EEN funksie van deel **A**. (1)

2.1.3 Verduidelik die gevolge vir voortplanting indien deel **C** chirurgies gesny word. (3)

2.1.4 Verduidelik waarom dit steeds vir 'n MIV-positiewe man moontlik sal wees om 'n ander persoon tydens seksuele omgang te besmet nadat deel **C** chirurgies gesny is. (2)


2.2 Beskryf hoe die verskillende dele van die oor en brein gehoor laat plaasvind. (7)

2.3 Bestudeer die diagram hieronder van 'n refleksboog.



- 2.3.1 Wat is 'n *refleksaksie*? (2)
- 2.3.2 Gee byskrifte vir elk van die volgende:
- (a) Die funksionele verbinding by **D** (1)
- (b) Neuron **B** (1)
- 2.3.3 Noem die belangrikheid van die funksionele verbinding by **D**. (1)
- 2.3.4 Skryf, in die korrekte volgorde, SLEGS die LETTERS van die neurone neer wat betrokke is vanaf die tyd wanneer 'n stimulus ontvang word totdat 'n reaksie plaasvind. (2)
- 2.3.5 Verduidelik die gevolge vir 'n refleksaksie indien neuron **C** beskadig is. (2)
- 2.3.6 Teken 'n benoemde diagram om die struktuur van neuron **A** voor te stel. (5)
- (14)**

- 2.4 Die grafiek hieronder toon die bloedglukosekonsentrasie in 'n normale persoon en in 'n persoon met diabetes mellitus. Beide persone het 100 ml glukoseoplossing op 30 minute ingeneem.




[Aangepas uit *Cambridge Biology 2*, 2001]

- 2.4.1 Wat is die bloedglukosekonsentrasie (g/cm^3) van die persoon met diabetes mellitus op 90 minute? (1)
- 2.4.2 Hoeveel minute nadat die glukose ingeneem is, het die glukosekonsentrasie sy hoogste vlak in die normale persoon bereik? (1)
- 2.4.3 Beskryf TWEE verskille in die patroon van die bloedglukosekonsentrasie vir die persoon met diabetes mellitus en 'n normale persoon. (4)
- 2.4.4 Verduidelik die rede vir die verskille wat in VRAAG 2.4.3 genoem is. (2)
- 2.4.5 Noem TWEE hormone wat die teenoorgestelde uitwerking as insulien het. (2)
- (10)**
[40]

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die vloedigram hieronder van 'n homeostatiese meganisme wat gebruik word om die konsentrasie van sout in die menslike liggaam te reguleer.



- 3.1.1 Definieer *homeostase*. (2)
- 3.1.2 Gee die naam van die volgende:
- (a) Orgaan **A** (1)
- (b) Klier **B** (1)
- (c) Hormoon **C** (1)
- 3.1.3 Beskryf die reaksie van die effektor by **D**. (2)
- (7)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

GEWILDE DAM IS 'N BIOLOGIESE 'WOESTYN'

Die Hartebeespoortdam is in 'n woongebied in Noordwes geleë. Ongelukkig is dit vinnig besig om in 'n biologiese 'woestyn' te verander weens besoedeling deur 2,7 miljoen mense wat in die omliggende area woon, asook die 720 megaliter behandelde rioolwater wat in die dam invloei. Die invloei van behandelde rioolwater het die hoeveelheid fosfate wat in die dam teenwoordig is, verhoog. Dit het die biodiversiteit van die dam verminder, wat tot gevolg gehad het dat slegs twee plantspesies (waterhiasinte en alge) en slegs drie visspesies (gewone karp, baber en geelkurper) in die dam oorgebly het, wat weer tot 'n oorbevolking van die spesies gelei het.

Die Departement van Waterwese het met 'n biologiese beheerprogram begin om die bevolking van die oorblywende spesies te verklein sodat ander spesies die dam kon herkoloniseer. Na 'n jaar het die biodiversiteit van die dam toegeneem.

[Aangepas uit *The Times*, 10 Oktober 2013]

- 3.2.1 Gebaseer op die teks hierbo, verduidelik wat bedoel word met die term *biologiese 'woestyn'*. (1)
- 3.2.2 Verduidelik waarom die verhoogde fosfaatvlakke 'n afname in biodiversiteit veroorsaak het. (3)
- 3.2.3 Verduidelik hoe die afname in biodiversiteit die ekologiese balans in die dam kan beïnvloed. (4)
- 3.2.4 Wat word met *biologiese beheer* bedoel? (2)
- (10)**

- 3.3 Die tabel hieronder toon die globale koolstofdioksiedvrystelling uit die verbranding van fossielbrandstof en enkele industriële prosesse in 2008.

LAND	KOOLSTOFDIOKSIEDVRYSTELLING (%)
China	23
Europese Unie	13
VSA	19
Indië en Russiese Federasie	12
Ander	33

[Aangepas uit www.environmentalprotectionagency.gov/climatechange/]

- 3.3.1 Teken 'n sirkelgrafiek om die data in die tabel voor te stel. (6)

- 3.3.2 Verduidelik die impak van die verhoogde koolstofdioksiedvrystellings op die omgewing. (3)

- 3.3.3 Elke land het 'n mandaat ontvang om sy koolstofdioksiedvrystellings te verminder om 'n sekere teiken te bereik. Dit word jaarliks hersien deur die Konferensie van die Partye (KVP/'COP'), 'n Verenigdenasies-organisasie wat uit 195 lande bestaan, wat vergader om vordering in die hantering van klimaatsverandering te assesseeer.

Verduidelik TWEE redes waarom sommige lande teen die vermindering van die koolstofdioksiedvrystelling deur hulle nywerhede gekant is.

(4)
(13)


3.4 Thobeka het die invloed van oksiene op die groei van drie plantlote (**A**, **B** en **C**) ondersoek. Die plantlote is soos volg behandel:

- Loot **A** – Nie op enige manier behandel nie
- Loot **B** – Groeipunt verwyder en agarplaat met oksiene bo-op geplaas
- Loot **C** – Groeipunt verwyder en agarplaat sonder oksiene bo-op geplaas

Alle lote is aan dieselfde ligtoestande blootgestel.

LET WEL: Agar is jellieagtige stof wat oksiene toelaat om daardeur te diffundeer.

Die diagram hieronder illustreer die opstelling aan die begin van die ondersoek.



- 3.4.1 Identifiseer die onafhanklike veranderlike in hierdie ondersoek. (1)
- 3.4.2 Noem TWEE faktore wat in hierdie ondersoek konstant gehou moet word. (2)
- 3.4.3 Verduidelik die resultate wat waargeneem word by:
- (a) Loot **B** na 'n paar dae (3)
- (b) Loot **C** na 'n paar dae (2)
- 3.4.4 Stel TWEE maniere voor waarop Thobeka die betroubaarheid van haar ondersoek kon verbeter het. (2)
- (10)**
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Die eensellige sigoot ondergaan baie ontwikkelingsveranderinge totdat dit 'n veelsellige fetus word wat deur die ma gevoed en beskerm word.

Beskryf die veranderinge wat die sigoot uiteindelik in staat gestel het om in 'n fetus te ontwikkel en hoe hierdie fetus tydens die swangerskapydperk gevoed en beskerm word.

Inhoud: **(17)**
Sintese: **(3)**

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme, diagramme of tabelle nie.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee.**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee.**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word.**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word.**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie.**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings.**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer.**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander.**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute.**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie.**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om).**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie.**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit in vraag gegee is.
16. Wees sensitief vir die **betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif.** Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte).**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word nie. In uitsonderlike gevalle sal die Provinsiale Interne Moderator, met die nasionale Interne Moderator beraadslaag (en die Eksterne Moderator waar nodig).
20. **Amptelike memorandum**
Slegs memorandums wat die handtekening van die Nasionale Interne Moderator en UMALUSI-moderatore bevat en deur die Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B✓✓		
	1.1.2	C✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	B✓✓		
	1.1.5	B✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	C✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	B✓✓		
	1.1.10	C✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Buis van Eustachius✓		
	1.2.2	Koolstofvoetspoor✓		
	1.2.3	Termiese✓besoedeling		
	1.2.4	Watervog✓		
	1.2.5	Estrogeen✓		
	1.2.6	Luteïniseringshormoon✓/LH		
	1.2.7	Krista✓		
	1.2.8	TSH✓/Tiroïedstimuleringshormoon		
	1.2.9	Inwendige✓ bevrugting		
	1.2.10	Akkommodasie✓	(10 x 1)	(10)
1.3	1.3.1	Slegs B ✓✓		
	1.3.2	Slegs B ✓✓		
	1.3.3	Slegs A ✓✓		
	1.3.4	Slegs B ✓✓		
	1.3.5	Geeneen ✓✓		
	1.3.6	Slegs A ✓✓	(6 x 2)	(12)
1.4	1.4.1	Spermatogenese✓		(1)
	1.4.2	Testis✓		(1)
	1.4.3	(a) 23✓		(1)
		(b) 23✓		(1)
	1.4.4	- Oorkruising✓ - Ewekansige rangskikking van chromosome✓ (Sien slegs eerste TWEE na)	(enige volgorde)	(2)
	1.4.5	2✓		(1)
	1.4.6	Spermselle✓/spermatoöë/manlike gamete		(1)
				(8)


TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 (a) Epididimis✓ (1)
(b) Testis✓ (1)
(c) Vas deferens✓/spermbuis (1)
- 2.1.2 Stoor spermselle✓ (1)
(Sien slegs eerste EEN na)
- 2.1.3 Spermselle sal nie deur die uretra gaan✓
om die eiersel te bevrug nie✓
en daarom sal hulle nie kan kinders hê✓ (3)
- 2.1.4 Die MI-virus sal oorgedra word ✓gedurende seksuele omgang
deur die afscheidings van die bykomende kliere✓ (2)
(9)
- 2.2 - Klankgolwe word deur die pinna gekonsentreer✓
- deur die gehoorkanaal✓
- na die timpanummembraan✓/oordrom
- wat veroorsaak dat dit vibreer✓
- Die vibrasies van die timpanummembraan word oorgedra na die
gehoorbeentjies✓ in die middeloor
- wat die ovaalvenster laat vibreer✓
- Dit laat die drukgolf in die perilimf ontstaan✓
- Drukgolwe word oorgedra na die endolimf✓ in die koglea
- Wat die Corti-orgaan✓ in die koglea✓ stimuleer
- om die stimulus in 'n sensuiewe-impuls✓ te verander
- *wat dan gelei word deur die gehoorsenuwee✓
- *na die serebrum✓
- *waar die klank geïnterpreteer word✓

Enige 4+3* (verpligte punte) **(7)**

- 2.3 2.3.1 'n Refleksaksie is 'n vinnige✓, outomatiese respons✓ vir 'n stimulus. (2)
- 2.3.2 (a) Sinaps✓ (1)
(b) Interneuron✓/verbindingsneuron (1)
- 2.3.3 Dit verseker dat die impuls slegs in een rigting beweeg✓
Dit voorkom die aanhoudende stimulasie van die neurone✓
Dit verseker dat die impulse oorgedra word vanaf die sensoriese
neuron na die motoriese neuron✓ Enige (1)
- 2.3.4 A → B → C (2)
- 2.3.5 - Die persoon sal die stimulus✓ ontvang
- Maar sal nie daarop kan reageer nie✓ (2)
- 2.3.6



KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Opskrif	1 punt
Enige 4 byskrifte	4 punte


(5)
(14)

- 2.4 2.4.1 0.25✓ g/cm³ (1)
- 2.4.2 15✓ minute (1)
- 2.4.3 - Die bloedglukose vlak van 'n persoon met diabetes mellitus is ten alle tye✓ hoër✓ as die van 'n normale persoon
- Na die inname van glukose is daar 'n toename in die bloedglukose vlak van 'n persoon met diabetes mellitus✓ in vergelyking met die van 'n normale persoon✓
- Dit neem langer vir die bloedglukosevlakke om te stabiliseer vir die persoon met diabetes mellitus✓ in vergelyking met die van 'n normale persoon✓ Enige (2x2) (4)
(Sien slegs eerste TWEE na)
- 2.4.4 - Omdat die persoon met diabetes mellitus nie insulien afskei✓ nie/ insulienweerstandig is
- word die bloedglukose nie omgeskakel na glikogeen✓ (2)
- 2.4.5 - Glukagon✓
- Adrenalien✓ (2)
(Sien slegs eerste TWEE na) (10)
[40]

VRAAG 3

- | | | | |
|-----|-------|---|-------------------------|
| 3.1 | 3.1.1 | Die proses waardeur die mens 'n konstante✓interne omgewing handhaaf✓ | (2) |
| | 3.1.2 | (a) Nier✓
(b) Adrenaleklier✓/bynier
(c) Aldosteron✓ | (1)
(1)
(1) |
| | 3.1.3 | - Wande van die nierbuisies✓
- Word meer deurlaatbaar✓
- meer natriumione word geabsorbeer ✓
- vanaf die filtraat✓/na die bloedvaatjies | Enige (2)
(7) |
| 3.2 | 3.2.1 | Klein getal spesies✓/diversiteit verminder | (1) |
| | 3.2.2 | - Byvoeging van fosfate veroorsaak eutrofikasie✓
- wat lei tot die vermeerdering van alge✓/algebloei
- wat die suurstofkonsentrasie in die water verminder✓
- en verminder dus die vermoë om 'n verskeidenheid vorms van lewe te ondersteun. ✓ | Enige (3) |
| | 3.2.3 | - Die lengte van die voedselketting sal verkort✓/ ingewikkeldheid van voedselwebbe verminder
- Lei daartoe dat die oorblywende spesies voed op die
- oormaat voedsel✓
- Wat lei tot oorbevolking✓
- Terwyl organismes wat op die spesie wat verlore gegaan het
- Minder voedsel het✓/geen voedsel beskikbaar
- Lei tot hul dood✓/migrasie | Enige (4) |
| | 3.2.4 | - Gebruik van lewende organismes✓
- om die getal ✓ ander organismes te beheer | (2)
(10) |

3.3	3.3.1	China:	$23/100 \times 360^0 = 82.8^0$
		Europese Unie:	$13/100 \times 360^0 = 46.8^0$
		VSA:	$19/100 \times 360^0 = 68.4^0$
		Indië en Russiese Federasie:	$12/100 \times 360^0 = 43.2^0$
		Ander:	$33/100 \times 360^0 = 118.8^0$



Korrekte tipe grafiek	1 punt
Opskrif	1 punt
Korrekte berekeninge	1: 1–4 berekeninge korrek 2: Al 5 berekeninge korrek
Korrekte proporsies en byskrifte van sektore	1: 1–3 sektore korrek 2: 4–5 sektore korrek

NOTA: As die verkeerde tipe grafiek getrek is: Punte sal slegs gegee word die 'opskrif'

(6)

- 3.3.2
- Verorsaak die 'kweekhuiseffek' ✓
 - En dus aardverwarming ✓
 - Aardverwarming beïnvloed die weerpatrone ✓
 - Wat habitate vernietig ✓
 - Wat lei tot vermindering van biodiversiteit ✓

Enige (3)

	3.3.3	- Dit is duur✓ om die gereedskap/masjiene wat minder CO ₂ ✓ vrystel te verander - Te duur✓ om nuwe sisteme aan te koop of te produseer wat oormaat CO ₂ verwyder van uitlaatgasse ✓ - Sal wins verminder✓ wat tot werksverliese sal lei✓/ het 'n negatiewe effek op die land se ekonomie (Sien slegs eerste TWEE)	Enige (2x2)	(4) (13)
3.4	3.4.1	Behandeling✓ van plantloot		(1)
	3.4.2	- Dieselfde tipe plant✓ - In dieselfde omgewing✓ - Dieselfde hoeveelheid tyd✓ - Punt op dieselfde lengte✓ verwyder - Dieselfde konsentrasie ouksiene✓ - Dieselfde tipe agar✓ (Sien slegs eerste TWEE na)	Enige	(2)
	3.4.3	(a) - Loot B sal opwaarts groei✓ - Ouksiene in die agarjel beweeg afwaarts✓ in die loot in - wat selverlenging veroorsaak✓ (b) - Geen groei in loot C✓ - Punt besit geen ouksiene✓		(3) (2)
	3.4.4	- Herhaal die ondersoek✓ - Gebruik meer as 1 plant vir elke ondersoek✓/vermeerder steekproefgrootte (Sien slegs eerste TWEE na)	Enige	(2) (10) [40]
TOTAAL AFDELING B:				80

AFDELING C**VRAAG 4**

- Die sigoot verdeel deur mitose✓
- en vorm 'n bal selle✓
- wat die morulla genoem word✓
- Meer delings deur mitose vorm 'n hol bal selle ✓
- genoem die blastosist✓

- Die blastosist word aan die uteruswand geheg✓
- Die buitenste wand van die blastosist, genoem die chorion✓,
- ontwikkel uitgroeisels genoem die villi✓ wat
- in die uteruswand ingroei✓ /inplanting

- Die selle van die embrio bly verdeel ✓
- en differensieer✓
- om verskillende organe en ledemate te vorm✓
- wat nou 'n fetus genoem word✓
- Die fetus is omring deur 'n sak die amnion✓
- wat gevul is met amniotiese vloeistof✓
- wat die fetus teen temperatuur skommeling beskerm✓
- asook teen dehidrasie✓
- en meganiese besering✓/skokabsorbeerder

- Die chorionvilli en die endometrium van die plasenta✓
- waar die bloed van beide die fetus en die moeder✓
- naby mekaar vloei✓
- laat toe dat voedingstowwe diffundeer✓ in die bloed van die fetus
- Die naelstring✓
- dra die geabsorbeerde voedingstowwe van die moeder na die fetus✓

Enige (17)

Inhoud: (17)

Sintese: (3)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

RELEVANSIE	LOGIESE VOLGORDE	UITGEBREID
Al die inligting voorsien is relevant vir die onderwerp	Idee is in 'n logiese-/oorzaak- en gevolg volgorde gegee	Beantwoord alle aspekte vereis in die opstel
Slegs inligting rakende die ontwikkeling van die sigoot na die fetus en die voeding en beskerming van die fetus. (Daar is geen irrelevante inligting nie)	Gebeure wat lei tot die verandering van die sigoot na die fetus is bespreek in die volgorde waarin dit plaasvind	Al die aspekte is ingesluit rakende: 1. Ontwikkeling van die sigoot tot die fetus 2. Voeding van die fetus. 3. Beskerming van die fetus.
1 punt	1 punt	1 punt

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme en tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.


1.1.1 Die vorm van die DNS/DNA-molekuul is ontdek deur ...

- A Franklin, deur bewyse van Watson en Crick te gebruik.
- B Franklin, wat onafhanklik van enigiemand anders gewerk het.
- C Watson en Crick, wat onafhanklik van enigiemand anders gewerk het.
- D Watson en Crick, deur sommige bewyse van Franklin te gebruik.

1.1.2 Wetenskaplikes het 'n geneties gemodifiseerde sebravis, 'n 'Gloeivis' ('GloFish') geskep. Hierdie vis het 'n geen wat dit in die donker laat gloei. Dié geen is in die spesie geplaas deur ...

- A kruisteling met 'n ander visspesie wat kan gloei.
- B die verwydering van die geen uit 'n gloeiende vis en die plaas daarvan in 'n chromosoom van die sebravis.
- C die proses van natuurlike seleksie.
- D inteling.

1.1.3 Die diagram hieronder toon die allele vir hoogte en blomkleur in 'n blomplant.



Die plant is ...


- A homosigoties dominant vir hoogte en heterosigoties vir blomkleur.
- B heterosigoties vir hoogte en homosigoties dominant vir blomkleur.
- C homosigoties resessief vir hoogte en homosigoties dominant vir blomkleur.
- D heterosigoties vir hoogte en heterosigoties vir blomkleur.

1.1.4 'n Filogenetiese stamboom verteenwoordig ...

- A die getal spesies op Aarde.
- B slegs spesies wat aan dieselfde genus behoort.
- C slegs organismes wat nou uitgewis is.
- D moontlike evolusionêre verwantskappe.

1.1.5 Die diagram hieronder toon 'n veralgemeende filogenetiese stamboom aan.

Die verskillende voorouers in die filogenetiese stamboom word deur **i** en **ii** voorgestel.



Watter EEN van die volgende is die geskikste gevolgtrekking wat uit die filogenetiese stamboom gemaak kan word?

- A **ii** is 'n gemeenskaplike voorouer van slegs **X** en **Y**.
- B **i** is 'n gemeenskaplike voorouer van slegs **W** en **X**.
- C **W** en **X** is nader verwant as **X** en **Y**.
- D **X** en **Y** behoort aan dieselfde spesie.

1.1.6 'n Boodskaapper-RNS (mRNA) -molekuul bestaan uit 300 stikstof-basisse. Die maksimum getal aminosure waarvoor dit kan kodeer, is ...

- A 300.
- B 150.
- C 100.
- D 30.

1.1.7 Watter EEN van die volgende is die gevolg van Gregor Mendel se eksperimente met ertjieplante?

- A Die 'wet' van oorerwing van verworwe kenmerke
- B Die beginsel van onafhanklike sortering
- C Die 'wet' van gebruik en ongebruik
- D Die evolusieteorie

- 1.1.8 Die moderne mens se skedel ...
- A het klein oogtande.
 - B het uitstaande oogbankriwwe.
 - C is prognaties.
 - D het 'n U-vormige rangskikking van tande op elke kaak.
- 1.1.9 Watter EEN van die volgende stel die korrekte volgorde vir die evolusie van die moderne mens voor?
- A *Ardipithecus* → *Australopithecus* → *Homo*
 - B *Australopithecus* → *Ardipithecus* → *Homo*
 - C *Homo* → *Australopithecus* → *Ardipithecus*
 - D *Ardipithecus* → *Homo* → *Australopithecus*
- 1.1.10 Watter EEN van die volgende stel 'n tendens in menslike evolusie voor?
- A Meer ontwikkelde oogbankriwwe
 - B Vergrote oogtande
 - C Meer ontwikkelde kraniumriwwe
 - D Meer voorwaartse posisie van die foramen magnum (10 x 2) **(20)**

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.


- 1.2.1 Soortgelyke strukture by verskillende organismes wat daarop dui dat hulle 'n gemeenskaplike voorouer het
- 1.2.2 Die volledige stel chromosome in die sel van 'n organisme
- 1.2.3 Die strepieskode-patroon wat van DNS/DNA gevorm is
- 1.2.4 Die toestand wat ontstaan weens die afwesigheid van velpigmentasie
- 1.2.5 Die bande wat tussen aminosure gevorm word
- 1.2.6 'n Voorstelling van die getal, vorm en rangskikking van al die chromosome in die nukleus van 'n somatiese sel
- 1.2.7 Openinge in die nukleusmembraan wat boodskapper-RNS (mRNA) toelaat om die nukleus te verlaat
- 1.2.8 'n Kopie van 'n organisme wat geneties identies aan die oorspronklike organisme is
- 1.2.9 'n Tentatiewe verklaring van 'n verskynsel wat getoets kan word
- 1.2.10 Die verspreiding van spesies in verskillende dele van die wêreld
(10 x 1) **(10)**

1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I	KOLOM II
1.3.1 Bewyse vir evolusie	A: fossiele B: genetika
1.3.2 Word as bewys vir die 'Uit Afrika'-hipotese gebruik	A: kulturele bewyse (die maak van gereedskap) B: mitochondriale DNS/DNA
1.3.3 Die kode vir 'n aminosuur op die boodskapper-RNS (mRNA)	A: kodon B: antikodon
1.3.4 Voorbeeld van 'n voortplanting-isoleringsmeganisme	A: broei dieselfde tyd van die jaar B: aanpassing by verskillende bestuwigingsagente
1.3.5 Kenmerkende verskil tussen die ape en die hominiede	A: vorm van die kaak B: vorm van die werwelkolom
1.3.6 'n Voorbeeld van nie-deurlopende variasie by die mens	A: velkleur B: lengte

(6 x 2) **(12)**

1.4 Die diagram hieronder verteenwoordig DNS/DNA-replisering.



1.4.1 Identifiseer die volgende:

- (a) Molekule **W** en **U** (2)
- (b) Dele van molekule **W** wat **X** en **Y** gemerk is (2)
- (c) Band **Z** (1)
- (d) Stikstofbasis **V** (1)


1.4.2 Waar in die sel vind hierdie proses plaas? (1)

1.4.3 Noem die fase van die selsiklus waar replisering plaasvind. (1)
(8)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Die stamboomdiagram hieronder toon die oorwerwing van kleurblindheid (Daltonisme) in 'n familie. Kleurblindheid is geslagsgekoppeld en word deur 'n resessiewe alleel (**d**) veroorsaak. Die vermoë om kleur normaal te sien, word deur 'n dominante alleel (**D**) veroorsaak.



- 2.1.1 Hoeveel van die manlike nageslag van ouers **1** en **2** was normaal? (1)
- 2.1.2 Noem die genotipe van:
- (a) Individu **2** (2)
- (b) Individu **5** (2)
- 2.1.3 'n Persoon met 'n resessiewe alleel vir kleurblindheid is moontlik nie kleurblind nie. Verduidelik waarom mans met 'n alleel vir kleurblindheid altyd kleurblind is. (4)
- 2.1.4 Indien individu **5** met 'n normale man trou, watter persentasie van hul dogters sal 'n alleel vir kleurblindheid hê, maar sal NIE kleurblind wees NIE? (2)
- (11)**

2.2 By die mens is die alleel vir kort vingers (bragidaktilie), deur **B** voorgestel, dominant oor die alleel vir normale vingers (**b**). Die alleel vir krulhare (**H**) is dominant oor die alleel vir reguit hare (**h**).

Andrew, met genotipe **Bbhh**, trou met Susan, met genotipe **bbHh**.

2.2.1 Noem hoe die fenotipes van Andrew en Susan van mekaar verskil. (2)

2.2.2 Gee AL die moontlike genotipes van die gamete wat deur Andrew geproduseer word. (2)
(4)

2.3 Mnr. en mev. Phonela is bekommerd dat hul babadogter nie soos een van hulle twee lyk nie. Hulle vermoed dat die baba wat by die hospitaal aan hulle gegee is, nie hulle baba is nie. Mnr. Phonela se bloedgroep is **AB**, mev. Phonela se bloedgroep is **B** en die baba wat vir hulle gegee is, se bloedgroep is **O**.

2.3.1 Gee die moontlike genotipes van:

(a) Mev. Phonela (2)

(b) Die babadogter (1)

2.3.2 Verduidelik waarom die babadogter met bloedgroep **O** nie mnr. en mev. Phonela se dogter kan wees nie. (3)

2.3.3 Verduidelik waarom die gebruik van bloedgroep nie beslissend vir 'n vaderskaptoets kan wees nie. (2)

2.3.4 Gebruik jou kennis oor geslagschromosome en verduidelik waarom die geslag van 'n kind deur die manlike gameet bepaal word. (5)
(13)

2.4 'n Onderzoek is deur 'n wetenskaplike gedoen om te bepaal of twee plantbevolkings, Bevolking 1 en Bevolking 2, aan dieselfde spesie behoort. Die wetenskaplike het saad van elk van die bevolkings versamel.

Hy het die volgende stappe in sy ondersoek gevolg:

- Hy het 20 sade van Bevolking 1 en 20 sade van Bevolking 2 in twee aparte stukkie grond, naby mekaar, geplant.
- Die meeldrade van al die blomme van Bevolking 1 is verwyder.
- Stufmeel van die blomme van Bevolking 2 is gebruik om die blomme van Bevolking 1 te bestuif.
- Die wetenskaplike het die sade van die plante in Bevolking 1 geoes.
- Hy het hierdie sade onder ideale toestande in 'n laboratorium laat groei.
- Geeneen van die sade het ontkiem nie.

2.4.1 Verduidelik die voordeel van die verwydering van die meeldrade van die blomme van Bevolking 1. (2)

2.4.2 Watter bewys is daar dat die twee bevolkings nie aan dieselfde spesie behoort nie? (1)

2.4.3 Noem TWEE faktore wat die wetenskaplike in die laboratorium konstant sou gehou het. (2)

2.4.4 Noem EEN manier waarop die wetenskaplike die betroubaarheid van sy resultate kon verbeter het. (1)
(6)

2.5 Beskryf hoe nuwe spesies deur geografiese isolasie gevorm kan word. (6)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 'n Onderzoek is gedoen oor die kans dat vroue van verskillende ouderdomme 'n Down-sindroom-baba sal kry as gevolg van afwykings in Meiose I en Meiose II.

Die resultate van die ondersoek word in die tabel hieronder getoon.

Moeder se ouderdom (jaar)	Voorkoms van Down-sindroom (per 1 000 geboortes)	
	Afwyking in Meiose I	Afwyking in Meiose II
<25	0,4	0,1
25–29	0,5	0,2
30–34	0,8	0,3
35–39	1,2	0,5
40+	5,9	1,9

[Aangepas uit *Developmental Biology Online: Human Meiosis 2014*]

- 3.1.1 Trek 'n histogram om die inligting in die tabel hierbo, oor die afwyking in Meiose II wat tot Down-sindroom lei, voor te stel. (6)
- 3.1.2 Noem die afwyking gedurende meiose wat tot 'n kind met Down-sindroom kan lei. (1)
- 3.1.3 Volgens die inligting in die tabel, kom die afwykings wat in VRAAG 3.1.2 genoem is, meer waarskynlik in Meiose I of in Meiose II voor? (1)
- 3.1.4 'n Hospitaal het oor 'n tydperk van vyf jaar 'n totaal van 44 Down-sindroom-babas aangeteken wat vir moeders wat veertig jaar of ouer was, gebore is. Hoeveel van hierdie babas het waarskynlik die afwyking wat Down-sindroom veroorsaak gehad wat tydens Meiose II voorkom? Toon ALLE bewerkings. (3)
- (11)**


- 3.2 Die tabel hieronder toon 'n gedeelte van die DNS/DNA-volgorde van 'n mens, asook 'n kodontabel wat gebruik kan word om te bepaal watter aminosure benodig word om 'n proteïen te vorm.

Basisdrietalnommer	1	2	3	4	5	6	7
DNS/DNA-volgorde van die mens	ATG	TGT	CCA	TTA	ACG	TGC	ACA

KODONTABEL	
Valien	GUU, GUG, GUA
Sisteïen	UGU, UGC
Prolieen	CCA, CCU
Leusien	UUG, CUC, CUG, UUA
Treonien	ACG, ACA
Tirosien	UAC, UAU

- 3.2.1 Gee EEN rede waarom die DNS/DNA-molekuul biologies belangrik is. (1)
- 3.2.2 Noem die kodon wat vanaf basisdrietal nommer 2 op die DNS/DNA-volgorde gevorm word. (1)
- 3.2.3 Skryf die name neer van die aminosure wat deur basisdrietal 6 en 7 gekodeer word. (2)
- 3.2.4 Indien 'n mutasie basisdrietal 1 van ATG na ATA verander, waarom sal dit nie die proteïen gevorm, verander nie? (2)
- 3.2.5 Beskryf die proses van translasie in proteïensintese. (5)
(11)
- 3.3 'n Boer het 'n appelboom. Elke appel het die kleure rooi en geel (rooi-geel appels) in gelyke mate vertoon. Die boer wil sy appelboom uitbrei en versamel saad van die rooi-geel appels en laat dit groei.
- Toe die nuwe bome volwasse was, het hy gevind dat sekere bome net rooi appels (**R**) gedra het, ander bome net geel (**Y**) appels gedra het en die res rooi-geel appels gedra het.
- 3.3.1 Gebruik 'n genetiese kruising om sy resultate in die F₁-generasie te verduidelik. (6)
- 3.3.2 Watter verhouding van die appels in die F₁-generasie sal rooi-geel appels wees? (1)
- 3.3.3 Die boer het gesien dat die rooi-geel appels die beste verkoop. Noem die fenotipes van die bome wat hy in die toekoms moet kruis om te verseker dat enige nuwe bome beslis rooi-geel appels sal dra. (2)
(9)

3.4 Die diagram hieronder verteenwoordig die moontlike evolusie van die mens, die tydperk vir die ontwikkeling van bipedalisme, die gebruik van vuur en die gebruik van gereedskap.



- 3.4.1 Gebruik die diagram hierbo en identifiseer TWEE bipedale organismes wat nie steengereedskap of vuur gebruik het nie. (2)
- 3.4.2 Hoe lank nadat hulle die vermoë om op twee voete te loop ontwikkel het, het oermense die vermoë om steengereedskap te gebruik, ontwikkel? Toon ALLE bewerkings. (3)
- 3.4.3 Verduidelik die belangrikheid van die kenmerk van die skedel wat toegelaat het dat die *Homo*-spesies die vermoë om steengereedskap te gebruik, ontwikkel het. (2)
- 3.4.4 Verduidelik die verwantskap tussen die gebruik van vuur en veranderinge in die gebit in die *Homo*-spesie. (2)

(9)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Beskryf hoe Lamarck en Darwin evolusie verduidelik het, en vergelyk Darwin se idees met die idees van Gepunte Ewig.

Inhoud: **(17)**
Sintese: **(3)**

NOTA: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van vloiediagramme, diagramme of tabelle toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee.**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee.**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word.**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word.**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie.**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings.**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer.**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander.**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute.**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie.**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om).**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie.**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit in vraag gegee is.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif.** Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte).**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word nie. In uitsonderlike gevalle sal die Provinsiale Interne Moderator, met die nasionale Interne Moderator beraadslaag (en die Eksterne Moderator waar nodig).
20. Slegs memorandums wat die handtekening van die Nasionale Interne Moderator en UMALUSI-moderatore bevat en deur die Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word tydens opleiding en tydens die nasienperiode.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D✓✓		
	1.1.2	B✓✓		
	1.1.3	B✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	A✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	A✓✓		
	1.1.9	A✓✓		
	1.1.10	D✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Homoloë✓		
	1.2.2	Genoom✓		
	1.2.3	DNA-profiel✓/vingerafdruk		
	1.2.4	Albinisme✓		
	1.2.5	Peptied✓-band		
	1.2.6	Kariotipe ✓/Kariogram		
	1.2.7	Nukleusporie✓		
	1.2.8	Kloon✓		
	1.2.9	Hipotese✓		
	1.2.10	Biogeografie✓	(10 x 1)	(10)
1.3	1.3.1	Beide A en B ✓✓/Beide/A en B		
	1.3.2	Beide A en B ✓✓/Beide/A en B		
	1.3.3	Slegs A ✓✓		
	1.3.4	Slegs B ✓✓		
	1.3.5	Beide A en B ✓✓/Beide/A en B		
	1.3.6	Geeneen✓✓	(6 x 2)	(12)
1.4	1.4.1	(a) W – Nukleotied✓ U – DNA✓		(2)
		(b) X – Fosfaat✓/fosfaatioon Y – Deoksiribose✓suiker		(2)
		(c) Z – Waterstof✓-band		(1)
		(d) V – Adenien✓		(1)
	1.4.2	Nukleus ✓		(1)
	1.4.3	Interfase ✓		(1)
				(8)
TOTAAL AFDELING A:				50

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 2✓ (1)
- 2.1.2 (a) $X^D X^d$ ✓✓ (2)
(b) $X^d X^d$ ✓✓ (2)
- 2.1.3 Aangesien die alleel op die X-chromosoom is✓
Het 'n man slegs een alleel✓
Wat dominant✓ (normaal)
of resessief✓ (kleurblind) is
en sal daarom kleurblind wees✓ (as die resessiewe alleel geërf word) (Enige 4) (4)
- 2.1.4 100%✓✓ (2)
(11)
- 2.2 2.2.1 - Andrew het kort vingers en Susan het normale vingers✓
- Andrew het reguit hare terwyl Susan krulhare het✓ (2)
- 2.2.2 Bh ✓, bh ✓ (2)
(4)
- 2.3 2.3.1 (a) $I^B I^B$ ✓ of $I^B i$ ✓ (2)
(b) ii ✓ (1)
- 2.3.2 - Die baba erf een alleel vir O-tipe bloed/i van elke ouer✓
aangesien
- haar genotipe ii ✓ is
- Mnr. Phonela het nie die alleel vir O-tipe bloed/i✓ nie (3)
- 2.3.3 Bloedgroep kan gebruik word om 'n sekere man uit te skakel ✓ as die ouer, maar kan nie bevestig dat 'n spesifieke man die vader is nie✓
Aangesien 'n groot gedeelte van die bevolking dieselfde bloedgroep besit✓ (Enige 2) (2)
- 2.3.4 - 'n Normale vrou het twee X✓-chromosome
- 'n Normale man het een X en een Y✓
- Die vrou voorsien altyd die X in die eiersel✓
- As 'n eiersel bevrug word deur 'n X-draende spermsel✓ word 'n dogter✓ gevorm
- As 'n eiersel bevrug word deur 'n Y-draende sperm✓
- Word 'n seun gevorm✓ (Enige 5)

OF


Gamete		manlike gamete✓	
		X	Y
Vroulike gamete✓	X	XX ✓	XY ✓

2 XX : 2 XY
Vroulik ✓ Manlik✓ (Enige 5) (5)
(13)

- 2.4 2.4.1 - Om te voorkom dat selfbestuiwing✓ plaasvind in die blomme van Bevolking 1✓
OF
- Om te verseker dat kruisbestuiwing✓ plaasvind tussen die blomme van Bevolking 1 en Bevolking 2 ✓ (2)
- 2.4.2 - Die sade gevorm kon nie ontkiem nie ✓ (1)
- 2.4.3 - Tipe grond✓
- Hoeveelheid water✓
- Temperatuur✓
- pH✓
- Blootstelling aan sonlig✓
- Saai diepte in die grond✓
(Sien slegs eerste TWEE na) (Enige 2) (2)
- 2.4.4 Herhaal die ondersoek✓
Vergroot die monster ✓/aantal sade/getal areas/getal plante
(Sien slegs eerste EEN na) (Enige 1) (1)
(6)
- 2.5 - 'n Bevolking van 'n sekere spesie kan in twee bevolkings verdeel word✓
- As gevolg van 'n geografiese skeiding✓
- Daar sal nie geenvloei tussen die twee bevolkings plaasvind nie✓
- As gevolg van die verskil in omgewingstoestande✓
- Natuurlike seleksie✓ vind onafhanklik plaas
- Wat veroorsaak dat hulle genotipies✓ en
- Fenotipies ✓verskillende in 'n periode van tyd.
- Selfs al meng die twee bevolkings later, sal hulle nie kan inteel✓nie en 'n nuwe spesie vorm. (Enige 6) **(6)**
[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1



Kriteria	Verduideliking	Punt
Tipe grafiek	Histogram is getrek van Meiose II	1
Opskrif	Sluit beide veranderlikes in: 'Voorkoms van Downsindroom en Ouderdom van moeder'	1
X-as	Korrekte opskrif en eenheid vir X-as: Ouderdom van moeder (jare); Ewe groot stawe	1
Y-as	Korrekte opskrif en eenhede en skaal vir Y-as: Voorkoms van Down-sindroom (per 1 000 geboortes)	1
Trek van stawe	1 – 4 stawe korrek getrek – 1 punt 5 stawe korrek getrek – 2 punte	2


(6)

NOTA:

As asse omgeruil is:

- Sal punte verbeur word vir die korrekte opskrifte van die 'X-as' en 'Y-as'.

	3.1.2	Nie-verdeling✓/nie-disjunksie		(1)
	3.1.3	Meiose I✓		(1)
	3.1.4	Getal babas met Downsindroom = $\frac{1,9}{7,8}$ ✓ x 44✓ = 10,71✓/11 babas		(3) (11)
3.2	3.2.1	- DNA dra die oorerflike inligting✓ - DNA dra die kode-inligting vir proteïensintese✓ (Sien slegs eerste EEN na)	(Enige 1)	(1)
	3.2.2	ACA ✓		(1)
	3.2.3	Treonien✓; Sistien✓ (moet in korrekte volgorde wees)		(2)
	3.2.4	- Beide ATG en ATA✓ - Kode vir dieselfde aminosuur✓/tiosien		(2)
	3.2.5	- Die antikodon op die tRNA stem ooreen met die kodon op die mRNA✓ - tRNA bring die nodige aminosuur✓ - na die ribosoom✓ - aminosure word verbind met peptiedbande✓ - om die benodigde proteïen te vorm✓	(Enige 5)	(5) (11)



P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓ (Enige 6)
OF

P₁ fenotipe rooi-geel X rooi-geel✓
 genotipe RY X RY✓

Meiose

Bevrugting

Gamete	R	Y
R	RR	RY
Y	RY	YY

1 punt vir korrekte gamete
 1 punt vir korrekte genotipes

F₁ genotipe RR, RY, RY, YY✓
 fenotipe rooi rooi-geel geel✓
 appels appels appels

P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓ (Enige 6) (6)

3.3.2 50%✓/half (1)

3.3.3 'n Boom met rooi appels✓ moet gekruis word met 'n boom wat geel
 appels dra✓ (2)
(9)

- 3.4 3.4.1 *A. anamensis*✓ en *A. afarensis*✓
(Sien slegs eerste TWEE na) (2)
- 3.4.2 (4,5mya – 3mya)✓ = 1,5✓mya✓ (3)
- 3.4.3 Die skedel vergroot✓ sodat dit 'n groter brein kan
akkomodeer/huisves✓ (2)
- 3.4.4 Kleiner tande✓/oogtande in *Homo* spesies, kan voedsel kou wat
gaar- en saggemaak is met vuur.✓

OF

Groter tande/oogtande is nie nodig nie ✓ omdat die voedsel sagter
is ✓ as gevolg van gaarmaak met vuur. (2)
(9)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**4.1 Evolusie volgens Lamarck

Lamarck verduidelik evolusie deur die volgende twee 'wette':

Die wet van gebruik en ongebruik: ✓

- As 'n organisme 'n orgaan of struktuur gereeld gebruik✓, ontwikkel dit en word dit beter of groter in die organisme ✓.
- As 'n organisme 'n orgaan of struktuur nie gereeld gebruik nie ✓, kan dit minder ontwikkel of kleiner in grootte word of dit kan verdwyn in die organisme✓

Die oorerwing van verworwe kenmerke: ✓

- Kenmerke ontwikkel gedurende die leeftyd van 'n individu✓
- (Verworwe kenmerke) kan oorgedra word na die nageslag. ✓ (Maks 5) (5)

Evolusie volgens Darwin

- Organismes produseer 'n groot aantal nakomelinge✓
- Daar is variasie✓ tussen die nakomelinge
- Sommige besit gewenste kenmerke✓
- En sekere nie✓
- Wanneer daar 'n verandering in die omgewingstoestand plaasvind✓/of daar kompetisie is
- Sal organismes met gewenste kenmerke oorleef✓
- Terwyl organismes met minder gewenste kenmerke sal sterf✓
- Dit word natuurlike seleksie genoem✓
- Die organismes wat oorleef plant voort✓
- En dra die gewenste kenmerke oor aan die nageslag✓
- Die volgende generasie sal dus 'n groter gedeelte van individue besit met die gewenste kenmerke✓ (Maks 8) (8)

Darwin se idee rondom gradualisme vergelyk met Gepunte Ewig

- Darwin stel dat evolusie plaasvind deur die verkryging van klein✓
- geleidelike veranderinge oor 'n lang periode van tyd✓
- wat ondersteun word deur oorgangfossiele in die fossielrekord✓
- Gepunte ewig stel voor dat evolusie soms lang tydperke beleef waar spesie nie verander nie✓/baie klein veranderinge
- Dit word afgewissel met kort periodes van vinnige veranderinge✓
- Nuwe spesies word gevorm in 'n kort tydperk✓/relatief tot die lang periodes met geen/kleinveranderinge
- wat ondersteun word deur die afwesigheid van oorgangsvorme✓ (Maks 4) (4)

Inhoud: (17)
Sintese: (3)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Kriteria	Relevansie (R)	Logiese volgorde (L)	Begrip (C)
Algemeen	Alle inligting voorsien is relevant aan die onderwerp	Idees is in 'n logiese volgorde geplaas vir elke proses	Alle aspekte van die opstel, is voldoende aangespreek
In hierdie opstel	Daar is geen irrelevante inligting nie. Bevat slegs inligting oor die teorieë van Lamarck en/of Darwin en/of Gepunte Ewewig.	Die inligting oor die teorieë Lamarck en/of Darwin en/of Gepunte Ewewig is in 'n logiese volgorde gegee.	Ten minste drie punte oor elk van die 3 teorieë Lamarck, Darwin en Gepunte Ewewig is gegee.
Punt	1 R	1 L	1 C

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae begin beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme of tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 Watter EEN van die volgende prosesse is verantwoordelik vir die produsering van manlike gamete?
A Spermatogenese
B Oögenese
C Ejakulasie
D Ovulasie
- 1.1.2 Die deel van die sentrale senuweestelsel wat die menslike liggaam teen ernstige beserings beskerm wanneer 'n persoon kaalvoet op 'n doring trap, is die ...
A serebellum.
B medulla oblongata.
C rugmurg.
D serebrum.
- 1.1.3 Wanneer 'n persoon 'n resies hardloop, help sweet om die ...
A hoeveelheid soute in die liggaam te reguleer.
B hoeveelheid glukose in die liggaam te beheer.
C liggaam deur verdamping af te koel.
D hoeveelheid water in die liggaam te reguleer.
- 1.1.4 Watter EEN van die volgende is die korrekte volgorde waarin impulse in 'n refleksaksie oorgedra word?
A Reseptor → sensoriese neuron → interneuron → motoriese neuron → effektor
B Reseptor → motoriese neuron → sensoriese neuron → interneuron → effektor
C Reseptor → motoriese neuron → interneuron → sensoriese neuron → effektor
D Reseptor → interneuron → sensoriese neuron → motoriese neuron → effektor
- 1.1.5 Watter EEN van die volgende is 'n funksie van adrenalien?
A Laat die bloeddruk daal
B Bevorder die omskakeling van glukose in glikogeen
C Verhoog die spiertonus van die skeletspiere
D Laat die bloedvate in die vel verwyd


1.1.6 Die volgende strukture is deel van die manlike voortplantingstelsel:

- (i) Skrotum
- (ii) Prostaatklier
- (iii) Semenvesikels
- (iv) Penis
- (v) Testis

Watter EEN van die volgende struktuurkombinasies produseer semen?

- A Slegs (i), (ii) en (iv)
- B Slegs (i), (iii) en (v)
- C Slegs (ii), (iii) en (v)
- D Slegs (ii), (iii) en (iv)

1.1.7 By seeperdjies stort die vroulike seeperdjie die eiers in 'n sakkie in die manlike seeperdjie se liggaam. Die manlike seeperdjie skei dan sperms in die sakkie af. Bevrugting vind in die sakkie plaas. Die bevrugte eiers ontwikkel in die sakkie.



Watter tipe bevrugting en voortplantingstrategie stel dit voor?

- A Uitwendige bevrugting en viviparie
- B Inwendige bevrugting en viviparie
- C Uitwendige bevrugting en oviparie
- D Inwendige bevrugting en oviparie

VRAAG 1.1.8 EN 1.1.9 VERWYS NA DIE ONDERSOEK HIERONDER.

'n Onderzoek is uitgevoer om die invloed van alkohol op reaksietyd te bepaal.

Die prosedure was soos volg:

- Vyftig volwasse vrywilligers is gebruik.
- Hulle reaksietye is aan die begin van die ondersoek gemeet.
- Elkeen is alkohol gegee om te drink.
- Hulle reaksietye is weer na 30 minute gemeet.

1.1.8 Wat is die onafhanklike veranderlike in die ondersoek hierbo?

- A Getal vrywilligers
- B Tyd nadat alkohol gedrink is
- C Reaksietyd
- D Alkohol in die liggaam

1.1.9 Die volgende faktore is gedurende die ondersoek in ag geneem:


- (i) Ouderdom van die vrywilligers
- (ii) Getal vrywilligers
- (iii) Alkohol ingeneem
- (iv) Instrument wat gebruik is om die reaksietyd te meet

Watter EEN van die volgende kombinasies faktore sal die geldigheid van die ondersoek beïnvloed?

- A Slegs (i) en (ii)
- B Slegs (i), (iii) en (iv)
- C (i), (ii), (iii) en (iv)
- D Slegs (ii), (iii) en (iv)

1.1.10 Stygende temperature op Aarde as gevolg van die verhoogde/verhewigde kweekhuiseffek, veroorsaak dat ys in gletsers smelt.

Die grafiek hieronder toon die resultate van 'n ondersoek wat tussen 1978 en 2006 verandering in die grootte van 'n gebied (oppervlakte) in die Noordpoolstreek wat met ys bedek was, gemeet het.



[Aangepas uit nsidc.org]

Die verskil tussen die grootte van die gebied (oppervlakte) wat in 1978 met ys bedek was en die grootte van die gebied (oppervlakte) wat in 1998 met ys bedek was, is ... miljoen km².

- A 1,3
- B 7,2
- C 0,7
- D 5,9

(10 x 2) (20)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.



- 1.2.1 Die deel van die brein wat die hartklop beheer
- 1.2.2 Die handhawing van 'n konstante interne omgewing in die liggaam, binne sekere perke
- 1.2.3 Die plantgroeihormoon wat saaddormansie bevorder
- 1.2.4 'n Versamelnaam vir die membrane wat die brein beskerm
- 1.2.5 'n Hormoon wat die soutkonsentrasie in die mens se bloed reguleer
- 1.2.6 'n Laag in die atmosfeer wat deur chloorfluorkoolstowwe ('CFC's') beskadig word
- 1.2.7 'n Hormoon wat die rypwording van sperms stimuleer (7 x 1) **(7)**

1.3 Dui aan of elk van die beskrywings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Vereis die produsering van 'n groot getal gamete om die oorlewing van die spesie te verseker	A:	Uitwendige bevrugting
		B:	Inwendige bevrugting
1.3.2	'n Tipe ontwikkeling by voëls waar die kleintjies nie in staat is om te beweeg en hulleself te voed nie	A:	Prekosiële ontwikkeling
		B:	Altrisiële ontwikkeling
1.3.3	'n Plantbeskermingsmeganisme teen patogene	A:	Chemikalieë
		B:	Dorings
1.3.4	'n Klier wat stowwe produseer wat deur buise na teikenorgane vervoer word	A:	Endokriene klier
		B:	Eksokriene klier
1.3.5	Word deur plante gebruik om die moontlikheid om deur herbivore geëet te word, te verklein	A:	Chemikalieë
		B:	Dorings

(5 x 2) **(10)**

1.4 Elke diagram hieronder stel gedeeltes van die menslike oog voor.




1.4.1 Gee die LETTER en NAAM van die deel wat:

- (a) Saamtrek om die vorm van die lens te verander (2)
- (b) Die hoeveelheid lig wat die oog binnedring, beheer (2)
- (c) Deur die konjunktiva beskerm word (2)

1.4.2 Bestudeer **DIAGRAM 1** en **DIAGRAM 2**. Watter proses is verantwoordelik vir die verandering in die vorm van deel **E**? (1)

1.4.3 Watter diagram (**1** of **2**) stel die toestand van die oog voor wanneer 'n persoon 'n boek lees? (1)
(8)

- 1.5 Die diagram hieronder toon die groeibeweging van 'n deel van 'n plant na 'n prikkel/stimulus toe.




- 1.5.1 Watter groeibeweging word in die diagram voorgestel? (1)
- 1.5.2 Identifiseer die prikkel wat **A** gemerk is. (1)
- 1.5.3 Noem die groeihormoon wat verantwoordelik is vir die groeibeweging wat in VRAAG 1.5.1 genoem is. (1)
- 1.5.4 Sal 'n hoë konsentrasie van die groeihormoon wat in VRAAG 1.5.3 genoem is, wortelgroei **stimuleer** of **inhibeer**? (1)
- 1.5.5 Noem die verskynsel waar die knoppe/botsels by die punt van die plant die groei van die sytakke reguleer. (1)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1 Die diagram hieronder stel 'n gedeelte van die menslike oor voor.



2.1.1 Identifiseer deel:

(a) **A** (1)

(b) **B** (1)


(c) **E** (1)

2.1.2 Verduidelik die gevolge indien deel **A** geblokkeer is. (4)

2.1.3 Beskryf hoe deel **D**, die halvesirkelvormige kanale, 'n rol speel om balans te behou wanneer die liggaam van spoed en rigting verander. (5)

(12)

2.2 Die diagram hieronder illustreer 'n fase in meiose.



2.2.1 Identifiseer deel:

- (a) **A** (1)
- (b) **B** (1)
- (c) **C** (1)

2.2.2 Identifiseer die fase wat hierbo geïllustreer word. (1)

2.2.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.2.2. (2)

2.2.4 Teken 'n diagram van die sel hierbo soos dit tydens **anafase I** sal lyk. (4)
(10)

2.3 'n Onderzoek is uitgevoer om die deursnee van 'n gesonde follikel in 'n menslike ovarium in die menstruasiesiklus te bepaal.

'n Steekproef bestaande uit 50 vroue tussen die ouderdom van 20 en 25, met gereelde menstruasiesiklusse, is vir die ondersoek gebruik.

Die gemiddelde veranderinge in die follikeldeursnee van al 50 vroue gedurende hulle menstruasiesiklusse is gemeet en aangeteken.

2.3.1 Noem TWEE stappe wat tydens die beplanning van hierdie ondersoek in ag geneem is. (2)

2.3.2 Die volgende resultate is uit die ondersoek verkry.

DAE WAAROP DIE FOLLIKELS GEMEET IS	GEMIDDELDE FOLLIKELDEURSNEE VAN DIE 50 VROUE (mm)
5	6,9
10	13,3
13	18,8
14	22,0
20	3,4
25	2,6

[Aangepas uit *Journal of Reproduction and Fertilisation*, 1983]


Gebruik die resultate en verduidelik:

(a) Die veranderinge in die follikeldeursnee van dag 14 tot dag 25 (3)

(b) Hoe die resultate waarskynlik sou verskil indien al 50 vroue voorbehoedpille gebruik het wat 'n groot hoeveelheid progesteron bevat (3)

(8)

2.4 Die diagram hieronder stel die sentrale senuweestelsel van die mens voor.



2.4.1 Identifiseer deel:

- (a) **A** (1)
- (b) **C** (1)
- (c) **D** (1)

2.4.2 Noem DRIE funksies van deel **B**. (3)
(6)

2.5 Beskryf die bou en die werking van die outonome senuweestelsel. (4)
[40]

VRAAG 3

3.1 Beskryf hoe die menslike liggaam die konsentrasie koolstofdioksied in die bloed herstel indien dit hoër as normaal styg. (6)

3.2 'n Onderzoek is uitgevoer om die glukosekonsentrasie in die bloed van twee persone, Mo en Thabiso, te vergelyk voor en nadat glukose ingeneem is.


Die volgende prosedure is gevolg:

- Die glukosekonsentrasie in hulle bloed is aan die begin van die ondersoek gemeet en weer 1 uur na die aanvang van die ondersoek.
- Elkeen van hulle het 1 uur na die aanvang van die ondersoek 50 ml glukoseoplossing ontvang om te drink.
- Die glukosekonsentrasie in hulle bloed is vir die volgende 4 uur nadat glukose ingeneem is, elke 30 minute gemeet.

Die resultate word in die grafiek hieronder getoon.

Die **pyle** dui aan wanneer hulle die glukoseoplossing gedrink het.

LET WEL: Die normale bloedglukosekonsentrasie is tussen 80 en 120 mg/100 cm³.



3.2.1 Gee hierdie grafiek 'n geskikte opskrif. (2)

3.2.2 Met hoeveel het die konsentrasievlak van Thabiso se bloedglukose gestyg (in mg/100 cm³) nadat hy die glukoseoplossing gedrink het? Toon ALLE berekeninge. (2)

- 3.2.3 Hoe lank het dit die konsentrasievlak van Mo se bloedglukose geneem om na sy oorspronklike vlak terug te keer nadat die glukoseoplossing ingeneem is? (1)
- 3.2.4 (a) Wie (Thabiso of Mo) het diabetes mellitus? (1)
- (b) Gee EEN waarneembare rede vir jou antwoord op VRAAG 3.2.4(a). (1)
- 3.2.5 Verduidelik die veranderinge in Mo se glukosevlak in tydperk X. (4)
- (11)**

3.3 Lees die uittreksel hieronder.

JAG WILD VIR VOEDSEL

'n Organisasie bekend as die 'Trade Records Analysis of Fauna and Flora in Commerce (TRAFFIC)', het 'n ondersoek uitgevoer om die omvang van die onwettige doodmaak van wild vir gebruik as wildsvleis en die invloed daarvan op die omgewing te bepaal.

Hierdie organisasie het berig dat die onwettige doodmaak van wild, beide vir handel en verbruik, die afgelope twee jaar in baie Afrika-lande toegeneem het. Daar is ook genoem dat sommige spesies, soos die impala (rooibokke), bo ander wildspesies verkies word.

Een van die organisasie se aanbevelings was dat die jag van wild gewettig moet word. Dit sal die regerings in hierdie lande in staat stel om die aantal diere wat gejag word, te beheer en ook om die ouderdom van diere wat gejag word, te beperk. Daar is ook aanbeveel dat slegs baie ou en swak diere in 'n bevolking gejag moet word.

[Aangepas en vertaal uit die artikel 'Wildlife Under Siege', *Endangered Wildlife*, 2000]

- 3.3.1 Wat word die onwettige jag en doodmaak van diere genoem? (1)
- 3.3.2 Noem EEN manier waarop mense wildhabitate vernietig. (1)
- 3.3.3 Gee TWEE redes vir die toename in die onwettige doodmaak van wild. (2)
- 3.3.4 Verduidelik hoe die toename in die doodmaak van wild die omgewing sal beïnvloed. (3)
- 3.3.5 Verduidelik waarom die organisasie aanbeveel het dat slegs baie ou en swak diere in 'n bevolking doodgemaak moet word indien jag gewettig sou word. (3)
- (10)**

3.4 Lees die uittreksel hieronder.

VOEDSELSEKERHEID IN SUID-AFRIKA

Een van die uitdagings in Suid-Afrika is armes se toegang tot voedsel. Statistiek SA het in 2009 'n opname gedoen om die persentasie huishoudings in elke provinsie wat toegang tot voedsel gehad het, te bepaal.

Die resultate word in die tabel hieronder getoon:

PROVINSIE	HUISHOUDINGS WAT TOEGANG TOT VOEDSEL HET (%)
Wes-Kaap	85
Oos-Kaap	79
Mpumalanga	79
Vrystaat	67
Noord-Kaap	75
Noordwes	79
KwaZulu-Natal	77
Limpopo	88
Gauteng	82

Dit blyk dat Suid-Afrikaners in stedelike gebiede voldoende toegang tot voedsel het, maar dieselfde kan nie van huishoudings in landelike gebiede gesê word nie. Die prys van stapelvoedsel (bv. mielies en rys) in landelike gebiede is gewoonlik hoër as in stedelike gebiede.

Die uitbreiding van landbou is die sleutel tot voedselsekerheid en verligting van armoede. Die meeste mense wat in landelike gebiede woon, het toegang tot grond, maar meer moet nog gedoen word om boerdery vir huishoudelike gebruik (aanplant van gewasse slegs vir die gesin se gebruik) in hierdie gebiede meer doeltreffend te maak.

[Aangepas en vertaal uit *Food Security*, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, Maart 2011]

- 3.4.1 Wat word met *voedselsekerheid* bedoel? (2)
- 3.4.2 Stel EEN rede voor waarom voedselpryse in landelike gebiede gewoonlik hoër as voedselpryse in stedelike gebiede is. (1)
- 3.4.3 Noem TWEE maniere waarop boerdery vir huishoudelike gebruik armoede kan verlig. (2)
- 3.4.4 Stel TWEE maniere voor waarop die Departement van Landbou boerdery in die landelike gebiede kan verbeter. (2)
- 3.4.5 Teken 'n staaf-/kolomgrafiek om toegang tot voedsel in die volgende drie provinsies, naamlik Limpopo, Noord-Kaap en Vrystaat te vergelyk. (6)

(13)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Verduidelik die strukturele geskiktheid van die spermsel vir sy funksie en beskryf die betrokkenheid daarvan by die vorming van 'n sigoot en die ontwikkeling van hierdie sigoot totdat inplanting plaasvind.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van vloedigramme, tabelle of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien wanneer die maksimum punte behaal is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee**
Sien net die eerste drie na ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings gegee word**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe gegee word**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **Indien geannoteerde diagramme gegee word as beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakels nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakels nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakel weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde by die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit nie buite konteks is nie.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam gegee word (en andersom)**
Geen krediet nie.

15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van 'n antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte)**
'n Enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasionale wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Geen veranderinge aan die memorandum nie**
Memorandums mag nie verander word nie. In uitsonderlike gevalle sal die provinsiale interne moderator met die nasionale interne moderator beraadslaag (en die Umalusi-moderator, indien nodig).
20. **Amptelike memorandum**
Slegs memorandum wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderator bevat en deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**


1.1	1.1.1	A✓✓		
	1.1.2	C✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	A✓✓		
	1.1.5	C✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	C✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	B✓✓		
	1.1.10	C✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Medulla oblongata✓		
	1.2.2	Homeostase✓		
	1.2.3	Absissiensuur✓/ABS/ABA		
	1.2.4	Meninges✓		
	1.2.5	Aldosteron✓		
	1.2.6	Osoon✓/O ₃		
	1.2.7	Testosteron✓/FSH/LH		(7)
1.3	1.3.1	Beide A en B✓✓		
	1.3.2	Slegs B✓✓		
	1.3.3	Slegs A✓✓		
	1.3.4	Slegs B✓✓		
	1.3.5	Beide A en B ✓✓	(5 x 2)	(10)
1.4	1.4.1	(a) A✓ - siliêre spier✓		(2)
		(b) C✓ - iris✓		(2)
		(c) D✓ - kornea✓		(2)
	1.4.2	Akkommodasie✓		(1)
	1.4.3	Diagram 2✓		(1)
				(8)
1.5	1.5.1	Fototropisme✓		(1)
	1.5.2	Lig✓/Sonlig/Stralingsenergie		(1)
	1.5.3	Ouksiene✓/IAA/IAS/indoolasynsuur		(1)
	1.5.4	Inhibeer ✓		(1)
	1.5.5	Apikale dominansie✓/oorheersing		(1)
				(5)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 (a) Eustachius-buis✓ (1)
- (b) Ronde venster✓ (1)
- (c) Koglea✓ (1)
- 2.1.2 - Lug kan nie ingeneem word nie✓/vrygestel word
 - om die druk dieselfde te hou✓
 - aan weerskante van die timpaniese membraan nie✓
 - Timpaniese membraan/ossikels/gehoorbeentjies kan nie vrylik vibreer nie✓
 - Dit kan daartoe lei dat die timpaniese membraan bars✓en
 - kan daarom lei tot gehoorverlies✓/doofheid /pyn (Enige 4) (4)
- 2.1.3 Veranderinge in die rigting en spoed van beweging:
- Veroorsaak dat die endolimf beweeg✓ in deel D/
 halfsirkelvormige kanale
 - Die kristas✓
 - wat in die ampullas✓ voorkom word gestimuleer
 - en skakel prikkels om in impulse✓
 - wat deur die gehoorsenuwee✓ /vestibulêre senuwee vervoer
 word
 - na die serebellum✓
 - vanwaar impulse deur die motoriese neurone✓ oorgedra word
 - na die skeletspiere✓/effektore om balans in die liggaam te
 herstel (Enige 5) (5)
- 2.2 2.2.1 (a) Chromosoom✓ (1)
- (b) Spoeldraad✓/spoelvesel (1)
- (c) Sentromeer✓ (1)
- 2.2.2 Metafase II✓ (1)
- 2.2.3 - Chromosome lê onafhanklik✓/enkel
 - op die ewenaar✓ (2)

2.2.4

Puntetoekenning:

- C – Dui **4** chromosome aan ✓✓ (nie chromatiede nie)
 S - Dui skeiding ✓ van die genetiese materiaal aan
 D - Korrekte variasie in die chromosome aangedui ✓ (skakerings op die chromosome moet komplementêr wees)
 (Gebruik die letters tydens die nasienproses)

(4)
(10)


- 2.3 2.3.1 - Kry toestemming✓/etiese goedkeuring
 - Besluit wat die monstergrootte moet wees✓
 - Besluit watter meetinstrument gebruik gaan word✓
 - Besluit watter ouderdomsgroep die deelnemers sal wees✓
 - Besluit om slegs vroue met gereelde menstruasiesiklusse te gebruik✓
 - Besluit hoe resultate aangeteken kan word✓
 - Besluit op die tydsduur✓
 - Leer hoe om die apparaat te gebruik (Enige 2) (2)
(SIEN SLEGS EERSTE TWEE NA)
- 2.3.2 (a)
 - Die follikels se grootte neem af/verklein✓
 - sodra ovulasie plaasgevind het✓
 - Die gevolglike corpus luteum het kleiner geword✓
 - omdat bevrugting nie plaasgevind het nie✓ (Enige 3) (3)
- (b)
 - Die produsering van FSH✓
 - sal geïnhibeer word✓
 - wat die ontwikkeling/groei van 'n follikel sal keer/inhibeer✓
 - daarom sal die grootte van die follikel dieselfde bly✓ (Enige 3) (3)
(8)
- 2.4 2.4.1 (a) Medulla oblongata✓ (1)
 (b) Corpus callosum✓ (1)
 (c) Serebellum✓ (1)
- 2.4.2 - Beheer alle willekeurige aktiwiteite✓/voorbeeld
 - Dit bevat sentrums wat alle sensasies ontvang en vertolk✓/voorbeeld
 - Dit is die setel van alle hoër intellektuele vermoëns✓/voorbeeld
 - Dit is die setel van emosionele gedrag✓/voorbeeld (3)
(SIEN SLEGS EERSTE DRIE NA) (6)
- 2.5 - Elke orgaan en klier word beheer deur twee stelle senuwees✓/
 dubbelinnervasie
 - wat antagonisties✓ werk
 - wat onwillekeurige reaksies✓ beheer/ bewerkstellig
 homeostase
 - Simpatiese✓ senuwees
 - stimuleer normaalweg 'n reaksie✓/voorbeeld
 - Parasimpatiese✓ senuwees
 - inhibeer normaalweg 'n reaksie✓/voorbeeld (Enige 4) (4)
[40]

VRAAG 3

- 3.1
- Reseptorselle✓
 - in die karotis✓/nekslagaar/aorta word gestimuleer
 - om impulse na die medulla oblongata✓ in die brein te stuur
 - wat dan **die hart stimuleer**✓
 - om vinniger te klop✓
 - en die asemhalingspiere✓/voorbeeld
 - trek meer aktief saam✓
 - Dit verhoog die tempo / diepte van asemhaling✓
 - Meer CO₂ word na die longe geneem en uitgeasem✓ wat die CO₂ vlak in die bloed normaliseer (Enige 6) **(6)**
- 3.2
- 3.2.1 Vergelyking van die bloedglukosevlak van twee persone✓ in 5 ure✓/voor en na glukose ingeneem is (2)
- 3.2.2 (145 – 125)✓
(Aanvaar getalle tussen 144 – 146 vir die eerste waarde en 124 - 126 vir die tweede waarde)
- = 20✓ / 200 mg/100 cm³
(Aanvaar antwoord ooreenstemmend met die waardes wat die leerder gegee het) (2)
- 3.2.3 Aanvaar enige antwoord tussen 1,7 tot 1,9✓ ure/102 – 114 minute 1uur42min – 1uur54min (1)
- 3.2.4 (a) Thabiso✓ (1)
- (b) - Sy glukosevlak is hoër as die normale perk✓
- Dit neem langer vir sy glukosevlak om tot normaal terug te keer✓ (Enige 1) (1)
- (SIEN SLEGS EERSTE EEN NA)**
- 3.2.5
- Wanneer sy glukosevlak hoog is✓/ 99/98mg/100cm³
 - word insulien✓ in sy bloed gesekreter
 - wat oortollige glukose na glikogeen✓ in die lewer omskakel
 - en om die selle te stimuleer om meer glukose te absorbeer✓
 - dus daal die bloedglukosevlak✓ (Enige 4) **(4)**
- 3.3
- 3.3.1 Stropery✓/ Stroping (1)
- 3.3.2
- Ontbossing✓
 - Verstedeliking✓
 - Mynbou✓
 - Landbou✓
 - Veldbrande✓
 - Konstruksies✓
 - Besoedeling✓
 - Uitheemse spesies✓ word ingebring (Enige 1) **(1)**
- (SIEN SLEGS EERSTE EEN NA)**

- 3.3.3 - Toename in die menslike bevolking✓
 - Toename in werkloosheid✓/armoede
 - Verhoging van pryse van wildsvleis✓/gulsigheid
 - Toename in vraag✓
 - Onvoldoende beskerming van wilde diere✓ (Enige 2) (2)
(SIEN SLEGS EERSTE TWEE NA)
- 3.3.4 - Verstuur die ekosisteem✓
 - omdat voedselkettings beïnvloed word✓
 - wat lei tot die uitsterwing van sommige spesies✓ in die ekosisteem
 - wat uiteindelik sal lei tot 'n verlies aan biodiversiteit✓ (Enige 3) (3)
- 3.3.5 - Baie ou diere se vermoë om in hulle lewe voort te plant is verby✓/ou diere is aan die einde van hulle lewensduur
 - en kan gevolglik nie 'n groot invloed op die bevolkingsgrootte hê nie✓
 - Verswakte diere het 'n kort lewensduur✓
 - en sal nie tot die oorlewing van die bevolking bydra nie✓
 - Die doodmaak van ou en swak diere kan voorkom dat 'n bevolking sy dravermoë oorskry✓
 - Gene wat die swak kenmerke veroorsaak sal uit die geenpoel verwyder word✓ (Enige 3) (3)
(10)
- 3.4 3.4.1 - Voedselsekerheid verwys na die toegang✓
 - tot genoegsame✓/ veilige /voedsame voedsel
 - vir alle mense te alle tye✓ (Enige 2) (2)
- 3.4.2 - Pryse word verhoog om die vervoerkoste✓ oor die lang afstande te dek
 - Geen kompetisie✓ tussen handelaars in landelike gebiede
 - Verlaag die vraag✓ na goedere in landelike gebiede (Enige1) (1)
(SIEN SLEGS EERSTE EEN NA)
- 3.4.3 - Die behoefte om voedsel te koop neem af✓
 - Verkoop oortollige produkte om geld te verdien✓ (2)
(SIEN SLEGS EERSTE TWEE NA)
- 3.4.4 - Maak mense bewus van die voordele van boerdery✓
 - Verskaf hulpbronne✓/voorbeeld
 - Ontwikkel vaardighede vir boerdery✓
 - Verskaf aansporings✓ om boerdery aan te moedig (Enige 2) (2)
(SIEN SLEGS EERSTE TWEE NA)

3.4.5



Puntetoekening vir die grafiek

Kriteria	Puntetoekening
Kolomgrafiek geteken (T)	1
Opskrif van grafiek	1
Korrekte skaal vir X-as(kolomme ewe wyd en gespaseerd) en Y-as (S)	1
Korrekte byskrif en eenheid vir X-as en Y-as (L)	1
Trek van die grafiek (P)	0: Geen kolomme korrek gestip 1: 1 tot 2 kolomme korrek gestip 2: Al 3 kolomme korrek gestip

LET WEL:

Indien 'n lyngrafiek geteken is – punte sal **toegeken** word vir slegs 'opskrif en byskrif van X en Y asse'

Indien 'n histogram geteken is – sal punte **verbeur** word vir slegs die 'soort grafiek en korrekte skaal'

(6)
(13)
[40]

TOTAAL AFDELING B:

80

AFDELING C**VRAAG 4****Strukturele geskiktheid van die spermsel vir inwendige bevrugting**

- Die voorste deel van die kop van die spermsel bevat 'n akrosoom✓/blasie waarin die ensieme voorkom om 'n pad na die ovum op te los✓
- Die kern van die sperm✓ dra die genetiese materiaal✓ van die man/ haploïede getal chromosome
- Die middelstuk bevat mitochondriums✓ wat energie✓ vrystel sodat die sperms kan swem
- Die aanwesigheid van 'n lang stert✓ maak dit vir die sperms moontlik om na die ovum te swem✓
- Die spermsel se inhoud soos die sitoplasma en genetiese materiaal is gereduseer✓/kompak
Wat dit lig maak vir doeltreffende beweging✓ (Enige 3 x 2) (6)

Bevrugting

- In die Fallopiusbuise✓
- kom een spermsel in kontak met die ovum se membraan✓
- Die kern van die sperm dring die ovum binne✓
- Dan word die ovum se membraan ondeurdringbaar✓ vir ander sperms
- Die kern van die sperm versmelt✓ } OF sperm versmelt met eiersel✓
- met die kern van die ovum✓
- om 'n diploïede✓ sigoot te vorm
- dit word bevrugting✓ genoem (Enige 5) (5)

Gebeure na bevrugting tot inplanting plaasvind

- Die sigoot verdeel baie keer deur mitose✓
 - om 'n embrio✓ te vorm
 - Dit bestaan eers uit 'n bol✓ selle
 - wat die morula✓ genoem word
 - wat dan in 'n hol bal van selle✓ ontwikkel
 - wat die blastula✓/blastosis genoem word
 - Dit heg aan die uteruswand✓/endometrium
 - deur chorioniese villi te gebruik✓ (Enige 6) (6)
- Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Relevansie	Logiese volgorde	Uitbreiding
Alle inligting wat gegee is, is relevant tot die vraag	Idee is in 'n logiese/oorsaak-gevolgvolgorde gegee	Beantwoord alle aspekte vereis deur die opstel in genoegsame besonderhede
Slegs inligting met betrekking tot: - Strukturele geskiktheid van die spermsel - Gebeure tydens bevrugting - Gebeure na bevrugting totdat inplanting plaasvind Geen irrelevante inligting.	Alle strukture is verwant aan die onderskeie funksies van die spermsel. Die volgorde van die gebeure tydens bevrugting en na bevrugting tot by inplanting is in die korrekte volgorde.	Die volgende punte moet ten minste ingesluit wees: - Die strukturele geskiktheid van die spermsel (4/6) - Gebeure tydens bevrugting (3/5) - Gebeure na bevrugting totdat inplanting plaasvind (4/6)
1 punt	1 punt	1 punt

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2015

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae begin beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoord op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, tabelle en vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.


AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.9) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.10 D.

1.1.1 Selle wat in enige tipe sel kan differensieer, word ... genoem.

- A geslagselle
- B dogterselle
- C stamselle
- D haploïede selle

1.1.2 Die diagram hieronder toon 'n sel wat meiose ondergaan.



Die diagram hierbo toon ...

- A nie-disjunksie in metafase II.
- B 'n chromosomale afwyking/aberrasie wat tot hemofilie lei.
- C 'n chromosomale afwyking met betrekking tot chromosoompaar nommer 23, wat tot Down-sindroom lei.
- D nie-disjunksie in anafase I.


1.1.3 Die DNS/DNA van verskillende spesies verskil slegs met betrekking tot die ...

- A komponente van die nukleotiede.
- B volgorde van die nukleotiede.
- C tipe verbinding tussen die stikstofbassisse.
- D tipe suiker wat dit bevat.

1.1.4 Een string van 'n DNS/DNA-molekuul het 60 adenien- en 20 timienmolekules. Hoeveel adenienmolekules is in die dubbelgestringde DNS/DNA-molekuul teenwoordig?

- A 60
- B 150
- C 80
- D 300

1.1.5 Die diagram hieronder toon die effek van drie verskillende tipes antibiotika (**X**, **Y** en **Z**) op 'n enkele bakteriële stam wat op agar (voedingsryke jellie) in 'n petribakkie groei. Die drie sirkels dui die afstand aan tot waar elke antibiotikum versprei het.



Die korrekte volgorde van die antibiotika, van die effektiëfste tot die oneffektiefste, is ...

- A Z, X en Y.
- B X, Y en Z.
- C X, Z en Y.
- D Z, Y en X.

1.1.6 'n Kenmerk wat 'n reeks fenotipes bevat, is 'n voorbeeld van ...

- A deurlopende variasie.
- B nie-deurlopende variasie.
- C volledige dominansie.
- D kodominansie.

- 1.1.7 In die stabielste varswateromgewings is *Daphnia*-bevolkings feitlik heeltemal vroulik en plant hulle ongeslagtelik voort. Mannetjies word egter in omgewings met min suurstof of wanneer voedsel skaars is, waargeneem.

Volgens hierdie waarnemings stel 'n navorser aan die begin van 'n eksperiment die volgende voor:

Manlike *Daphnia* ontwikkel slegs as 'n reaksie op ongunstige omgewingstoestande.

Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

- A gevolgtrekking.
- B hipotese.
- C teorie.
- D doel.

VRAAG 1.1.8 EN 1.1.9 VERWYS NA DIE INLIGTING HIERONDER.

By ertjieplante is geel saadkleur (Y) dominant oor groen saadkleur (y). Gladde saadtekstuur (S) is dominant oor verrimpelde saadtekstuur (s).

'n Student het 'n plant met geel verrimpelde saad met 'n plant met groen gladde saad gekruis.

- 1.1.8 Watter EEN van die volgende toon moontlike allele teenwoordig in 'n gameet wat deur 'n plant met geel verrimpelde saad geproduseer is?

- A YYss
- B yySS
- C yS
- D Ys

- 1.1.9 Watter EEN van die volgende is 'n moontlike voorstelling van die genotipes van die P₁-generasie?

- A YYSS x yyss
- B Yyss x yySs
- C YYSS x yySs
- D Yyss x YySs

(9 x 2) **(18)**

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.9) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Chromosome wat dieselfde stel gene dra
- 1.2.2 Twee of meer alternatiewe vorme van 'n geen by dieselfde lokus
- 1.2.3 Die struktuur verantwoordelik vir die trek van chromosome na die pole van 'n diersel tydens seldeling
- 1.2.4 'n Fase in die selsiklus wat voor seldeling plaasvind
- 1.2.5 'n Diagrammatiese voorstelling wat moontlike evolusionêre verwantskappe tussen verskillende spesies toon
- 1.2.6 Die tipe visie wat ape en mense gemeen het en wat dieptewaarneming/-persepsie toelaat
- 1.2.7 'n Genetiese kruising wat twee kenmerke behels
- 1.2.8 'n Genetiese afwyking wat deur die afwesigheid van 'n bloedstollingsfaktor gekenmerk word
- 1.2.9 Die huidige verspreiding van organismes **(9)**


1.3 Dui aan of elk van die beskrywings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Het die eerste X-straalfoto's van DNS/DNA gemaak	A:	Watson
		B:	Franklin
1.3.2	'n Voorbeeld van biotegnologie	A:	Genetiese modifikasie
		B:	Kloning
1.3.3	Wet van oorerwing van verworwe kenmerke	A:	Darwin
		B:	Lamarck
1.3.4	Al die gene in al die chromosome van 'n spesie	A:	Genoom
		B:	Genotipe

(4 x 2)

(8)

- 1.4 Die diagram hieronder toon 'n wêreldkaart wat vier terreine (1 tot 4) aandui waar hominiëde fossiele gevind is wat twee verskillende genera verteenwoordig. Genus **A** is op drie terreine gevind en genus **B** op een terrein. Die ouderdom van elke fossiel is bepaal deur radiometriese datering te gebruik.




[Aangepas uit www.biologyreference.com]

- 1.4.1 Watter genus (**A** of **B**):
- Stel *Australopithecus* voor (1)
 - Het 'n meer prognatiese/voorstekende skedel (1)
 - Het kleiner oogtande (1)
 - Is nader aan *Homo sapiens* verwant (1)
- 1.4.2 Noem TWEE voorbeelde van fossiele van genus **B** wat op terrein 1 in Suid-Afrika gevind is. (2)
- 1.4.3 Op watter terrein, 1 tot 4, is die jongste fossiele gevind? (1)
- 1.4.4 Behalwe fossielbewyse, watter ander bewyse kan gebruik word om die Uit Afrika-hipotese te ondersteun? (1)
- (8)**

1.5 Wetenskaplikes het die grootte van die brein van *Australopithecus*, *Homo habilis*, *Homo erectus* en *Homo sapiens* beraam deur die skedelgrootte/-kapasiteit van fossielvoorbeelde te gebruik. Daarna het hulle die resultate vergelyk met wanneer elke hominied op die aarde bestaan het.

Die grafiek hieronder verteenwoordig die omvang van die breingrootte en die tydperk wanneer die hominied volgens fossielgetuienis bestaan het.

Die resultate van die ondersoek word in die grafiek hieronder getoon.



[Aangepas uit AQA-BLY1B-W-QP-NOV07 Unit 1b]

1.5.1 Volgens die grafiek:

(a) Wanneer het die eerste *Australopithecus* voorgekom (2)

(b) Watter van die spesies toon die grootste variasie in breingrootte (1)

1.5.2 Gee die grootte (in cm³) van die:

(a) Grootste brein van *Australopithecus* (1)


(b) Kleinste brein van *Homo sapiens* (1)

1.5.3 Noem TWEE tipes getuienis/bewyse, behalwe fossiele, wat die idee dat alle hominiede uit 'n gemeenskaplike voorouer ontwikkel het, ondersteun. (2)
(7)

TOTAAL AFDELING A: 50


AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Die diagramme hieronder stel die proses van spesievorming in skilpaaie voor.
Met verloop van tyd het spesie **B** en **C** uit spesie **A** ontwikkel.




- 2.1.1 Verduidelik waarom spesie **A** op eiland **1** bly voortbestaan het. (2)
- 2.1.2 Beskryf hoe spesie **B** en **C** uit spesie **A** ontwikkel het. (6)
(8)
- 2.2 Die vader van 'n kind kan bepaal word deur bloedgroepe te ontleed.
- 2.2.1 Verduidelik hoe 'n ontleding van bloedgroepe gebruik kan word om vaderskap te bepaal. (5)
- 2.2.2 'n Man en 'n vrou het beide bloedgroep **B**.
Gebruik 'n genetiese kruising om te wys hoe dit vir hulle moontlik is om 'n kind met bloedgroep **O** te hê. (6)
(11)

2.3 Die diagram hieronder toon oorkruising tydens meiose.



- 2.3.1 Noem die fase van meiose waartydens die proses wat hierbo voorgestel word, plaasvind. (1)
- 2.3.2 Beskryf die proses van *oorkruising*. (3)
- 2.3.3 Verduidelik die belangrikheid van oorkruising. (2)
- 2.3.4 Teken 'n diagram, met die posisie van die allele aangedui, om die struktuur van chromatied Y na oorkruising te toon. (2)
- (8)**

2.4 Die uittreksel en die diagram hieronder verskaf inligting oor 'n tipe wildsbok wat 'n Bongo (bos-eland) genoem word.



2.4.1 Noem TWEE kenmerke wat die Bongo help om hulleself in die digte woud te kamoefleer. (2)

2.4.2 Gebruik jou kennis van natuurlike seleksie en verduidelik hoe die Bongo se vermoë om hulle horings plat op hulle rûe te laat lê deur die jare kon ontwikkel het. (5)
(7)

2.5 Die kenmerke van organismes kan deur selektiewe teelt en genetiese manipulasie/ingryping verander word.

2.5.1 Noem TWEE ooreenkomste tussen die *selektieweteelt*-proseses en die *genetiesemanipulasie*-proseses. (2)

2.5.2 Verduidelik TWEE redes waarom sommige mense teen die gebruik van genetiese manipulasie/ingryping gekant kan wees. (4)
(6)
[40]

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder.

Die onlangse uitbreek van Ebola het internasionale mediese organisasies op 'n gereedheidsgrondslag geplaas. Die Ebola-virus is dodelik omdat dit onbeheerste bloeding veroorsaak. Die virus word slegs deur direkte kontak met liggaamsvloei-stowwe versprei. Daar heers egter groot kommer oor die feit dat die Ebola-virus dalk kan muteer en die virus so in staat gestel kan word om deur die lug te versprei. Indien dit gebeur, sal die virus makliker kan versprei.

Hierdie virus bevat slegs RNS/RNA, en wanneer RNS/RNA gekopieer word, word baie meer foute gemaak as wanneer DNS/DNA gekopieer word. Gevolglik vertoon die Ebola-virus hoë mutasiekoerse wat tot baie genetiese variasie lei.

[Aangepas uit <https://www.evolution.berkeley.edu>]

3.1.1 Noem waarom virusse wat slegs RNS/RNA bevat, meer genetiese variasie toon as virusse wat DNS/DNA bevat. (2)

3.1.2 Gebruik EEN voorbeeld uit die uittreksel hierbo om te verduidelik hoe mutasies die oorlewingskoerse van die virus kan verhoog. (2)
(4)

3.2 Die vrae hieronder is op nukleïensure gebaseer.


3.2.1 Tabuleer DRIE strukturele verskille tussen DNS/DNA en RNS/RNA. (7)

3.2.2 Noem TWEE gebruike van DNS/DNA-profielsamestelling. (2)

3.2.3 Noem TWEE menings teen die gebruik van DNS/DNA-profielsamestelling. (2)
(11)

3.3 'n Gebrek aan immunitet teen infeksies (agammaglobulinemie) is 'n geslagsgekoppelde resessiewe genetiese afwyking by mense. Die dominante alleel word deur X^A voorgestel en die resessiewe alleel word deur X^a voorgestel.

'n Individu met die afwyking word as geaffekteer beskryf en 'n individu daarsonder as ongeaffekteer. Die stamboomdiagram hieronder illustreer die erflikheid/oorerwing van hierdie afwyking.



3.3.1 Noem die genotipes van individue:

(a) 1 (2)

(b) 2 (2)

3.3.2 Watter persentasie van die mans in hierdie stamboomdiagram is geaffekteer? Toon ALLE berekeninge. (2)


3.3.3 Verduidelik waarom enige seun van 'n geaffekteerde vrou altyd hierdie afwyking sal hê. (3)
(9)

3.4 'n Onderzoek is deur graad 12-leerders uitgevoer om te bepaal watter hoenders vinniger groei: hoenders wat selektief geteel word om eiers te lê of hoenders wat selektief geteel word vir vleisproduksie.

Die volgende stappe is uitgevoer:

1. Die leerders het 30 een-dag-oue kuikens by 'n kommersiële verskaffer gekoop. Vyftien van die kuikens is selektief geteel om eiers te lê en 15 van die kuikens is selektief geteel vir vleisproduksie.
2. Al die kuikens is onder dieselfde omgewingsomstandighede aangehou. Dit het ingesluit die voer van dieselfde hoenderkos, wat hoofsaaklik van graan en proteïenbronne gemaak is.
3. Die hoenders is gereeld vir 'n tydperk van 45 dae gewee.

Die resultate van die ondersoek word in die grafiek hieronder getoon.



[Aangepas uit www.chicken.org.au]

- 3.4.1 Formuleer 'n hipotese vir hierdie ondersoek. (2)
- 3.4.2 Noem die onafhanklike veranderlike in hierdie ondersoek. (1)
- 3.4.3 Bereken die persentasie gewigstoename van die hoenders wat selektief vir vleisproduksie geteel is tussen dag 8 en dag 45. Toon ALLE berekeninge. (2)
- 3.4.4 Noem EEN voordeel daarvan om die ondersoek met 100 kuikens te herhaal. (2)

- 3.4.5 Noem DRIE faktore wat die leerders in hierdie ondersoek konstant moet hou. (3)
- 3.4.6 Skryf 'n geskikte gevolgtrekking vir die ondersoek neer op grond van die resultate in die grafiek. (2)
- 3.4.7 Noem TWEE voordele van die selektiewe teling van hoenders, behalwe om vleisproduksie te verhoog. (2)
- 3.4.8 Verduidelik EEN rede waarom die selektiewe teling van hoenders vir beter vleisproduksie nie vir die hoenders voordelig sou gewees het indien hulle wild in die natuur sou voorgekom het nie. (2)
- (16)**
[40]
- TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

VRAAG 4

Beskryf die prosesse van proteïensintese en die manier waarop hierdie prosesse deur 'n geenmutasie beïnvloed sou word.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van tabelle, vloedigramme of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM 2015

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks'-punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee**
Merk net die eerste drie ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings word gegee**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word, maar paragrawe word gegee**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word, terwyl beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme of diagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakelings nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakelings weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Onherkenbare afkortings**
Aanvaar indien dit aan die begin in die antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoord die regte volgorde van die vrae pas, maar die verkeerde nommer word gegee, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, mits dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, mits dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs die letter vereis word, maar slegs die naam word gegee (en andersom)**
Moenie krediteer nie

15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlik punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme en konsepte)**
'n Enkele woord of twee wat in enige amptelike taal voorkom anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasionale wat in die relevante amptelike taal vaardig is, moet geraadpleeg word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word sonder dat daar met die provinsiale interne moderator beraadslaag is, wat op sy/haar beurt met die nasionale interne moderator (en die Umalusi-moderatore indien nodig) sal beraadslaag, nie.
20. **Amptelike memorandums**
Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C✓✓		
	1.1.2	D✓✓		
	1.1.3	B✓✓		
	1.1.4	C✓✓		
	1.1.5	A✓✓		
	1.1.6	A✓✓		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	B✓✓	(9 x 2)	(18)
1.2	1.2.1	Homoloë ✓/homoloog/bivalent		
	1.2.2	Allele✓/ Meervoudige allele		
	1.2.3	Spoelvelsel✓/spoeldrade/spoel apparaat		
	1.2.4	Interfase✓		
	1.2.5	Filogenetiese stamboom✓/kladogram		
	1.2.6	Binokulêre ✓/stereoskopiese		
	1.2.7	Dihibriede✓kruising		
	1.2.8	Hemofilie✓		
	1.2.9	Biogeografie✓	(9 x 1)	(9)
1.3	1.3.1	Slegs B✓✓		
	1.3.2	Beide A en B ✓✓		
	1.3.3	Slegs B ✓✓		
	1.3.4	Slegs A ✓✓	(4 x 2)	(8)
1.4	1.4.1	(a) B✓		(1)
		(b) B✓		(1)
		(c) A✓		(1)
		(d) A✓		(1)
	1.4.2	Me. Ples✓ } <i>A. africanus</i> Taung Child✓ } Little Foot✓/ <i>A. prometheus</i> Karabo✓/ <i>A. sediba</i> (Sien slegs eerste TWEE na)	Enige 2	(2)
	1.4.3	Terrein 4✓		(1)
	1.4.4	Mitochondriale DNA✓/genetiese bewyse/Y-chromosoom/ kulturele bewyse (Sien slegs eerste EEN na)		(1) (8)

1.5	1.5.1	(a) 3.1✓ mjpg✓ (Aanvaar 3,05 tot 3,15)	(2)
		(b) <i>Homo sapiens</i> ✓/H. Sapiens	(1)
	1.5.2	(a) 500✓ Aanvaar (495 tot 505 cm ³)	(1)
		(b) 850✓ Aanvaar (845 tot 855cm ³)	(1)
	1.5.3	Genetiese bewyse✓/mitochondriale DNA/mtDNA Kulturele bewyse ✓/maak van gereedskap Vergelykende anatomie✓ tussen lewende hominiede (Sien slegs eerste TWEE na)	Enige 2 (2) (7)
TOTAAL AFDELING A:			[50]

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 - Toestande/voorbeeld op die eiland het waarskynlik dieselfde gebly✓
- en gevolglik ondervind hulle dieselfde seleksiedruk✓
- spesie A was reeds geskik vir daardie toestande✓ Enige 2 (2)
- 2.1.2 - Die oorspronklike spesie is geskei✓ in drie/verskillende bevolkings
- **deur die see**✓*
- wat as 'n geografiese versperring✓ gedien het
- Geen geenvloei✓ het plaasgevind tussen die bevolkings nie
- Elke bevolking is blootgestel aan verskillende omgewings-toestande✓
- Natuurlike seleksie vind onafhanklik✓ plaas in elke bevolking en die individue van elke bevolking het met tyd van mekaar begin verskil✓
- genotopies✓/fenotopies
- Selfs as die drie bevolkings dan weer sou meng ✓
- sal hulle nie met mekaar kan voortplant✓/inteel nie
1* Verpligte punt + enige 5 ander (6)
(8)
- 2.2 2.2.1 - Die bloedgroepe van die moeder, moontlike vader en die kind moet vergelyk word✓
- As dit toon dat dit nie moontlik is vir die ouers om 'n kind met sy/haar bloedgroep te kry nie✓
- dan is die man nie die pa nie✓
- As dit toon dat dit moontlik is dat die ouers 'n kind met sy/haar bloedgroep kan kry✓
- dan kan hy / kan hy nie die vader wees nie✓
- omdat ander mans dieselfde bloedgroep het✓ Enige 5 (5)

2.2.2

P₁	Fenotipe	Bloedgroep B	x	Bloedgroep B ✓
	Genotipe	I ^B i	x	I ^B i ✓
<i>Meiose</i>				
	G/gamete	I ^B , i	x	I ^B , i ✓
<i>Bevrugting</i>				
F₁	Genotipe	$\underbrace{I^B I^B; I^B i; I^B i}_{\text{3 bloedgroep B}} : \underbrace{ii}_{\text{1 bloedgroep O}} \checkmark$		
	Fenotipe	3 bloedgroep B : 1 bloedgroep O ✓		
P ₁ en F ₁ ✓				
Meiose en bevrugting ✓				

Enige 6

OF


P₁	Fenotipe	Bloedgroep B	x	Bloedgroep B ✓									
	Genotipe	I ^B i	x	I ^B i ✓									
<i>Meiose</i>													
<i>Bevrugting</i>		<table border="1" style="margin-left: auto; margin-right: auto;"> <tr> <td>Gamete</td> <td>I^B</td> <td>i</td> </tr> <tr> <td>I^B</td> <td>I^BI^B</td> <td>I^Bi</td> </tr> <tr> <td>i</td> <td>I^Bi</td> <td>ii</td> </tr> </table>			Gamete	I ^B	i	I ^B	I ^B I ^B	I ^B i	i	I ^B i	ii
Gamete	I ^B	i											
I ^B	I ^B I ^B	I ^B i											
i	I ^B i	ii											
1 punt vir korrekte gamete 1 punt vir korrekte genotipes													
F₁	Fenotipe	3 bloedgroep B : 1 bloedgroep O ✓											
P ₁ en F ₁ ✓													
Meiose en bevrugting ✓													

Enige 6

(6)
(11)

- 2.3 2.3.1 Profase I ✓ (1)
- 2.3.2 - Homoloë chromosome lê langs mekaar ✓
 - Chromatiede oorkruis ✓/raak
 - by die punte genoem chiasmata ✓
 - en genetiese inligting word uitgeruil ✓ Enige 3 (3)
- 2.3.3 - Oorkruising veroorsaak genetiese variasie ✓ in gamete
 - Wat tot nuwe kenmerke kan lei wat voordelig is ✓
 - Of nuwe kenmerke wat nie voordelig is nie ✓
 - Wat dus die kans op oorlewing van die organisme beïnvloed ✓/natuurlike seleksie Enige 2 (2)

2.3.4



ASSESSERING VAN DIE DIAGRAM	
KRITERIA	PUNTE
Chromatied Y aangedui (moet benoem wees as volledige chromosoom geteken is)	1
Allele korrek aangetoon	1

(2)
(8)

- 2.4 2.4.1 - Lig bruin pels✓ bo-op die rug
- Donkerbruin pens✓
- Wit strepe op die rug en maanhare✓
- Swart en wit kolle op die res van die liggaam✓
- Die punt van die stert is swart✓
(Sien slegs eerste TWEE na) Enige 2 (2)
- 2.4.2 - Daar is variasie✓ in die Bongo bevolking
- Sommige het horings wat op die rug kan lê ✓
- terwyl ander horings het wat op die rug kan lê nie✓
- Die wildsbok moet deur digte plantegroei beweeg✓ sonder dat hulle horings in die plantegroei verstrengel raak
- Dié wie se horings nie kan plat lê op hul rug nie, raak verstrengel✓/ gaan dood/vrek
- Dié met horings wat op hul rûe kan lê, raak nie verstrengel nie en ontvlug predatore✓ /oorleef
- Dié met horings wat kan plat lê sal voortplant ✓
- En dra die geen wat veroorsaak dat horings op die rug lê, aan die volgende generasie oor✓
- En oor baie jare sal die proporsie van organismes wat die vermoë het om die horings op die rug te laat plat lê, vermeerder✓ Enige 5 (5)
(7)
- 2.5 2.5.1 - Kenmerke wat gunstig/voordelig is vir die mense ✓ word gekies
- Die kenmerk word deur die mens gekies✓/dit is 'n kunsmatige proses
- Dit is nie noodwendig voordelig vir die organisme✓nie
(Sien slegs eerste TWEE na) Enige 2 (2)
- 2.5.2 - Die langtermyn invloed op gesondheid is nie bekend nie✓ wat kan lei tot gesondheidsprobleme in die toekoms✓
- Die langtermyn invloed op die omgewing is nie bekend nie✓ wat lei tot omgewingsbeskadiging✓/verlies aan biodiversiteit/ beskadiging van ekosisteme/natuur
- Morele teenkating✓ want die mens meng in met die natuur✓/speel God /meng in met die regte van elke spesie
- Aan die begin is dit 'n baie duur proses ✓ en baie mense/ lande kan dit nie bekostig nie✓
(Sien slegs eerste TWEE na) (Enige 2 x 2) (4)
(6)

[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 - Meer foute word gemaak✓/hoë waarskynlikheid van mutasie
- wanneer RNA gekopieer word✓/as wanneer DNA gekopieer word (2)
- 3.1.2 - 'n Mutasie kan daartoe lei dat die virus deur die lug versprei✓ word
- wat kan veroorsaak dat die virus makliker versprei✓ (2)
(4)
- 3.2 3.2.1
- | DNA | RNA |
|---|--|
| 1. Dubbel string✓molekule | 1. Enkel string✓molekule |
| 2. Het 'n heliksvorm✓ | 2. Is 'n reguit molekule✓ |
| 3 Een van die stikstof-basisse is timien✓ | 3. Besit die stikstofbasis urasiel✓ in die plek van timien |
| 4. Besit deoksiribose✓suiker | 4. Besit ribose✓ suiker |
| 5. Langer ✓molekule | 5. 'n Korter✓ molekule |
| 6. Gepaarde basisse✓ | 6. Ongepaarde basisse✓ |
- (Sien slegs eerste DRIE na) (Enige 3 x 2) tabel +1 (7)
- 3.2.2 Help om:
- Misdade op te los✓/misdad-ondersoek
- Identifiseer organismes op grond van hul weefsels✓
- Identifiseer familieverbande✓
- Toets vir spesiale allele wat genetiese afwykings kan veroorsaak✓
- Bepaal weefsels wat vir orgaanplantings geskik is✓
- Gebruik vir navorsing oor variasie in bevolking✓
(Sien slegs eerste TWEE na) Enige 2 (2)
- 3.2.3 - DNA bevattende monsters kan geplant word✓/persoon word geïnkrimineer
- Menslike fout✓ gedurende die saamstel van die DNA-profiel
- Duur prosedure✓
- Skending van privaatheid✓
(Sien slegs eerste TWEE na) Enige 2 (2)
(11)
- 3.3 3.3.1 (a) $X^A Y$ ✓✓ (2)
(b) $X^A X^a$ ✓✓ (2)
- 3.3.2 $\left[\frac{3}{7} \times 100 \right] \checkmark = 42,86\checkmark / 42,9\% / 43$ (2)
- 3.3.3 - 'n Geaffekteerde vrou dra twee/slegs resessiewe allele✓/ $X^a X^a$
- Seuns/mans erf een X chromosoom✓ van hul moeder
- Seuns/mans het net een geaffekteerde alleel nodig om geaffekteer te wees✓
- En moet dus die X^a by die moeder✓ erf Enige 3 (3)
(9)

- 3.4 3.4.1 - Die vleis/eier-hoenders sal vinniger/stadiger groei as die eier/vleis- hoenders✓✓
OF
- Daar sal geen verskil wees in die groeitempo van die twee tipes hoenders nie✓✓ (2)
- 3.4.2 Die tipe✓/ouderdom van die kuikens (1)
- 3.4.3 $\left[\frac{2500 - 500}{500} \times 100 \right] \checkmark = 400\checkmark\%$ (2)
- 3.4.4 Verhoog✓ die betroubaarheid✓ (2)
- 3.4.5 - Dieselfde persoon moet die kuikens weeg✓ om akkurate resultate te kry
- Dieselfde skaal✓ moet gebruik word om die kuikens te weeg
- Die kuikens moet op dieselfde tyd van die dag geweeg word✓
- Dieselfde omgewingsfaktore✓/voorbeeld
- Dieselfde tipe voedsel✓/voorbeeld
- Dieselfde hoeveelheid voedsel✓
- Dieselfde tyd gevoer✓ word
- Hokke moet dieselfde grootte wees✓
- Moet vroulik wees✓
- Ouderdom van die kuikens✓
- Selfde getal kuikens in elke sample groep✓
(Sien slegs eerste DRIE na) Enige 3 (3)
- 3.4.6 Die hoenders wat selektiewe teling ondergaan het vir vleisproduksie groei vinniger as die hoenders geteel vir eierproduksie✓✓
OF
Die hoenders wat selektiewe teling ondergaan het vir eierproduksie groei stadiger as die hoenders geteel vir vleisproduksie ✓✓
OF
Die gewig van die hoenders neem toe met ouderdom✓✓/tyd (2)
- 3.4.7 - Produkte word vinniger✓ geproduseer
- Beter weerstand teen siektes✓
- Verbeterde kwaliteit van (hoender) produkte✓
- Verbeterde opbrengs van (hoender) produkte✓ Enige 2 (2)
- 3.4.8 - Die hoenders is groter✓/swaarder dus kan hulle nie vinnig weg-hardloop vir predatore nie✓
- Die hoenders is groter✓ en is meer sigbaar vir predatore✓
- Verminderde variasie✓ hulle is meer vatbaar vir siektes✓
(Sien slegs eerste EEN na) Enige 1 x 2 (2)
- TOTAAL AFDELING B** 80
(16)
[40]
80

AFDELING C**VRAAG 4****PROTEÏENSINTESE****Transkripsie✓ (T)**

- Die dubbelstring-DNA/DNS rol af ✓
- en rits los✓ wanneer
- die waterstofbindings breek✓
- dit word deur ensieme beheer✓
- Die een string word gebruik as 'n templaaf✓
- om mRNA/bRNS te vorm✓
- vrye RNA/RNS nukleotides vanuit die nukleoplasma word gebruik✓
- Die mRNA/bRNS is komplementêr aan die DNA/DNS✓
- mRNA/bRNS dra nou die gekodeerde boodskap vir proteïensintese✓

Translasie✓ (S)

- mRNA/bRNS beweeg uit die nukleus✓/na die ribosoom
- Elke tRNA/oRNS dra 'n aminosuur✓
- tRNA/oRNS dra die aminosuur na die ribosoom✓
- Wanneer die antikodon op die tRNA/oRNS✓
- pas by die kodon op die mRNA/bRNS ✓
- Heg aminosure vas✓ in die volgorde bepaal deur die mRNA/bRNS
- deur peptiedbindings✓
- en vorm die proteïen benodig✓

Maks 13

EFFEKTE VAN 'N MUTASIE (M)

- 'n Geen mutasie beïnvloed die volgorde/tipe van die stikstofbasse✓/nukleotiede
- Dit verander die kode van die DNA✓
- wat die kode van die RNA/RNS verander✓
- 'n Ander/verskillende aminosuur✓ kan voor gekodeer word
- wat 'n verandering in die aminosuurvolgorde✓ in die proteïen veroorsaak
- wat lei tot die vorming van 'n ander/verskillende/geen proteïen

Maks 4

Inhoud: (17)

Sintese: (3)

(20)**ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL**

Kriteria	Relevant (R)	Logiese volgorde (L)	Uitbreiding (C)
Algemeen	Alle inligting verskaf hou verband met die vraag	Idees is in 'n logiese/oorsaak gevolg volgorde gerangskik	Alle aspekte wat vir die opstel benodig word, is voldoende aangespreek
Vir hierdie opstel in Vraag 4	Slegs inligting oor die beskrywing van proteïensintese en die effek van 'n mutasie op die proses is gegee	Die beskrywing van proteïensintese en die effek van 'n mutasie is gegee in 'n logiese volgorde	Ten minste 5 korrekte punte elk vir die beskrywing van transkripsie en 5 korrekte punte vir die beskrywing van translasie is gegee en 2 korrekte punte vir die effekte van 'n mutasie
Punt	1	1	1

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

FEBRUARIE/MAART 2016

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae begin beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloeddiagramme of tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die mikroskopiese spasie tussen twee aangrensende neurone is 'n ...

- A akson.
- B dendriet.
- C sinaps.
- D selliggaam.

1.1.2 Die volgende is 'n lys funksies wat deur verskillende organe in 'n organisme uitgevoer word:

- (i) Beskerming
- (ii) Gaswisseling
- (iii) Voeding
- (iv) Ekskresie

Watter EEN van die volgende kombinasies verwys na die funksies wat deur dele van die amniotiese eier uitgevoer word?

- A Slegs (i), (ii) en (iii)
- B Slegs (i), (iii) en (iv)
- C Slegs (ii), (iii) en (iv)
- D (i), (ii), (iii) en (iv)

1.1.3 'n Ondersoek is uitgevoer om die uitwerking van alkohol op 'n persoon se reaksietyd te bepaal.

Reaksietyd is gemeet deur die tyd wat dit geneem het om 'n liniaal te vang.

Die prosedure was soos volg:

- Die persoon se reaksietyd is eers in 'n kamer met helder lig gemeet.
- Die persoon het toe 200 ml alkohol gekry om te drink.
- Die persoon se reaksietyd is na 15 minute die tweede keer gemeet terwyl hy/sy in 'n kamer met dowwe lig was.
- Tien lesings is elke keer aangeteken en 'n gemiddeld is bereken.


Hoe is die geldigheid van hierdie ondersoek verminder?

- A Die persoon se reaksietyd is die eerste keer in die afwesigheid van alkohol gemeet.
- B Reaksietyd is gemeet deur die tyd wat dit geneem het om 'n liniaal te vang.
- C Reaksietyd is in verskillende ligtoestande gemeet.
- D Slegs tien lesings is aangeteken.

- 1.1.4 Watter EEN van die volgende verteenwoordig die KORREKTE kombinasie van 'n visuele gebrek, die aard daarvan en die regstellende maatreël?

	VISUELE GEBREK	AARD VAN GEBREK	REGSTELLEDE MAATREËL
A	Katarakte	Kromming van die lens is onewe	Bikonkawe lense
B	Bysiendheid	Lens kan nie minder konveks word nie	Bikonkawe lense
C	Astigmatisme	Lens kan nie meer konveks word nie	Chirurgie
D	Versiendheid	Lens vertroebel en word dof/ondeursigtig	Bikonkawe lense


- 1.1.5 Die grafiek hieronder toon die kromming van die menslike lens wanneer voorwerpe op verskillende afstande besigtig word.



Watter EEN van die volgende voorwerpe is die naaste aan die menslike oog?

- A 1
- B 2
- C 3
- D 4

- 1.1.6 Die grafiek hieronder toon die uitwerking van verskillende konsentrasies gibberelliene op die ontkieming van sade.



[Aangepas uit *HortScience* 44(3)]

Een moontlike gevolgtrekking wat uit die resultate hierbo gemaak kan word, is dat die ...

- A gibberellienkonsentrasie geen uitwerking op die ontkieming van die sade het nie.
 - B hoogste persentasie saadontkieming teen 'n gibberellien-konsentrasie van 1 500 mg/l plaasvind.
 - C hoogste persentasie saadontkieming teen 'n gibberellien-konsentrasie van 1 000 mg/l plaasvind.
 - D laagste persentasie saadontkieming teen 'n gibberellien-konsentrasie van 1 000 mg/l plaasvind.
- 1.1.7 'n Tuinier verwyder gereeld die apikale knoppe van 'n roosboom in haar tuin. Die gevolg is dat die roosboom ...
- A meer sytakke sal produseer.
 - B hoër sal groei.
 - C dieselfde grootte sal bly.
 - D minder rose sal produseer.
- 1.1.8 Een van die gevare van opvullingsterreine is die kontaminasie van ondergrondse waterbronne. Dit word voorkom deur die ...

- A vullis met 'n laag grond te bedek.
- B afval te kompakteer sodat water dit nie kan binnedring nie.
- C grond met water te bespuit om stofvlakke te onderdruk.
- D opvullingsterrein met 'n ondeurdringbare sperlaag uit te voer.


1.1.9 Die volgende is 'n lys faktore wat deur aardverwarming beïnvloed word:

- (i) Veldbrande
- (ii) Biodiversiteit
- (iii) Droogte
- (iv) Oorstromings

Watter EEN van die volgende kombinasies vergroot/vermeerder as gevolg van aardverwarming?

- A Slegs (i), (ii) en (iii)
- B Slegs (i), (iii) en (iv)
- C Slegs (ii), (iii) en (iv)
- D (i), (ii), (iii) en (iv)

- D grootte van die pupil te verander om die hoeveelheid lig wat die oog binnedring te verminder nie.

- 1.1.8 'n Onderzoek is uitgevoer om die effek van groeihormoon te bepaal op kinders met 'n spesifieke afwyking wat veroorsaak dat hulle korter as die verwagte gemiddelde lengte vir hulle ouderdom en geslag is.

Die volgende prosedure is gevolg:

- 740 kinders met die afwyking is in die ondersoek ingesluit.
- Hulle aanvanklike lengtes is gemeet.
- Hulle is in twee groepe (**A** en **B**) ingedeel.
- Groep **A** is elke dag vir 3 jaar met 'n groeihormoon ingespuut.
- Groep **B** het nie die behandeling ontvang nie.
- Die lengte van elke kind in elke groep is toe gemeet.

Die volgende is 'n lys veranderlikes vir die ondersoek:

- (i) Kinders van dieselfde ouderdom en geslag en met dieselfde afwyking
- (ii) Voedsel wat aan die kinders gegee is
- (iii) Die tipe groeihormoon wat gebruik is
- (iv) Die lengte van die kinders aan die einde van die ondersoek

Watter EEN van die volgende kombinasies is faktore wat tydens hierdie ondersoek konstant gehou moes word?

- A (i), (ii), (iii) en (iv)
- B Slegs (i), (ii) en (iii)
- C Slegs (i), (iii) en (iv)
- D Slegs (ii), (iii) en (iv)

- 1.1.9 'n Man het 'n vasektomie ondergaan waar die spermbuis/vas deferens deurgesny is.


Watter EEN van die volgende strukture sal nie meer tot die produksie van semen bydra nie?

- A Semenvesikels
- B Prostaatklier
- C Saadbuisies
- D Cowper se klier

- 1.1.10 Lugbesoedeling is gewoonlik hoër in die middestad as weg daarvandaan.

Die hoeveelheid besoedeling in die atmosfeer kan geskat word deur liggene te gebruik. Liggene is 'n plant wat uit 'n fungus en 'n alg bestaan wat in 'n mutualistiese verwantskap saamleef.

Die grafiek hieronder toon die groei van verskillende liggenspesies op verskillende afstande vanaf die middestad.



[Aangepas uit www.air-quality.org.uk]

Watter liggene het die HOOGSTE toleransie vir verskillende besoedelingsvlakke?

- A Spesie 1
- B Spesie 2
- C Spesie 3
- D Spesie 4

(10 x 2)


(20)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 'n Tipe bevrugting waar die kern van 'n sperm met die kern van 'n ovum buite die liggaam van die vroulike individu versmelt
- 1.2.2 Die groei van 'n gedeelte van 'n plant in reaksie op swaartekrag
- 1.2.3 Die toestand van die bloedvate in die menslike vel wanneer die omgewingstemperatuur laag is
- 1.2.4 Die voortplantingstrategie wanneer die nageslag wat uitgebroei het, kan rondbeweeg en hulleself kan voed
- 1.2.5 Die sensoriese reseptore wat in die halvesirkelvormige kanale voorkom
- 1.2.6 Die tipe besoedeling wat plaasvind wanneer warm vloeistowwe in riviere en oseane gestort word
- 1.2.7 'n Laag aan die binnekant van die oog wat lig absorbeer en dus weerkaatsing verminder

(7)

1.3 Die diagram hieronder stel die middeloor van die mens voor.



1.3.1 Identifiseer deel:


- (a) **A** (1)
- (b) **B** (1)
- (c) **C** (1)

1.3.2 Gee die LETTER van die deel wat klankgolwe absorbeer om eggo's te voorkom. (1)

1.3.3 Gee die LETTER en die NAAM van die deel wat verstop kan raak wanneer daar infeksie in is, wat tot tydelike gehoorverlies kan lei. (2)

(6)

1.4 Die diagram hieronder stel dele van die endokriene stelsel van die mens voor.



1.4.1 Identifiseer klier:

(a) **A** (1)

(b) **B** (1)

1.4.2 Gee die LETTER en die NAAM van die klier wat 'n hormoon afskei wat verantwoordelik is vir:


(a) Die begin van puberteit by manlike individue (2)

(b) Die stimulering van die absorpsie van glukose deur selle (2)

(c) Die waterdeurlaatbaarheid van die nierbuisies (2)

(8)

1.5 Die diagramme hieronder stel dele van die sentrale senuweestelsel van die mens voor.




- 1.5.1 Identifiseer deel:
- (a) **C** (1)
- (b) **D** (1)
- 1.5.2 Gee die LETTER en die NAAM van die deel in diagram 2 wat impulse ontvang vanaf die:
- (a) Stafies en keëltjies (2)
- (b) Reseptore in die hartspiere (2)
- 1.5.3 Noem die proses wat in diagram 1 plaasvind wat beserings aan die liggaam tot die minimum beperk. (1)
- 1.5.4 Gee die LETTER en die NAAM van die neuron wat impulse vanaf die sentrale senuweestelsel (SSS) na die effektore vervoer. (2)

(9)**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1 Die diagram hieronder stel 'n spermsel voor.



2.1.1 Identifiseer deel:

(a) **B** (1)


(b) **D** (1)

2.1.2 Verduidelik EEN manier waarop die spermsel aangepas is om effektiewe beweging na die Fallopiusbuis te verseker. (2)

2.1.3 Verduidelik die gevolge vir voortplanting, indien 'n spermsel nie deel **A** gehad het nie. (3)
(7)


2.2 Beskryf die pad wat 'n klankgolf vanaf sy oorsprong tot by die koglea in die menslike oor volg. (6)

- 2.3 Die grafiek hieronder toon die veranderinge in die deursnee van die pupil van die menslike oog.



- 2.3.1 Watter struktuur in die menslike oog is verantwoordelik vir die veranderinge wat in die grafiek aangedui word? (1)
- 2.3.2 Tydens watter periode het die persoon van **dowwe lig** na **skerp lig** beweeg? (1)
- 2.3.3 Beskryf die veranderinge wat in die oog plaasgevind het wat gelei het tot die verandering in die deursnee wat van 30 tot 35 sekondes aangedui word. (3)
- 2.3.4 Teken 'n benoemde diagram van die vooraansig van die oog om die presiese grootte van die pupil by 20 sekondes te toon, soos dit in die grafiek aangedui word. (4)
- (9)**

- 2.4 Die diagram hieronder stel 'n negatiewe terugkoppelingsmeganisme voor. **X** en **Y** stel hormone voor wat deur die onderskeie kliere afgeskei word.



- 2.4.1 Wat is die rol van enige negatiewe terugkoppelingsmeganisme in die menslike liggaam? (1)
- 2.4.2 Identifiseer hormoon **X**. (1)
- 2.4.3 Verduidelik die gevolge vir 'n persoon indien hormoon **Y** vir lang tye abnormaal hoog bly. (3)
(5)

- 2.5 Navorsing toon dat die gemiddelde ouderdom van die eerste menstruasie deur sosio-ekonomiese status sowel as ras beïnvloed word.

Wetenskaplikes het 'n ondersoek uitgevoer om die gemiddelde ouderdom van die eerste menstruasie van die meisies in 'n gemeenskap te bepaal.

Hulle hipotese was:

Die gemiddelde ouderdom van die eerste menstruasie het met tyd gedaal.

- 2.5.1 Vir hierdie ondersoek, noem die:

(a) Onafhanklike veranderlike (1)

(b) Afhanklike veranderlike (1)

- 2.5.2 Noem DRIE beplanningstappe wat oorweeg moes word voordat die ondersoek uitgevoer kon word. (3)

- 2.5.3 Verduidelik die implikasies vir die hipotese wat die wetenskaplikes gestel het indien die resultate toon dat die gemiddelde ouderdom van die eerste menstruasie die afgelope 25 jaar op 12,9 jaar gebly het. (2)

- 2.5.4 Noem TWEE fisiese kenmerke by meisies wat sal aandui dat puberteit begin het. (2)
(9)

- 2.6 Een voorbehoedemethode vir vroue is om daaglik 'n pil te drink wat progesteron bevat.

Verduidelik hoe hierdie pil funksioneer om swangerskap te voorkom. (4)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 Die tabel hieronder toon die verandering in die konsentrasie koolstofdiksied (CO_2) in 'n mens se are, soos wat die vlak van oefening toeneem.

Die persoon in die ondersoek is gevra om 'n fiets te ry wat elektrisiteit, in watt gemeet, opwek. Hoe vinniger die persoon gery het, hoe meer watt het hy opgewek.

OEFENING (watt)	CO₂-KONSENTRASIE VAN DIE BLOED IN DIE ARE (mol/ml)
0	0,50
50	0,51
100	0,53
150	0,55
200	0,55
250	0,54

[Aangepas uit www.umc.edu]

- 3.1.1 Wat is 'n normale bloedkoolstofdiksied-konsentrasie in die are vir hierdie persoon? (1)
- 3.1.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die koolstofdiksied-konsentrasie in die bloed te meet wanneer die persoon geen oefening doen nie. (2)
- 3.1.3 Verduidelik waarom die koolstofdiksiedkonsentrasie in die are tydens strawwe oefening toegeneem het. (2)
- 3.1.4 Beskryf die homeostatiese reaksie wat in die liggaam plaasvind om die koolstofdiksiedkonsentrasie te verminder wanneer oefening tussen 200 en 250 watt gedoen word. (6)
- (11)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

OUKSIENE AS ONKRUIDDODERS

Daar is baie verskillende onkruidodders (chemiese middels wat gebruik word om onkruid te vernietig). Die meeste onkruidodders wat nie hormone bevat nie, beskadig slegs die bogrondse plantdele, met ander woorde die blare en stingels. Hierdie onkruidodders is ook vir ander organismes giftig.

Hormoongebaseerde onkruidodders is gewoonlik 'n oplossing vir hierdie probleem. Hulle vernietig die hele plant en is selektief oor watter plante hulle teiken.

Ouksiene word gewoonlik as onkruidodders gebruik weens hulle selektiewe aard in die tipe plante wat hulle aantast. Hulle is die effektiwste teen 'breëblaar-' dikotiele plante.

[Aangepas uit www.herbicidesymptoms.ipm.ucanr.edu]

- 3.2.1 Noem EEN plek in 'n plant waar ouksiene natuurlik geproduseer word. (1)
- 3.2.2 Noem EEN funksie van ouksiene wat groei in 'n plant veroorsaak. (1)
- 3.2.3 Beskryf TWEE nadele van die gebruik van onkruidodders wat NIE van planthormone gemaak is NIE. (4)
- 3.2.4 Verduidelik waarom dit vir 'n boer nadelig sou wees om ouksien-onkruidodders te gebruik op 'n land waarop bone, wat dikotiel is, geplant is. (2)
(8)

3.3 Die tabel hieronder toon die uitwissingskoers van dierespesies wat sedert 1600 deur die mens veroorsaak is.

OORSAAK VAN UITWISSING	UITWISSINGSKOERS VAN DIERESPESES (%)
Jag	23
Invoer van uitheemse spesies	39
Vernietiging van habitat	36
Ander	2

[Aangepas uit www.bio.miami.edu/dana/]

- 3.3.1 Teken 'n sirkeldiagram om die data in die tabel hierbo voor te stel. (6)
- 3.3.2 Verduidelik hoe uitheemse plantegroei die uitwissing van 'n dierespesie kan veroorsaak. (3)
- 3.3.3 Stel EEN onwettige menslike aktiwiteit voor wat moontlik die 2%-uitwissingskoers kon veroorsaak. (1)
(10)

3.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VOEDSELSEKERHEID WORD BEDREIG

Navorsing het getoon dat die vinnige groei in die menslike bevolking in die afgelope dekade veroorsaak het dat verbruik van die vier stapelvoedselsoorte (koring, rys, mielies en sojabone) baie hoër as die produksie daarvan was. Hierdie wanbalans tussen vraag en aanbod het sedert 2007 tot twee groot stygings in die pryse van stapelvoedsel gelei en sommige stapelvoedselsoorte se koste het meer as verdubbel. Die prysverhogings het tot hongersnood vir tienmiljoene arm mense in ontwikkelende lande gelei.

Onvolhoubare boerderypraktyke is verantwoordelik vir 'n afname in oesopbrengs, wat ook tot 'n styging in die pryse van basiese voedselitems lei.

Die jongste wetenskaplike navorsing toon dat klimaatsverandering 'n bydraende faktor is. Baie van die misoeste van die afgelope dekade was die gevolg van omgewingsrampe soos vloede, droogtes en hittegolwe.

[Aangepas uit www.iol.co.za]

- 3.4.1 Noem EEN tipe voedsel, volgens die uittreksel, wat aan voedselsekerheid gekoppel kan word. (1)
- 3.4.2 Verduidelik waarom die gebruik van monokultuur om meer voedsel vir die groeiende menslike bevolking te produseer, dikwels tot 'n toename in die gebruik van onkruidodders lei. (3)
- 3.4.3 Verduidelik EEN manier waarop vloede voedselsekerheid beïnvloed. (2)
- 3.4.4 Verduidelik waarom die pryse van sommige graansoorte met tyd meer as verdubbel het. (2)
- 3.5 Beskryf hoe ontbossing aardverwarming kan beïnvloed. (3)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Beskryf hoe genetiese variasie in gamete deur seldeling veroorsaak word en noem en beskryf die spesifieke proses wat tydens die vorming van 'n ovum plaasvind.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van vloiediagramme, tabelle of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSWETENSKAPPE V1

2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien wanneer die maksimum punte behaal is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee**
Sien net die eerste drie na ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings gegee word**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe gegee word**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **Indien geannoteerde diagramme gegee word as beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakels nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakels nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakel weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde by die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit nie buite konteks is nie.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam gegee word (en andersom)**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van 'n antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte)**
'n Enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasionale wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Geen veranderinge aan die memorandum nie**
Memorandums mag nie verander word nie. In uitsonderlike gevalle sal die provinsiale interne moderator met die nasionale interne moderator beraadslaag (en die Umalusi-moderator, indien nodig).
20. **Amptelike memorandums**
Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderatore bevat en deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**


1.1	1.1.1	C✓✓		
	1.1.2	B✓✓		
	1.1.3	B✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	D✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	A✓✓		
	1.1.8	B✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	D✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Uitwendige✓ bevrugting		
	1.2.2	Geotropisme✓/ gravitropisme		
	1.2.3	Vasokonstriksie✓		
	1.2.4	Prekosiaal✓/ Prekosieel /Prekosiële		
	1.2.5	Krista✓		
	1.2.6	Termiese✓ besoedeling		
	1.2.7	Choroïed✓	(7 x 1)	(7)
1.3	1.3.1	(a) Timpaniese✓membraan/timpanum/trommelvlies/(oordrom)		(1)
		(b) Incus✓/Aambeeld		(1)
		(c) Ovale venster✓		(1)
	1.3.2	D✓		(1)
	1.3.3	E✓ – Eustachiusbuis✓		(2)
				(6)
1.4	1.4.1	(a) Hipofise✓/ Pituïtêre klier		(1)
		(b) Adrenale✓ klier/byniere		(1)
	1.4.2	(a) D✓ - Testis✓		(2)
		(b) C✓ - Pankreas✓/Eilandjies van Langerhans		(2)
		(c) A✓ - Hipofise✓/Pituïtêre klier		(2)
				(8)
1.5	1.5.1	(a) Grysstof✓/Rugmurg		(1)
		(b) Serebrum✓		(1)
	1.5.2	(a) D✓ - Serebrum✓		(2)
		(b) F✓ - Medulla oblongata✓		(2)
	1.5.3	Refleksaksie✓		(1)
	1.5.4	A✓ – Motoriese✓neuron/ (efferente neuron)		(2)
				(9)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 (a) Kern/Nukleus✓ (1)
(b) Stert✓ (1)
- 2.1.2 - C/middelstuk bevat mitochondriums✓
wat energie vir beweging✓ voorsien
- Besit 'n stert✓
om mee te swem✓
- Torpedo✓ vormig
vir minder weerstand✓ Enige (1 x 2) (2)
(Sien slegs eerste EEN na)
- 2.1.3 - Geen akroosom✓ sal in die spermsel voorkom nie
- dus sal daar geen ensieme✓ wees nie
- Spermsel sal nie in staat wees om die ovum✓ binne te
dring nie
- *Dus sal geen bevrugting plaasvind nie✓
(* verpligte punt + enige ander 2) (3)
(7)
- 2.2 - Pinna vang die klankgolwe op✓
- en stuur dit in die gehoorgang✓/meatus in
- Dit veroorsaak dat die trommelvlies vibreer✓
- Die vibrasie word na die gehoorbeentjies oorgedra✓/noem al 3 beentjies
- Die gehoorbeentjies versterk die vibrasies✓
- En dra dit oor na die ovale venster✓
- Die ovale venster vibreer✓
- wat drukgolfbewegings opwek in die perilimf✓/endolimf/(vloeistof)
- wat die Orgaan van Corti✓ stimuleer Enige (6)
- 2.3 2.3.1 Iris✓/radiale- en (k)ringspiere (1)
2.3.2 (20 – 30)✓s (1)
2.3.3 - Radiale spiere trek saam✓
- Kringspiere verslap✓
- Pupil vergroot✓/verwyd (3)

2.3.4



Korrekte diagram van die vooraansig van die oog✓
Pupil = 6 mm✓
Enige 2 korrekte byskrifte✓✓


(4)
(9)

- 2.4.1 2.4.1 Om 'n interne balanse handhaaf✓/vaste punt/homeostase/
reguleer metabolisme (1)
- 2.4.2 TSH✓/tiroïedstimulerende hormoon (1)
- 2.4.3 Wanneer Y/tiroksien in hoër vlakke as normaal vrygestel word:
 - Sal die metabolisme hoër as normaal wees✓/sellulêre
 respirasie versnel
 - Hartklop versnel✓
 - dus sal al die energie van die voedsel wat geëet is, gebruik
 word✓
 - niks word vir berging oorgelos nie✓/kan daarom daartoe lei dat
 'n persoon ondergewig is
 - Kan ook tot angstigheid lei✓ Enige (3)
(5)
- 2.5 2.5.1 (a) Tyd✓ (1)
- (b) Gemiddelde ouderdom van eerste menstruasie✓ (1)
- 2.5.2 - Besluit op die monstergrootte✓
 - Besluit op die verhouding van die rassegroepe✓
 - Besluit op die ouderdomsintervalle van die deelnemers✓
 - Besluit op die verhouding van die sosio-ekonomiese status van
 die monster✓
 - Besluit op die manier✓ om data aan te teken /instrument/
 metode
 - Vra toestemming✓ van deelnemers Enige (3)
(Sien slegs eerste DRIE na)
- 2.5.3 - Die hipotese sal verwerp word✓/nie aanvaar word nie
 - en moet gevolglik her-geformuleer word✓ (2)
- 2.5.4 - Ontwikkel borste✓
 - Heupe verwyd✓
 - Skaamhare begin groei✓/(liggaamshare) Enige (2)
(Sien slegs eerste TWEE na) (9)
- 2.6 - Hoë vlakke van progesteron✓
 - Inhibeer die sekresie van FSH✓
 - Daar is geen ontwikkeling van 'n follikel✓
 - Daarom word geen ovum vrygestel nie/ovulasie✓
 - Dus vind geen bevrugting plaas nie✓ Enige (4)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 0,50 ✓ mol/ml (1)
- 3.1.2 - Om 'n basis daar te stel ✓ / minimum CO₂ in die bloed
Sodat dit met die resultate vergelyk kan word ✓
OF
- Dien as 'n kontrole ✓
Om te bepaal of die resultate wat verkry is deur die oefening ✓ /
onafhanklike veranderlike veroorsaak word Enige (1 x 2) (2)
- 3.1.3 - Die metabolismetempo van die liggaam styg ✓
- Dit beteken dat die tempo van sellulêre respirasie toeneem ✓
- om meer energie te produseer ✓ / ATP
en gevolglik meer CO₂ vry te stel Enige (2)
- 3.1.4 CO₂ vlakke in die bloed styg bo normale vlakke:
- Reseptorselle in die karotisarterie in die nek word gestimuleer ✓
- Om impulse na die medulla oblongata ✓ in die brein te stuur
- Die medulla oblongata stimuleer die asemhalingspiere ✓
(tussenrib-/interkostale spiere en diafragma)
- en die hart ✓
- Asemhalingspiere trek meer aktief saam ✓
- wat die tempo van asemhaling ✓ laat toeneem
- asook die diepte van asemhaling ✓
- Die hart klop vinniger ✓
- Meer CO₂ word na die longe vervoer en uitgeasem ✓ Enige (6)
(11)
- 3.2 3.2.1 Apikale punte ✓ / stingelpunte/wortelpunte/okselknop (1)
(Sien slegs eerste EEN na)
- 3.2.2 Bevorder selverlenging ✓ (1)
(Sien slegs eerste EEN na)
- 3.2.3 - Slegs 'n deel van die plant word vernietig ✓ / blare en stingels
wat kanse laat dat die wortels weer kan groei ✓
- Giftig ✓
Kan skadelik vir ander organismes wees ✓ Enige (2 x 2) (4)
(Sien slegs eerste TWEE na)
- 3.2.4 - Dit kan die boontjies ook laat doodgaan ✓
wat dus die oesopbrengs verlaag ✓ (2)
(8)

3.3	3.3.1	$\frac{23}{100}$	$X 360^\circ = 82,8^\circ / 83^\circ$
		$\frac{39}{100}$	$X 360^\circ = 140,4^\circ / 140^\circ$
		$\frac{36}{100}$	$X 360^\circ = 129,6^\circ / 130^\circ$
		$\frac{2}{100}$	$X 360^\circ = 7,2^\circ / 7^\circ$



Punttoekenning vir die grafiek

Kriteria	Punttoekenning
Korrekte tipe grafiek (sirkelgrafiek) (T)	1
Titel van grafiek (sluit beide veranderlikes in)	1
Berekeninge/bewerking om die korrekte proporsies te bepaal (C)	1: 1 tot 3 berekeninge korrek 2: Al vier berekeninge korrek
Proporsies akkuraat vir elke sektor/sny byskrif /sleutel (P)	1: 1 tot 3 sektore korrek gestip 2: Al 4 sektore korrek gestip (gebruik transparant)

LET WEL:

Indien die verkeerde tipe grafiek geteken is, sal punte verbeur word vir 'korrekte tipe grafiek', sowel as vir 'trek van sektore in korrekte proporsies'.

(6)

3.3	3.3.2	<ul style="list-style-type: none"> - Dit kan inheemse plantegroei oorheers✓/uit kompeteer - wat dus die beskikbare hoeveelheid voedsel vir herbivore verminder✓ - Lei tot die afsterf van organimes✓ - Dit sal die voedselkettings✓/-webbe versteur - Asook die ekosisteme✓ <p style="text-align: center;">OF</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uitermatige groei van uitheemse waterplante op die oppervlak van die water blokkeer die lig✓/ontneem onderwaterplante van sonlig/beperk fotosintese - wat dus die beskikbare hoeveelheid voedsel vir herbivore verminder✓ - Lei tot die afsterf van organimes✓ - versteur voedselkettings✓/-webbe - Asook die ekosisteme✓ 	Enige	(3)
	3.3.3	Stropery✓/vergiftiging/dryf handel met bedreigde spesies		(1) (10)
3.4	3.4.1	Koring✓ Rys✓ Mielies✓ Sojabone✓ (Sien slegs eerste EEN na)	Enige	(1)
	3.4.2	<ul style="list-style-type: none"> - 'n Enkele gewas word herhaaldelik op 'n groot area geplant✓ - Dit voorsien groot hoeveelhede voedsel✓ vir spesifieke organimes/peste - Organismes/peste neem in getalle toe✓ - Verorsaak meer skade aan die oes✓ 	Enige	(3)
	3.4.3	<ul style="list-style-type: none"> - Vloede vernietig bestaande oeste✓ wat tot 'n afname in oesopbrengs lei✓ - Vloede verwyder die boonste vrugbare lae van die grond✓/gronderosie wat tot laer vrugbaarheid van die grond lei, wat dan 'n laer oesopbrengs tot gevolg het✓ - Vloede veroorsaak dat die grond oorversadig raak✓ wat veroorsaak dat die oes verrot✓/wortels ontbind (Sien slegs eerste EEN na)	Enige (1 x 2)	(2)
	3.4.4	<ul style="list-style-type: none"> - Die vraag✓ na stapelvoedsel is hoër - as die produksie aanbod✓ - Produksiekoste/bedryfkoste is hoër✓✓ 		(2) (8)

- 3.5
- Ontbossing is die verwydering van plantegroei uit 'n gebied✓
 - Plante gebruik koolstofdiksied van die atmosfeer vir fotosintese✓
 - Minder bome beteken minder fotosintese✓
 - Gevolglik word minder CO₂ uit die atmosfeer verwyder✓/meer CO₂ bly in die atmosfeer
 - lei tot verhoogde kweekhuiseffek✓
 - wat tot 'n **toename** in aardverwarming lei✓
- Enige **(3)**
[40]
- TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C**VRAAG 4**

Genetiese variasie vind in gamete deur meiose✓ op twee maniere plaas:

Oorkruising✓

- Tydens Profase I✓
- Vorm homoloë chromosome✓/bivalente pare
- Elke chromosoom het 2 chromatiedes✓
- Nie-susterchromatiedes van die homoloë paar oorvleuel/oorkruis✓
- Punte waar die oorkruising plaasvind word na verwys as chiasmata✓
- Genetiese materiaal word uitgeruil✓
- tussen twee nie-susterchromatiede✓
- Na die proses van oorkruising het chromosome gene van sy homoloë maat✓
- Dit beteken dat elke gameet wat gevorm word 'n mengsel van die gene van moedelijke en vaderlike ouers sal hê✓

Maks

(7)

***Ewekansige groepering van chromosome op die ewenaar✓**

- Tydens Metafase I✓
- Kan elke paar homoloë chromosome✓
- *op enige kant✓/eweskansig op die ewenaar van die spoel lê
- *Onafhanklik van wat die ander pare doen✓/ onafhanklike sortering
- Tydens metafase II✓
- Kan elke individuele chromosome✓
- *op enige kant✓/omgekeerd van die ewenaar van die spoel lê
- *Dit beteken dat gamete verskillende getal/mengsel van moederlike- en vaderlike chromosome✓ sal hê

(Ten minste een *verpligte punt en enige 4 wat die verpligte punt kan insluit)

Maks

(5)

Vorming van 'n ovum

- Tydens oögenese✓
- diploïede selle✓
- in die ovarium✓
- ondergaan meiose✓
- om 'n primêre oösiet te vorm✓
- wat uit haploïede selle bestaan✓
- een sel✓ontwikkel in 'n ovum

Maks

Inhoud: (5)
Sintese: (17)
(3)
(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Relevansie	Logiese volgorde	Begrip
Alle inligting wat gegee is, is relevant vir die vraag	Idees is in 'n logiese/oorsaak-gevolg-volgorde gegee	Beantwoord alle aspekte vereis deur die opstel in genoegsame besonderhede
Al die inligting wat gegee is, is relevant aan oorkruising, ewekansige groepering en ontwikkeling van 'n ovum. Daar is geen irrelevante inligting	Al die inligting oor oorkruising, ewekansige groepering en ontwikkeling van 'n ovum is op 'n logiese wyse gerangskik.	Die volgende punte moet ten minste ingesluit wees: - Oorkruising (5/7) - Ewekansige groepering (3/5) - Ontwikkeling van 'n ovum (3/5)
1 punt	1 punt	1 punt

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSWETENSKAPPE V2

2016

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoord op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme of tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.11 D.


1.1.1 Wanneer 'n sel deur meiose verdeel, is die resultaat ...

- A vier haploïede gamete.
- B twee diploïede gamete.
- C vier haploïde somatiese selle.
- D twee haploïde somatiese selle.

1.1.2 Individue van dieselfde spesie kan genetiese variasie toon as gevolg van ...

- A slegs mitose en meiose.
- B slegs meiose.
- C slegs mutasie, ewekansige paring en ewekansige bevrugting.
- D meiose, mutasies, ewekansige paring en ewekansige bevrugting.

VRAAG 1.1.3 EN 1.1.4 IS OP DIE DIAGRAM HIERONDER GEBASEER, WAT 'N tRNA-MOLEKUUL TOON.



1.1.3 Die struktuur hierbo is by die ...-proses betrokke.

- A transkripsie
- B replikasie
- C translasie
- D oorkruising

1.1.4 Molekuul X stel ... voor.

- A DNS/DNA
- B 'n aminosuur
- C 'n nukleïensuur
- D drie nukleotiede

VRAAG 1.1.5 EN 1.1.6 IS OP DIE INLIGTING EN TABEL HIERONDER GEBASEER.

Die wilde sonneblom is oor verskeie generasies heen deur die mens gekweek (gegroe). Sekere kenmerke is gedurende daardie tyd kunsmatig geselekteer. 'n Vergelyking van enkele kenmerke van wilde sonneblomme en gekweekte sonneblomme word in die tabel hieronder gegee.

KENMERK	WILDE SONNEBLOM	GEKWEekte SONNEBLOM
Vruggewig	9–10 mg	55–65 mg
Planthoogte	150–170 cm	120–136 cm
Blomgrootte (radius)	3–5 cm	9–11 cm
Getal takke	12–16	0
Blaaroppervlak	180–270 cm ²	300–315 cm ²

[Aangepas uit <http://journals.plos.org/plosone/article/figure/image>]

1.1.5 'n Moontlike rede waarom sonneblomme met 'n groter vruggewig gekies word, is om ...

- A 'n groter saadopbrengs te gee.
- B die kans op bevrugting te verbeter.
- C genetiese variasie te hê.
- D die plant hoër te laat groei.

1.1.6 Hieronder is moontlike redes vir die kies van elke kenmerk:

- (i) 'n Groter blaaroppervlak verhoog die tempo van fotosintese.
- (ii) 'n Korter plant sal tot meer doeltreffende oestery lei.
- (iii) 'n Groter blom sal die opbrengs vergroot.
- (iv) Meer takke sal die blomopbrengs vergroot.

Watter kombinasie gee die korrekte redes vir die kenmerke wat gekies is?

- A (i), (ii), (iii) en (iv)
- B Slegs (ii) en (iii)
- C Slegs (i), (ii) en (iii)
- D Slegs (i) en (iv)


1.1.7 'n Bakteriese infeksie is met 'n nuwe geneesmiddel behandel en al die behandelde pasiënte het herstel. Die infeksie het een week later by sommige pasiënte teruggekeer.

'n Mens kan met redelikheid van hierdie waarnemings aflei dat ...

- A die pasiënte weerstand teen die geneesmiddel ontwikkel het.
- B die bakterieë weerstand teen die geneesmiddel ontwikkel het deur natuurlike seleksie en in getal toegeneem het.
- C die afname in die infeksie die bakterieë in staat gestel het om weerstand teen die geneesmiddel te ontwikkel.
- D 'n paar van die weerstandige bakterieë aan die begin van die behandeling teenwoordig was en dat natuurlike seleksie hulle getalle laat toeneem het.

VRAAG 1.1.8 IS OP DIE STAMBOOMDIAGRAM HIERONDER GEBASEER.

Die stamboomdiagram toon die oorewing van 'n sekere kenmerk.



1.1.8 Gebruik X^N en X^n om die betrokke allele van die kenmerk voor te stel. Die moontlike genotipe(s) van individu **A** sal ... wees.


- A slegs $X^N X^n$
- B slegs $X^N X^N$
- C $X^N X^N$ en $X^N X^n$
- D $X^N X^N$ en $X^n X^n$

1.1.9 'n Man met bloedgroep **A** en 'n vrou met bloedgroep **B** het kinders. Hulle eerste kind het bloedgroep **AB** en die tweede kind het bloedgroep **O**.

Watter voorspelling oor die bloedgroepe van toekomstige kinders is **KORREK**?

- A Toekomstige kinders het 'n 50%-kans om bloedgroep **AB** te hê en 'n 50%-kans om bloedgroep **O** te hê.
- B Almal sal bloedgroep **A** of **B** hê.
- C Elke toekomstige kind sal 'n gelyke kans hê om bloedgroep **A**, **B**, **AB** of **O** te hê.
- D Nie een van die toekomstige kinders sal bloedgroep **A** hê nie.

- 1.1.10 Die grafiek hieronder toon die tempo waarteen evolusie in 'n vlinderspesie plaasvind.



Die tipe evolusie wat hierbo voorgestel word, is ...

- A spesiasie.
- B oorerwing van verworwe kenmerke.
- C gepunte ewewig.
- D kunsmatige seleksie.

(10 x 2) **(20)**

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.9) in die ANTWOORDEBOEK.

1.2.1 'n Genetiese kruising waar twee verskillende kenmerke betrokke is

1.2.2 Die verskeidenheid van lewensvorme wat op Aarde bestaan

1.2.3 Die opening in die skedel waardeur die rugmurg gaan

1.2.4 'n Groep organismes van dieselfde spesie wat op dieselfde tyd in dieselfde habitat woon

1.2.5 'n Toetsbare stelling wat aanvaar of verwerp kan word

1.2.6 'n Genetiese afwyking wat veroorsaak dat die bloedstollingsfaktor nie vervaardig word nie

1.2.7 Totale verdwyning van 'n spesie van die Aarde af

1.2.8 'n Segment van 'n chromosoom wat vir 'n spesifieke kenmerk kodeer

1.2.9 'n Organisme se vermoë om op twee ledemate te loop (9 x 1) **(9)**


- 1.3 DRIE babas (**X**, **Y** en **Z**) van drie verskillende ouerpare is in 'n hospitaal gebore. TWEE van die babas is per ongeluk omgeruil. Bloedgroepe van die ouers is gebruik om te bepaal watter baba aan watter ouerpaar behoort.

Die bloedgroepe van die ouers en die babas word in die tabel hieronder getoon.

OUERS	BABAS	BLOEDGROEPE VAN OUERS EN BABAS		
		Moeder	Vader	Baba
Mnr. en mev. Pule	X	B	A	A
Mnr. en mev. Chaka	Y	AB	B	O
Mnr. en mev. Tau	Z	O	B	AB


- 1.3.1 Watter TWEE babas (uit **X**, **Y** en **Z**) is omgeruil? (2)
- 1.3.2 Gee die vanne van die biologiese ouers van die twee babas wat omgeruil is. Skryf die korrekte vanne van die ouers langs die letter (**X**, **Y** of **Z**). (2)
- 1.3.3 Gee die moontlike genotipe(s) van mnr. Pule wat baba **X** sou kon voortbring. (2)
(6)

- 1.4 Die diagram hieronder toon 'n kariotipe.



- 1.4.1 Hoeveel van die volgende is in die kariotipe teenwoordig: (1)
- (a) Chromosome (1)
- (b) Outosome (1)
- (c) Gonosome (1)
- 1.4.2 Hoeveel chromosome sal teenwoordig wees in die gamete wat deur hierdie individu voortgebring word? (1)
- 1.4.3 Is die kariotipe in die diagram dié van 'n man of 'n vrou? (1)
(5)

- 1.5 Die diagramme hieronder stel 'n sel in twee verskillende fases van meiose voor.



- 1.5.1 Watter fase word voorgestel in:

- (a) Diagram 1 (1)
(b) Diagram 2 (1)

- 1.5.2 Voorsien byskrifte vir:

- (a) **A** (1)
(b) **B** (1)
(c) **C** (1)

- 1.5.3 Gee die funksies van die dele gemerk:

- (a) **A** (2)
(b) **D** (1)

- 1.5.4 Is die selle in Diagram 2 haploïed of diploïed? (1)

- 1.5.5 Noem die proses wat variasie in struktuur **D** sou veroorsaak het. (1)
(10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**


- 2.1 By konyne word swart pels deur die alleel (**B**) en wit pels deur die alleel (**b**) veroorsaak.

Die tabel hieronder toon die genotipes van 'n paar konyne.

KONYN	GENOTIPE
1	BB
2	Bb
3	bb

- 2.1.1 Wat is die fenotipe:
- (a) Wat deur die resessiewe alleel veroorsaak word (1)
 - (b) Van konyne **2** (1)
- 2.1.2 Gee slegs die NOMMER (**1**, **2** of **3**) van die konyne wat:
- (a) Raseg is
 - (b) Homosigoties dominant is (3)
- 2.1.3 Gebruik 'n genetiese kruising om die persentasie kans te toon dat konyne **1** en **3** 'n nageslag met wit pels sal hê. (6)
- (11)**

- 2.2 Die diagram hieronder stel twee tipes garnale voor. Elke tipe leef in die vlak see aan teenoorgestelde kante van 'n strook land.



[Aangepas uit www.pbs.org/wgbh/evolution/library]

In 'n ondersoek om te bepaal of die twee tipes garnale van een spesie is, het wetenskaplikes tipe **A**-garnale en tipe **B**-garnale saam in 'n tenk met seewater geplaas.

Alhoewel die garnale met hul eie tipes gepaar het, het die twee tipes garnale nie met mekaar gepaar nie. Die wetenskaplikes het die ondersoek verskeie kere herhaal en elke keer dieselfde resultaat verkry.


- 2.2.1 Gee EEN gevolgtrekking waartoe die wetenskaplikes na die ondersoek gekom het. (1)
- 2.2.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (2)
- 2.2.3 Waarom het die wetenskaplikes die ondersoek herhaal? (1)
(4)
- 2.3 Beskryf hoe spesiasie deur geografiese isolasie plaasvind. (5)

2.4 'n Wetenskaplike het guppies (*Poecilia reticulata*) gebruik in 'n ondersoek om Darwin se teorie van natuurlike seleksie te toets.

Manlike guppies het helderkleurige kolle om vroulike guppies te lok, maar hierdie kolle lok ook predatore.

Daar is voorheen waargeneem dat manlike guppies wat in strome leef waar daar baie roofvisse is, geneig is om minder kolle te hê. Dit verminder die kans dat hulle gevreet word.

Die manlike guppies wat in strome met minder predatore geleef het, het meer kolle gehad.



[Aangepas uit <http://www.decodedscience.org>]

Die ondersoek se prosedure was soos volg:

- Gelyke getalle manlike en vroulike guppies is in twee damme geplaas (dam 1 en dam 2).
- Roofvisse wat op guppies aas, is in dam 1 geplaas.
- Roofvisse wat nie op guppies aas nie, is in dam 2 geplaas.
- Die guppies is toegelaat om vir 20 maande voort te plant, wat verskeie generasies guppies verteenwoordig. (Guppies plant voort as hulle ongeveer drie maande oud is.)

Die ondersoekresultaat was:

Die manlike guppies in dam 2 het aansienlik meer kolle as die manlike guppies in dam 1 gehad.

2.4.1 Hoe kan die geldigheid van hierdie ondersoek verhoog word? (2)

2.4.2 Identifiseer die:

(a) Onafhanklike veranderlike (1)


(b) Afhanklike veranderlike (1)

2.4.3 Verduidelik waarom die wetenskaplike dam 2 in hierdie ondersoek ingesluit het. (3)

2.4.4 Beskryf hoe Darwin se teorie van natuurlike seleksie gebruik kan word om te verduidelik waarom die guppies in dam 1 minder kolle gehad het. (5)

(12)

2.5 Die diagram hieronder toon moontlike evolusionêre verwantskappe tussen hominiede.



[Bron: <http://tolweb.org/tree>]

- 2.5.1 Wat word hierdie tipe diagram genoem? (1)
- 2.5.2 Hoeveel genera word in die diagram hierbo getoon? (1)
- 2.5.3 Volgens die diagram, watter:
- (a) Genus het mees onlangs geëvolueer (1)
 - (b) Genus is die oudste (1)
 - (c) Hominied deel 'n gemeenskaplike voorouer met *Australopithecus africanus* (1)
- 2.5.4 Gee EEN voorbeeld van 'n fossiel van *Australopithecus africanus* wat in Suid-Afrika gevind is. (1)
- 2.5.5 Noem TWEE *Homo*-spesies, behalwe *Homo sapiens*, wat in Afrika gevind is. (2)

(8)
[40]

VRAAG 3


- 3.1 In rysplante is die alleel vir hoë opbrengs (**H**) dominant oor die alleel vir lae opbrengs (**h**). Die alleel vir 'n lang stam (**T**) is dominant oor die alleel vir 'n kort stam (**t**).

Daar is twee rysplant-variëteite, **A** en **B**.
Die genotipe van variëteit **A** is **HHtt**.
Die genotipe van variëteit **B** is **hhTT**.

'n Kweker wil 'n rysplant-variëteit met 'n hoë opbrengs en 'n kort stam produseer.

- 3.1.1 Gee die fenotipe van variëteit **A**. (2)
- 3.1.2 Gee AL die moontlike genotipes van die gamete van variëteit **B**. (1)
- 3.1.3 Gee die genotipe(s) van die variëteit wat die kweker wil produseer. (2)
- 3.1.4 Verduidelik waarom die kweker 'n rysplant met 'n kort stam sal wil produseer. (1)
- 3.1.5 Beskryf hoe dit vir die kweker moontlik sal wees om slegs rysplante met 'n hoë opbrengs en kort stamme te produseer. (2)
(8)
- 3.2 Tabuleer DRIE verskille tussen *Lamarckisme* en *Darwinisme*. **(7)**
- 3.3 Mense en Afrika-ape deel baie kenmerke; tog is elk 'n afsonderlike spesie.
- 3.3.1 Noem VYF kenmerke wat die mens met Afrika-ape deel. (5)
- 3.3.2 Beskryf hoe elk van die volgende strukture verskillend is tussen mense en ape:
- (a) Ruggraat (2)
- (b) Bekkengordel (2)
- 3.3.3 Verduidelik die belangrikheid van die veranderinge aan die tande van die mens wat vooruitgang in evolusie toon. (4)
(13)

- 3.4 Albinisme is 'n oorgeërfde toestand wat deur 'n resessiewe geenmutasie veroorsaak word. Hierdie mutasie veroorsaak die afwesigheid van die proteïen melaniën in die vel. Die stamboomdiagram hieronder toon die oorerwing van albinisme in 'n familie. James se genotipe word in die diagram getoon.



- 3.4.1 Hoeveel kleinseuns het James en Tebogo? (1)
- 3.4.2 Wat is:
- (a) Grace se fenotipe (1)
- (b) John se genotipe (2)
- 3.4.3 John en Joanna wil nog 'n kind hê. Wat is die persentasie kans dat die kind:
- (a) 'n Dogter sal wees (1)
- (b) Albinisme sal hê (1)
- (6)
- 3.5 Verduidelik hoe 'n geenmutasie die vorming van 'n ander proteïen as die een wat benodig word, tot gevolg kan hê. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Beskryf die ligging, struktuur en funksies van die DNS/DNA-molekuul, asook die proses waardeur kopieë van hierdie molekuul gemaak word.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van tabelle, vloedigramme of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LEWENSWETENSKAPPE V2

2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks'-punte in die regterkantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee**
Merk net die eerste drie ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings gegee word**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word, maar paragrawe gegee word**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word, terwyl beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme of diagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakelings nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakelings weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Onherkenbare afkortings**
Aanvaar indien dit aan die begin in die antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoord by die regte volgorde van die vrae pas, maar die verkeerde nommer word gegee, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, mits dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name in terminologie gegee word**
Aanvaar, mits dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs die letter vereis word, maar slegs die naam gegee word (en andersom)**
Moenie krediteer nie

15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlik punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme en konsepte)**
'n Enkele woord of twee wat in enige amptelike taal voorkom anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word indien dit korrek is. 'n Nasienner wat in die relevante amptelike taal vaardig is, moet geraadpleeg word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word sonder dat daar met die provinsiale interne moderator beraadslaag is nie, wat op sy/haar beurt met die nasionale interne moderator (en die Umalusi-moderatore indien nodig) sal beraadslaag.
20. **Amptelike memorandums**
Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	A✓✓		
	1.1.2	D✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	B✓✓		
	1.1.5	A✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	D✓✓		
	1.1.8	C✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	C✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Dihibriede✓		
	1.2.2	Biodiversiteit✓		
	1.2.3	Foramen magnum✓		
	1.2.4	Bevolking✓/Populasie		
	1.2.5	Hipotese✓		
	1.2.6	Hemofilie✓		
	1.2.7	Uitwissing✓/Uitsterwing		
	1.2.8	Geen✓		
	1.2.9	Bipedalisme✓/Tweevoetigheid	(9 x 1)	(9)
1.3	1.3.1	Y✓ en Z✓ (Merk slegs eerste TWEE)		(2)
	1.3.2	Y – Tau✓ Z – Chaka✓		(2)
	1.3.3	I ^A I ^A ✓ I ^A i ✓ (Enige volgorde)		(2) (6)
1.4	1.4.1	(a) 46✓		(1)
		(b) 44✓		(1)
		(c) 2✓		(1)
	1.4.2	23✓		(1)
	1.4.3	Man✓		(1)
				(5)

1.5	1.5.1	(a)	Profase I✓	(1)
		(b)	Metafase II✓	(1)
	1.5.2	(a)	Sentriool✓	(1)
		(b)	Nukleusmembraan✓/Kernmembraan (nukleus/kern)	(1)
		(c)	Homoloë paar✓/Bivalent	(1)
	1.5.3	(a)	Vorm spoel✓✓vesels	(2)
		(b)	Dra genetiese materiaal/oorerwingsmateriaal✓	(1)
	1.5.4		Haploïed✓	(1)
	1.5.5		Oorkruising✓	(1)
				(10)
			TOTAAL AFDELING A:	50

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 (a) Wit✓ pels (1)
 (b) Swart✓ pels (1)
 2.1.2 (a) 1✓ en 3✓ (2)
 (**Merk slegs eerste TWEE**)
 (b) 1✓ (1)
 (**Merk slegs eerste EEN**)

2.1.3 P₁ Fenotipe Swart x Wit✓
 Genotipe BB x bb✓

Meiose G/gamete B, B x b, b✓

Bevrugting

F₁ Genotipe Bb; Bb, Bb; Bb ✓
 Fenotipe Almal swart
 *0✓% wit

P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓

(* Verpligte punt + 5)

OF

P₁ Fenotipe Swart x Wit✓
 Genotipe BB x bb✓

Meiose

Bevrugting

Gamete	B	B
B	Bb	Bb
B	Bb	Bb

1 punt vir korrekte gamete
 1 punt vir korrekte genotipes

F₁ Fenotipe Almal swart
 * 0✓% wit

P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓

(* Verpligte punt + 5) (6)
(11)

- 2.2 2.2.1 Die twee tipes garnale/tipe A en B behoort nie aan dieselfde spesie nie✓/was verskillende spesies
(**Merk slegs eerste EEN**) (1)
- 2.2.2 - Individue wat aan dieselfde spesie behoort✓ kan inteel✓
- die twee tipes garnale kan nie met mekaar paar nie✓ en kan dus nie inteel nie✓ Enige (1 x 2) (2)
(**Merk slegs eerste EEN**)
- 2.2.3 Om seker te maak die resultate is betroubaar✓ (1)
(4)
- 2.3 - Die oorspronklike bevolking word verdeel✓ in twee bevolkings
- deur 'n **geografiese hindernis**✓
- Daar is nie geenvloei✓/ nie inteling tussen die bevolkings nie
- Elke bevolking word aan verskillende omgewingstoestande blootgestel ✓
- Natuurlike seleksie vind onafhanklik ✓ in elke bevolking plaas
- oor 'n tydperk raak die individue van die bevolkings verskillend van mekaar✓
- genotopies en fenotopies✓
- Selfs wanneer die bevolkings dan weer meng ✓
- sal hulle nie in staat wees om met mekaar in te teel nie✓
(Enige 5) (5)

- 2.4 2.4.1 - Damme 1 en 2 moet identies wees✓ t.o.v. omgewing- ✓/
biologiese-/fisiese toestande /voorbeelde
- Gelyke hoeveelhede✓ roofvisse✓ in beide damme
(Enige 2 x 1) (2)
- 2.4.2 (a) Die **tipe** predatore✓ (1)
- (b) Die **hoeveelheid** kolle✓ (1)
- 2.4.3 - As 'n kontrole✓/om die resultate van die twee damme met
mekaar te vergelyk
- Om te verseker dat enige verandering wat plaasvind✓ die
gevolg is van die
- teenwoordigheid van die predator✓/onafhanklike veranderlike (3)
- 2.4.4 - Daar is variasie✓ tussen die manlike guppies
- Sommige het meer kolle✓
- terwyl ander minder kolle✓ het
- Dié met meer kolle lok die predatore✓
- en word deur predatore geëet✓/doodgemaak
- Dié met minder kolle✓ oorleef en plant voort
- om die geen vir minder kolle aan die volgende
generasie oor te dra✓
- Oor 'n periode sal dam 1 met die predatore guppies met minder
kolle he. Enige (5)
(12)
- 2.5 2.5.1 Filogenetiese stamboom ✓ (1)
- 2.5.2 4✓ (1)
- 2.5.3 (a) *Paranthropus*✓ (1)
- (b) *Ardipithecus*✓ (1)
- (c) *Paranthropus robustus*✓ (1)
- 2.5.4 Mev Ples✓
Taung Kind✓
Little Foot✓
(**Merk slegs eerste EEN**) (Enige 1) (1)
- 2.5.5 *H. habilis*✓
H. erectus✓
H. naledi✓
(**Merk slegs eerste TWEE**) (Enige 2) (2)
(8)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 Hoë opbrengs✓
Kort stam✓ (2)
- 3.1.2 hT✓ (1)
(Merk slegs eerste TWEE)
- 3.1.3 HHtt ✓, Hhtt✓ (2)
(Merk slegs eerste TWEE)
- 3.1.4 Breek nie maklik in winderige toestande✓/kan 'n groter opbrengs dra/makliker om te oes Enige (1)
- 3.1.5 Die kweker moet✓ plante van variëteit A (HHtt) kruis met plante van variëteit A✓ (HHtt) (2)
(8)

3.2

T✓

Lamarckisme		Darwinisme	
1	Variasie in die nageslag vind plaas wanneer individue in die bevolking verander✓	1	Variasie in die nageslag is oorgeërf✓
2	Verandering vind plaas as gevolg van die aanpassing in die omgewing✓/Wet van gebruik en ongebruik / Deterministiese teorie	2	Natuurlike seleksie – individue wat gunstigste kenmerke het vir die omgewing, oorleef✓
3	Individue in die bevolking verander✓	3	Die bevolking verander as 'n geheel✓
4	Verworwe kenmerke word deur die nageslag oorgeërf✓	4	Kenmerke oorgedra van generasie na generasie maak dit vir individue moontlik om in die omgewing te oorleef✓

(Merk slegs eerste DRIE)

(Enige (3 x 2) + 1 vir tabel)

(7)

- 3.3 3.3.1 - Olfaktoriese breinsentrum verklein✓/ verminder reukvermoë
 - Oë voor in kop✓/ binokulêre visie / stereoskopiesevisie
 - Oë met keëltjies✓/ kleurvisie
 - Vrylik roterende arms✓
 - Elmooggewrigte laat rotering van voorarm toe✓
 - Plat naels in plaas van kloue✓/ kaal sensitiewe vingerpunte
 - Opponerende duime✓
 - Bipedalisme✓ / regop postuur/twee-voetig/foramen magnum meer na vore
 - Geslagsdimorfisme✓/ duidelike verskille tussen manlike en vroulike organismes
 - Twee spene✓/tepels
 - Dele van die brein wat inligting vanaf die hande en oë interpreteer, is vergroot✓
 - Langer bo-arms✓
 - Groot brein✓/ skedel in vergelyking met liggaamsmassa
 - Vyf vingers tone per ledemaat✓ Enige (5)
(Merk slegs eerste VYF)
- 3.3.2 (a) Meer gekromde ruggraat✓/S-vormig in die mens maar minder gekrom✓/C-vormig in ape (2)
- (b) **Kort en wye**✓ pelvis in die mens (2)
maar lang en nou✓ pelvis in ape
- 3.3.3 - Slagtande/tande het verander van groot na klein✓✓ (4)
 - Dit is as gevolg van die verandering om rou✓voedsel te eet (4)
 - na sagte, gaar✓voedsel (13)
- 3.4 3.4.1 2✓ (1)
- 3.4.2 (a) Albino vrou✓ (1)
 (b) Aa✓✓ (2)
- 3.4.3 (a) 50%✓ (1)
 (b) 25%✓ (1)
(6)
- 3.5 - 'n Geenmutasie affekteer die volgorde van die stikstofbasiswa✓/
 verandering in die individuele stikstofbasiswa
 - in DNA✓
 - Dit verander transkripsie✓
 - wat veroorsaak dat die mRNA✓/kodon verander
 - wat die volgorde van kode✓op die DNA en die RNA verander/die volgorde van die stikstofbasiswa
 - 'n Verskillende aminosuur✓ kan voor gekodeer word
 - deur tRNA✓ wat lei na die vorming van 'n ander proteïen (Enige 6) (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4****Ligging, bou en funksies**

- Die DNA word in die nukleus gevind✓/chromosome/gene/mitochondriums
- DNA is 'n nukleïensuur✓
- Dit is 'n dubbele✓ string
- in 'n heliks vorm✓
- bestaan uit boustene genoem nukleotiede✓
Die drie komponente van 'n nukleotied is soos volg:
- Stikstofbasiswa✓
- Fosfaatgedeelte✓
- Deoksiribose-suiker deel✓(in DNA)
- 4 stikstofbasiswa is A,T,C,G✓ van DNA:
- adenien (A) bind met timien (T)✓
- sitosien (C) bind met guanien (G)✓
- deur waterstofbindinge✓
- Gedeeltes van DNA dra oorerflike✓ inligting
- DNA bevat gekodeerde inligting vir proteïensintese✓ Maks (10)

Replisering✓

- Die dubbelheliks draai los✓
 - En die twee stringe DNA rits los✓
 - soos die swak waterstofbindinge breek✓
 - Elke oorspronklike DNA-string dien as 'n templaar✓
 - Vrye nukleotiede✓bou
 - 'n nuwe DNA-string✓op elk van die oorspronklike DNA-stringe
 - deur die vashegting van komplementêre✓ stikstofbasiswa (A aan T, en C aan G)
 - die gevolg is twee identiese✓DNA-molekule Maks (7)
- Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Kriterium	Relevansie (R)	Logiese volgorde (L)	Volledigheid (C)
Algemeen	Alle inligting verskaf, hou verband met die onderwerp.	Idee is nie in 'n logiese/ oorsaak-gevolg- volgorde gerangskik nie.	Alle aspekte wat vir die opstel benodig word, is voldoende aangeraak.
Vir hierdie opstel	Al die inligting gegee is relevant rakende die ligging, bou, funksies van DNA en die repliseringsproses Geen irrelevante inligting	Al die inligting gegee rakende die ligging, bou, funksies, van DNA en die repliseringsproses is in 'n logiese volgorde bespreek.	Ten minste die volgende punte moes verkry word vir: - ligging, bou en funksie van DNA (7/10) - DNA replisering (4/7)
Punt	1	1	1

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2016

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme of tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A tot D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.1.1 **A** **B** **C** **D**

- 1.1.1 Die deel van die brein wat sensuiewe-impulse vanaf die halfsirkelvormige kanale ontvang, is die ...

- A serebrum.
- B serebellum.
- C hipotalamus.
- D medulla oblongata.


- 1.1.2 'n Ligprikkel word in 'n sensuiewe-impuls omgeskakel in die ...

- A iris.
- B retina.
- C optiese sensuiewe.
- D sklera.

- 1.1.3 'n Somatiesel/Liggaamsel van 'n mens het ...


- A 46 outosome en 2 gonosome.
- B 2 outosome en 44 gonosome.
- C 44 outosome en 2 gonosome.
- D 23 outosome en 23 gonosome.

- 1.1.4 Watter EEN van die volgende stellings is KORREK ten opsigte van die oë wat in die diagramme hieronder voorgestel word?



- A Diagram **A** kyk na 'n voorwerp wat nader as 6 meter is, terwyl diagram **B** na 'n voorwerp kyk wat verder as 6 meter is.
- B Diagram **A** kyk na 'n voorwerp wat verder as 6 meter is, terwyl diagram **B** na 'n voorwerp kyk wat nader as 6 meter is.
- C Die oog in diagram **A** is in dowwe lig en die oog in diagram **B** is in helder lig.
- D Die oog in diagram **A** is in helder lig en die oog in diagram **B** is in dowwe lig.

1.1.5 Die diagram hieronder toon 'n refleksboog.




Watter deel stel die effektor voor?

- A 4
- B 1
- C 3
- D 2

1.1.6 'n Persoon met middelloorontsteking word gewoonlik afgeraai om in 'n vliegtuig te vlieg omdat die ...

- A makulae in die halvesirkelvormige kanale nie die prikkel kan ontvang nie.
- B ronde venster nie klankgolwe kan absorbeer nie, wat tot eggo's lei.
- C Eustachius-buis nie die druk aan weerskante van die trommelvlies konstant kan hou nie.
- D optiese senuwee beskadig sal word, wat tot gehoorverlies sal lei.

- 1.1.7 Die grafiek hieronder toon die persentasies van bevolkings in sommige ontwikkelende wêreldstreke wat deur voedselonsekerheid geraak word.



[Aangepas uit www.fao.org]

Watter EEN van die streke hierbo het NIE sy voedselsekerheid verbeter in die tydperk wat getoon word nie?

- A Latyns-Amerika
- B Sub-Sahara-Afrika
- C Oos- en Noord-Afrika
- D Suid-Asië

VRAAG 1.1.8 EN 1.1.9 VERWYS NA DIE ONDERSOEK HIERONDER.

'n Wetenskaplike het 'n ondersoek op 'n gesonde persoon gedoen om die invloed wat die drink van water op urienproduksie het, te bepaal.

Die deelnemer is versoek om vir vier uur voordat die ondersoek begin het, niks te eet of te drink nie. Die ondersoek is oor 'n tydperk van drie dae uitgevoer.

Die prosedure was soos volg:

- Op dag 1 is die deelnemer 600 ml water gegee om te drink.
- Op dag 2 is die deelnemer 800 ml water gegee om te drink.
- Op dag 3 is die deelnemer 1 000 ml water gegee om te drink.
- Vir elke dag is die hoeveelheid urien wat die deelnemer geproduseer het, oor die daaropvolgende vier uur gemeet en aangeteken, en die gemiddeld bereken.

1.1.8 Watter EEN van die volgende dui die afhanklike en onafhanklike veranderlikes KORREK aan?

	ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE	AFHANKLIKE VERANDERLIKE
A	Die hoeveelheid urien geproduseer	Tyd in uur
B	Die hoeveelheid water gedrink	Die hoeveelheid urien geproduseer
C	Die hoeveelheid urien geproduseer	Die hoeveelheid water gedrink
D	Die mense wat deelneem	Tyd in uur


1.1.9 Die lys hieronder bevat sommige van die stappe wat voor en tydens die ondersoek gevolg is.

- Toestemming is verkry om aan die ondersoek deel te neem.
- Daar is besluit oor watter meetinstrument gebruik sou word.
- Water is aan die deelnemer gegee om te drink.
- Die hoeveelheid urien wat geproduseer is, is gemeet.

Watter van die stappe hierbo kan beskou word as deel van die beplanningstappe voordat die ondersoek uitgevoer is?

- (i), (ii), (iii) en (iv)
- Slegs (i) en (ii)
- Slegs (ii), (iii) en (iv)
- Slegs (iii)

- 1.1.10 Die grafiek hieronder toon die verwantskap tussen die produksie van groeihormoon en ouderdom.



'n Algemene gevolgtrekking wat uit die resultate gemaak kan word, is dat ...

- A groeihormoon nie ná die ouderdom van 50 jaar afgeskei word nie.
- B die hoeveelheid groeihormoon wat afgeskei word, met ouderdom afneem.
- C die hoeveelheid groeihormoon wat afgeskei word, met ouderdom toeneem.
- D die hoeveelheid groeihormoon wat afgeskei word, oor die jare konstant bly.

(10 x 2)

(20)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die fase in die selsiklus wanneer DNS/DNA-replisering plaasvind
- 1.2.2 Die deel van die perifere senuweestelsel wat onwillekeurige aksies beheer
- 1.2.3 'n Planthormoon wat veroorsaak dat blare in die herfs van bome afval
- 1.2.4 Meting van die totale hoeveelheid koolstofdiksied wat per jaar deur 'n individu vrygestel word
- 1.2.5 Die verdeling van die sitoplasma deurdat die selmembraan aan die einde van seldeling saamtrek
- 1.2.6 Die struktuur in die amniotiese eier wat afvalstowwe berg
- 1.2.7 Die binneste voering van die uterus waar inplanting van die embrio plaasvind
- 1.2.8 Deel van die vroulike voortplantingstelsel waar bevrugting plaasvind (8 x 1) **(8)**


1.3 Dui aan of elk van die beskrywings in KOLOM I op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II van toepassing is nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Wyfiepaddas lê eiers in water en die mannetjies stort hulle sperm oor die eiers.	A:	Viviparie
		B:	Ovoviviparie
1.3.2	Die fase in meiose wanneer onafhanklike sortering plaasvind	A:	Anafase II
		B:	Metafase I
1.3.3	Die tipe ontwikkeling by vertebrate waar die kleintjies goed ontwikkel is en self na hul geboorte kan beweeg	A:	Prekosiële ontwikkeling
		B:	Altrisiële ontwikkeling

(3 x 2)

(6)

1.4 Die diagramme hieronder stel sommige fases van meiose in 'n diersel voor.




1.4.1 Identifiseer die volgende dele in Diagram 3:

- (a) **A** (1)
- (b) **B** (1)
- (c) **C** (1)

1.4.2 Gebruik die diagramme se NOMMERS (1, 2, 3, 4) wat sommige van die fases toon, en rangskik die diagramme hierbo in die volgorde waarin dit tydens meiose plaasvind. (2)

1.4.3 Hoeveel chromosome was in die sel voordat meiose begin het? (1)
(6)

1.5 Die skematiese diagram hieronder toon 'n menslike ovum wat op die punt is om bevrug te word. Die diagram is nie volgens skaal geteken nie.



1.5.1 Identifiseer deel:

- (a) **A** (1)
- (b) **B** (1)
- (c) **C** (1)
- (d) **F** (1)


1.5.2 Gee die LETTER en NAAM van die deel wat:

- (a) Die mitochondriums bevat (2)
 - (b) Ensieme bevat wat nodig is om die ovum binne te dring (2)
 - (c) Die ovum tydens bevrugting binnedring (2)
- (10)**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**


2.1 Die diagram hieronder toon die manlike voortplantingstelsel van die mens.



- 2.1.1 Identifiseer deel **A**. (1)
- 2.1.2 Skryf slegs die LETTERS neer van TWEE dele wat tot die vorming van semen bydra. (2)
- 2.1.3 Verduidelik die gevolge vir voortplanting by die mens indien 'n man voortdurend noupassende onderklere sou dra. (3)
- (6)

2.2 'n Vrugaarheidsmonitor meet die konsentrasie van estrogeen en luteïniseringshormoon (LH) in 'n vrou se urien. 'n Vrugaarheidsperiode is die tyd wanneer die ovum gereed is om bevrug te word.

Die grafiek hieronder verskyn op die inligtingsblad wat saam met die vrugaarheidsmonitor verskaf word.



[Aangepas uit <http://www.amazon.co.uk>]

- 2.2.1 Noem die klier wat LH afskei. (1)
- 2.2.2 Verduidelik waarom die vrugaarheidsmonitor die konsentrasie van LH meet. (2)
- 2.2.3 Verduidelik waarom sommige vroue 'n vrugaarheidsmonitor sal gebruik. (2)
- 2.2.4 Watter bewys in die grafiek dui aan dat 'n gesonde follikel besig is om tydens die eerste helfte van die siklus in die ovarium te ontwikkel? (2)
- 2.2.5 Indien 'n vrou wat die vrugaarheidsmonitor gebruik, vind dat haar LH-vlak op dag 17 die hoogste is, tussen watter dae sal sy die 'hoogste vrugaarheid' ondervind? (2)
- 2.2.6 Verduidelik waarom die vrugaarheidsmonitor nie die progesteronvlak in die bloed meet om vrugbare dae te voorspel nie. (3)
- (12)

2.3 'n Onderzoek is uitgevoer om die uitwerking van kafeïen op liggaamstemperatuur en polsslag te bepaal. 'n Groep van 200 mans het aan die ondersoek deelgeneem.

Die prosedure was soos volg:

- Elke man se liggaamstemperatuur is aan die begin van die ondersoek gemeet, en die gemiddeld van al die deelnemers is bereken.
- So ook is elke man se polsslag aan die begin van die ondersoek gemeet, en die gemiddeld van al die deelnemers is bereken.
- Die mans het elk 100 ml van 'n energiedrankie gedrink wat dieselfde hoeveelheid kafeïen bevat het.
- Hulle liggaamstemperatuur is toe elke 15 minute vir 'n tydperk van 1 uur gemeet, en 'n gemiddeld van al die deelnemers is bereken.
- So ook is hulle polsslag elke 15 minute vir 'n tydperk van 1 uur gemeet, en 'n gemiddeld van al die deelnemers is bereken.
- Al die deelnemers het vir die duur van die ondersoek gesit.

Die tabel hieronder toon die resultate van die ondersoek.

TYD (minute)	GEMIDDELDE TEMPERATUUR (°C)	GEMIDDELDE POLSSLAG (SPM)
0	36,6	76
15	37,4	91
30	38	95
45	37,8	89
60	37,4	89

[Aangepas uit www.meliordiscovery.com en <http://homeostasiseleishabiology.weebly.com>]


- 2.3.1 Beskryf die uitwerking wat kafeïen ná 15 minute op liggaamstemperatuur en polsslag gehad het. (2)
- 2.3.2 Hoe lank nadat die energiedrankie gedrink is, het die kafeïen sy maksimum uitwerking gehad? (1)
- 2.3.3 Kafeïen veroorsaak vasokonstriksie en 'n toename in metabolisme. Verduidelik hoe hierdie uitwerkings/effekte bydra tot die temperatuurverandering wat plaasgevind het. (4)
- 2.3.4 Noem TWEE faktore wat tydens hierdie ondersoek konstant gehou is. (2)
- (9)**

- 2.4 Beskryf hoe die bloedglukosevlak in die menslike liggaam na normaal terugkeer wanneer die glukosevlak tot onder normaal daal. (4)
- 2.5 Die diagram hieronder toon die resultate van 'n ondersoek wat uitgevoer is om die invloed van ouksiene op die groei van koleoptiele (jong lote) te bepaal.

Die prosedure was soos volg:

- Drie koleoptiele is gebruik.
- Koleoptiel **A** se apikale knop is verwyder.
- Koleoptiel **B** se apikale knop is met 'n swart plastiekdeksel bedek.
- Koleoptiel **C** se apikale knop is met 'n deursigtige plastiekdeksel bedek.
- Al drie die koleoptiele (**A**, **B** en **C**) is daarna aan eensydige sonlig blootgestel.


Die diagram hieronder toon die resultate van die ondersoek.



- 2.5.1 Verduidelik die resultate wat verkry is, soos getoon deur koleoptiel:
- (a) **B** (3)
- (b) **C** (4)
- 2.5.2 Verduidelik waarom sytakke in koleoptiel **A** sal ontwikkel. (2)
(9)
[40]


VRAAG 3

3.1 Die diagram hieronder stel 'n neuron in 'n mens voor.



- 3.1.1 Identifiseer die tipe neuron wat in die diagram voorgestel word. (1)
- 3.1.2 Noem EEN funksie van deel **B**. (1)
- 3.1.3 Verduidelik die rol van deel **C** in die funksionering van die neuron. (2)
- 3.1.4 Verduidelik die gevolg vir 'n refleksaksie indien die neuron wat in die diagram getoon word, beskadig word. (2)
- (6)**

3.2 Die diagram hieronder illustreer hoe ligbreking in die menslike oog tot 'n visuele defek lei.



3.2.1 Identifiseer deel:

(a) **B** (1)

(b) **C** (1)

3.2.2 Noem die visuele defek wat in die diagram geïllustreer word. (1)

3.2.3 Beskryf die gevolge van die visuele defek in jou antwoord op VRAAG 3.2.2. (2)

3.2.4 Verduidelik die gevolge indien die ligstrale op deel **A** sou val. (3)

3.2.5 Verduidelik TWEE maniere waarop die lens struktureel geskik is om sy funksie te verrig. (4)
(12)

3.3 Lees die uittreksel oor GMO's hieronder.

Sommige vrugte word gewoonlik geoes wanneer hulle volwassenheid bereik en ondergaan dan vinnige rypwording tydens berging en vervoer. Ander kan slegs geoes word wanneer hulle heeltetal ryp is.

Boere pluk gewoonlik hulle produkte terwyl dit nog groen is. Vrugte wat egter voortydig (te vroeg) geoes word, is geneig om sleg te smaak en die kwaliteit daarvan neem af soos wat dit koel gehou en oor lang afstande vervoer word.

'n Strategie wat deesdae gebruik word, is om die vrugtebome geneties te manipuleer deur 'n geen by te voeg van 'n ander organisme wat die rypwordingsproses vertraag.

[Aangepas uit www.ncbe.reading.ac.uk]

- 3.3.1 Na aanleiding van die uittreksel, noem TWEE nadele vir boere indien hulle hul produkte te vroeg pluk. (2)
- 3.3.2 Verduidelik waarom die aanplant van die GM vrugtebome die volgende ekonomies sal bevoordeel:
- (a) Verbruiker (2)
- (b) Boer (2)
- 3.3.3 Noem TWEE faktore wat, as gevolg van klimaatsveranderinge, 'n negatiewe uitwerking op voedselsekerheid het. (2)
- (8)

3.4 Lees die uittreksel hieronder, wat inligting oor alkoholpetrol verskaf.

Petrol is 'n brandstof wat uit ruolie vervaardig word. Wanneer petrol in enjins verbrand word, stel dit besoedelende stowwe en kweekhuisgasse in die atmosfeer vry. Daar was sedert die vroeë 1970's 'n tekort aan ruolie, wat 'n 'oliekrisis' veroorsaak het.

Petrol stel 34,8 megajoule energie per liter vry.

Alkoholpetrol is 'n mengsel van 10% etanol en 90% petrol. Dit kan in die meeste motorenjins gebruik word sonder om enige veranderinge aan die enjin aan te bring. Dit stel 23,5 megajoule energie per liter vry. Alkoholpetrol word in verskeie lande gebruik. Die gebruik van alkoholpetrol kan koolstofmonoksiedvrystellings van 20% tot 30% verminder. Dit kan ook vrystelling van kweekhuisgasse met 'n beraamde 2% laat afneem in vergelyking met die gebruik van gewone petrol. Etanol verdamp maklik en kan sekere besoedelende stowwe in die atmosfeer in warmer weer laat toeneem.

Die etanol in alkoholpetrol word dikwels verkry deur suikerriet of mielies te fermenteer. Etanol wat van mielies gemaak word, is duur en energie-intensief om te vervaardig. Dit is ook belangrik dat die persentasie etanol korrek moet wees, want, indien dit te hoog is, kan dit rubberseëls en verf van voertuie beskadig.

[Aangepas uit www.wikipedia.org en www.encyclopedia.com]

- 3.4.1 Noem TWEE voordele daarvan om alkoholpetrol eerder as petrol te gebruik. (2)
- 3.4.2 Bereken die verskil in die energie (in megajoule) wat deur petrol in vergelyking met alkoholpetrol vrygestel word. Toon ALLE berekeninge. (2)
- 3.4.3 Verduidelik waarom die gebruik van alkoholpetrol as 'n oplossing vir die 'oliekrisis' beskou word. (2)
- 3.4.4 Verduidelik waarom dit beter is om alkoholpetrol in lande met kouer klimate te gebruik. (3)
- 3.4.5 Stel EEN rede voor waarom voedselprodukte soos suikerriet en mielies NIE gebruik moet word om brandstof te vervaardig NIE. (1)
(10)
- 3.5 Beskryf hoe termiese besoedeling die gehalte van water en biodiversiteit kan beïnvloed. (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Terwyl Paul in die bos stap, hoor hy 'n geluid wat hy dink die gebrul van 'n leeu is. Hy hardloop onmiddellik na veiligheid.

Beskryf hoe hy die geluid hoor en beskryf die rol van adrenalin om te verseker dat sy spiere in staat is om doeltreffend te funksioneer terwyl hy weghardloop.

Inhoud: (17)

Sintese: (3)

(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme, tabelle of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR
SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien wanneer die maksimum punte behaal is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf gegee word**
Sien net die eerste drie na ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings gegee word**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe gegee word**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **Indien geannoteerde diagramme gegee word as beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakels nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakels nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakel weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde by die regte volgorde van die vrae pas, maar die verkeerde nommer word gegee, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit nie buite konteks is nie.
13. **Indien gewone name in terminologie gegee word**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs die letter vereis word, maar slegs die naam gegee word (en andersom)**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van 'n antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte)**
'n Enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasionale wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Memorandums mag nie verander word nie. Die provinsiale interne moderator moet geraadpleeg word, wat met die nasionale interne moderator sal beraadslaag (en die Umalusi-moderatore, indien nodig).
20. **Amptelike memorandum**
Slegs memorandum wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B✓✓		
	1.1.2	B✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	B✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	C✓✓		
	1.1.8	B✓✓		
	1.1.9	B✓✓		
	1.1.10	B✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Interfase✓		
	1.2.2	Outonomiese✓/outonome senuweestelsel		
	1.2.3	Absisiensuur✓		
	1.2.4	Koolstof voetspoor✓		
	1.2.5	Sitokinese✓		
	1.2.6	Allantois✓		
	1.2.7	Endometrium✓		
	1.2.8	Fallopibus✓/ovidukt		(8)
1.3	1.3.1	Geen✓✓		(2)
	1.3.2	Slegs A✓✓/Slegs B		(2)
	1.3.3	Slegs A✓✓		(2)
				(6)
1.4	1.4.1	(a) Sentromeer✓		(1)
		(b) Sentirole✓		(1)
		(c) Chromatied✓/dogterchromosoom		(1)
	1.4.2	4 → 2 → 1 → 3✓✓		(2)
	1.4.3	4✓		(1)
				(6)
1.5	1.5.1	(a) Jellie✓/laag/zona pellucida		(1)
		(b) Selmembraan✓/plasmalemma/plasmamembraan		(1)
		(c) Sitoplasma✓/sitosol		(1)
		(d) Nukleus✓/selkern/kern		(1)
	1.5.2	(a) G✓ - Middelstuk✓/nek		
		OF		
		C✓ - Sitoplasma✓		(2)
		(b) E✓ - Akroosom✓		(2)
		(c) D✓ - Nukleus✓		(2)
				(10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- | | | | |
|-----|-------|--|--------------------|
| 2.1 | 2.1.1 | Seminale vesikels✓ | (1) |
| | 2.1.2 | A✓
B✓
D✓
(Sien slegs eerste TWEE na) | Enige (2) |
| | 2.1.3 | - Vrugbaarheid neem af✓
- omdat die temperatuur altyd hoog is✓
- Dit sal lei tot die vorming van abnormale sperms✓/minder sperms/proteïene in die selle wat die sperms vorm sal denatureer
OF
- Vrugbaarheid neem af✓
- omdat die druk verhoog✓/bloedsirkulasie verlaag
- Dit sal lei tot die vorming van abnormale sperms✓/minder sperms word gevorm | (3)
(6) |
| 2.2 | 2.2.1 | Pituitêre✓ klier/Hipofise | (1) |
| | 2.2.2 | - Hoë vlakke van LH✓
- stimuleer ovulasie✓ | (2) |
| | 2.2.3 | - Om hulle vrugbaarheidsperiode te monitor✓
- om swangerskap te voorkom✓/om die kans om swanger te raak te verhoog | (2) |
| | 2.2.4 | - Estrogeen✓
- vlakke styg✓ | (2) |
| | 2.2.5 | Tussen 16 en 18✓✓ | (2) |
| | 2.2.6 | - Progesteron styg✓ slegs
- na ovulasie✓
- Dit toon dat die vrugbaarheidsperiode alreeds verby is✓/
wanneer vrugbaarheid laag is | (3)
(12) |

- 2.3 2.3.1 - Liggaamstemperatuur styg✓
- Polstempo styg✓
OF
Beide styg✓✓ (2)
- 2.3.2 30✓ minute (1)
- 2.3.3 **Vasokonstriksie**
- Minder bloed bereik die oppervlak van die vel✓
- en minder hitte gaan verlore✓
OF
- Minder bloed bereik die sweetkliere✓
- en minder hitte gaan verlore✓ Enige 1 x 2
- Verhoging van metabolisme**
- 'n Toename in metabolisme veroorsaak 'n toename in respirasie✓
- wat meer hitte genereer✓ (4)
- 2.3.4 - Hoeveelheid van die energiedrankie✓
- Tydsduur wanneer gemeet word✓
- Hoeveelheid kafeïen in die energiedrankie✓
- Soort energiedrankie✓
- Die vlak van die aktiwiteit van al die deelnemers✓
- Geslag✓/slegs mans Enige (2)
(Sien slegs eerste TWEE na) (9)
- 2.4 - Die pankreas✓/Eilandjies van Langerhans word gestimuleer
- om glukagon✓ in die bloed te sekreter
- wat die lewer✓/spiere stimuleer
- om glikogeen na glukose✓ om te skakel
- Die glukosevlak in die bloed styg nou✓ en keer na normaal terug Enige (4)
- 2.5 2.5.1 (a) - Die loot groei regop✓
- Die punt van die loot ontvang geen lig nie✓
- Die ouksiene bly eweredig in die punt versprei✓
- Alle dele van die loot word eweveel gestimuleer om te groei✓ Enige (3)
- (b) - Die loot buig na die lig✓/stimulus/ toon positiewe fototropisme
- Omdat dit aan eensydige lig blootgetel word
- Die ouksiene in die punt beweeg weg van die lig af✓/na die skadu-/donkerkant/is aan die ligkant vernietig
- Die selle aan die skadukant word gestimuleer om te groei✓/verleng
- Groei in die selle aan die verligte kant word geïnhibeer✓ Enige (4)
- 2.5.2 - Omdat die apikale knop verwyder is word geen ouksiene in die stingelpunt geproduseer✓ nie
- gevolglik geen apikale dominansie✓/groei van die laterale knope/sytakke word nie ge-inhibeer nie (2)
(9)
[40]

VRAAG 3

- 3.1.1 Motoriese✓/multipolêr/efferente (1)
- 3.1.2 - Vervoer impulse weg van die selliggaam✓
- Vervoer impulse na die effektor✓
(Sien slegs eerste EEN na) Enige (1)
- 3.1.3 - Isoleer✓ die neuron
- Verorsaak die impulse vinniger gelei word✓/voorkom 'n kortsluiting (2)
- 3.1.4 - Daar geen reaksie✓ vir 'n spesifieke stimulus wees nie
- Senu-impulse sal nie na die effektor✓/spier/klier vervoer word nie (2)
(6)
- 3.2 3.2.1 (a) Lens✓ (1)
(b) Choroïed✓ (1)
- 3.2.2 Versiendheid✓/hipermetropia/hiperopia (1)
- 3.2.3 - Naby voorwerpe kan nie gesien word nie✓
- en die beeld is dof✓ (2)
- 3.2.4 - Geen beeld sal gevorm word nie✓/kan nie die voorwerp sien nie
- Besit geen reseptore✓
- Lig sal nie na impulse omgeskakel word nie✓ (3)
- 3.2.5 - Lens is elasties✓
kan daarom van vorm verander✓/konveksiteit/om
akkommodasie toe te laat
- Lens is deurskynend✓
om ligstrale toe te laat om deur te gaan✓
- Lens is bikonveks✓
- om lig te breek✓
(Sien slegs eerste TWEE na) (Enige 2 x 2) (4)
(12)
- 3.3 3.3.1 - Slegte smaak✓
- Swak gehalte✓ (2)
(Sien slegs eerste TWEE na)
- 3.3.2 (a)
- Meer vrugte sal beskikbaar wees✓/vir langer periodes/
langer rakkewe
- Wat dit goedkoper maak✓ (2)
- (b)
- Die boer sal meer vrugte verkoop✓/minder vrugte sal as
gevolg van verrotting vermors word/beter kwaliteit vrugte/
nie nodig om verkoel te word nie
- En gevolglik sal 'n groter wins gemaak word✓ (2)

- 3.3.3 - droogte✓
 - vloede✓
 - stygende seevlakke✓
 - hoë temperatuur✓
 - lae temperatuur✓
 - desertifikasie✓
 - brande✓
 - sterk winde✓
 - (Enige TWEE verskillende voorbeelde van ekstreme weer)
(Sien slegs eerste TWEE na) Enige (2)
(8)
- 3.4 3.4.1 - Dit kan die CO/koolstofmonoksied vrystellings verlaag✓ van 20% tot 30%
 - Dit kan die kweekhuysgasse verlaag✓ tot 2% in vergelyking Met gewone petrol
(Sien slegs eerste TWEE na) (2)
- 3.4.2 $34,8 - 23,5 = 11,3$ megajoule (2)
- 3.4.3 - Dit verminder die hoeveelheid ruolie✓ benodig om petrol te vervaardig✓
OF
 - Gasohol word vervaardig van suikerriet✓/ mielies wat vrylik beskikbaar is✓ Enige 1 x 2 (2)
- 3.4.4 - By koeler klimaatsomstandighede sal etanol stadiger verdamp✓
 - Minder brandstof gaan verlore✓
 - Minder besoedeling word in die atmosfeer vrygestel✓ (3)
- 3.4.5 - Daar sal minder voedsel beskikbaar wees✓ vir mense om te eet/verlaag voedselsekerheid
 - Mielies en suikerriet sal in aanvraag wees✓/pryse sal styg
 - Is energie intensief om te vervaardig✓
 - Gasohol is duur✓ (1)
(Sien slegs eerste EEN na) (10)
- 3.5 Waterkwaliteit
- Veroorsaak dat daar minder suurstof✓/meer koolstofdoksied/ algbloei /eutrofikasie/meer bakterieë/afsterwe en ontbinding van organismes
 - Wat die kwaliteit van die water laat afneem✓
- Biodiversiteit
- Organismes sterf✓
 - en daarom sal biodiversiteit afneem✓ (4)
- [40]**

AFDELING C**VRAAG 4****Gehoor**

- Pinna vang die klankgolwe op✓ / gelei
- dit na die gehoorgang✓/meatus
- Dit veroorsaak dat die trommelvlies vibreer✓
- Die vibrasie word na die gehoorbeentjies oorgedra✓/noem al 3
- Die gehoorbeentjies versterk die vibrasies✓
- en dra dit oor na die ovale venster✓
- Die ovale venster vibreer✓
- wat golfbewegings opwek✓
- in die vloeistof/endolimf van die koglea✓
- wat die Orgaan van Corti stimuleer✓
- om prikkels om te skakel na senuwee-impulse✓
- Hierdie impulse word na die gehoorsenuwee✓ vervoer
- na die serebrum✓ waar dit geïnterpreteer word as 'n leeu wat brul

Maks 10

Rol van Adrenaliën

- Meer adrenaliën is gesekreter✓
- Adrenaliën verhoog die spier-tonus✓
- En veroorsaak dat die lewer meer glikogeen na glukose✓ omskakel
- Die hartklooptempo neem toe✓
- sodat die spiere meer glukose kan kry✓
- en suurstof✓
- wat vir sellulêre respirasie benodig word✓
- om energie✓ te voorsien /vir die spiere om doeltreffend saam te trek✓
- Die asemhalingstempo verhoog✓
- en die diepte van asemhaling neem toe✓
- om koolstofdiksied van die spiere vinniger uit te asem✓
- en suurstof vinniger in te asem✓
- Bloedvate na spysverteringstelsel vernou✓/vel
- en bloedvate na belangrike organe/brein/spiere verwyd✓
- wat meer bloed aan belangrike organe/brein/spiere laat vloei✓

Maks 7 (17)
Inhoud: (3)
Sintese: (20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Relevansie	Logiese volgorde	Volledigheid
Alle inligting wat gegee is, is relevant vir die vraag	Idee is in 'n logiese/oorsaak-gevolg-volgorde gegee	Beantwoord alle aspekte vereis deur die opstel
Al die inligting wat gegee is, is relevant aan gehoor en hoe adrenaliën verseker dat die spiere doeltreffend funksioneer	Al die inligting oor gehoor en hoe adrenaliën verseker dat die spiere doeltreffend funksioneer is op 'n logiese wyse gerangskik.	Die volgende punte moet ten minste vir elk van die volgende behaal word: - Gehoor (7/10) - Hoe adrenaliën verseker dat die spiere doeltreffend funksioneer (4/7)
Daar is geen irrelevante inligting		
1 punt	1 punt	1 punt

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2016

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme of tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.9) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A tot D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.1.10

A

B

C

D

- 1.1.1 Die teorie van evolusie deur natuurlike seleksie is eerste deur ... beskryf.

- A Gregor Mendel
- B Watson en Crick
- C Jean Baptiste de Lamarck
- D Charles Darwin


- 1.1.2 Wanneer 'n individu wat homosigoties dominant vir 'n bepaalde eienskap is, gekruis word met 'n individu wat homosigoties resessief vir die eienskap is, sal die nageslag almal ... wees.

- A homosigoties dominant
- B homosigoties resessief
- C heterosigoties
- D opreg geteel

- 1.1.3 Die afwesigheid van die proteïene melanien lei tot die toestand genaamd ...


- A hemofilie.
- B kleurblindheid.
- C albinisme.
- D Down-sindroom.

- 1.1.4 Die kolibrie gebruik sy lang snawel om die nektar in blomme as voedsel te benut. Die rede wat Lamarck vir die lang snawel van die kolibrie sou aangevoer het, is dat ...



- A alle kolibries se snawels ewe lank is.
- B daar 'n natuurlike variasie in die snawellengte is en dat sommige kolibries gevolglik meer geskik is om nektar as voedsel te benut.
- C hoe meer die kolibrie sy snawel gebruik het, hoe langer het dit geword.
- D kolibries met korter snawels beter toegerus was om te oorleef.

VRAAG 1.1.5 TOT 1.1.7 IS OP DIE DIAGRAM HIERONDER GEBASEER. DIT TOON DIE RESULTATE VAN 'N BEPAALDE PROSEDURE.



1.1.5 Die prosedure wat hierbo getoon word, word ... genoem.

- A kloning
- B DNS/DNA-replisering
- C DNS/DNA-profilering
- D vingerafdrukke neem

1.1.6 Die bewyse in die diagram toon dat ...

- A slegs Tom op die misdaadtoneel teenwoordig was.
- B Tom en Joe op die misdaadtoneel teenwoordig was.
- C slegs Mo op die misdaadtoneel teenwoordig was.
- D nie een van die drie persone op die misdaadtoneel teenwoordig was nie.


1.1.7 Hieronder volg 'n lys van moontlike gebruike van die prosedure wat in die diagram hierbo getoon word:

- (i) Vaderskaptoetse
- (ii) Pas van weefsels vir orgaanoorplantings
- (iii) Identifikasie met behulp van vingerafdrukke
- (iv) Sifting vir genetiese siektes

Watter kombinasie toon die KORREKTE gebruike van die prosedure?

- A (i), (ii), (iii) en (iv)
- B Slegs (i), (ii) en (iv)
- C Slegs (i), (ii) en (iii)
- D Slegs (i) en (iv)

VRAAG 1.1.8 EN 1.1.9 IS OP DIE GRAFIEK HIERONDER GEBASEER. DIT TOON DIE VERGELYKING VAN DNS/DNA TUSSEN SPESIE A EN SPESIE B, C, D EN E.



1.1.8 Watter stelling is 'n geldige gevolgtrekking wat uit hierdie grafiek gemaak kan word?

Spesie **A** is die naaste verwant aan ...

- A spesie **B**.
- B spesie **C**.
- C spesie **D**.
- D spesie **E**.

1.1.9 Die persentasie ooreenkomste tussen die DNS/DNA van spesies kan moontlik gebruik word om die volgende te toon:

- (i) Ooreenkomste in proteïensintese
- (ii) Bewys vir evolusie
- (iii) Gemeenskaplike voorouers

Watter kombinasie toon die KORREKTE toepassing van die gebruik van die ooreenkomste in die DNS/DNA van spesies?

- A (i), (ii) en (iii)
- B Slegs (i) en (ii)
- C Slegs (ii) en (iii)
- D Slegs (i) en (iii)


(9 x 2) **(18)**

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK.
- 1.2.1 Die organel in die sitoplasma waar proteïensintese plaasvind
- 1.2.2 Die naam van die binding wat tussen aminosure in 'n proteïenmolekule gevorm word
- 1.2.3 Die proses waardeur 'n DNS/DNA-molekule identiese afdrucke van homself maak
- 1.2.4 Die naam van die proses wat plaasvind wanneer homologe chromosoompare nie tydens meiose skei nie
- 1.2.5 Die permanente verdwyning van 'n spesie van die aarde af
- 1.2.6 'n Toetsbare stelling wat aanvaar of verwerp kan word
- 1.2.7 Die tipe nukleïensuur wat 'n spesifieke aminosuur dra (7 x 1) **(7)**
- 1.3 Dui aan of elk van die beskrywings in KOLOM I op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II van toepassing is nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Die seleksie en teling van organismes met gewenste eienskappe deur mense	A:	Natuurlike seleksie
		B:	Kunsmatige seleksie
1.3.2	'n Alleel wat nie in die fenotipe getoon/uitgedruk word wanneer dit in die heterosigotiese toestand voorkom nie	A:	Dominant
		B:	Resessief
1.3.3	Paring van stikstofbasiere	A:	DNS/DNA
		B:	RNS/RNA

(3 x 2) **(6)**

1.4 Die diagram hieronder toon 'n gedeelte van 'n DNS/DNA-molekule.




1.4.1 Benoem die volgende:

- (a) **1** (1)
- (b) **2** (1)
- (c) **3** (1)

1.4.2 Gee die getal nukleotide wat in die diagram getoon word. (1)

1.4.3 Gee EEN verskil tussen die stikstofbassis wat in DNS/DNA-molekules voorkom en dié wat in RNS/RNA-molekules voorkom. (2)
(6)

1.5 Die diagram hieronder stel 'n proses voor wat tydens meiose plaasvind.



1.5.1 Benoem die volgende:

- (a) **A** (1)
- (b) **B** (1)
- (c) **D** (1)


1.5.2 Gee die funksie van die struktuur gemerk **B**. (1)

1.5.3 Noem:

- (a) Die proses wat by **C** plaasvind (1)
- (b) Die fase in meiose waartydens die proses by **C** plaasvind (1)

1.5.4 Gee EEN rede waarom proses **C** belangrik is. (1)
(7)

1.6 Die diagram hieronder stel die moontlike evolusie van die perd voor.



[Aangepas uit <http://archaeologyinfo.com>]

- 1.6.1 Noem die:
 - (a) Gemeenskaplike voorouer van alle perde (1)
 - (b) Genus wat die naaste aan *Megahippus* verwant is (1)
- 1.6.2 Wanneer het *Paleotherium* uitgesterf? (2)
- 1.6.3 Hoe lank het dit die moderne perd geneem om uit *Hyracotherium* te ontwikkel? (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Die kleur van 'n plant se blare word deur twee allele beheer, groen (**G**) en geel (**g**). Die dorings aan die stingel van die plant word deur twee allele, teenwoordigheid van dorings (**T**) en geen dorings nie (**t**), beheer.

Twee plante met die genotipes **GGTT** en **ggtt** is met mekaar gekruis. Hulle nakomelinge is daarna toegelaat om mekaar te bestuif.

Die tabel hieronder toon die moontlike genotipes van die nakomelinge van die tweede generasie. Genotipes **(i)** en **(ii)** is weggelaat.

Gamete	GT	Gt	gT	gt
GT	GGTT	GGTt	GgTT	GgTt
Gt	GGTt	GGtt	(i) ...	Ggtt
gT	GgTT	GgTt	ggTT	ggTt
gt	GgTt	Ggtt	ggTt	(ii) ...


- 2.1.1 Gee die:

- (a) Genotipe van **(i)** (1)
- (b) Fenotipe van **(ii)** (2)

- 2.1.2 Noem die VIER genotipes van die nakomelinge van die tweede generasie wat fenotipes van die oorspronklike ouerpaar sal verskil. (4)
(7)

2.2 Die diagram hieronder stel 'n fase in meiose voor.

Sel 1 ondergaan verdeling en lei tot sel 2 en 3. Enkele allele word met letters aangedui.



2.2.1 Verduidelik waarom sel 1 NIE 'n menslike sel is NIE. (2)

2.2.2 Hoeveel chromosome sal daar teenwoordig wees in:

(a) Sel 2 aan die einde van telofase I (1)


(b) Die dogterselle wat na meiose II deur sel 3 geproduseer word (1)

2.2.3 Teken 'n benoemde diagram van 'n gameet wat as gevolg van sel 2 sal ontstaan. (5)
(9)

2.3 Stel Mendel se wet van segregasie. (3)

2.4 Huntington se chorea is 'n siekte veroorsaak deur 'n geenmutasie, wat tot die degenerasie van breinweefsel lei. Dit word deur 'n dominante alleel (H) veroorsaak.


Die stamboomdiagram hieronder toon hoe hierdie siekte in 'n familie oorgeërf word.



- 2.4.1 Wat is:
- (a) Susan se fenotipe (1)
 - (b) Sarah se genotipe (1)
- 2.4.2 Emma beplan om 'n baba te kry. Wat moet die pa se genotipe wees sodat daar 'n 50%-kans sal wees dat hulle kind nie Huntington se chorea sal hê nie? (1)
- 2.4.3 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.4.2. (3)
- (6)**

2.5 Die mutasie wat Huntington se chorea veroorsaak, vind plaas wanneer die **CAG**-basisdrietal op die DNS/DNA-molekule meer as **35** keer herhaal word. Hierdie mutasie lei tot die vorming van 'n 'Huntington-proteïen', wat die degenerasie van neurone in die brein veroorsaak.

Die diagram hieronder toon die proses waardeur 'n bRNS/mRNA-molekule uit die DNS/DNA-molekule gevorm word.



[Aangepas uit www.shutterstock.com]

- 2.5.1 Noem die proses wat in die diagram voorgestel word. (1)
- 2.5.2 Waar vind hierdie proses in die sel plaas? (1)
- 2.5.3 Gee die:
 - (a) Komplementêre basisse op DNS/DNA-string **2** vir 'n **CAG**-drietal (1)
 - (b) Volgorde van basisse by **X** (1)

Die tabel hieronder toon die aminosure wat deur bRNS/mRNA-kodons gekodeer is.

bRNS/mRNA-KODON	AMINOSUUR
UAC	Tirosien
AUG	Metionien
CAG	Glutamien
GUC	Valien

- 2.5.4 Watter aminosuur sal meer as 35 keer in 'n 'Huntington-proteïen' voorkom? (2)
 - 2.5.5 Verduidelik hoe 'n mutasie tot die vorming van 'n verskillende proteïen aanleiding gee. (3)
- (9)**

2.6 Jy het twee roosbome, beide met pienk blomme. Jy kruis hulle en vind dat, hoewel die meeste van die nakomelinge pienk is, party rooi en ander wit is.

Gebruik 'n genetiese kruising om aan te toon hoe die kruising van twee plante met pienk blomme kan lei tot plante wat pienk, rooi en wit blomme dra.

Gebruik die letter **R** vir die rooi alleel en **W** vir die wit alleel.

(6)
[40]

VRAAG 3

3.1 Lees die leesstuk hieronder.

GENETIESE MODIFISERING VAN GEWASSE

Genetiese modifisering (GM) van gewasse het begin met die ontdekking dat die grondbakterie *Agrobacterium* gebruik kan word om nuttige gene van onverwante spesies na plante oor te dra.

Die geen, genaamd **Bt**, wat 'n plaagdodende toksien produseer wat vir mense onskadelik is, maar in staat is om insekplae te dood, is een van die gene wat die algemeenste in gewasplante ingeplaas word. Baie nuwe GM gewasse, soos mielies, aartappels en tamaties, word gemodifiseer om teen plae, siektes en onkruidodders weerstandig te wees.

GM voedsels kan onvoorsiene gevolge hê. Toksiese proteïene kan geproduseer word of gene wat teen antibiotika weerstandig is, kan na die bakterieë in die mens se spysverteringskanaal oorgedra word. Gemodifiseerde gewasse kan moontlik 'super-onkruid' word wat teen onkruidodders weerstandig is. Gemodifiseerde gewasse kan ook 'per ongeluk' met wilde plante of ander gewasse teel.

[Aangepas uit 'GM Organisms' www.newscientist.com]

- 3.1.1 Hoe, volgens die leesstuk, het die genetiese modifisering van gewasse begin? (1)
- 3.1.2 Verduidelik waarom 'n plant wat gemodifiseer is om teen onkruidodders weerstandig te wees, 'n probleem vir boere kan skep. (2)
- 3.1.3 Gee TWEE voorbeelde in die leesstuk van die gebruik van GM gewasse wat 'n moontlike bedreiging vir menslike gesondheid kan inhou. (2)
(5)

- 3.2 'n Sekere spesie akkedis op 'n eiland is gewoonlik bruin van kleur. 'n Mutasie in een geen vir liggaamskleur het rooi of swart akkedisse tot gevolg. Swart akkedisse is goed gekamoeft teen die donker rotse en word gouer warm op koue dae, wat aan hulle die energie sal verskaf om roofdiere te ontwyk.

Wetenskaplikes het ondersoek ingestel na die verwantskap tussen die kleur van die akkedisse in 'n bevolking en hulle oorlewingskoers op 'n eiland.

Hulle het die ondersoek soos volg uitgevoer:

- Hulle het 'n groep akkedisse van 'n bepaalde spesie in 'n habitat geselekteer.
- Hulle het die persentasie van elke kleur (bruin, rooi of swart) in die geselekteerde groep aangeteken.
- Hulle het die ondersoek oor 'n tydperk van 30 generasies van nakomelinge herhaal.


Die resultate van die ondersoek word in die tabel hieronder getoon.

KLEUR VAN AKKEDISSE	PERSENTASIE (%) VAN ELKE KLEUR IN DIE BEVOLKING			
	Aanvanklike bevolking	10 ^{de} generasie	20 ^{ste} generasie	30 ^{ste} generasie
BRUIN	80	80	70	40
ROOI	10	0	0	0
SWART	10	20	30	60

[Aangepas uit <http://.hhmi.org/biolactive>]

- 3.2.1 Noem die:
- (a) Onafhanklike veranderlike (1)
- (b) Afhanklike veranderlike (1)
- 3.2.2 Verduidelik die uitwerking van die mutasie op die oorlewing van die rooi akkedisse. (2)
- 3.2.3 Verduidelik waarom die wetenskaplikes die ondersoek oor 30 generasies moes uitvoer. (2)
- 3.2.4 Noem TWEE maniere waarop die wetenskaplikes hierdie geldigheid van die ondersoek kon verhoog het. (2)
- 3.2.5 Gebruik die teorie van natuurlike seleksie om die groter persentasie swart akkedisse in die bevolking van die 30^{ste} generasie te verklaar. (6)
- 3.2.6 Teken 'n staafgrafiek om die persentasie van die bruin en die swart akkedisse in die aanvanklike bevolking met dié in die 30^{ste} generasie te vergelyk. (6)
- (20)**

3.3 Die diagram hieronder toon die verspreiding van lede van die kameelfamilie op die verskillende kontinente. Die pyltjies dui die huidige verspreiding van die diere aan.



[Aangepas uit <http://www.ck12.org>]

Verduidelik hoe spesievorming van kamele moontlik kon plaasgevind het. (6)

3.4 Die mens se bloedgroepe word deur veelvoudige allele beheer.

3.4.1 Noem AL die allele wat menslike bloedgroepe beheer. (3)

3.4.2 Hoeveel van die allele wat in VRAAG 3.4.1 genoem is, kan enige individu oorerf? (1)

3.4.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.4.2. (2)

3.4.4 'n Man se bloedgroep is **A** en sy vrou se bloedgroep is **B**. Hulle eerste kind se bloedgroep is **AB** en die tweede kind se bloedgroep is **O**.

Watter gevolgtrekking kan gemaak word oor die bloedgroepe van hulle toekomstige kinders? (3)

(9)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Fossiele van die tweevoetige primate *Ardipithecus*, *Australopithecus* en vroeë *Homo*-spesies word gebruik om die 'Uit Afrika'-hipotese te ondersteun.

Stel die 'Uit Afrika'-hipotese. Beskryf die bewyse wat die 'Uit Afrika'-hipotese ondersteun en die bewyse wat toon dat die drie primate-genera hierbo genoem, almal tweevoetig was.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal vir antwoorde in die vorm van tabelle, vloeddiagramme of diagramme toegeken word NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op nasien wanneer die maksimum punte behaal is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf gegee word**
Sien net die eerste drie na ongeag of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings gegee word**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe gegee word**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **Indien geannoteerde diagramme gegee word as beskrywings vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag is en skakels nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde en skakelings weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde by die regte volgorde van die vrae pas, maar die verkeerde nommer word gegee, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word, die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit nie buite konteks is nie.
13. **Indien gewone name in terminologie gegee word**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs die letter vereis word, maar slegs die naam gegee word (en andersom)**
Geen krediet nie.

15. **As eenhede nie in mate aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van 'n antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Meng van amptelike tale (terme/konsepte)**
'n Enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Memorandums mag nie verander word nie. Die provinsiale interne moderator moet geraadpleeg word, wat met die nasionale interne moderator sal beraadslaag (en die Umalusi-moderatore, indien nodig).
20. **Amptelike memorandums**
Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die Umalusi-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D✓✓		
	1.1.2	C✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	C✓✓		
	1.1.5	C✓✓		
	1.1.6	Geen korrekte antwoord		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	A✓✓	(8 x 2)	(16)
1.2	1.2.1	Ribosoom✓		
	1.2.2	Peptied✓		
	1.2.3	Replisering✓		
	1.2.4	Nie-verdeling✓/Nie-skeiding /Nie- disjunksie		
	1.2.5	Uitwissing✓/Uitsterwing		
	1.2.6	Hipotese✓		
	1.2.7	tRNA✓/oRNS/oordrag-RNS	(7 x 1)	(7)
1.3	1.3.1	Slegs B✓✓		
	1.3.2	Slegs B✓✓		
	1.3.3	Slegs A✓✓	(3 x 2)	(6)
1.4	1.4.1	(a) Adenien ✓/A		(1)
		(b) Deoksiribose✓suiker		(1)
		(c) Waterstofbinding✓		(1)
	1.4.2	10✓		(1)
	1.4.3	- DNS het die stikstofbasis timien✓ waar RNS die stikstofbasis urasiel het✓ (Sien slegs eerste EEN na)		(2) (6)
1.5	1.5.1	(a) Homoloë chromosome✓/Bivalent		(1)
		(b) Sentromeer✓		(1)
		(c) Chromatied✓		(1)
	1.5.2	- Dit hou die (twee) chromatiede✓ bymekaar - Heg chromosoom aan spoeldraad✓	Enige	(1)
	1.5.3	(a) Oorkruising✓		(1)
		(b) Profase 1✓		(1)
	1.5.4	- Bring variasie mee✓/verskillende gamete		(1) (7)

1.6	1.6.1	(a) <i>Hyracotherium</i> ✓	(1)
		(b) <i>Sinohippus</i> ✓	(1)
	1.6.2	44 ✓mjpg✓ (44 – 44,5)	(2)
	1.6.3	55✓/50 /46 miljoen jaar✓/mj	(2) (6)
TOTAAL AFDELING A:			48

VRAAG 2

2.1 2.1.1 (a) GgTt✓ (1)

(b) Geel✓ blare geen dorings✓ (2)


2.1.2 GGtt✓
Ggtt✓
ggTT✓
ggTt✓
(Sien slegs eerste VIER na) (4)
(7)

2.2 2.2.1 Menslike somatiese selle het 23 paar✓/46 chromosome en hierdie sel het slegs 2 paar✓/4 chromosome (2)

2.2.2 (a) 2✓ (1)

(b) 2✓ (1)

2.2.3



Kriteria om diagram na te sien


Enkel sel is geteken	1
Slegs 2 ongerepliseerde chromosome in diagram	1
Kort ongerepliseerde chromosome wat T aandui	1
Lang ongerepliseerde chromosome wat R aandui	1
Enige EEN korrekte byskrif	1

(5)
(9)

2.3 - Die alleelpaar✓ op homoloë chromosome skei
- tydens meiose✓/anafase /gameetvorming, sodat
- slegs een alleel van elke paar teenwoordig is in die gameet✓/
nakomelinge kan een alleel by elke ouer verkry (3)

2.4	2.4.1	(a) Ly aan Huntington ✓ se chorea	(1)
		(b) hh✓	(1)
	2.4.2	hh✓	(1)
	2.4.3	- Emma se genotipe is Hh✓/heterosigoties - Die vader se genotipe moet hh ✓/homosigoties resessief wees - 'n Kruising tussen slegs die twee genotipes✓ /(Hh x hh) sal verseker dat daar 'n 50% kans is dat die kind nie die siekte erf nie - Die kind erf een ressesiewe alleel van elke ouer ✓	(3) (6)
	2.5.1	Transkripsie✓	(1)
	2.5.2	Kern/Nukleus✓/kernplasma/nukleoplasma	(1)
	2.5.3	(a) GTC✓	(1)
		(b) UAC✓	(1)
	2.5.4	Valien✓✓	(2)
	2.5.5	- 'n Mutasie affekteer die nukleotiedvolgorde ✓/ stikstofbasisvolgorde/ geenstruktuur - Dit lei tot 'n veranderde mRNA (boodskapper-RNS)✓/kodon - 'n Verskillende aminosuur✓ kan voor gekodeer word - deur tRNA ✓/oRNS/ antikodon	Enige 3 (3) (9)

2.6 2.6.1



P₁ en F₁ ✓
Meiose en bevrugting ✓

Enige 6

OF



Meiose

Bevrugting

Gamete	R	W
R	RR	RW
W	RW	WW

1 punt vir korrekte gamete
1 punt vir korrekte genotipes

F₁ Fenotipe Rooi : Pienk : Wit ✓

P₁ en F₁ ✓
Meiose en bevrugting ✓



Enige 6

(6)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 Met die ontdekking dat die grondbakterie *Agrobacterium* gebruik kan word om nuttige gene van onverwante spesies na plante oor te dra✓ (1)
- 3.1.2 - Gemodifiseerde gewasse kan 'super-onkruid' word✓/ per ongeluk inteel met ander plante (1)
- Dit is moeilik/duur om hulle te vernietig✓
- En hulle kan die oorspronklike gewas uitkompeteer✓/ander gewasse Enige (2)
- 3.1.3 - Toksiese proteïene kan geproduseer✓ word (2)
- Antibiotika-weerstandige gene kan na die bakterieë in die mens se spysverteringskanaal oorgedra word✓ (2)
- Sien slegs die eerste TWEE na) (5)**
- 3.2 3.2.1 (a) kleur van akkedis✓ (1)
- (b) oorlewingtempo van die akkedisse✓ (1)
- 3.2.2 - Dit verminder die oorlewing ✓/akkedissee kan sterf/ skadelik/dodelik vir die rooi akkedisse (1)
- Omdat hulle op die swart rots deur die predatore gesien word✓
- OF**
- Hulle kan nie die predatore ontvlug nie✓/ prooi vang op koue dae nie (2)
- omdat rooi akkedisse nie vinnig warm word op koue dae nie✓
- 3.2.3 - Laat genoeg tyd toe vir voortplanting✓ en oorlewing sodat (1)
- die persentasie bereken kan word om die betroubaarheid✓ van die resultate te verseker
- OF**
- 'n Verandering in bevolkingsamestelling/verhouding kan nie in 'n korter tydperk gesien word ✓ om die betroubaarheid✓ van die resultate te verseker nie Enige 1 x 2 (2)
- 3.2.4 - Die ondersoek is in dieselfde habitat✓ /omgewing gedoen (1)
- Dieselfde monsternemingstegniek✓ is gebruik
- Dieselfde getal akkedisse is in elke generasie monster ✓gevang
- Neem die monster op dieselfde tyd van die dag✓
- /weersomstandighede Enige 2 (2)
- (Sien slegs die eerste TWEE na)**
- 3.2.5 - Daar is variasie✓ in kleur onder die akkedisse (1)
- ***Rooi en bruin akkedisse✓**
- ***is nie gekamoefleer nie✓/of kan nie vinnig genoeg opwarm** om energie te kry om weg te hardloop nie
- word deur predatore doodgemaak✓
- ***Die swart akkedisse ✓**
- ***is beter gekamoefleer✓/word vinniger warm en het energie om predatore te vermy**
- hulle oorleef✓/plant voort
- Die alleel vir swart kleur word oorgedra na die volgende generasie✓
- om meer swart akkedisse✓ in die volgende generasie voort te bring Enige 2 + *4 verpligte punt (6)

3.2.6



Riglyne vir die assessering van die grafiek

Staafigrafiek vir die data gevra	1
Titel van grafiek	1
Korrekte byskrif en skaal vir x-as	1
Korrekte byskrif en skaal vir y-as	1
Teken van stawe	1: 1 tot 3 stawe korrek gestip 2: Al 4 stawe korrek gestip

(6)

LET WEL:

Indien die verkeerde tipe grafiek geteken is, sal punte vir die volgende verbeur word:

- 'Staafigrafiek'
- 'Teken van stawe'

As twee grafieke geteken is merk slegs eerste EEN

(20)

- 3.3
- Die gemeenskaplike voorouer✓/oorspronklike bevolking
 - is in verskillende bevolkings verdeel✓
 - ***deur die see✓/toe kontinentale verskuiwing plaasgevind het**
 - Daar was geen geenvloei✓ tussen die bevolkings nie
 - Elke bevolking is aan verskillende omgewingstoestande blootgestel✓/seleksiedruk
 - Natuurlike seleksie het onafhanklik✓ in elke bevolking plaasgevind
 - Die individue van elke bevolking het mettertyd van mekaar begin verskil✓
 - genotipies en fenotipies✓
 - Selfs al sou die drie bevolkings weer meng✓
 - sou hulle nie met mekaar kan inteel nie✓
- Enige 5 + *1 verpligte punt (6)
- 3.4
- 3.4.1 I^A ✓, I^B ✓, i ✓ (3)
- 3.4.2 2✓ (1)
- 3.4.3
- Enige individu erf een alleel✓
 - van elke ouer✓ (2)
- 3.4.4
- Elke kind✓
 - het 'n gelyke✓ /25% kans om
 - enige bloedgroep✓ /A, B, AB, of O te hê. (3)
- (9)**
[40]

AFDELING C

VRAAG 4

HIPOTESE

- Alle moderne✓* mense/ *Homo sapiens*
 - ontstaan in Afrika✓*
 - en migreer na ander dele✓ van die wêreld
- 2(*verplichtend) +1 (3)**

FOSSIELBEWYSE✓

- Die fossiele van *Ardipithecus is gevind SLEGS in Afrika✓/Skeurvallei, Ethiopië en Suid-Afrika*
 - Die fossiele van *Australopithecus is SLEGS gevind in Afrika✓ Skeurvallei, Ethiopië en Suid-Afrika*
 - Die fossiele van *Homo habilis ✓ is SLEGS in Afrika gevind*
 - Die **OUDSTE** fossiele van *Homo erectus ✓ is in Afrika gevind*
 - Die **OUDSTE** fossiele van *Homo sapiens- ✓ is in Afrika gevind*
- Maks (4)

GENETIESE BEWYSE✓

- Mitochondriale DNA✓
 - Word ge-erf van die vroulike lyn✓
 - Ontleding van mutasies ✓ op die mitochondriale DNA
 - toon dat die oudste vroulike voorouer in Afrika geleë is✓
 - en dat alle mense van haar afstam✓/mitochondriale Eva
 - Die Y chromosoom toon die manlike voorouers✓
- Maks (4)

KULTURELE BEWYSE✓

- Die **OUDSTE**/ primitiefste artefakte/voorbeelde van artefakte (gereedskap, eetgerei, kuns ens.) is in Afrika gevind✓
- (2) (2)
- TOTAAL VIR BEWYSE (8)**

BIPEDALISME/TWEEVOETIGHEID

Die fossiele van al drie genera dui aan dat:

- Die foramen magnum ✓
 - in 'n meer voorwaartse posisie geleë is✓
 - Die pelvis✓
 - breër en korter is✓
 - Die ruggraat✓
 - S-vormig is✓
- Enige 6 (6)
Inhoud (17)
Sintese (3)
(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Kriterium	Toepaslikheid (R)	Logiese volgorde (L)	Volledigheid(C)
Algemeen	Alle inligting verskaf, is relevant tot die vraag.	Idee is in 'n logiese volgorde gegee.	Beantwoord alle aspekte vereis deur die opstel.
In hierdie opstel	Slegs inligting van toepassing op die 'Uit Afrika'-hipotese en bipedale fossiele van die drie genera is beskryf. Geen irrelevante inligting	Die beskrywing van die bewyse vir die 'Uit Afrika'-hipotese en die bewyse vir bipedalisme is aangebied op 'n logiese wyse en dis in volgorde.	Ten minste die volgende punte moet gekry word vir : - 7 /11 vir korrekte bewyse vir 'Uit Afrika'-hipotese en - 4/6 korrekte bewyse vir bipedalisme.
Punt	1	1	1

**TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2014

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. ALLE sketse moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme en tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken nie.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik nie.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 Die deel van die brein wat impulse vanaf die retina van die oog interpreteer, is die ...
- A serebrum.
 - B serebellum.
 - C medulla oblongata.
 - D corpus callosum.
- 1.1.2 Watter EEN van die volgende hormone is verantwoordelik vir die ontwikkeling van sekondêre manlike kenmerke?
- A FSH
 - B Testosteron
 - C Estrogeen
 - D Progesteron
- 1.1.3 Die getal chromosome wat in 'n menslike spermsel aangetref word, is ...
- A 23.
 - B 22.
 - C 46.
 - D 47.
- 1.1.4 'n Pasiënt ly aan 'n onderafskeiding van ADH. Dit sal lei tot ...
- A 'n hoë konsentrasie natrium in die urien.
 - B die aanwesigheid van glukose in die urien.
 - C 'n afname in dors.
 - D die vorming van groot volumes urien.
- 1.1.5 Beskadiging van die dendriete van 'n motoriese neuron in 'n refleksboog sal waarskynlik voorkom dat ...
- A 'n reseptor 'n prikkel/stimulus waarneem.
 - B daar sinaptiese kontak met 'n sensoriese neuron is.
 - C 'n impuls na 'n effektororgaan oorgedra word.
 - D 'n impuls na die rugmurg oorgedra word.

- 1.1.6 Die deel van die brein wat asemhaling reguleer, is die ...
- A medulla oblongata.
 - B serebrum.
 - C corpus callosum.
 - D serebellum.
- 1.1.7 Dreineringsbuisies kan gebruik word vir die behandeling van ...
- A astigmatisme.
 - B katarakte.
 - C middelloorinfeksies.
 - D versindheid.
- 1.1.8 Watter EEN van die volgende is 'n reaksie van die menslike liggaam wanneer adrenalien vrygestel word?
- A Verlaagde opname van suurstof
 - B Verhoogde bloedvloei na die ingewande
 - C Verlaagde bloedvloei na die spiere en hart
 - D Verhoogde omsetting van glikogeen na glukose
- 1.1.9 Tydens gameetvorming in vroue, vorm elke diploïede sel ...
- A vier diploïede gamete.
 - B een diploïede gameet.
 - C een haploïede gameet.
 - D twee haploïede gamete.
- 1.1.10 Oorkruising en ewekansige rangskikking van chromosome vind onderskeidelik plaas tydens ...
- A profase II en metafase II.
 - B profase I en metafase I.
 - C profase II en anafase II.
 - D profase I en anafase I.
- (10 x 2) **(20)**

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die membrane wat die sentrale senuweestelsel beskerm
- 1.2.2 'n Plantgroeihormoon wat saadontkieming stimuleer
- 1.2.3 Die senuweestelsel wat uit kraniale (kop-) en rugmurgsenuwees bestaan
- 1.2.4 'n Gedeelte van die outonome senuweestelsel wat die hartklop terug na normaal laat daal
- 1.2.5 Die heel buitenste ekstra-embriëniese membraan wat die embrio omring
- 1.2.6 Die hormoon wat die soutkonsentrasie in die menslike liggaam beheer
- 1.2.7 Die bloedvat in die naelstring wat bloed wat ryk aan suurstof en voedingstowwe is, vervoer
- 1.2.8 Die hormoon wat geïnhibeer word as die tiroksienvlak styg
- 1.2.9 Die ontwikkelingstydperk van 'n embrio in die uterus, tussen bevrugting en geboorte
- 1.2.10 Die struktuur in die kop van 'n spermsel wat ensieme bevat wat die membraan wat die ovum omring, afbreek (10 x 1) **(10)**


1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I	KOLOM II
1.3.1 Embrio word gevoed uit die dooier wat in die eier voorkom	A: Oviparie B: Viviparie
1.3.2 Gas wat geproduseer word wanneer organiese stowwe ontbind	A: Chlorofluorokoolstowwe ('CFCs') B: Metaan
1.3.3 Fetus is aan die moeder se uterus geheg	A: Oviparie B: Ovoviviparie
1.3.4 Jong voëltjie kan nie self voed of beweeg nadat dit uitgebroei het nie	A: Prekosiale ontwikkeling B: Altrisiale ontwikkeling
1.3.5 Verminder biodiversiteit	A: Indringing van uitheemse plante B: Verstedeliking

(5 x 2)

(10)

1.4 Die diagram hieronder stel die struktuur van die menslike oog voor.




Gee die LETTER en NAAM van die deel wat:

- | | | |
|-------|--|-------------|
| 1.4.1 | Die hoeveelheid lig wat die oog binnedring, beheer | (2) |
| 1.4.2 | Die oog van voedingstowwe en suurstof voorsien | (2) |
| 1.4.3 | Impulse na die brein vervoer | (2) |
| 1.4.4 | Keëltjies bevat en die deel met die duidelikste visie is | (2) |
| 1.4.5 | Met die breking van ligstrale help | (2) |
| | | (10) |

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**


2.1 Bestudeer die diagramme hieronder wat die manlike en vroulike voortplantingstelsels toon.



- 2.1.1 Identifiseer deel **A**, **B** en **F** onderskeidelik. (3)
- 2.1.2 Noem EEN funksie van elk van die volgende:
- (a) Die vloeistof wat deur deel **C** geproduseer word (1)
- (b) Deel **E** (1)
- 2.1.3 Gee SLEGS die LETTER van die orgaan waar meiose plaasvind in die:
- (a) Manlike voortplantingstelsel (1)
- (b) Vroulike voortplantingstelsel (1)
- 2.1.4 Noem die soort gametogenese wat plaasvind in die:
- (a) Manlike voortplantingstelsel (1)
- (b) Vroulike voortplantingstelsel (1)
- 2.1.5 Noem TWEE funksies van deel **H**. (2)
- 2.1.6 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is dat deel **D** aan die 'buitekant' van mans se liggame moet wees. (2)

(13)

- 2.2 Die diagram hieronder toon sommige van die veranderinge wat tydens die menstruele siklus plaasvind.




- 2.2.1 Die menstruele siklus word deur hormone beheer. Noem EEN hormoon waarvan die vlak tussen dag 2 en dag 10 styg. (1)
- 2.2.2 Gee EEN waarneembare rede vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1. (2)
- 2.2.3 Verduidelik bewyse in die diagram wat aandui dat bevrugting plaasgevind het. (3)
- 2.2.4 Beskryf die ontwikkelingsveranderinge in die bevrugte eiersel totdat inplanting in die uterus plaasvind. (5)
- 2.2.5 Sommige vroue gebruik 'n ovulasiemonitor sodat hulle kan weet op watter dae hulle vrugbaar is. Hierdie monitormeet hormoonvlakke in die bloed.
- (a) Waarom sou vroue wou weet wanneer hulle vrugbaar is? (1)
- (b) Verduidelik watter hormoon waarskynlik deur die ovulasiemonitor gemonitor word. (3)
- (15)**

2.3 'n Leerder het 'n ondersoek gedoen om die invloed van ouksiene en die invloed van swaartekrag op wortelgroei by ertjiesailinge te bepaal. Hy het die volgende prosedure gevolg:

- Hy het ertjiesade vir sewe dae laat ontkiem.
- Hy het toe 'n monster van 15 saailinge geneem en hulle in 3 groepe (A tot C) met 5 saailinge elk verdeel.
- In elke groep is die 5 saailinge **horisontaal** op 3 verskillende klinostate geplaas.

'n Klinostaat is 'n toestel wat 'n skyf bevat wat teen 'n konstante spoed roteer (draai).

'n Diagram van 'n klinostaat word hieronder getoon.



- Hy het die wortelpunte van al 5 saailinge op dieselfde lengte in groep B verwyder.
- By groepe A en B is die klinostate stilstaande gelaat (geen rotasie nie).
- By groep C is die klinostaat toegelaat om te roteer.
- Al 3 klinostate is in 'n donker kas geplaas.

'n Opsomming van die leerder se prosedure word in die tabel hieronder getoon.

GROEP A	GROEP B	GROEP C
Wortelpunte aanwesig	Geen wortelpunte nie	Wortelpunte aanwesig
Stilstaande klinostaat	Stilstaande klinostaat	Roterende klinostaat

Na twee dae is die rigting van wortelgroei waargeneem.

- 2.3.1 Watter TWEE groepe is gebruik om inligting te bekom omtrent:
- (a) Die invloed van oksiene op wortelgroei (1)
 - (b) Die invloed van swaartekrag op wortelgroei (1)
- 2.3.2 Verduidelik waarom die apparaat in 'n donker kas geplaas is. (2)
- 2.3.3 Beskryf die verwagte resultate vir elk van groep **B** en **C** vir hierdie ondersoek. (2)
- 2.3.4 Verduidelik die verwagte resultate van groep **A**. (3)
- 2.3.5 Noem DRIE maniere waarop die leerder 'n hoë vlak van geldigheid vir hierdie ondersoek verseker het. (3)
- (12)**
[40]

VRAAG 3

3.1 'n Boer het 'n ondersoek uitgevoer om te bepaal watter soort kunsmis die opbrengs van haar koringoes sou verhoog.

- Sy het haar plaas in drie dele van 1 hektaar elk verdeel en hulle soos volg behandel:

Behandeling	Hektaar A	Hektaar B	Hektaar C
Soort kunsmis	Geen	Bevat stikstof	Bevat fosfor
Hoeveelheid kunsmis (kg)	Geen	10	10

- Sy het dieselfde soort gewas, naamlik koring, elke jaar in November vir vyf jaar geplant.
- Sy het water uit 'n rivier wat deur die plaas vloei, gebruik om haar gewas te besproei.
- Sy het die opbrengs per deel vir elke jaar aangeteken. Die opbrengs is gemeet deur die hoeveelheid kilogram koring wat per hektaar geproduseer is, te bereken.

- 3.1.1 Identifiseer die afhanklike veranderlike vir hierdie ondersoek. (1)
- 3.1.2 Verduidelik die doel van die insluiting van hektaar **A** by hierdie ondersoek. (2)
- 3.1.3 Noem EEN manier waarop die boer die betroubaarheid van haar resultate kon verhoog het. (1)
- 3.1.4 Indien hierdie ondersoek vir langer as vyf jaar uitgevoer sou word, noem DRIE negatiewe gevolge as dieselfde soort gewas vir baie jare op dieselfde stuk grond geplant sou word. (3)
- 3.1.5 Verduidelik hoe die oormatige gebruik van kunsmis/bemestingstowwe die biodiversiteit kan beïnvloed indien dit in die rivier sou beland. (4)
- (11)**

3.2 Lees die uittreksel hieronder oor voedselvermorsing regoor die wêreld.

VOEDSELVERMORSING IN DIE WÊRELD

Elke jaar word 'n derde van alle voedsel vir menslike gebruik, omtrent 1,3 biljoen ton, in die wêreld vermors. Die VN se Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) skat dat die koolstofvoetspoor van vermorste voedsel die ekwivalent van 3,3 biljoen ton koolstofdiksied 'n jaar is. Die VLO stel voor dat meer effektiewe gebruik van voedsel kan bydra tot wêreldwye pogings om kweekhuysgasse te verminder om aardverwarming te beperk.

In die geïndustrialiseerde wêreld kom baie van die vermorsing van verbruikers af wat te veel koop en dan dit wat hulle nie eet nie, weggooi. In ontwikkelende lande is dit hoofsaaklik die gevolg van oneffektiewe boerdery en 'n gebrek aan behoorlike bergingsfasiliteite.

[Aangepas uit: *Reuters Daily News*, September 2013]

3.2.1 Wat word met die volgende terme bedoel:

(a) Koolstofvoetspoor (2)

(b) Voedselsekerheid/Voedselsekuriteit (2)

3.2.2 Verduidelik hoe vermorsing van voedsel tot energieverlies en aardverwarming bydra. (4)

3.2.3 Gebruik die inligting in die uittreksel en stel TWEE maniere voor waarop voedselvermorsing verminder kan word. (2)
(10)

3.3 Die tabel hieronder toon hoe liggaamstemperatuur deur die hipotalamus beheer word deurdat dit hitteproduksie en hitteverlies beïnvloed.

LIGGAAMS-TEMPERATUUR (°C)	HITTEPRODUKSIE (JOULE PER SEKONDE)	HITTEVERLIES (JOULE PER SEKONDE)
36,4	320	5
36,6	260	5
36,8	150	35
36,9	90	90
37,0	90	100
37,2	90	180
37,4	90	310


[Aangepas uit *Cambridge Biology*, 2002]

3.3.1 Is die bloedvate wat bloed aan die vel voorsien, vernou of verwyd wanneer die liggaamstemperatuur 36,4 °C is? (1)

3.3.2 Verduidelik die voordeel van die deursnee van die bloedvate (vernou/verwyd) wat in jou antwoord op VRAAG 3.3.1 genoem is. (4)

3.3.3 Hitteverlies is die meeste by 37,4 °C. Verduidelik hoe die liggaam in staat is om hitteverlies te verhoog. (4)
(9)

3.4 Bestudeer die grafiek hieronder wat die veranderinge in die glukagonkonsentrasie tydens oefeninge toon.



- 3.4.1 Beskryf die tendens in die veranderinge in die glukagonvlak met verloop van tyd. (3)
 - 3.4.2 Verduidelik die veranderinge in die glukagonvlak van 0 tot 10 minute. (3)
 - 3.4.3 Neem die patroon van die glukagonkonsentrasie van 0 tot 10 minute in die grafiek hierbo in ag. Wat verwag jy sal in dieselfde tydperk met die insulienkonsentrasie gebeur? (1)
 - 3.4.4 Verduidelik waarom mense met diabetes mellitus baie min glikoëen in hulle lewer- en spierselle het. (3)
- (10)**
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

'n Doelwagter in 'n sokkerwedstryd het voorkom dat 'n doel aangeteken word toe hy na regs geduik het nadat die bal na hom toe geskop is. Net voordat hy geduik het, het hy sy spanmaat hoor skree, 'jou bal'.

Beskryf hoe sy oë aangepas het om die bal te sien terwyl dit na hom toe beweeg het en beskryf hoe hy sy spanmaat gehoor het en sy balans gehandhaaf het toe hy geduik het om die bal te keer.

Inhoud: **(17)**
Sintese: **(3)**

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloiediagramme, diagramme of tabelle NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

NOVEMBER 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee.**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee.**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word.**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word.**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie.**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings.**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer.**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander.**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute.**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie.**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om).**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie.**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit in vraag gegee is.
16. Wees sensitief vir die **betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif.** Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte).**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. **Veranderinge aan die memorandum**
Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word nie. In uitsonderlike gevalle sal die Provinsiale Interne Moderator, met die nasionale Interne Moderator beraadslaag (en die Eksterne Moderator waar nodig).
20. **Amptelike memorandum**
Slegs memorandums wat die handtekening van die Nasionale Interne Moderator en UMALUSI-moderatore bevat en deur die Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	A✓✓		
	1.1.2	B✓✓		
	1.1.3	A✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	C✓✓		
	1.1.6	A✓✓		
	1.1.7	C✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	B✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Breinvliese✓ / meninges		
	1.2.2	Gibberelliene✓		
	1.2.3	Perifere✓ senuweestelsel		
	1.2.4	Parasimpatiese✓ stelsel		
	1.2.5	Chorion✓		
	1.2.6	Aldosteron✓		
	1.2.7	Naelstringaar✓		
	1.2.8	TSH✓ / tiroïedstimulerende hormoon		
	1.2.9	Gestase✓		
	1.2.10	Akroosom✓		(10)
1.3	1.3.1	Slegs A✓✓		
	1.3.2	Slegs B✓✓		
	1.3.3	Geeneen✓✓		
	1.3.4	Slegs B✓✓		
	1.3.5	Beide A en B✓✓	(5 x 2)	(10)
1.4	1.4.1	A✓ - Iris✓		(2)
	1.4.2	C✓ - Choroïed✓		(2)
	1.4.3	E✓ - Optiese senuwee✓		(2)
	1.4.4	D✓ - Fovea✓/geelvlak		(2)
	1.4.5	B✓ - Kornea✓		(2)
				(10)
TOTAAL AFDELING A:				50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 A - Uretra✓
B - Vas deferens ✓/ semenbuis/saadbuis/spermbuis/saadleier (3)
F - Fallopiusbuis✓/ ovidukt
- 2.1.2 (a) - Beskerm die spermsel teen die suurheid van die vagina✓
- Verhoog die beweeglikheid van die sperm✓
- Verskaf voedingstowwe✓
(Merk slegs eerste EEN) Enige (1)
- (b) - Plek vir fetus om te ontwikkel✓
- Onderhou swangerskap✓
- Help tydens geboorte✓
- Implanting✓ van blastula
- Beskerm die fetus✓ /voorkom infeksies (mukusprop gevorm deur serviks)
- Deurgang vir sperms✓ tussen vagina en Fallopiusbuise
(Merk slegs eerste EEN) Enige (1)
- 2.1.3 (a) D✓ (1)
(b) G✓ (1)
- 2.1.4 (a) Spermatogenese✓ (1)
(b) Oögenese✓ (1)
- 2.1.5 - Dien as geboortekanaal✓
- Maak voorsiening vir deurvloeï van bloed/ endometriumvoering/
amniotiese vloeistof / plasenta
- Bevorder geslagsomgang ✓/ontvang semen
- Skei suur af wat infeksies voorkom✓
(Merk slegs eerste TWEE) Enige (2)
- 2.1.6 - Om die testes by 'n temperatuur te hou wat laer is as
liggaamstemperatuur✓/optimum temperatuur vir spermproduksie
- wat noodsaaklik is vir die vorming van gesonde sperms✓/sodat
gesonde sperms kan oorleef (2)
(13)
- 2.2 2.2.1 FSH✓
OF
Estrogeen✓
(Merk slegs eerste EEN) Enige (1)
- 2.2.2 Die follikel✓ ontwikkel✓ tydens hierdie
periode gestimuleer deur 'n toename in die FSH
Die voering van die endometrium✓ verdik✓
tydens hierdie periode gestimuleer deur 'n toename in
die vlakke van estrogeen
(Merk slegs eerste EEN) Enige (1 x 2) (2)

- 2.2.3 - Corpus luteum het nie gedisintegreer nie✓
- dit hou aan om progesteron af te skei✓ (3)
- daarom bly die voering van die endometrium dik✓
- 2.2.4 - Die sigoot✓
- ondergaan mitose✓
- totdat 'n bol selle gevorm is✓
- genoem die morula✓
- Die morula hou aan om te verdeel en vorm 'n massa selle met 'n hol ruimte✓
- wat die blastosist✓ genoem word
- die buitenste membraan van die blastosist vorm die chorioniese villi✓/aanhegtingsvilli (5)
- wat vasheg aan die endometrium✓ Enige
- 2.2.5 (a) Vir gesinsbeplanning✓/ om te weet wanneer hulle swanger kan raak (1)
- (b) LH✓/FSH/estrogeen (3)
- Daar is 'n toename in vlakke✓ van LH/FSH/estrogeen (3)
- min of meer tydens ovulasie✓ (15)
- 2.3 2.3.1 (a) A en B✓ (1)
(b) A en C✓ (1)
- 2.3.2 - Om te verseker dat die resultate as gevolg van swaartekrag✓ is
- en nie lig✓nie/ om die invloed van lig uit te skakel (2)
- 2.3.3 B – Geen groei sal waargeneem word nie✓
C – Wortels sal **horisontaal**✓ groei/ nie rigting verander nie (2)
- 2.3.4 - Ouksiene sal na die onderkant van die wortel beweeg✓ / deur swaartekrag aangetrek
- en 'n hoë konsentrasie inhibeer groei aan die onderkant van die wortels✓
- terwyl die bokant van die wortel vinniger sal groei✓
- wat veroorsaak dat die wortel afwaarts buig✓ Enige (3)
- 2.3.5 - Gebruik dieselfde soort plant✓/slegs ertjieplant
- Saailinge is dieselfde ouderdom✓/ ontkiemingsperiode was 7 dae
- Al die groepe is aan dieselfde omgewingstoestande✓ / ligintensiteit blootgestel/ in 'n donker kas geplaas
- Dieselfde aantal saailinge vir elk groep✓
- Wortelpunte op dieselfde lengte gesny✓
- Al die saailinge is in dieselfde posisie geplaas✓ / horisontaal
- Laat dieselfde tyd toe vir al 3 groepe✓
- Geskikte kontroles is opgestel✓
(Merk slegs eerste DRIE) Enige (3)
(12)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 Getal kilogram per hektaar✓/Opbrengs (1)
- 3.1.2 Om die opbrengs wanneer twee soorte kunsmis gebruik word, te vergelyk✓ met die opbrengs van die hektaar met geen kunsmis✓
OF
Dit dien as 'n kontrole✓- om te verseker dat die resultate wat verkry is a.g.v. die toediening van die kunsmis✓ is en geen ander factor Enige (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Sy kon die steekproefgrootte vergroot✓/ aantal dele waarin die plaas opgedeel is vermeerder/ aantal plante vir elke soort kunsmis vermeerder
Herhaal die ondersoek✓
(Merk slegs eerste EEN) Enige (1)
- 3.1.4 - Uitputting van voedingstowwe in die grond✓
- Lei tot 'n laer opbrengs✓
- Toename in peste✓
- Lei tot gronderosie✓
- Verminder biodiversiteit✓
(Merk slegs eerste DRIE) Enige (3)
- 3.1.5 - Die oormatige gebruik van kunsmis verhoog die voedingswaarde✓ van die omliggende rivier / eutrofikasie kom voor/ water word besoedel
- Dit veroorsaak verhoogde groei van alge✓/ algebloei
- Die alge blokeer die sonlig✓
- wat fotosintese verminder✓
- Plante en diere wat daarvan afhanklik is sterf✓
- wat ontbinding verhoog✓
- en lei tot uitputting van suurstof✓
- en dus verlaging van die biodiversiteit✓ / daling in aantal diere-en-plantspesies in die rivier Enige (4)
(11)
- 3.2 3.2.1 (a) - Koolstofvoetspoor is die bepaling van die totale hoeveelheid kweekhuisgasse wat vrygestel word✓/ voorbeeld van 'n kweekhuisgas
- van 'n individu✓ / geslote bevolking/ besigheid per jaar (2)
- (b) - Voedselsekerheid verwys na die beskikbaarheid en toegang✓
- tot voldoende, veilige en voedsame voedsel✓ vir mense te alle tye✓ Enige (2)
- 3.2.2 - Energie gebruik om vermorsde voedsel te produseer en te vervoer✓ gaan verlore
- Fosielbrandstowwe gebruik in produksie en vervoer van vermorsde voedsel✓
- en die ontbinding van vermorsde voedsel✓
- stel kweekhuisgasse✓ vry / voorbeelde van kweekhuisgasse wat lei tot aardverwarming (4)

3.2.3	<ul style="list-style-type: none"> - Koop slegs wat benodig word in voldoende hoeveelhede✓ - Gee aan ander wat nie gebruik word nie in plaas daarvan om dit weg te gooi✓ - Opvoeding i.v.m. doeltreffende boerderymetodes✓ - Opvoeding i.v.m. maniere om voedsel te preserveer✓ - Verbeter bergingsfasiliteite✓ - Verbeter die raklewe van voedsel✓ <p>(Merk slegs eerste TWEE)</p>	Enige	(2) (10)	
3.3	3.3.1	- Vernou✓		(1)
	3.3.2	<ul style="list-style-type: none"> - Minder bloed vloei✓ na die vel - dus verminder hitteverlies aan die omgewing✓ deur uitstraling - Minder sweet word gevorm✓ omdat minder bloed na die sweetkliere vloei - wat lei tot verminderde verdamping✓ van sweet - dus minder afkoeling✓ van die vel - Liggaamshitte word behou✓ 	Enige	(4)
	3.3.3	<ul style="list-style-type: none"> - Hipotalamus word gestimuleer✓ - stuur boodskap na bloedvate in die vel om te verwyd✓/ vasodilasie vind plaas - Meer bloed vloei✓ na die oppervlak van die vel - Meer hitte word d.m.v. uitstraling✓ deur die veloppervlak verloor - Meer sweet word geproduseer✓ omdat meer bloed na die sweetkliere vloei - en dus gaan meer hitte verlore deur verhoogde verdamping✓ van sweet 	Enige	(4) (9)
3.4	3.4.1	<ul style="list-style-type: none"> - Die bloedglukagonvlakke styg✓ / van 100 tot 210 (pikogram/ml) - tussen 0 tot 20 min✓ - en bly dan daarna konstant✓ 		(3)
	3.4.2	<ul style="list-style-type: none"> - tydens oefeninge word meer energie benodig✓ - daarom verhoog die tempo van sellulêre respirasie✓ - Toename in sellulêre respirasie vereis meer glukose✓ - gevolglik word meer glukagon afgeskei✓ - om die omskakeling van glikogeen na glukose te stimuleer✓ 	Enige	(3)
	3.4.3	Daal✓		(1)
	3.4.4	<ul style="list-style-type: none"> - 'n Tekort aan insulien✓/gebrekkige insulien - verminder die omskakeling✓ - van glukose na glikogeen✓ 		(3) (10) [40]

AFDELING C**VRAAG 4**

Soos die bal na die doelwagter beweeg het:

- **Akkommodasie**✓ vind plaas
- Siliêre spiere trek saam✓
- Suspensoriese ligamente verslap✓/trekkrag op draagligamente verminder
- Dit veroorsaak minder spanning op die lens✓
- Die lens word meer konveks✓/rond
- Brekingskrag van die lens neem toe✓
- Beeld van die bal val op die retina✓

Enige (5)

Gehoer

Die geskree van sy spanmaat word deur die doelwagter as volg gehoor:

- Klankgolwe word deur die pinna✓ gerig
- deur die gehoorgang✓
- tot by die trommelvlies✓/ oordrom/timpanum
- wat veroorsaak dat dit vibreer✓
- Die vibrasies van die trommelvlies word na die gehoorbeentjies✓ van die middeloor oorgedra
- wat sal veroorsaak dat die ovale venster vibreer✓
- Dit veroorsaak drukgolwe in die koglea✓
- Dit stimuleer die Orgaan van Corti✓ in die koglea
- om prikkels om te skakel na seuwee-impulse✓
- wat dan vervoer word deur die gehoorsenuwee✓
- na die serebrum waar dit geïnterpreteer word✓

Enige (7)

Balans en ewewig

Toe hy geduik het:

- 'n Veranderinge in die rigting en spoed✓ van die liggaam
- veroorsaak beweging van die vloeistof in die half-sirkelvormige kanale✓
- wat die kristas stimuleer✓
- 'n Verandering in die posisie van die kop✓
- stimuleer die makulas✓ in die utrikulus en sakkulus
- Die prikkels word omgeskakel na 'n impuls✓
- wat deur die gehoorsenuwee vervoer word✓
- en wat deur die serebellum✓ geïnterpreteer word
- wat die impulse na die spiere✓ stuur
- om balans en ewewig te herstel✓

Enige (5)
Inhoud (17)
Sintese (3)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Relevansie	Logiese volgorde	Uitgebreid
Al die inligting voorsien is relevant vir die onderwerp	Idees is in 'n logiese / oorsaak-en- gevolg volgorde gegee	Beantwoord alle aspekte vereis in die opstel
Slegs inligting i.v.m. akkommodasie, gehoor en balans & ewewig is gegee. (Daar is geen irrelevante inligting nie)	Logiese volgorde van gebeure tydens akkommodasie, gehoor en balans & ewewig.	Verskaf voldoende inligting oor al 3 prosesse, dit is akkommodasie (min 3/5), gehoor (min 4/7) en balans & ewewig (min 3/5).
1 punt	1 punt	1 punt

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOT TOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2014

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
6. Maak ALLE sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme, vloedigramme en tabelle slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik nie.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die diagram hieronder toon 'n gedeelte van 'n DNS/DNA-molekuul.



Die korrekte byskrifte vir deel **X**, **Y** en **Z** onderskeidelik is ...

- A deoksiribosesuiker, fosfaat en waterstofbinding.
- B fosfaat, deoksiribosesuiker en waterstofbinding.
- C ribosesuiker, stikstofbasis en peptiedbinding.
- D fosfaat, ribosesuiker en waterstofbinding.


1.1.2 As 10% van die basisse in 'n DNS/DNA-molekuul adenien is, wat is die verhouding van adenien tot guanien in dieselfde molekuul?

- A 1 : 1
- B 4 : 1
- C 1 : 3
- D 1 : 4

1.1.3 Lamarck se 'wette' van gebruik en ongebruik en oorerwing van verworpe kenmerke was ...

- A verwerp, omdat slegs kenmerke wat die nageslag bevoordeel, oorgeërf kan word.
- B nie verwerp nie, omdat bewyse toon dat verworpe kenmerke oorgeërf kan word.
- C verwerp, omdat slegs kenmerke waarvoor in die DNS/DNA gekodeer word, oorgeërf kan word.
- D nie verwerp nie, omdat Darwin se teorie Lamarck se idees ondersteun.

- 1.1.4 Die diagramme hieronder verteenwoordig verskillende fases van meiose.



Die korrekte volgorde van die fases is ...

- A 1, 2 en 3.
 B 2, 3 en 1.
 C 3, 1 en 2.
 D 2, 1 en 3.
- 1.1.5 Twee vrugtevlieë met rooi oë het gepaar en 150 rooiogvlieë en 48 witoogvlieë geproduseer. Uit hierdie inligting kan ons met redelike sekerheid aflei dat die ...
- A witoogtoestand resessief is en beide ouers heterosigoties is.
 B rooiogtoestand dominant is en dat beide ouers homosigoties vir rooi oë is.
 C witoogtoestand resessief is en beide ouers homosigoties vir rooi oë is.
 D rooiogtoestand resessief is en beide ouers heterosigoties is.
- 1.1.6 Watter EEN van die volgende monohibriede kruisings sal 'n fenotipiese verhouding van 1 : 1 tot gevolg hê? 'n Kruising waar ...
- A beide ouers heterosigoties is.
 B beide ouers homosigoties vir die dominante kenmerk is.
 C een ouer heterosigoties en die ander ouer homosigoties resessief is.
 D een ouer heterosigoties en die ander ouer homosigoties dominant is.

1.1.7 Bestudeer die lys hieronder.

1. Fossiele
2. Homoloë strukture
3. Biogeografie
4. Genetika

Watter EEN van die kombinasies van die bogenoemde kan as bewys van evolusie gebruik word?

- A Slegs 1, 2 en 3
- B 1, 2, 3 en 4
- C Slegs 2, 3 en 4
- D Slegs 1, 3 en 4

1.1.8 Een rede waarom sekere mense teen genetiese modifikasie gekant is, is dat ...

- A die gebruik van onkruidodders verminder word.
- B gewasopbrengste verbeter word.
- C die smaak en kwaliteit van voedsel verbeter word.
- D die potensiële impak op menslike gesondheid onbekend is.

1.1.9 Homoloë chromosome word beskryf as ...

- A eenders met betrekking tot struktuur en kodering vir dieselfde kenmerke.
- B 'n produk van die verdeling van chromosome.
- C identiese dogterchromatiede wat deur DNS/DNA-replisering gevorm word.
- D twee chromosome wat vir verskillende kenmerke kodeer.

1.1.10 Vier verskillende fenotipes is moontlik in die F_1 -generasie as die ouers se bloedgroepe ... is.

- A B en B
- B A en B
- C O en AB
- D AB en AB

(10 x 2) (20)

- 1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.2.1 'n Alleel wat nie die fenotipe beïnvloed wanneer dit in die heterosigotiese toestand voorkom nie
- 1.2.2 'n Gedeelte van 'n DNS/DNA-molekuul wat vir 'n spesifieke kenmerk kodeer
- 1.2.3 Die produksie van 'n geneties identiese kopie van 'n organisme deur biotegnologie te gebruik
- 1.2.4 Die manipulerings van die genetiese materiaal van 'n organisme om gewenste veranderinge te kry
- 1.2.5 Die doelbewuste teel van organismes om gewenste kenmerke wat deur die mens gekies is, te kry
- 1.2.6 Die verduideliking dat spesies vir lang tydperke geen fisiese verandering ondergaan nie, gevolg deur kort tydperke van vinnige fisiese verandering
- 1.2.7 Die fase van meiose waartydens die homologe chromosome verdeel en na teenoorgestelde pole begin beweeg
- 1.2.8 Die defek in selverdeling wat tot Downsindroom lei
- 1.2.9 Die struktuur wat bestaan uit twee chromatiede wat deur 'n sentromeer verbind is
- 1.2.10 'n Verduideliking vir iets wat in die natuur waargeneem is en wat deur feite, wette en getoetste hipoteses ondersteun word

(10)

- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Het die vorm van die DNS/DNA-molekuul ontdek	A:	Francis Crick
		B:	James Watson
1.3.2	Elke gameet ontvang slegs een alleel vir elke kenmerk	A:	Mendel se beginsel van segregasie
		B:	Darwin se teorie van natuurlike seleksie
1.3.3	'n Voordeel van genetiese modifikasie	A:	Verhoog die rakleefyd van voedsel
		B:	Verhoog weerstand teen siekte
1.3.4	'n Voorbeeld van 'n voortplantingsisolerings-meganisme	A:	Spesiespesifieke hofmakery
		B:	Onvrugbare nageslag
1.3.5	Tipe variasie wat by die mens deur velkleur verteenwoordig word	A:	Deurlopende variasie
		B:	Niedeurlopende variasie
1.3.6	'n Groep eenderse organismes wat kan kruisteel om 'n vrugbare nageslag te produseer	A:	Spesie
		B:	Genus

(6 x 2)

(12)

- 1.4 Ongeveer 70% van mense kry 'n bitter smaak wanneer 'n stof genaamd PTC op hulle tonge geplaas word. Hulle word 'proeërs' ('tasters') genoem. Alle ander mense kan PTC nie proe nie en word 'proe-blind' ('taste blind') genoem. Die 'proeër'-alleel is dominant en die 'proe-blind'-alleel is resessief.

By mense is normale velpigmentasie ook dominant oor die albinotoestand (geen pigmentasie nie).

Die letters in die sleutel hieronder moet gebruik word om die allele van die verskillende kenmerke hierbo te verteenwoordig.

Sleutel:

T – proeër

t – proe-blind

N – normale velpigmentasie

n – geen velpigmentasie nie (albino)

'n Man wat heterosigoties is vir beide die proe van PTC en velpigmentasie trou met 'n vrou wat proe-blind vir PTC en 'n albino is.

- 1.4.1 Noem waarom die voorbeeld hierbo 'n dihibriede kruising verteenwoordig. (1)
- 1.4.2 Skryf neer:
- (a) Die genotipe van die vrou (1)
- (b) AL die moontlike gamete van die man (2)
- 1.4.3 Die man en vrou het 'n kind met genotipe **ttNn**. Wat is die kind se fenotipe? (2)
- 1.4.4 'n Man en 'n vrou kan slegs kinders met die genotipe **TtNn** voortbring. Die vrou se genotipe is **ttnn**. Gee die enigste moontlike genotipe van die man. (2)


(8)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die diagram hieronder wat 'n deel van die proses van proteïensintese toon.




- 2.1.1 Identifiseer die stadium van proteïensintese wat in die diagram hierbo getoon word. (1)
- 2.1.2 Identifiseer molekule **X** en **Y**. (2)
- 2.1.3 Gee die term vir die groep van drie stikstofbasse wat deur **V** aangedui word. (1)
- 2.1.4 Gee die stikstofbasse op die DNS/DNA-string wat vir die basisse UAU op molekule **Y** kodeer. (1)
- 2.1.5 Gebruik die tabel hieronder om aminosuur **W** te identifiseer.

tRNA	Aminosuur
GUC	glutamien
UAA	isoleusien
AUA	tirosien
CCC	glisien
GGG	prolien
CAG	valien

- 2.1.6 Noem en beskryf die proses wat in die selkern plaasvind om molekule **Y** te vorm. (5)
- (12)**


2.2 Die diagram hieronder toon die DNS/DNA-profiel van ses lede van 'n gesin. Hoe groter die ooreenkoms in die posisies van die strepies in die DNS/DNA-profiel van verskillende persone is, hoe nader verwant is hulle.

Die ouers, Zinhle en Ayanda, het vier kinders. Twee van die kinders is hulle biologiese nakomelinge, terwyl die ander twee kinders aangeneem is.



- 2.2.1 Watter TWEE kinders is die biologiese nakomelinge van Zinhle en Ayanda? (2)
 - 2.2.2 Gee 'n verduideliking vir jou antwoord op VRAAG 2.2.1 deur bewyse uit die DNS/DNA-profiel te gebruik. (2)
 - 2.2.3 Behalwe vaderskaptoetse, noem TWEE maniere waarop DNS/DNA-profiel deur mense gebruik kan word. (2)
- (6)**

- 2.3 Bestudeer die filogenetiese stamboom hieronder wat 'n moontlike voorstelling van die evolusie van die mens toon en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Watter organisme, *Paranthropus boisei* of *Homo habilis*, het volgens die filogenetiese stamboom eerste op Aarde verskyn? (1)
- 2.3.2 Noem TWEE spesies wie se bestaan op Aarde met dié van *Homo erectus* oorvleuel het. (2)
- 2.3.3 Watter organisme was die direkte voorouer van *Homo habilis*? (1)
- 2.3.4 Noem VYF kenmerke wat deur al die organismes in die filogenetiese stamboom hierbo gedeel word. (5)
- 2.3.5 Hoe lank het *Australopithecus africanus* op Aarde bestaan? (1)
- (10)**


2.4 Daar is variasie in die vlerkengte van vrugtevlieë (*Drosophila melanogaster*). Party het lang vlerke en kan vlieg terwyl ander kort vlerke het en nie kan vlieg nie.

'n Ondersoek is gedoen om te bepaal watter vlieë onder sekere omstandighede sal oorleef.

Die volgende stappe is uitgevoer:

1. Vyf vlieë met kort vlerke en vyf vlieë met lang vlerke is in 'n fles geplaas.
2. Voedsel is op die bodem van die fles geplaas.
3. Die deksel van die fles het lugvloei toegelaat.
4. Taai papier is aan die bokant van die fles gehang. Vlieë wat aan die papier vassit, het gevrek.
5. Die apparaat is vir 24 uur laat staan.

Die resultate van die ondersoek word in die diagram hieronder getoon.



[Aangepas uit *Biology: Investigate Life on Earth* – Vernon L Avila, 1995]

- 2.4.1 Formuleer 'n hipotese vir die ondersoek. (3)
- 2.4.2 Verduidelik waarom dit nodig is om openinge vir lugvloei te hê. (3)
- 2.4.3 Noem TWEE maniere waarop die betroubaarheid van die ondersoek verbeter kan word. (2)
- 2.4.4 Behalwe vir die opening vir lugvloei, verduidelik TWEE ander voorsorgmaatreëls wat vir hierdie ondersoek getref moet word. (4)


(12)
[40]

VRAAG 3

- 3.1 Drie vlinderbevolkings, **A**, **B** en **C**, leef apart op drie eilande in die osean. Die vlinders op Eiland 2 en Eiland 3 het op Eiland 1 ontstaan.

Die eilande ervaar dwarsdeur die jaar sterk oorheersende winde uit die noordweste.

Bevolking **A** en **B** kan kruisteel en vrugbare nakomelinge lewer. Bevolking **B** kan met Bevolking **C** paar, maar die nakomelinge is onvrugbaar. Paring vind glad nie tussen Bevolking **A** en **C** plaas nie.



[Aangepas uit *Advanced Biology*, M Kent, 2000]

- 3.1.1 Hoeveel spesies word deur die drie bevolkings verteenwoordig? (1)
- 3.1.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 3.1.1. (2)
- 3.1.3 Gebruik die inligting wat verskaf is om te verduidelik hoe spesievorming moontlik in die voorbeeld hierbo kon plaasgevind het. (5)
- (8)**
- 3.2 Bestudeer die paragraaf oor evolusie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die 'Uit Afrika'-hipotese beweer dat primitiewe mense ongeveer 1,8 miljoen jaar gelede uit Afrika na al die ander kontinente van die wêreld gemigreer het. Wetenskaplikes het sekere fossielbene van vroeë mense wat in Europa gewoon het bestudeer, en tot die gevolgtrekking gekom dat die mens nie koeimelk voor 7 000 jaar gelede kon verteer nie.

'n Mutasie het plaasgevind wat veroorsaak het dat sekere individue van die menslike bevolking wat in Europa geleef het, koeimelk kon verteer. Hierdie vermoë was voordelig omdat dit deur die jaar addisionele voedingstowwe kon voorsien. Melk is 'n bron van vitamien D en kalsium.


[Aangepas uit *Impact of Selection and Demography on the Diffusion of Lactose Persistence*. PLoS ONE 4(7) D O'Rourke, 2009]

- 3.2.1 Noem EEN voordeel van die vermoë om koeimelk te verteer vir die vroeë mense wat in Europa geleef het. (1)

3.2.2 Verduidelik waarom die primitiewe mense wat uit Afrika migreer het, nie koeimelk kon verteer nie. (2)

3.2.3 Behalwe fossiele, noem EEN ander tipe bewys wat gebruik kan word om die 'Uit Afrika'-hipotese te ondersteun. (1)
(4)

3.3 Bestudeer die diagramme hieronder wat die pelvis van *Homo sapiens* en *Pan troglodyte* (sjimpansee) toon. Die diagramme is nie volgens skaal geteken nie.



3.3.1 Watter organisme, **A** of **B**, is bipedaal (tweevoetig)? (1)

3.3.2 Gee EEN sigbare rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (2)

3.3.3 Verduidelik TWEE voordele van bipedalisme. (4)
(7)

3.4 Die tabel hieronder toon die skedelkapasiteit van verskillende spesies primate.


Spesie	Skedelkapasiteit (cm ³)
Sjimpansee	400
Gorilla	550
<i>Australopithecus</i> sp.	500
<i>Homo habilis</i>	650
<i>Homo erectus</i>	1 000
<i>Homo sapiens</i>	1 500

[Aangepas uit *Advanced Biology*, M Kent, 2000]

3.4.1 Noem TWEE voordele van die groot skedelkapasiteit van *Homo sapiens*. (2)

3.4.2 Trek 'n staafgrafiek om die data in die tabel te verteenwoordig. (6)
(8)

3.5 Die stamboomdiagram hieronder toon die oorerwing van hemofilie in 'n familie. Die alleel wat hemofilie veroorsaak, word deur X^h verteenwoordig en die normale alleel word deur X^H verteenwoordig.



3.5.1 Bepaal die:

- (a) Fenotipe van individu 4 (1)
- (b) Genotipe van individu 2 (2)

3.5.2 Verduidelik waarom vroue 'n kleiner kans het om aan hemofilie te ly. (3)

3.5.3 Gebruik 'n genetiese kruising om die persentasie kans dat individue 13 en 14 'n seun met hemofilie sal hê, voor te stel. (7)
(13)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 4**

Beskryf hoe meiose en verskillende tipes mutasies tot genetiese variasie bydra en die rol van hierdie variasie in natuurlike seleksie.

Inhoud: **(17)**
Sintese: **(3)**

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeidiagramme, diagramme of tabelle NIE.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

NOVEMBER 2014

MEMORANDUM

PUNTE:150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee.**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee.**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied word in plaas van beskrywings wat vereis word.**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word.**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie.**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Nie-erkende afkortings.**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die nie-erkende afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer.**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander.**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute.**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie.**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.

14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en anders om).**
Geen krediet nie.
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie.**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit in vraag gegee is.
16. **Wees sensitief vir diebetekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif.** Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte).**
Slegs 'n enkele woord of twee in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word nie. In uitsonderlike gevalle sal die Provinsiale Interne Moderator, met die nasionale Interne Moderator beraadslaag (en die Eksterne Moderator waar nodig).
20. Slegs memorandums wat die handtekening van die Nasionale Interne Moderator en UMALUSI-moderatore bevat en deur die Departement van Basiese Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word tydens opleiding en tydens die nasienperiode.

AFDELINGA**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B✓✓		
	1.1.2	D✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	D✓✓		
	1.1.5	A✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	D✓✓		
	1.1.9	A✓✓		
	1.1.10	B✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Resessief✓		
	1.2.2	Geen✓		
	1.2.3	Kloning✓		
	1.2.4	Genetiese ingenieurswese ✓/ genetiese modifikasie		
	1.2.5	Kunsmatige seleksie✓		
	1.2.6	Gepunte ewewig✓ / gepunktueerde ewewig/ gepunte ewewig		
	1.2.7	Anafase I✓		
	1.2.8	Nie-disjunksie✓/ Nie-verdeling		
	1.2.9	Chromosoom✓		
	1.2.10	Teorie✓		(10)
1.3	1.3.1	Beide A en B✓✓		
	1.3.2	Slegs A✓✓		
	1.3.3	Beide A en B✓✓		
	1.3.4	Beide A en B✓✓		
	1.3.5	Slegs A ✓✓		
	1.3.6	Slegs A✓✓	(6 x 2)	(12)
1.4	1.4.1	Tweekenmerke✓ is betrokke by die kruising		(1)
	1.4.2	(a) ttnn✓		(1)
		(b) TN; Tn; tN; tn✓✓	1 – 3 korrek✓ al 4 korrek✓✓	(2)
	1.4.3	Proe-blind✓ en normale velpigmentasie✓		(2)
	1.4.4	TTNN✓✓		(2)
				(8)
			TOTAAL AFDELING A:	50

VRAAG 2

- 2.1. 2.1.1 Translasie✓ (1)
- 2.1.2 X - tRNA✓ / oRNA/ oordrag RNA / RNS
Y - mRNA✓/ bRNA / boodskapper RNA / RNS (2)
- 2.1.3 Antikodon✓ (1)
- 2.1.4 ATA✓ (1)
- 2.1.5 Tirosien✓✓ (2)
- 2.1.6 **Die proses is transkripsie✓*** (1)
- Die dubbelstringDNA molekule rol af✓/ rits oop
 - Wanneer die waterstofbinding breek✓
 - Word die een string as 'n templaar gebruik✓
 - Om mRNA/bRNAta vorm✓
 - Vry nukleotiedes✓ in die nukleoplasma word gebruik
 - Die mRNA is komplementêr aan die DNA✓/ A-U, C-G
 - Die proses word beheer deur ensieme✓ Enige (4)
- *is 'n verpligte punt1*** (5)
(12)
- 2.2 2.2.1 Lindiwe✓ en Bandile✓
(Merk slegs eerste TWEE) (2)
- 2.2.2 Hulle het DNA strepies wat ooreenkom✓
Met die strepiespatroon van beide ouers✓ Zinhle and Ayanda (2)
- 2.2.3 - Om misdaad ✓ te ondersoek / verskille op te los
- Om die oorskot✓ van organismes te identifiseer
- Om moontlike familie verwantskappe anders as vaderskap te bepaal ✓, bv. broers en susters, niggies en nefies te identifiseer
- Om te toets vir die teenwoordigheid van spesifieke allele✓/ gene wat genetiese siekte veroorsaak
- Toets of weefsels geskik is vir orgaan oorplantings✓
(Merk slegs eerste TWEE) Enige 2 (2)
(6)
- 2.3 2.3.1 *Homo habilis*✓ (1)
- 2.3.2 *Paranthropus robustus*✓, *Paranthropus boisei*✓, *Homo sapiens*✓ en *Homo habilis*✓
(Merk slegs eerste TWEE) Enige 2 (2)
- 2.3.3 *Australopithecus afarensis*✓ (1)

2.3.4	<ul style="list-style-type: none"> - Olfaktoriese breinsentrum verklein✓/ verminder reukvermoë - Oë voor in kop✓/ binokulêre visie / stereoskopiesevisie - Oë met keëltjies✓/ kleurvisie - Vrylik roterende arms✓ - Elmbooggewrigte laat rotering van voorarm toe✓ - Plat naels in plaas van kloue✓/ kaal sensitiewe vingerpunte - Opponerende duime✓ - Bipedalisme✓ / regop postuur/twee-voetig/foramen magnum meer na vore - Geslagsdimorfisme✓/ duidelike verskille tussen manlike en vroulike organismes - Dele van die brein wat inligting vanaf die hande en oë interpreteer, is vergroot✓ - Langer boarms✓ - Groot brein✓/ skedel in vergelyking met liggaamsmassa - Vyf vingers tone per ledemaat✓ 				
	(Merk slegs eerste VYF)	Enige	5	(5)	
2.3.5	1-1,2 my✓/1 000 000 – 1200 000 jaar			(1)	
				(10)	
2.4	2.4.1	Meer✓/ minder langvlerk✓/ kortvlerk vlieë sal oorleef ✓/ sterf			
		OF			
		Gelyke getal✓ van beide tipes vlieë✓ sal oorleef✓/ sterf			(3)
	2.4.2	CO ₂ beweeg uit O ₂ na binne✓/ ventilasie Om respirasie / asemhaling toe te laat✓ sodat vlieë nie vrek nie✓as gevolg van versmoring nie			(3)
	2.4.3	Herhaal die ondersoek✓ Vermeerder die getal vlieë✓ Gebruik meer flesse ✓/ herhalings			
		(Merk slegs eerste TWEE)	Enige	2	(2)
	2.4.4	<ul style="list-style-type: none"> - Maak seker dat wanneer die vlieë in die fles geplaas word, hulle nie in kontak kom met die taai papier nie✓en hul dood nie deur die ondersoeker veroorsaak word nie✓ - Maak seker daar is voldoende voedsel ✓vir die tydperk van die ondersoek is sodat hulle nie sterf as gevolg van honger nie✓ - Die openinge vir lugvloei moet klein genoeg ✓wees sodat die vlieë nie kan ontsnap✓/ ander vlieë nie ingaan - Handhaaf optimale omgewingsfatore✓ om die vlieë te laat oorleef/normale gedrag 			
		(Merk slegs eerste TWEE)	Enige	2x2	(4)
					(12)
					[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 2✓ (1)
- 3.1.2 **A en B** kan kruisteel en vrugbare nakomeling produseer, so hulle is van die **dieselfde spesie**✓
- A** kan nie met **C** paar nie daarom is **C** 'n ander spesie✓/
B kan nie vrugbare nakomelinge met **C** voortbring nie daarom is **C** 'n **ander spesie** (2)
- 3.1.3 - ***Die windwaai die vlinders na die volgende eiland**✓ (1)
- dus word hulle geografies geskei✓
 - As die verskillende eilande verskillende omgewingstoestande ✓/ verskillende plantegroei/ verskillende voedsel vir die vlinders het
 - het elke groep onafhanklik natuurlike seleksie ondergaan✓
 - en ontwikkel verskillend ✓
 - genotipies en fenotipies ✓
 - Geenvloei/ voortplanting tussen bevolkings A/B en C vind nie plaas✓
 - Wat tot die vorming van 'n nuwe spesie ✓ lei Enige (4)
- *Verpligte 1 punt** (5)
- (8)**
- 3.2 3.2.1 - Voorsien die heeljaar addisionele voeding stowwe✓
- Voorsien Vitamien D ✓
- Voorsien kalsium✓
(Merk slegs eerste EEN) Enige 1 (1)
- 3.2.2 - Primitiewe mense / *H. Erectus* het uit Afrika gemigreer lank voordat die vermoë om melk te verteer ontwikkel✓ het
- Hulle het nie die mutasie✓/ ensiem / gene / allele wat melk verteer nie✓
Enige 1 x 2 (2)
- 3.2.3 Mutasies op mitochondriale DNA✓ (1)
- (4)**
- 3.3 3.3.1 B✓ (1)
- 3.3.2 - Die pelvis is korter✓in vergelyking met die breedte✓
OF
- Die pelvis is wyer✓in vergelyking met die lengte✓/hoogte (2)
(Merk slegs eerste EEN) Enige 1 x 2

NSS – Memorandum


- 3.3.3
- Arms is leeg ✓ / beskikbaar sodat hulle hul kleintjies ✓ / voedsel kan dra/ toerusting maipuleer
 - Vermoë om verder te sien in die omgewing ✓ om gevaar ✓ / voedsel te gewaar
 - stel groter oppervlakte bloot vir ✓ termoregulering ✓
 - Verklein die oppervlakte blootgestel aan die son ✓ minder hitte word geabsorbeer ✓ / minder hitteverlies/ termoregulering
 - Toon die geslagsorgane ✓ om ander geslag aan te trek ✓
 - Effektiewe beweging ✓ om oor verder afstande te beweeg ✓
- (Merk slegs eerste TWEE)**

Enige 2 x 2 (4)
(7)

- 3.4 3.4.1
- Laat groter brein toe
 - Ontwikkeling van spraak ✓ / kommunikasie
 - Hoër intelligensie ✓
 - Komplekse gedrag ✓
 - Vinnige verwerking van inligting ✓
 - Verwerk groot hoeveelhede inligting ✓
- (Merk slegs eerste TWEE)**

Enige 2 (2)

3.4.2



Punttoekenning van die grafiek

Kriteria	Verduideliking	Punt
Tipe grafiek	Staafigrafiek getrek	1
Opskrif	Sluit beide veranderlikes in: 'verskillende primate / spesies' en 'skedelkapasiteit'	1
X-as	Gelyke breedte van stawe EN korrekte opskrif (naam van organismes en verskillende primate)	1
Y-as	Toepaslike skaal EN Korrekte opskrif en eenhede vir Y-as (cm ³)	1
Trek van stawe	1-5 stawe korrek getrek – 1 punt Al 6 stawe korrek getrek – 2 punte	2

(6)

NOTA: As asse omgeruil word:

- Sal punte verloor word vir opskrif van die 'X-as 'en'Y-as

(8)


3.5 3.5.1 (a) Normale vrou✓ (1)

(b) $X^H X^h$ ✓✓ (2)

- 3.5.2 - Hemofilie word veroorsaak deur 'n resessiewe alleel wat gedra word op die X chromosoom✓
 - Vrouens het twee X chromosome✓ / Mans het net een X chromosoom
 - Vrouens moet dus twee resessiewe allele erf✓ / vrouens wat net een resessiewe het is normaal

Enige 3 (3)

3.5.3




* 50% ✓ kans vir seun met hemofilie

P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓

*1 verpligte+enige 6 (7)

OF



* 50% ✓ kans vir seun met hemofilie

P₁ en F₁✓
 Meiose en bevrugting✓

*1 verpligte punt+enige 6 (7)
 (13)

[40]

TOTAAL AFDELING B 80

AFDELING C**VRAAG 4****4 Meiose**

- Oorkruising✓
- vind plaas tydens profase I✓
- Homoloë chromosome/chromatiede oorvleuel✓
- By die punt genoem chiasma✓/chiasmata
- Genetiese materiaal word uitgeruil✓ wat nuwe
- kombinasies van genetiese materiaal veroorsaak ✓ Maks 3 (3)

- Onafhanklike/lukrake rangskikking✓
- vind tydens metafase plaas✓
- Sodat hulle lukraak✓/ onafhanklik van mekaar skei
- wat tot nuwe kombinasies van genetiese materiaal ✓ lei Maks 3 (3)

Mutasies

- 'n Geenmutasie✓ (/punt/ raampie verskuiwing) vind plaas
- as gevolg van 'n verandering in die volgorde
- van stikstofbasse✓ in die DNA molekule

- 'n Chromosoommutasie✓ vind plaas
- as gevolg van 'n verandering in die struktuur van die
- chromosoom✓/getal chromosome gedurende meiose

- Mutasie wat plaasvind in geslagselle✓
- word oorgedra na nuwe generasies✓
- wat lei tot nuwe kenmerke Maks 5 (5)

Rol van variasie in natuurlike seleksie

- Organismes van 'n spesifieke spesie toon 'n groot mate van variasie✓
 - Sekere individue het voordelige kenmerke✓/enige voorbeeld
 - Ander kan kenmerke besit wat nie voordelig is nie✓/enige voorbeeld
 - As daar kompetisie is/verandering van omgewings toestande✓/
selektiewe druk deur die omgewing
 - sal organismes met die voordelige kenmerke oorleef✓
 - en voortplant✓
 - en dra die voordelige kenmerk aan hul nageslag oor✓
 - terwyl organismes wat nie voordelige kenmerk besit nie sal uitsterf✓
 - Oor 'n tydperioede sal die hele bevolking die voordelige kenmerk besit✓
- Maks 6 (6)
Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

ASSESESERRING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Kriteria	Relevansie (R)	Logiese volgorde (L)	Begrip (C)
Algemeen	Alle inligting voorsien is relevant aan die onderwerp	Idees is in 'n logiese volgorde geplaas vir elke proses	Alle aspekte van die opstel, is voldoende aangespreek
In die opstel	Bevat slegs inligting relevant aan die bydrae van oorkruising, onafhanklike rangskikking van chromosome, mutasies en natuurlike seleksie	Inligting rakende oorkruising, onafhanklike sortering van chromosome, mutasies en natuurlike seleksie is in 'n logiese volgorde gegee in elke aspek	Ten minste drie korrekte punte van elk van die drie aspekte: meiosis, mutasies en natuurlike seleksie is gegee
Punt	1	1	1
	R	L	C

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOT TOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V1

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE tekeninge met 'n potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme en vloeddiagramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, 'n gradeboog en 'n passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 'n Geleidelike verandering in die struktuur van organismes met verloop van tyd staan as ... bekend.

- A evolusie
- B 'n mutasie
- C proteïensintese
- D natuurlike seleksie

1.1.2 Die volgende is stellings oor evolusie:

- (i) Kunsmatige seleksie en metamorfose toon hoe evolusie in organismes kon plaasgevind het.
- (ii) Daar is ooreenkomste tussen verskillende organismes.
- (iii) Gebruik of ongebruik van 'n orgaan veroorsaak dat dit gewysig word.
- (iv) Alle vorme van lewe ontwikkel uit eenvoudige vorme.

Watter kombinasie van stellings hou verband met Erasmus Darwin se idees oor evolusie?

- A (i), (ii), (iii) en (iv)
- B (ii), (iii) en (iv)
- C (i), (ii) en (iv)
- D (i), (iii) en (iv)


1.1.3 Watter EEN van die volgende is die gevolg van kunsmatige seleksie?

- A DDT-weerstandigheid in muskiete
- B Die effek van antibiotika op bakterieë neem af
- C Verhoogde melkproduksie in melkbeeste
- D Pepermotte word nie deur predatore waargeneem nie

1.1.4 Watter van die volgende verteenwoordig EEN voordeel en EEN nadeel van genetiese manipulasie in die ontwikkeling van die verlangde produkte?

	Voordeel	Nadeel
A	Verhoogde produksietempo	Ontwikkelingskoste is hoog
B	Ontwikkelingskoste is hoog	Moontlike vrystelling van die GGO ('GMO') in die omgewing
C	Groter reeks produkte	Verhoogde produksietempo
D	Verhoogde produksietempo	Groter reeks produkte

- 1.1.5 Die diagram hieronder toon die vrugbaarheid van die nageslag wat voortgebring word wanneer drie muisbevolkings, **A**, **B** en **C**, kruisteel.



Watter EEN van die volgende stellings oor bevolkings **A**, **B** en **C** is die KORREKTE interpretasie van die inligting in die diagram hierbo?

- A Al drie bevolkings is van dieselfde spesie.
 - B Bevolking A en C is van dieselfde spesie, maar bevolking A en B is van verskillende spesies.
 - C Bevolking B en C is van verskillende spesies, maar bevolking A en B is van dieselfde spesie.
 - D Bevolking A en B is van verskillende spesies, maar bevolking B en C is van dieselfde spesie.
- 1.1.6 By die mens is die alleel vir bloedgroep A dominant oor die alleel vir bloedgroep O. Al twee ouers se bloedgroep is A. Hulle kind se bloedgroep is O.
- Wat is die beste verklaring vir hierdie patroon van oorerflikheid?
- A Die kind het die bloedgroep direk by 'n grootouer geërf.
 - B Die ouers is homosigoties vir die bloedgroepallele.
 - C Die ouers is heterosigoties vir die bloedgroepallele.
 - D Daar was 'n mutasie in die bloedgroepallele.
- 1.1.7 In 'n ondersoek is daar bevind dat 10% van die basisse in 'n DNS/DNA-molekule timien was. Wat was die verhouding van timien tot guanien in dieselfde molekule?

- A 1 : 2
- B 1 : 3
- C 1 : 1
- D 1 : 4

1.1.8 Nadat 'n sekere verskynsel waargeneem is, kan 'n wetenskaplike 'n ... formuleer.


- A teorie
- B hipotese
- C feit
- D wet

1.1.9 Gene in organismes kan deur die mens gemanipuleer word om nuttige stowwe te vervaardig. Een voorbeeld van 'n nuttige stof wat op hierdie wyse vervaardig word, is die menslike proteïen insulien, wat gebruik word om diabetes te behandel.

Watter EEN van die volgende is 'n akkurate beskrywing van hoe menslike insulien vervaardig en gebruik kan word om diabetes te behandel?

- A Neem insulien uit bakterieë en plaas dit in 'n mens, wat dan veroorsaak dat die mens insulien kan vervaardig.
- B Neem insuliengene uit bakterieë en plaas dit in 'n mens, wat die mens dan in staat stel om insulien te vervaardig.
- C Neem insuliengene uit 'n mens en plaas dit in bakterieë. Gebruik die insulien wat deur die bakterieë vervaardig word om diabetes te behandel.
- D Neem insulien uit 'n mens en laat dit in bakterieë groei. Gebruik die insulien wat deur die bakterieë vervaardig word om diabetes te behandel.

1.1.10 Die grafiek hieronder toon die veranderinge in die hoogte van perde oor evolusionêre tyd.



[Aangepas uit *Biologie*, Jones en Jones, 1993]

Wat kan met redelike sekerheid uit die grafiek hierbo afgelei word?

- A Die toename in hoogte is deur klimaatsveranderinge veroorsaak.
- B Die hoogte van die perd het met verloop van tyd verander.
- C *Mesochippus* was hoër as *Merychippus*.
- D Oor 100 jaar sal die perd beduidend hoër as die perde van vandag wees.

(10 x 2)

(20)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 'n Oorgeërfde siekte wat hemoglobien aantas en die vorm van rooibloedselle verander
- 1.2.2 Die genetiese samestelling van 'n organisme ten opsigte van die allele wat dit bevat
- 1.2.3 Die algehele verdwyning van 'n spesie vanaf die Aarde
- 1.2.4 Die volledige stel gene wat in 'n organisme teenwoordig is
- 1.2.5 Die vermoë van 'n organisme om op twee bene te loop
- 1.2.6 Die chromosoomkomplement/chromosoomtoestand van 'n liggaamsel wat twee stelle chromosome besit
- 1.2.7 Die punt waar chromatiede van homoloë chromosome gedurende meiose kruis
- 1.2.8 'n Visuele voorstelling van 'n organisme se chromosome (8)


1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A EN B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II	
1.3.1	Eienskappe word deur die nageslag by die ouers oorgeërf	A:	Lamarck se waarneming
		B:	Darwin se waarneming
1.3.2	Oorsake van variasie gedurende meiose	A:	Ewekansige bevrugting
		B:	Ewekansige paring
1.3.3	Gee bewyse van gemeenskaplike voorouers	A:	Homoloë strukture
		B:	Analoë strukture
1.3.4	Boek wat deur Darwin geskryf is	A:	<i>HMS Beagle</i>
		B:	<i>On the Origin of Species</i>
1.3.5	Voortplantings-isolasiemeganisme	A:	Hofmakery
		B:	Teel dieselfde tyd
1.3.6	Fossiele in Suid-Afrika gevind	A:	Mev. Ples
		B:	Lucy
1.3.7	Genetiese bewyse vir die 'Uit Afrika'-hipotese	A:	DNS/DNA van die X-chromosoom
		B:	DNS/DNA van ribosome
1.3.8	Verhoog variasie in 'n spesie	A:	Kloning
		B:	Mutasie

(8 x 2)

(16)

- 1.4 By die mens is die alleel vir bruin oogkleur (B) dominant oor die alleel vir blou oogkleur (b). 'n Wetenskaplike het inligting ingesamel oor die oorerwing van oogkleur in 'n sekere familie. Dié inligting word in die stamboomdiagram hieronder voorgestel.



VRAAG 1.4.1 en 1.4.2 verwys na die volgende moontlike antwoorde (i, ii, iii, iv). Skryf slegs die nommer (i, ii, iii of iv) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.2) neer.

- (i) Hulle het dieselfde fenotipe en dieselfde genotipe.
- (ii) Hulle verskil in fenotipe, maar het dieselfde genotipe.
- (iii) Hulle het dieselfde fenotipe, maar verskil in genotipe.
- (iv) Hulle verskil in beide fenotipe en genotipe.

- 1.4.1 As persoon **V** homosigoties vir die dominante oogkleuralleel is, watter van die stellings hierbo is WAAR vir persoon **V** en persoon **W**? (2)
- 1.4.2 Watter van die stellings hierbo is WAAR vir persoon **Y** en persoon **Z**? (2)
- 1.4.3 Wat is die persentasie kans dat persoon **W** en persoon **X** 'n blouoogkind sal hê? (2)


(6)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die diagram hieronder, wat 'n stadium van proteïensintese toon.



2.1.1 Noem die stadium van proteïensintese wat deur die diagram hierbo voorgestel word. (1)

2.1.2 Skryf die DNS/DNA-drietalbasisse neer wat met die kodons genummer 6 en 10 ooreenstem. (2)

2.1.3 Noem: (1)
(a) Die binding wat deur X verteenwoordig word

(b) Die organel waarin die proses wat in die diagram hierbo voorgestel word, plaasvind (1)

2.1.4 Die tabel hieronder toon die aminosure wat vir verskillende tRNA-antikodons kodeer.

Antikodons van tRNA	Gekodeerde aminosuur
CCU	Prolien
GAA	Glutamaat
GGA	Glisien
CUU	Leusien
GUG	Histidien
ACC	Treonien
CAC	Valien
UGG	Triptofaan

Gebruik die inligting in die diagram hierbo en:

(a) Skryf die name van die aminosure neer wat vir die kodons genummer 7 en 9 gekodeer word (2)

(b) Identifiseer aminosuur 5 (1)
(8)

- 2.2 Sistiese fibrose is 'n genetiese afwyking wat deur die abnormale vervaardiging van mukus/slym in die longe van die mens gekenmerk word. Dit word veroorsaak deur 'n mutasie in 'n geen op chromosoom 7 wat vir die proteïen CFTR kodeer. Die proteïen CFTR bestaan uit 1 480 aminosure. Die normale volgorde en die mutasiedeel van die geen word hieronder getoon.

Volgorde	Basisdrietal van die stikstofbasiëse						
Normaal	ATT	ATC	ATC	TTT	GGT	GTT	TCC
Mutasie	ATT	ATC	TTT	GGT	GTT	TCC	

- 2.2.1 Hoe weet ons dat die basisdrietal wat voorgestel word, DNS/DNA verteenwoordig? (1)
- 2.2.2 Noem die tipe geenmutasie wat deur die inligting in die tabel hierbo voorgestel word. (1)
- 2.2.3 Verduidelik die effek van die geenmutasie wat in VRAAG 2.2.2 genoem is. (2)
(4)


- 2.3 Die oorerwing van pelskleur in katte is aan geslag gekoppel. Die skilderkleur by katte is 'n kombinasie van swart en oranje pels. Die alleel vir swart pels word deur X^B verteenwoordig en die alleel vir oranje pels word deur X^O verteenwoordig.

'n Wyfiekat met 'n skilderkleur paar met 'n oranje mannetjieskat.

WENK: Die geslagschromosome/gonosome by katte is dieselfde as by die mens.

- 2.3.1 Gebruik die simbole X^B , X^O en Y om 'n genetiese kruising te toon van die paring soos hierbo genoem. Toon ook die verhouding van die F_1 -fenotipes aan. (7)
- 2.3.2 Verduidelik waarom die mannetjieskatjies nooit die skilderpelskleur kan hê nie. (2)
- 2.3.3 Verduidelik waarom die wyfiekatjies die skilderpelskleur kan hê. (2)
(11)

2.4 Die diagram verteenwoordig 'n sel in metafase van meiose I.




Teken 'n diagram met volledige byskrifte om EEN van die selle wat die gevolg hiervan is, in dieselfde fase van meiose II voor te stel.

(7)
[30]


VRAAG 3

- 3.1 Talle cichlid-visspesies word in die Malawi-meer in Afrika aangetref. Al hierdie spesies het uit 'n enkele voorouerspesie ontwikkel. Die diagramme hieronder toon die monde van drie verskillende cichlid-visspesies wat deur simpatriese spesievorming in dieselfde meer in Malawi ontwikkel het. Dit gee ook inligting oor hul voedingsmetodes.



- 3.1.1 Noem EEN voordeel daarvan dat die drie cichlid-visspesies gespesialiseerde voeders is wat verskillende voedsel eet. (2)
- 3.1.2 Beskryf die proses wat tot die vorming van die drie spesies soos hierbo getoon, gelei het. (6)
(8)

3.2 Twee paleontoloë het verskillende modelle vir die evolusiestamboom van die mens voorgestel. Die modelle wat hulle voorgestel het, word hieronder getoon.



3.2.1 Noem TWEE ooreenkomste tussen die twee modelle ten opsigte van verwantskappe tussen die verskillende spesies. (2)

3.2.2 Beskryf TWEE maniere waarop die modelle verskil ten opsigte van verwantskappe tussen die verskillende spesies. (4)

3.2.3 Fossielskelette van *Australopithecus sediba* is in die Malapa-grotte ontdek. Toe wetenskaplikes die fossiele ontleed het, het hulle bevind dat dit sekere eienskappe met die genus *Homo* gemeen het.


Tussen watter TWEE spesies sal *Australopithecus sediba* in Model 2 geplaas word? (1)

3.2.4 Tabuleer TWEE strukturele eienskappe van die skedel wat die australopithecine van *Homo sapiens* onderskei. (5)
(12)

3.3 'n Wetenskaplike wou toets of 'n nuwe antibiotika, met die naam Novamisien, die voortplanting van 'n bevolking bakterieë wat vir ander antibiotika weerstandig was, kon beperk.

Die ondersoek is soos volg opgestel:

- Die bakterieë is in dieselfde tipe agarmedium in 20 petribakkies van dieselfde grootte gekweek en toe in 2 groepe ingedeel:
 - Groep 1: 10 petribakkies is met Novamisien van dieselfde konsentrasie behandel
 - Groep 2: 10 petribakkies het geen behandeling ontvang nie
- Die petribakkies is toe onder dieselfde toestande geïnkubeer en vir bakteriële groei ondersoek.
- Die diameter van die gebied waar geen bakterieë gegroei het nie, is vir elke petribakkie gemeet.



- 3.3.1 Vir die ondersoek hierbo, identifiseer:
- (a) Die afhanklike veranderlike (1)
 - (b) DRIE faktore wat gedurende die ondersoek konstant gehou moes gewees het, behalwe dié wat hierbo genoem is (3)
- 3.3.2 Waarom het die wetenskaplike meer as een petribakkie vir elke groep gebruik? (1)
- 3.3.3 Wat was die doel van Groep 2 in die ondersoek? (1)
- 3.3.4 'n Soortgelyke eksperiment is uitgevoer waar die gekweekte bakterieë in 5 groepe verdeel is. Hierdie groepe is toe met verskillende konsentrasies Novamisien behandel.
- (a) Formuleer 'n hipotese vir die ondersoek hierbo. (3)
 - (b) Noem EEN faktor wat verwant is aan Novamisien wat konstant gehou moet word. (1)

(10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C**VRAAG 4**

- 4.1 Die tabel hieronder toon die geboortemassa en die getal babas wat by die verskillende gewigte oorleef.

Geboortemassa (kg)	Getal babas wat oorleef
1,0–1,5	100
1,6–2,0	200
2,1–2,5	300
2,6–3,0	1 300
3,1–3,5	2 300
3,6–4,0	1 200
4,1–4,5	250
4,6–5,0	150

[Bron: *Basiese Genetika, 'n Menslike Benadering*, 1991]

- 4.1.1 Teken 'n histogram vir die inligting in die tabel hierbo. (7)
- 4.1.2 Noem die tipe oorerwing wat deur 'n groot getal gene, soos by geboortemassa, beheer word. (1)
- 4.1.3 Hoe verskil die tipe oorerwing wat in VRAAG 4.1.2 genoem is, van oorerwing as gevolg van 'n enkele geen? (2)
- (10)**

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DNS/DNA-TOETSING VAN VLEIS

Navorsing deur wetenskaplikes van die Universiteit van Stellenbosch het spore van donkie-, waterbuffel- en bokvleis in beesmaalvleismonsters gevind wat regoor die land geneem is.

Van die 139 monsters wat getoets is, het 95 (68%) spesies bevat wat nie op die produketiket aangedui is nie.

Wetenskaplikes van die Universiteit van Wes-Kaapland het DNS/DNA-toetse op 146 koedoebiltongmonsters gedoen. Die resultate het getoon dat 77% van die monsters verkeerd geëtiketteer is. In sekere gevalle het die monsters bees, kameelperd, kangeroe, sebra of vark bevat.

DNS/DNA-toetsing is duur, teen ongeveer R3 500 per monster.

[Aangepas uit *iol nuus*, Maart 2013]

- 4.2.1 Verduidelik hoe dit vir wetenskaplikes moontlik was om die verskillende spesies in die vleismonsters wat getoets is, te identifiseer. (2)
- 4.2.2 Gee TWEE redes waarom die biltongvervaardigers koedoe met bees- of varkvleis sou vervang. (2)
- 4.2.3 Verduidelik waarom behoorlike etikettering van die vleisprodukte vir sommige mense belangrik is. (2)
- 4.2.4 Gee EEN rede wat in die teks genoem word, waarom toetsing van die samestelling van vleisprodukte nie gereeld gedoen word nie. (1)
- 4.2.5 Gee EEN rede wat gebruik kan word om die DNS/DNA-resultate te betwis. (1)
- 4.2.6 Noem TWEE gebruike van DNS/DNA-profiel behalwe die een wat in die uittreksel genoem word. (2)
- 4.3 Begin met 'n sel wat VIER chromosome bevat en beskryf AL die chromosoomveranderinge wat gedurende meiose plaasvind en lei tot die vorming van abnormale gamete as gevolg van nie-disjunksie (nie-verdeling) in meiose 1. (17)

Inhoud (17)
Sintese (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloediagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE 2014

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied in plaas van beskrywings wat vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Onherkenbare afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.

13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en andersom)**
Geen krediet
15. **As eenhede van mate nie aangedui word**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet 'n opskrif hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte)**

Slegs 'n enkele woord of twee wat in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word sonder dat daar met die provinsiale interne moderator beraadslaag is, wat op sy/haar beurt met die eksterne moderator(e) sal beraadslaag, nie.
20. Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die UMALUSI-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	A✓✓		
	1.1.2	C✓✓		
	1.1.3	C✓✓		
	1.1.4	A✓✓		
	1.1.5	C✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	D✓✓		
	1.1.8	B✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	B✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Sekelselanemie✓		
	1.2.2	Genotipe✓		
	1.2.3	Uitsterwing✓		
	1.2.4	Genoom✓		
	1.2.5	Bipedaal✓/Bipedalisme		
	1.2.6	Diploïed ✓		
	1.2.7	Chiasma✓/Chiasmata		
	1.2.8	Kariogram✓/Kariotipe		(8)
1.3	1.3.1	Beide A en B✓✓		
	1.3.2	Geeneen✓✓		
	1.3.3	Slegs A ✓✓		
	1.3.4	Slegs B ✓✓		
	1.3.5	Slegs A ✓✓		
	1.3.6	Slegs A ✓✓		
	1.3.7	Geeneen✓✓		
	1.3.8	Slegs B ✓✓	(8 x 2)	(16)
1.4	1.4.1	iii✓✓		(2)
	1.4.2	i✓✓		(2)
	1.4.3	50%✓✓		(2)
				(6)
				[50]
			TOTAAL AFDELING A:	50

AFDELING B**VRAAG 2**

2.1	2.1.1	Translasie✓	(1)
	2.1.2	GGA✓ GTG✓	(2)
	2.1.3	(a) Peptied✓ binding (b) Ribosoom✓	(1) (1)
	2.1.4	(a) 7- Glutamaat✓ 9- Prolien✓ (b) 5- Histidien✓	(2) (1) (8)
2.2	2.2.1	Dit het timien✓	(1)
	2.2.2	Raampieverskuiwingmutasie ✓	(1)
	2.2.3	- Die mutasievolgorde het 1 aminosuur te min ✓ - Die aminosuurvolgorde verander van die punt af vorentoe✓ - wat veroorsaak dat 'n verskillende proteïen gevorm word✓/ CFTR word nie gevorm nie	enige (2) (4)

2.3 2.3.1

✓ **P₁/ouer** fenotipe: skilderkatwyfie x oranje mannetjieskat ✓
 genotipe: $X^B X^O$ x $X^O Y$ ✓

✓ **Meiose**
 ✓ **G/gamete** X^B, X^O x X^O, Y ✓

✓ **Bevrugting**
F₁/nageslag genotipe $X^B X^O, X^B Y, X^O X^O$ & $X^O Y$ ✓
 fenotipe 1 skilderkatwyfie, 1 swart mannetjieskat,
 1 oranje wyfiekat en 1 oranje mannetjieskat ✓✓
(1 punt vir geslag en 1 punt vir pelskleur met korrekte verhouding)
 enige (7)

OF

✓ **P₁/ouer** fenotipe: skilderkatwyfie x oranje mannetjieskat ✓
 genotipe $X^B X^O$ x $X^O Y$ ✓

✓ **Meiose**
 ✓ **Bevrugting**

gamete	X^B	X^O
X^O	$X^B X^O$	$X^O X^O$
Y	$X^B Y$	$X^O Y$


1 punt vir korrekte gamete ✓
 1 punt vir korrekte genotipes ✓

✓ **F₁/nageslag**
 fenotipe 1 skilderkatwyfie, 1 swart mannetjieskat,
 1 oranje wyfiekat en 1 oranje mannetjieskat ✓✓
(1 punt vir geslag en 1 punt vir pelskleur met korrekte verhouding)
 enige (7)


2.3.2 Die alleel vir die kenmerk word slegs op die X-chromosoom gedra/
Y-chromosoom dra nie die alleel vir die kenmerk
Die kenmerk toon slegs in die heterosigotiese toestand (2)

2.3.3 - Beide allele is dominant/kodominant (2)
- Beide kleure word uitgedruk in die fenotipe (11)

2.4



OR



Kontrolelys vir die merk van die tekening

Opskrif	1
2 chromosome getoon	1
Chromosome op die ekwator getoon	1
Korrekte voorkoms van die chromosome	1
Enige 3 korrekte byskrifte: - Spoelvesel - Chromosoom - Chromatied - Sentromeer	3

(7)
[30]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 - Effektiewe✓ insamel ✓ van voedsel
- Kompetisie vir voedsel✓ word verminder✓

Enige 1x2 (2)

(Merk slegs eerste EEN)

- 3.1.2 - Daar was variasie in die bevolking van cichlid-visse✓
- Die bevolking bly in dieselfde area✓ /Geen geografiese skeiding
- *Hulle kon in drie groepe verdeel gewees het/verskillende nisse
As gevolg van verskillende voedingswyses✓
- Elke groep ondergaan afsonderlik natuurlike seleksie✓
En elke groep in die meer ontwikkel verskillend✓
- Genotipies ✓ en fenotipies✓
- Geenvloei✓/voortplanting tussen die verskillende bevolkings vind nie plaas nie
- Die verskille wat ontwikkel tussen die verskillende bevolkings voorkom inteling✓
- Die 3 groepe word nuwe spesies✓

Maks 5 + 1*(verpligte punt) (6)
(8)

- 3.2 3.2.1 *Australopithecus afarensis* is die gemeenskaplike voorouer in beide modelle✓
Homo heidelbergensis ontwikkel uit *Homo ergaster*✓
Homo heidelbergensis die gemeenskaplike voorouer vir *Homo sapiens* en *Homo neanderthalensis* ✓
(Merk slegs eerste TWEE)

enige (2)

3.2.2

Model 1	Model 2
<i>Homo habilis</i> ontwikkel direk van <i>Australopithecus afarensis</i> ✓	<i>Homo habilis</i> ontwikkel uit <i>Australopithecus africanus</i> ✓
<i>Homo erectus</i> ontwikkel direk uit <i>Australopithecus afarensis</i> ✓	<i>Homo erectus</i> ontwikkel uit <i>Homo ergaster</i> ✓
<i>Homo ergaster</i> ontwikkel direk uit <i>Australopithecus afarensis</i> ✓	<i>Homo ergaster</i> ontwikkel uit <i>Homo habilis</i> ✓

enige 2x2 (4)

LET WEL: Tabel nie verpligtend nie
(Merk slegs eerste TWEE)

- 3.2.3 *Australopithecus africanus* en *Homo habilis*✓

(1)

3.2.4

<i>Australopithecus</i>	<i>Homo</i>
1 Prominente oogbank✓	1 Oogbanke minder prominent ✓
2 Prognatisme ✓/ Uitstaande kakebeen	2 Verminderde prognatisme ✓/ kakebeen wat minder uitstaan
3 Minder geronde skedel✓	3 Meer geronde skedel✓
4 Tande minder gerangskik in 'n kurwe✓/minder geronde bokaak	4 Tande gerangskik in 'n ronde kurwe✓/meer geronde bokaak
5 Groter bokaak✓	5 Kleiner bokaak✓
6 Foramen magnum se posisie na agter✓	6 Foramen magnum posisie meer na vore✓
7 Gesig met helling✓	7 Plat gesig✓
8 Proporsioneel kleiner kranium✓	8 Proporsioneel groter kranium ✓

Enige 2x2 (+ 1 vir tabel)

(5)
(12)**(Merk slegs eerste TWEE)**


- 3.3 3.3.1 (a) Groei van bakterieë✓/die diameter van die area met geen bakteriële groei (1)
- (b) Selfde soort bakterieë ✓
Selfde hoeveelheid bakterieë in al die petribakkies✓
Selfde hoeveelheid agarmedium✓
ALLE metings van die deursnee moet deur dieselfde persoon ✓ / instrument gedoen word enige (3)
- (Merk slegs eerste DRIE)**
- 3.3.2 Om die betroubaarheid van die resultate te verhoog✓ (1)
- 3.3.3 Om te verifieer of die verskil in bakteriële groei as gevolg van die werking van Novamisin✓is/Dien as kontrole (1)
- 3.3.4 (a) 'n Toename in die konsentrasie Novamisin✓ sal bakteriële groei✓ vermeerder✓
OF
'n Toename in die konsentrasie van Novamisin✓ sal bakteriële groei ✓laat afneem✓
OF
'n Toename in die konsentrasie van Novamisin✓ sal geen effek✓ op bakteriële groei hê nie✓
enige(1x3) (3)
- (b) Hoeveelheid✓ /massa van Novamisin (1)
(Merk slegs eerste EEN) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 4

4.1 4.1.1



Kontrolelys vir die puntetoekenning van die grafiek

Korrekte tipe grafiek/Histogram (T)	1
Opskrif van grafiek	1
Korrekte byskrif vir X-as (insluitend die eenheid) en Y-as	1
Toepaslike skaal vir X-as en wydte van die kolomme vir die X-as	1
Toepaslike skaal vir die Y-as	1
Plot van kolomme	1 – 1 tot 7 kolomme korrek geplot 2 – al 8 kolomme korrek geplot

LET WEL:

As die verkeerde tipe grafiek geteken is:

- Punte word verbeur vir 'korrekte tipe grafiek'

As die asse omgeruil is:

- Punte word verbeur vir korrekte opskrif van die X-as en Y-as

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

(7)

- 4.1.2 Poligeniese ✓ oorerwing (1)
- 4.1.3 Poligeniese oorerwing: Gene word aangetref by verskillende/
meervoudige lokusse✓
Een geen oorerwing : Die geen word gevind in een lokus✓
OF
Poligeniese oorerwing: Het 'n reeks intermediêre fenotipes✓
vir die kenmerk/kontinue variasie
Een geen oorerwing: Het duidelike fenotipes✓ vir 'n kenmerk/
Diskontinue variasie (2)
(10)
- 4.2 4.2.1 Wetenskaplikes vergelyk✓ die DNA-profiel wat gekry is met die
toets met die unieke DNA-✓ profiele van verskillende organismes (2)
- 4.2.2 Koedoevleis ✓ is duur
Die beskikbaarheid van koedoevleis✓ kan skaars wees op die
tydstip **(Merk slegs eerste TWEE)** enige (2)
- 4.2.3 Sekere geloofsgroepe/ kulture wat sekere tipes vleis nie eet nie✓
kan dit vermy as dit korrek geëtiketteer is✓/
Mense wat allergies is/ vir sekere voedingstowwe in die vleis ✓ kan
vermy om dit te eet as dit korrek geëtiketteer is.✓ (2)
- 4.2.4 Die koste van DNA-toetsing is duur✓ (1)
- 4.2.5 Menslike foute✓ kon plaasvind wanneer die resultate geanaliseer
word (1)
- 4.2.6 Vaderskaptoetse✓/bewys van genetiese lyne
Bepaal genetiese afwykings✓
Identifiseer vermiste individue✓/gestorwe persone
(Merk slegs eerste TWEE) enige (2)
(10)

4.3 **Moontlike antwoord**

- Elke chromosoom verkort en word sigbaar✓
- as twee chromatiede✓
- verbind by 'n sentromeer✓
- Homoloë chromosome kom lê langs mekaar✓
- Chromatiede van elke chromosoom oorkruis✓/oorkruising vind plaas
- Die punt waar oorkruising plaasvind word die chiasmata genoem✓
- Genetiese materiaal word uitgeruil✓ tussen die homoloë chromosome
- Die chromosome lê langs mekaar op die ekwator✓
- in homoloë pare✓
- Verbind aan die spoelvelsels✓
- Wanneer die spoelvelsels verkort ✓/saamtrek
- * **Sal al 4 chromosome na een pool getrek word**✓ as gevolg van nie-disjunksie/nie verdeling
- En vorm twee selle✓
- * **een met 4 chromosome**✓,
- * **en een met geen chromosome**✓.
- Die sel met 4 chromosome ondergaan meiose 2✓
- Die 4 chromosome gaan lê op die ekwator✓
- in 'n enkel ry✓
- Wanneer die spoelvelsel verkort✓/saamtrek
- Sal die sentromere split✓
- En die chromatiede✓/dogterchromosome
- Word getrek na die teenoorgestelde pole van die sel✓
- Twee selle gevorm✓
- * **Elk met 'n nukleus met 4 chromosome**✓
- * **wat in diploïede gamete**✓ vorm

Enige 4 verpligte* punte + enige ander 13

Inhoud (17)
Sintese: (3)
(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Beskrywing	Punte
Alle inligting gegee is slegs relevant tot chromosoomveranderinge en nie-disjunksie	1
Die gebeure van meiose is teenwoordig in die volgorde waarin dit plaasvind	1
Voorsien inligting oor die normale en abnormale gebeure in meiose	1

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 150

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies by elke vraag aan.
6. Maak ALLE tekeninge met 'n potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
7. Teken diagramme en vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
9. MOENIE grafiekpapier gebruik NIE.
10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, 'n gradeboog en 'n passer gebruik, waar nodig.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van parasitisme?
- A Bye wat 'n blom besoek
 - B 'n Voël nes in 'n boom
 - C 'n Spinnepop wat 'n insek eet
 - D Bosluise op 'n hond
- 1.1.2 Watter EEN van die volgende stellings oor die verwantskap tussen 'n predator en sy prooi is WAAR?
- A Daar heers interspesifieke mededinging.
 - B Die grootte van die predatorbevolking word deur die grootte van die prooibevolking beheer.
 - C 'n Toename in die getal predatore lei tot 'n toename in die getal prooi.
 - D 'n Afname in die getal predatore lei tot 'n afname in die getal prooi.
- 1.1.3 Watter deel hieronder vorm deel van die plasenta?
- A Amnion
 - B Chorion
 - C Fallopiusbuis
 - D Serviks
- 1.1.4 Beskermings-/Verdedigingsmeganismes wat plante teen insekte het, sluit die ... in.
- A selwande van sellulose
 - B vervaardiging van giftige chemikalieë
 - C aanwesigheid van 'n inwendige vaatstelsel
 - D vermoë van stomata om gedurende die dag en die nag te sluit
- 1.1.5 Om 'n stabiele bevolking te handhaaf in 'n gebied waar emigrasie en immigrasie nie plaasvind nie, moet ...
- A voedselvoorsiening beperk word.
 - B predatore ingebring word.
 - C die nataliteitskoers laer as die mortaliteitskoers wees.
 - D die mortaliteitskoers dieselfde as die nataliteitskoers wees.


VRAAG 1.1.6 EN 1.1.7 IS OP DIE GRAFIEK HIERONDER GEBASEER.



1.1.6 Indien bevrugting sou plaasvind, sal die vlak van hormoon **Z** vanaf dag 18 ...

- A afneem soos op die grafiek aangedui.
- B eers afneem en dan toeneem.
- C nie afneem nie.
- D dieselfde patroon as hormoon **X** volg, soos in die grafiek aangedui.

1.1.7 Struktuur **1**, **2** en **3** hieronder toon verskillende stadiums in die ontwikkeling van die follikel gedurende die menstruele siklus.




Die volgorde van die strukture wat met **A**, **B** en **C** op die grafiek hierbo ooreenstem, is ...

- A 1, 2, 3.
- B 2, 3, 1.
- C 2, 1, 3.
- D 3, 2, 1.

- 1.1.8 Watter EEN van die volgende groep toestande sal heel waarskynlik 'n groot toename in die grootte van die prooibevolking tot gevolg hê?

	PREDASIE	VOEDSELVOORSIENING	SIEKTE
A	Afname	Toename	Afname
B	Toename	Toename	Afname
C	Afname	Afname	Toename
D	Toename	Afname	Toename

VRAAG 1.1.9 EN 1.1.10 IS OP DIE DIAGRAM HIERONDER GEBASEER.



- 1.1.9 Watter kombinasie byskrifte vir **2**, **3** en **4** onderskeidelik is KORREK?

- A Hipotalamus, serebrum, serebellum
- B Serebrum, serebellum, hipotalamus
- C Hipotalamus, medulla oblongata, serebellum
- D Medulla oblongata, serebrum, serebellum

- 1.1.10 Wat is die funksie van die deel wat **1** genommer is?

- A Verantwoordelik vir spiertonus
- B Verantwoordelik vir alle willekeurige spierbewegings
- C Beheer belangrike refleksaksies
- D Beheer die tempo van die hartklop

(10 x 2) (20)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.2.1 Die handhawing van 'n konstante interne omgewing in lewendige organismes
- 1.2.2 Die oordrag van 'n stuifmeelkorrel van 'n helmknop na 'n stempel
- 1.2.3 Die produsering van 'n nageslag uit 'n enkele plant sonder dat gamete versmelt het
- 1.2.4 Versperrings wat voorkom dat lede van twee spesies 'n nageslag produseer
- 1.2.5 Die ontwikkeling van die volwasse vorm uit 'n bevrugte eiersel sonder dat 'n larwestadium voorkom, by sommige insekte
- 1.2.6 Neurone wat impulse vanaf reseptore vervoer

(6)


1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A, SLEGS B, BEIDE A EN B OF GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM I	KOLOM II
1.3.1 'n Verwantskap waar beide organismes uit die verwantskap voordeel trek	A: Kommensalisme B: Mutualisme
1.3.2 Verbruikers in 'n voedselketting	A: Herbivore B: Omnivore
1.3.3 Die gebruik van dieselfde hulpbrondeur twee spesies, maar op verskillende maniere	A: (Hulp)bronverdeling B: Mededingende uitsluiting
1.3.4 Besetting van 'n habitat wat voorheen onbeset was	A: Primêre suksessie B: Sekondêre suksessie
1.3.5 Die deel van die senuweestelsel wat die aktiwiteit van die inwendige organe, soos die hart, beheer	A: Simpatiese B: Parasimpatiese
1.3.6 Plek waar klankprikkel in senuwee-impulse omgeskakel word	A: Halfsirkelvormige kanale B: Ovale venster
1.3.7 Belangrikheid van saad	A: Bevat voedsel vir die embrio B: Beskerm die embrio
1.3.8 Die struktuur wat uit 'n vrugbeginsel ontwikkel	A: Saad B: Vrug

(8 x 2)

(16)

- 1.4 Die diagramme hieronder toon die manlike en vroulike voortplantingstelsel van die mens.




Skryf die LETTER (A–H) neer en BENOEM die deel:

- | | | |
|-------|--|------------|
| 1.4.1 | Wat urine na buite die liggaam vervoer | (2) |
| 1.4.2 | Waar bevrugting plaasvind | (2) |
| 1.4.3 | Waar sperms geproduseer word | (2) |
| 1.4.4 | Waar ovums geproduseer word | (2) |
| | | (8) |

TOTAAL AFDELING A: 50


AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 Die diagram hieronder verteenwoordig 'n dwarsnit deur 'n mens se saadbuisie/seminale tubule waarin 'n proses besig is om plaas te vind.



- 2.1.1 Noem die spesifieke proses wat in die saadbuisie geïllustreer word en tot die vorming van struktuur **A** lei. (1)
- 2.1.2 Noem die hormoon wat deur die orgaan wat die saadbuisies bevat, geproduseer is. (1)
- 2.1.3 Noem EEN funksie van die hormoon wat in VRAAG 2.1.2 genoem word. (1)
- 2.1.4 Hoeveel chromosome is daar in elke:
- (a) Spermatogoniumsel (1)
- (b) Spermatied (1)
- 2.1.5 Maak 'n benoemde tekening om die bou van die sel wat **A** gemerk is, aan te toon. (5)
- (10)**



2.2 Die grafiek hieronder toon die veranderinge in 'n persoon se liggaamstemperatuur oor 'n periode van 30 minute.



[Aangepas uit *Biology 2*, Cambridge, 2007]

- 2.2.1 Met hoeveel °C het die temperatuur tydens hierdie periode van 30 minute verander? (2)
- 2.2.2 Verklaar die veranderinge in die liggaamstemperatuur tydens periode X. (8)
(10)

2.3 Bestudeer die diagram en die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Verduidelik EEN manier waarop deel **B** geskik is om sy funksie te verrig. (2)
- 2.3.2 Verduidelik hoe en waarom deel **A** aanpassings maak wanneer 'n persoon uit skerp lig by 'n donker vertrek inkom. (5)
- 2.3.3 Watter NOMMER (1–4) op die grafiek verteenwoordig **C** in die diagram? (1)
- 2.3.4 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.3.3. (1)
- 2.3.5 Noem die deel van **B** in die diagram wat ooreenstem met nommer **2** op die grafiek. (1)

(10)
[30]

VRAAG 3

- 3.1 Die volgende tabel toon die veranderinge in die bevolkingsgrootte van 'n soort insek oor 'n tydperk van 14 weke.

Tyd (weke)	Bevolkingsgrootte
0	200
2	500
4	3 200
6	7 800
8	11 400
10	12 200
12	12 200
14	12 200

- 3.1.1 Trek 'n lyngrafiek met gebruik van die inligting in die tabel hierbo. (6)
- 3.1.2 Op jou grafiek, benoem die verskillende groeifases wat uitgebeeld word. (3)
- 3.1.3 Hoe verskil die groeipatroon in die grafiek wat jy geteken het van 'n geometriese groeivorm? (1)
(10)
- 3.2 'n Ondersoek is uitgevoer om meer uit te vind oor mededinging tussen ertjieplante. Vyf groepe ertjieplante is in dieselfde grond in areas van een vierkante meter (1 m^2) elk, onder dieselfde omgewingstoestande laat groei.

Die resultate word in die tabel hieronder getoon.


Groep	Getal plante per area van 1 m^2	Gemiddelde getal peule per plant	Gemiddelde getal sade per peul
1	20	8,3	6,0
2	40	6,8	5,9
3	60	3,9	6,2
4	80	2,7	5,9
5	100	2,1	6,0

- 3.2.1 Identifiseer TWEE afhanklike veranderlikes vir die ondersoek hierbo. (2)
- 3.2.2 Watter veranderlike in die tabel word klaarblyklik die meeste deur mededinging tussen naburige plante beïnvloed? (1)
- 3.2.3 Noem EEN manier waarop die veranderlike in VRAAG 3.2.2 beïnvloed is namate die digtheid van plante in 'n 1 m^2 -area toegeneem het. (1)
- 3.2.4 Noem TWEE hulpbronne waarvoor die ertjieplante in hierdie ondersoek moontlik kon meeding het. (2)

- 3.2.5 Bereken die totale getal sade wat geproduseer is in die area waar 20 plante in 'n 1 m²-area gegroei het. Toon AL jou bewerkings. (2)
- 3.2.6 Watter groep (1 of 5) het 'n groter opbrengs saad per plant gelewer? (1)
- 3.2.7 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 3.2.6. (2)
- 3.2.8 Behalwe die omgewingstoestande, noem TWEE ander faktore wat konstant gehou moes word om te verseker dat die resultate wat verkry word, geldig sou wees. (2)

(13)

3.3 Die diagramme hieronder verteenwoordig grafieke van ouderdom- en geslagsverspreiding vir 'n ontwikkelde land en 'n ontwikkelende land.



- 3.3.1 Verduidelik die waarde van die inligting wat deur die grafieke hierbo verskaf word wanneer daar vir onderwys beplan word. (2)
- 3.3.2 Noem TWEE uitwerkings wat 'n hoë bevolkingsgroei op die omgewing het. (2)
- 3.3.3 Watter grafiek (A of B) verteenwoordig die bevolkingsverspreiding van 'n ontwikkelende land? (1)
- 3.3.4 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.3.3. (2)

(7)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C**VRAAG 4**

4.1 Lees die leesstuk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE LOT VAN CHINA

Die Chinese regering het in 1978 besluit dat dit nodig was om sy invloed te gebruik om die bevolkingsgroeikoers te laat afneem om te verseker dat alle mense genoeg voedsel en 'n aanvaarbare lewensgehalte sou hê. Die bevolkingsgroeikoers in 1971 was 2,3%. Die regering se doelwit was om dit tot 0% teen die jaar 2000 te laat afneem. Teen 1986 was dit 1%.

'n Een-kind-beleid is ingestel, waarvolgens paartjies wat een kind het met 'n goeie werk, goeie behuising, 'n bonus van 'n ekstra maand se salaris, sowel as gratis onderwys en mediese sorg vir die kind, beloon is.

[Aangepas uit *Integrated Science, Systems and Diversity*, 1995]


- 4.1.1 Noem 'n metode wat gebruik word om die grootte van die menslike bevolking te bepaal. (1)
- 4.1.2 Uit die leesstuk hierbo, gee TWEE redes waarom die Chinese regering besluit het dat dit nodig was om die bevolkingsgroeikoers te laat afneem. (2)
- 4.1.3 Verduidelik hoe die een-kind-beleid die bevolkingsgrootte oor baie generasies heen kan beïnvloed. (2)
- 4.1.4 In 'n land waar die geboorte van 'n seun hoër geag word as die geboorte van 'n dogter, verduidelik hoe die een-kind-beleid die geslagsamestelling van die bevolking kan beïnvloed. (2)
(7)

4.2 'n Onderzoek is uitgevoer om die invloed van twee planthormone (**A** en **B**) op die opeenhoping van stysel in die selle van tabakplante te bepaal.

Die ondersoek is soos volg opgestel:

- 30 tabakplante van dieselfde spesie, grootte en ouderdom is gebruik.
- Hulle is in 3 groepe ingedeel, en elkeen is op 'n ander manier soos volg behandel:
 - Groep 1: 10 plante is met hormoon A behandel
 - Groep 2: 10 plante is met hormoon B behandel
 - Groep 3: 10 plante het geen hormoonbehandeling ontvang nie
- Al die plante is toe onder dieselfde toestande gelaat en die styselinhoud in die selle van elke groep is na 6 uur gemeet.

Die grafiek hieronder toon die resultate van die behandelings vir 'n periode van 48 uur aan.



4.2.1 Verduidelik die doel van Groep 3 in hierdie ondersoek. (2)

4.2.2 Deur die resultate te gebruik, dui die funksie aan van:

(a) Planthormoon A (2)

(b) Planthormoon B (2)

(6)

4.3 Die Colorado-kewer is 'n plaag omdat dit aartappels op die land vreet. Tydens 'n ondersoek is 'n kewerbevolking in 'n 2 000 m²-aartappelland geskat, soos hieronder beskryf:

- 'n Monster van die kewers is versamel en getel.
- Elke kewer is met 'n kolletjie verf gemerk en toe weer op die land vrygelaat.
- Drie dae later is 'n tweede monster versamel en getel.
- Die getal gemerkte kewers in die tweede monster is aangeteken.

Die resultate word in die tabel hieronder aangetoon.

Getal kewers wat gemerk en vrygelaat is	Getal kewers in die tweede monster	Getal gemerkte kewers in die tweede monster
500	450	5

Die kewerbevolking kan geskat word deur die volgende formule te gebruik:

$$P = \frac{M \times C}{R}$$

P = geskatte bevolking

M = getal kewers wat gevang en gemerk is

C = getal kewers wat weer gevang is

R = getal gemerkte kewers in die tweede vang

4.3.1 Bereken die bevolkingsgrootte van die kewers in die aartappelland. Toon AL jou bewerkings. (3)

4.3.2 Dui aan of daar 'n ONDERSKATTING of 'n OORSKATTING van die grootte van die kewerbevolking onder die volgende toestande sal wees:

(a) Party van die kolletjies verf op die kewers het afgegaan voordat die tweede monster gevang is (2)

(b) Die tweede monster is op dieselfde plek gevang, kort nadat die eerste monster gevang is (2)

(7)
(20)

4.4 Noem en gee die funksies van VIER hormone wat deur die pituïetêre klier/hipofise by mense afgeskei word. Beskryf hoe die pituïetêre klier die funksie van die tiroïedklier deur negatiewe terugkoppeling beheer.

Inhoud: (17)
Sintese: (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LEWENSWETENSKAPPE V2

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

BEGINSELS MET BETREKKING TOT NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE 2014

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. Indien, byvoorbeeld, drie redes vereis en vyf word gegee.
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek/nie korrek is nie.
3. Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis, maar beskrywings word gegee**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee**
Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied in plaas van beskrywings wat vereis word**
Kandidate sal punte verbeur.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v. beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verbeur.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Onherkenbare afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en andersom)**
Geen krediet.

15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur. Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui.
16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op verskillende maniere aangebied kan word.**
17. **Opskrif**
Alle illustrasies (soos diagramme, tekeninge, grafieke, tabelle, ens.) moet van 'n opskrif voorsien word.
18. **Meng van amptelike tale (terme/konsepte)**
Slegs 'n enkele woord of twee wat in enige ander amptelike taal anders as die leerder se assesseringstaal waarin die meeste van sy/haar antwoorde aangebied word, moet gekrediteer word, indien dit korrek is. 'n Nasiener wat in die relevante amptelike taal vaardig is, behoort geraadpleeg te word. Dit geld vir alle amptelike tale.
19. Geen veranderinge mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word sonder dat daar met die provinsiale interne moderator beraadslaag is, wat op sy/haar beurt met die eksterne moderator(e) sal beraadslaag, nie.
20. Slegs memorandums wat die handtekening van die nasionale interne moderator en die UMALUSI-moderatore bevat en deur die Nasionale Departement van Onderwys via die provinsies versprei word, mag gebruik word.


AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D✓✓		
	1.1.2	B✓✓		
	1.1.3	B✓✓		
	1.1.4	B✓✓		
	1.1.5	D✓✓		
	1.1.6	C✓✓		
	1.1.7	B✓✓		
	1.1.8	A✓✓		
	1.1.9	C✓✓		
	1.1.10	B✓✓	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Homeostase✓		
	1.2.2	Bestuwing✓		
	1.2.3	Ongeslagtelike voortplanting✓		
	1.2.4	Voortplantingsisoleringsmeganismes✓		
	1.2.5	Onvolledige metamorfose✓		
	1.2.6	Sensoriese✓/Afferente		(6)
1.3	1.3.1	Slegs B✓✓		
	1.3.2	Beide A en B✓✓		
	1.3.3	Slegs A✓✓		
	1.3.4	Slegs A✓✓		
	1.3.5	Beide A en B✓✓		
	1.3.6	Geeneen✓✓		
	1.3.7	Beide A en B✓✓✓✓		
	1.3.8	Slegs B✓✓	(8 x 2)	(16)
1.4	1.4.1	B✓ Uretra✓		(2)
	1.4.2	E ✓ Fallopiusbuis ✓/oviduk		(2)
	1.4.3	C✓ Testis✓		(2)
	1.4.4	F✓ Ovarium✓		(2)
				(8)
				[50]
			TOTAAL AFDELING A:	50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 Spermatogenese✓ (1)
- 2.1.2 Testosteron✓ (1)
- 2.1.3 Stimuleer die ontwikkeling van die primêre manlike geslagsorgane✓
Stimuleer die ontwikkeling van die sekondêre manlike kenmerke✓
Stimuleer die ontwikkeling van sperms✓ Enige (1)
- 2.1.4 (a) 46 chromosome✓ (1)
(b) 23 chromosome ✓ (1)

2.1.5

**Punttoekening vir diagram:**

Opskrif✓

Enige 4 korrekte byskrifte✓✓✓✓

(5)
(10)

- 2.2 2.2.1 1,6 ✓✓ °C (2)

2.2.2 Styging in temperatuur wanneer oefening begin:

- as gevolg van oefening✓
 - styg die liggaamstemperatuur ✓/van 36,8 °C tot 38,2 °C
 - omdat hitte✓ geproduseer word
 - a.g.v. 'n toename in sellulêre respirasie✓
 - om tydens oefening aan die energiebehoefte te voldoen✓
- Enige (3)


Styging in temperatuur wanneer oefening stop:

- die temperatuur daal✓/van 38,2 °C terug na 36,8 °C na die oefening
 - wanneer die hitte-regulerende sentrum in die brein✓/hipotalamus deur die styging in temperatuur gestimuleer is
 - veroorsaak dit dat die bloedvate in die vel verwyd✓/vasodilasie
 - sodat meer bloed na die vel vloei✓
 - wat 'n groter hitteverlies tot gevolg het✓
 - ook verdamp meer sweet✓ vanaf die veloppervlak
 - wat die vel laat afkoel✓
- Enige (5)
(10)

- 2.3 2.3.1 Bevat ligreseptore✓/stafies en keëls
om die ligprikkel na impulse✓om te skakel (2)
- 2.3.2 Die iris bevat 2 stelle spiere✓
Die radiale spiere trek saam✓
en die (k)ringspiere ontspan ✓
wat veroorsaak dat die pupil vergroot✓
sodat meer lig die oog binnedring✓
om 'n duidelike beeld✓ te vorm Enige (5)
- 2.3.3 Nommer 3✓ (1)
- 2.3.4 Die relatiewe helderheid van die beeld is die beste ✓/besit meeste
keëltjies vir kleurvisie. (1)
- 2.3.5 Blindekol ✓ (1)
- (10)**

VRAAG 3

3.1 3.1.1 en 3.1.2

**Puntetoekenning vir die grafiek**

Korrekte tipe grafiek met punte verbind (T)	1
Opskrif vir die grafiek	1
Korrekte opskrif vir X-as en Y-as	1
Geskikte skaal vir X-as en Y-as	1
Stip van punte (P)	1 – 1 tot 7 punte korrek gestip 2 – al 8 punte korrek gestip

LET WEL:

As die verkeerde tipe grafiek getrek is:

- Punte sal verloor word vir 'korrekte tipe grafiek'

as asse omgekeer is:

- Punte sal verloor word opskrifte van X-as en Y-as

(6)

	3.1.2	SIEN GRAFIEK VIR 3.1.2		(3)
	3.1.3	Daar is 'n ewewigsfase✓ in die logistiese groeivorm.		(1) (10)
3.2	3.2.1	Aantal peule✓ Aantal sade per peul✓		(2)
	3.2.2	Aantal peule✓ per plant		(1)
	3.2.3	Die gemiddelde aantal peule per plant neem af✓		(1)
	3.2.4	Lig✓, water✓, spasie✓, voedingstowwe✓ (Merk slegs eerste TWEE)	Enige	(2)
	3.2.5	6,0 x 8,3 x 20✓ = 996✓ sade		(2)
	3.2.6	Groep 1✓		(1)
	3.2.7	In groep 1, is 49✓/50 sade per plant geproduseer, terwyl in Groep 5, 12✓/13 sade per plant geproduseer is.		(2)
	3.2.8	Plante van dieselfde spesie✓ Plante van dieselfde ouderdom✓ Plante van dieselfde grootte✓ (Merk slegs eerste TWEE)	Enige	(2) (13)
3.3	3.3.1	Die aantal skole wat benodig word✓ kan voorspel word deur te kyk na die aantal kinders wat van skoolgaande ouderdom✓ sal wees		(2)
	3.3.2	Verlies aan biodiversiteit✓ Toename in besoedeling✓ Woestynvorming✓ Uitputting van natuurlike hulpbronne✓ (Merk slegs eerste TWEE)	Enige	(2)
	3.3.3	A✓		(1)
	3.3.4	Geboortekoers is hoër✓ Lewensverwagting is laer✓ (Merk slegs eerste TWE)		(2) (7) [30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C**VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 Sensus✓ (1)
- 4.1.2 - Alle mense genoeg voedsel sal hê✓
- Alle mense 'n redelike goeie lewensgehalte kan hê ✓
(Merk slegs eerste TWEE) Enige volgorde (2)
- 4.1.3 Die bevolkingsgrootte sal afneem✓ aangesien een kind twee
volwassenes sal vervang✓ (2)
- 4.1.4 Dit kan 'n groter verhouding mans tot vrouens tot gevolg hê ✓
Omdat baie aborties kan plaasvind as paartjies weet dat 'n
babadochter verwag word✓/dogters kan versaa word✓ (2)
(7)
- 4.2 4.2.1 Om as 'n kontrole te dien✓
Laat ons toe om te redeneer dat enige verandering in die
styselsamestelling ✓
as gevolg van die werking van die hormone was ✓ Enige (2)
- 4.2.2 (a) Stimuleer✓ die opeenhoping van stysel in selle✓ (2)
(b) Bevorder nie✓ die opeenhoping van stysel in selle ✓ (2)
(6)
- 4.3 4.3.1
$$P = \frac{M \times C}{R}$$

$$= \frac{(500 \times 450)}{5}✓$$

$$= 45\,000✓ \text{ kewers}$$
 (3)
- 4.3.2 (a) Oorskating ✓✓ (2)
(b) Onderskating ✓✓ (2)
(7)
(20)

4.4 Hormone wat deur die pituïtêre klier afgeskei word

Groeihormoon✓/(GH)

- Stimuleer die groei van langbene✓/skeletspiere.

Follikelstimulerendehormoon✓/FSH

- Stimuleer ontwikkeling van follikels ✓in die ovariums van vroue.

Luteïniseringshormoon✓(LH)

- Stimuleer ovulasie✓/vorming van die corpus luteum in die ovariums

Tiroïedstimuleringshormoon✓/TSH

- Reguleer die groei van die tiroïedklier✓/sekresie van tiroksien

Prolaktien✓

- Stimuleer melkproduksie✓ deur die melkkliere

ADH✓

- Reguleer die waterinhoud✓ in die bloed

Enige 4x2 (8)

Pituïtêre beheer van die Tiroïed

- Die pituïtêre klier is sensitief vir die konsentrasie van die hormoon tiroksien✓ in die bloed
- Wanneer die tiroksienkonsentrasie tot onder 'n sekere vlak daal✓
- word die pituïtêre klier gestimuleer om meer TSH af te skei✓
- TSH stimuleer die tiroïedklier✓
- om meer tiroksien af te skei✓
- gevolglik styg die vlak van tiroksien in die bloed✓
- terug na die normale vlak✓
- Wanneer die tiroksienkonsentrasie in die bloed tot bo 'n sekere vlak styg✓
- sal die pituïtêre klier minder TSH✓ sekreteer
- Die laer TSH vlak veroorsaak dat die tiroïedklier minder tiroksien afskei✓
- gevolglik daal die vlak van tiroksien in die bloed✓
- terug na die normale vlak✓

Maks (9)

Inhoud: (17)

Sintese: (3)

(20)

ASSESSERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL

Beskrywing	Punte
Al die informasie wat gegee is, is relevant m.b.t. die hormone van die pituïtêre klier asook negatiewe terugkoppeling wat verband hou met die tiroïedklier	1
Die verskillende gebeure tydens negatiewe terugkoppeling is in die korrekte volgorde aangebied	1
Verskaf voldoende inligting aangaande hormone en negatiewe terugkoppeling	1

TOTAAL AFDELING C: 40**GROOTTOTAAL: 150**



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

2014

10831

LEWENSWETENSKAPPE

EERSTE VRAESTEL

PUNTE: 150
TYD: 2½ uur

Bladsye 16

LEWENSWETENSKAPPE: Vraestel 1

1083A



10831A

X10



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**LEWENSWETENSKAPPE
(Eerste Vraestel)**

TYD: 2½ uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDBOEK.
 3. Begin die antwoorde op ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
 4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Bied al jou vrae volgens die instruksies by elke vraag aan.
 6. Maak ALLE sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
 7. Teken diagramme en vloiediagramme slegs wanneer dit gevra word.
 8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken nie.
 9. Moenie grafiekpapier gebruik nie.
 10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, 'n gradeboog en 'n passer gebruik waar nodig.
 11. Skryf netjies en leesbaar.
-
-

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.8) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9. D.

1.1.1 Voedselsekuriteit word NIE bedreig deur ...

- A menslike eksponensiële populasiegroei nie.
- B vermorsing nie.
- C klimaatsveranderinge nie.
- D geboortebeperking nie.

1.1.2 Watter van die volgende hormone speel 'n belangrike rol in die beheer van die bloedglukose-vlakke in die mens?

- (1) Glikogeen
- (2) Insulien
- (3) TSH
- (4) Glukagon
- (5) Groeihormoon

- A 1, 2 en 5
- B 2, 4 en 5
- C 2 en 4
- D 1 en 3

1.1.3 Negatieweterugvoer-beheer sluit die volgende vier stadiums in:

1. Effektore lei tot korrektiewe responsreaksies.
2. 'n Reseptor neem 'n verandering in die omgewing waar.
3. Faktor word na normale vlakke terug gebring.
4. Senuwee of hormoonboodskappe word na effektore gestuur.


Die volgorde waarvolgens hierdie plaasvind, is ...

- A 2, 4, 1, 3
- B 2, 4, 3, 1
- C 4, 2, 1, 3
- D 4, 2, 3, 1

- 1.1.4 Watter EEN van die volgende kombinasies bevat 'n faktor wat onderskeidelik die kweekhuis-effek verhoog en 'n gevolg daarvan is?

	Faktor wat bydra tot die verhoging in die kweekhuis-effek.	Gevolg van die verhoogde kweekhuis-effek.
A	Toename in aard-temperatuur	Styging in seevlakke
B	Styging in seevlakke	Toename in aard-temperatuur
C	Toename in aard-temperatuur	Verbranding van fossiel-brandstowwe vir lugreëling/-versorging
D	Toename in aard-temperatuur	Toename in lugreise

VRAAG 1.1.5 tot 1.1.6 is op die volgende diagram gebaseer.



- 1.1.5 Watter van die volgende met verwysing na deel **E** is KORREK?

- A Dit kom voor in die grysstof.
- B Dit is deel van die perifere senuweestelsel.
- C Dit is deel van die sentrale senuweestelsel.
- D Dit maak sinaptiese kontak met motoriese neurone.

- 1.1.6 Die korrekte volgorde waarin impulse beweeg vanaf die reseptor na die effektor in die refleksboog hierbo, is ...

- A A → B → C → E → D
- B C → A → B → D → E
- C C → B → D → E → A
- D A → E → D → B → C

1.1.7 Ovoviviparie en viviparie is soortgelyk omdat ...

- A interne bevrugting 'n voorvereiste is vir albei.
- B eksterne bevrugting 'n voorvereiste is vir albei.
- C die eier in beide gevalle deur 'n dop beskerm word.
- D die eier in beide gevalle nie 'n bedekking het nie.

1.1.8 Menstruasie begin wanneer die produksie van ...

- A progesteron op sy maksimum is.
- B estrogeen op sy maksimum is.
- C estrogeen en progesteron afneem.
- D luteïniseringshormoon op sy maksimum is.

8x2=(16)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die reseptor in die oor wat die vibrasies omsit in senuwee-impulse

1.2.2 Die gesigsgebrek as gevolg van 'n ongelyke kurwe van die kornea

1.2.3 Die permanente vernietiging van woude

1.2.4 Vervaardiging van produkte uit afvalstowwe

1.2.5 Die aanhegting van die blastosist aan die wand van die endometrium

1.2.6 Die gebruik van lewende organismes om indringerplante te beheer

1.2.7 Afvalstowwe wat hoofsaaklik bestaan uit onstabiele elemente wat radio-aktiewe strale afgee

1.2.8 Die produksie van ova deur meiose


(8)

- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is **op slegs A, slegs B, beide A en B OF geeneen** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM I		KOLOM II
1.3.1	Funksies van serebrum	A: Beheer willekeurige aksies B: Koördineer willekeurige aksies
1.3.2	Dele betokke by akkommodasie	A: Siliêre spiere B: Kringspiere
1.3.3	'n Buis wat die spermselle vervoer van die testes na die ejakulasiebuis	A: Seminale vesikels B: Epididimis
1.3.4	'n Volwasse follikel in die ovarium wat die ovum bevat	A: Sekondêre follikel B: Corpus Luteum
1.3.5	Vorm 'n amniotiese eier	A Reptiele B Voëls
1.3.6	Word afgeskei wanneer die tiroksienvlakke in die bloed hoog is.	A: TSH B: FSH
1.3.7	Die ontwikkeling in sommige voëls waar die nakomelinge na geboorte beweeglik en onafhanklik is	A: Prekosiale B: Altrisiële
1.3.8	Die vorm waarin glukose gestoor word in diere	A: Glukagon B: Glikogeen

8x2=(16)

1.4 Bestudeer die diagram wat 'n neuron illustreer en beantwoord die vrae wat volg.



- 1.4.1 Watter tipe neuron word hier voorgestel? (1)
- 1.4.2 Verskaf byskrifte vir struktuur A, B en D. (3)
- 1.4.3 Verskaf die LETTER en die NAAM van die struktuur wat:
- (a) impulse na die selliggaam gelei.
 - (b) impulse weg van die selliggaam gelei.
 - (c) degenerereer wanneer 'n persoon aan veelvuldige sklerose ly. (6)

(10)
[50]


TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Gespikkelde luse is peste van die aarbeiplant. Geel miete voed op die gespikkelde luse. Ekoloë het die gebruik van geel miete ondersoek om die gespikkelde luis populasie te beheer.



- Hulle het die geel miete op die aarbeiplante vrygelaat wat met gespikkelde luse geïnfesteer is.
- Ekoloë het toe die persentasie aarbeiblare wat oor 'n 16-week periode deur gespikkelde luse en deur geel miete beset is, neergeskryf.
- Die resultate word op die grafiek hieronder aangetoon.



- 2.1.1 Noem die metode wat in hierdie ondersoek gebruik word om peste te beheer. (1)
- 2.1.2 Verskaf TWEE voordele van die metode, genoem in VRAAG 2.1.1 hierbo, om peste te beheer. (2)
- 2.1.3 Identifiseer die afhanklike veranderlike in hierdie ondersoek. (1)
- 2.1.4 Wat is die persentasie blare wat teen die tweede week deur die gespikkelde luse beset word? (2)

- 2.1.5 Beskryf hoe die persentasie blare wat deur die geel miete beset word, verander tussen week 3 en 12 van hierdie ondersoek. (3)
- 2.1.6 Die ekoloë het afgelei dat die metode van plaagbeheer wat in hierdie ondersoek gebruik is, effektief was. Verduidelik hoe die resultate hierdie gevolgtrekking ondersteun. (2)
- 2.1.7 Stel TWEE redes voor waarom boere wat aarbeiplante verbou en van hierdie ondersoek lees, mag besluit om NIE hierdie geel miete te gebruik NIE. (2)
- (13)**

2.2 Bestudeer die onderstaande diagram en grafiek van die menslike oog en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Gee die LETTER en NAAM van die strukture verteenwoordig hierbo wat

- (a) deurskynend en elasties is. (2)
- (b) verantwoordelik is vir die beheer van die hoeveelheid lig wat die oog binnedring. (2)

- 2.2.2 (a) Watter nommer (1 tot 4) op die grafiek verteenwoordig G op die skets? (1)
- (b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.2.2(a) hierbo. (3)
- 2.2.3 Verduidelik hoe struktuur F geskik is vir sy funksie. (2)
- 2.2.4 Gee die nommer (op die grafiek) en die naam van die gebied op die retina met geen stafies en keëltjies nie. (2)
- (12)**

2.3 Die volgende diagram verteenwoordig die stadia in die lewensiklus van 'n soogdier. Die getal chromosome in selle tydens die verskillende fases in die lewensiklus word aangetoon. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Identifiseer die tipe seldeling voorgestel deur P in die diagram. (1)
- 2.3.2 Noem die proses voorgestel deur Q in die diagram. (1)
- 2.3.3 Hoeveel outosome is gewoonlik teenwoordig in een van die manlike gamete in hierdie soogdier? (1)
- 2.3.4 Tydens gameetvorming, paar homoloë chromosome af en ruil genetiese materiaal uit. Noem hierdie proses waar daar 'n uitruiling van genetiese materiaal plaasvind en beskryf die belangrikheid daarvan in gametogenese. (3)

- 2.3.5 Teken en benoem 'n homoloë paar chromosome wat die proses wat in VRAAG 2.3.4 genoem word, uitbeeld. (WENK: Die chromosome is soortgelyk aan die van die mens) (5)
- 2.3.6 Gee die getal chromosome wat in sel R voorkom en wat tydens groei geproduseer word. (1)
- 2.3.7 Noem en beskryf die fase wat lei tot die chromosoomgetalverandering van die ouerselle na die gamete. (3)
- (15)**
[40]

VRAAG 3

3.1 'n Botanis wou die uitwerking wat 2 planthormone (A en B) op die ontkieming van sade het, ondersoek. Hy het die volgende prosedure gebruik:

- Hy het sade van blaarslaai laat ontkiem.
- Hy het toe die konsentrasie (in nanogram per gram) van elk van die twee hormone, A en B, in die sade gemeet, oor 'n tydperk van 40 dae.
- Sy resultate word in die tabel hieronder aangetoon.

Tyd (in dae)	Konsentrasie van hormoon A (in ng/g)	Konsentrasie van hormoon B (in ng/g)	Persentasie ontkieming van sade
0	350	5	0
10	70	20	10
20	50	45	65
30	20	70	80
40	10	55	95

3.1.1 Beskryf die verwantskap tussen die vlakke van hormoon A en die persentasie ontkieming van sade. (2)

3.1.2 (a) Gebruik jou antwoord in VRAAG 3.1.1 om te toon watter hormoon deur A voorgestel word. (1)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 3.1.2(a). (2)

3.1.3 Teken 'n lyngrafiek om die effek wat hormoon B op die ontkieming van sade het, aan te toon. (6)

(11)

3.2 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

Omtrent 400 miljoen spermselle word daaglik in die liggaam van 'n gesonde man geproduseer. Studies het getoon dat die spermtelling afneem as gevolg van verhitte motorsitplekke, anti-sperm teenliggaampies en die misbruik van stowwe soos marijuana en alkohol.

3.2.1 Noem TWEE oorsake van manlike onvrugbaarheid soos genoem in die paragraaf hierbo. (2)

3.2.2 Beskryf kortliks hoe spermselle geproduseer word. (3)

3.2.3 Noem die struktuur in die spermsel wat ensieme bevat wat bevrugting ondersteun. (1)


3.2.4 Waar vind bevrugting in die vroulike voortplantingstelsel plaas? (1)

3.2.5 Beskryf die rol van hormone in die voorbereiding van die vroulike liggaam vir die proses genoem in VRAAG 3.2.4. (4)

(11)

b.o.

- 3.3 Die diagram hieronder toon die struktuur van 'n ontwikkelende menslike fetus in die uterus aan. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.3.1 Identifiseer die LETTER wat die volgende verteenwoordig:


- (a) Die fetus (1)
(b) Die naelstring (1)

- 3.3.2 Gee EEN funksie van die amniotiese vloeistof. (1)

- 3.3.3 Streek D dien as 'n versperring tussen die groeiende fetus en die moeder. Gee TWEE redes waarom hierdie versperring noodsaaklik is. (2)

- 3.3.4 Tabuleer TWEE verskille tussen die bloed wat van die ma na streek D beweeg en die bloed wat vanaf streek D na die ma beweeg. (5)
(10)

3.4 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.4.1 Gee 'n opskrif vir die bostaande diagram. (1)
- 3.4.2 Voorsien struktuur A en B van byskrifte. (2)
- 3.4.3 Struktuur genommer D mag verstop raak wanneer 'n persoon keelinfeksie het. Verduidelik waarom dit gevaarlik sal wees vir so 'n persoon om te gaan valskerm spring. (3)
- 3.4.4 Verduidelik hoe struktuur C en E bydra tot die versterking van klank. (2)

(8)
[40]


TOTAAL VIR AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1 “Homeostase is die instandhouding van ’n konstante interne omgewing, binne geringe beperkings, ongeag ’n veranderde eksterne omgewing.”

Nomsa sit op ’n sekere dag in die klas en kyk na die termometer teen die muur. Wat sy sien, word aangetoon in die gedeelte van die termometer in die diagram hieronder.



Bespreek die prosesse en die meganismes wat betrokke is by termoregulering en osmoregulering in haar liggaam op daardie **spesifieke dag**.

Inhoud : (17)
Sintese : (3)
(20)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word in die vorm van vloedigramme nie.

TOTAAL VIR AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 150

EINDE



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

2014

10832

LEWENSWETENSKAPPE

TWEEDE VRAESTEL

PUNTE: 150
TYD: 2½ uur

Bladsye 18

LEWENSWETENSKAPPE: Vraestel 2

1083A



10832A

X10



b.o.

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

LEWENSWETENSKAPPE
(Tweede Vraestel)

TYD: 2½ uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Skryf AL die antwoorde in die ANTWOORDBOEK neer.
 3. Begin die antwoord vir ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
 4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
 6. Maak ALLE sketse met potlood en byskrifte met blou of swart ink.
 7. Teken diagramme en vloedigramme slegs wanneer dit gevra word.
 8. Die diagramme in hierdie vraestel is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE.
 9. Jy mag NIE grafiekpapier gebruik NIE.
 10. Jy moet 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik waar nodig.
 11. Skryf netjies en leesbaar.
-
-

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.


1.1.1 Die drie molekules wat saam 'n nukleotied vorm, is ...

- A water, suiker en 'n fosfaatgroep.
- B 'n stikstofbasis, water en suiker.
- C 'n fosfaatgroep, suiker en 'n stikstofbasis.
- D water, 'n stikstofbasis en 'n fosfaatgroep.

1.1.2 'n Wit hoender word gekruis met 'n bruin hoender. Elke nakomeling se huidkleur is bruin met wit vlekke. Hierdie is 'n voorbeeld van ...

- A 'n dihibriedkruising.
- B onvolledige dominansie.
- C ko-dominansie.
- D Mendel se wet van onafhanklike sortering.

1.1.3 Die onderstaande diagram toon die vorming van die spermselle in 'n vrugtevlieg. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



Hoeveel chromosome is teenwoordig in die nukleus van sel K en L onderskeidelik?

	K	L
A	7	14
B	7	7
C	14	14
D	14	7

1.1.4 Watter een van die volgende kom voor in die eerste meiotiese deling?

- A Allele van 'n geen word geskei.
- B Identiese haploïede selle word gevorm.
- C Diploïede selle wat genetiese variasie toon, word gevorm.
- D Allele vir 'n geen versmelt.

1.1.5 Down se sindroom is die resultaat van 'n mutasie.

Hoeveel chromosome is teenwoordig in 'n somatiese sel van 'n kind met Down se sindroom?

- A 23
- B 27
- C 46
- D 47

1.1.6 Watter een van die volgende genotipes is moontlik in die nakomelinge van 'n homosigotiese man met bloedgroep A en 'n vrou met bloedgroep B?

- A $I^A I^A$
- B $I^A i$
- C ii
- D $I^B i$

1.1.7 Watter van die volgende word gebruik as bewyse vir evolusie?

- I. Homoloë strukture
- II. Biogeografie
- III. Genetika

- A Slegs I en II
- B Slegs I en III
- C Slegs II en III
- D I, II en III

1.1.8 Watter een van die volgende dien as bewys vir kulturele evolusie in vroeë *Homo* spesies?

- A Oorblyfsels van diere naby aan 'n *Homo*-skelet
- B Oorblyfsels van antieke gereedskap
- C Manlike en vroulike skelette in dieselfde gebied
- D 'n Groot aantal *Homo*-skelette in 'n gebied

8x2=(16)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die analise van DNA-monsters om individue of verwantskappe tussen individue te identifiseer

1.2.2 Die struktuur wat twee chromatiedes van 'n chromosoom bymekaar hou

1.2.3 Die struktuur in 'n diersel wat tydens seldeling oorsprong gee aan spoelwesels

1.2.4 Die suiker wat in RNA voorkom

1.2.5 Die proses waartydens 'n DNA-molekuul 'n presiese kopie van homself maak

1.2.6 Die teorie wat die bestaan van evolusie beskryf as lang periodes van min/geen verandering wat afgewissel word met kort periodes van vinnige verandering


(6)

- 1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **SLEGS A**, **SLEGS B**, **BEIDE A en B** of **GEENEEN** van die items in KOLOM II nie. Skryf **slegs A**, **slegs B**, **beide A en B** of **geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM I	KOLOM II
1.3.1 Gewensde eienskappe word oorgedra van ouer na nakomeling	A: Kunsmatige seleksie B: Natuurlike seleksie
1.3.2 Besit een stel chromosome in elke sel	A: Haploïed B: Diploïed
1.3.3 Stelling wat 'n moontlike verduideliking is vir 'n waarneming wat eksperimenteel getoets kan word om uit te vind of dit waar is of nie	A: Hipotese B: Teorie
1.3.4 'n Verskil tussen mense en Afrika-ape	A: Teenoorstaande duime B: Stereoskopiese visie
1.3.5 Stikstofbasis wat in enige nukleïensuur gevind word	A: Sitosien B: Urasil
1.3.6 Voorbeeld/e van meganismes van voortplantingsisolasië	A: Aanpassings van plante vir verskillende bestuiwers B: Onvrugbare nakomelinge, bv. muile
1.3.7 Bivalente kom voor	A: Mitose B: Meiose

7x2=(14)

1.4 Bestudeer die diagramme van drie zebra-spesies.







1.4.1 Studies het getoon dat hoe warmer die omgewing is, hoe meer strepe het zebras.

- (a) Watter tipe genetiese variasie sal lei tot 'n verskil in die aantal strepe? (1)
- (b) Wat is 'n biologiese spesie? (2)
- (c) Watter zebra-spesie leef in die warmste omgewing? (1)

1.4.2 Soms word zebras gebore wat amper heeltemal swart is. Die verandering in voorkoms is as gevolg van mutasie.

- (a) Gee die term wat gebruik word om die voorkoms van 'n organisme te beskryf. (1)
 - (b) Onderskei tussen 'n *geenmutasie* en 'n *chromosoommutasie*. (2)
- (7)**

1.5 Die onderstaande diagramme toon die bo-kaak en skedel van organisme A en B. Bestudeer die diagramme en beantwoord die vrae wat volg.

Organisme	Bo-kaak	Skedel (Onder-aansig)
A		
B		


- 1.5.1 Noem EEN sigbare verskil tussen die vorm van die verhemelte en die tande (gebit) van organisme A en B. (4)
 - 1.5.2 Identifiseer die organisme (A of B) wat moontlik bipedaal is. (1)
 - 1.5.3 Verduidelik die keuse van jou antwoord in VRAAG 1.5.2. (2)
- (7)**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B


VRAAG 2

2.1 Die onderstaande diagram toon 'n homoloë chromosoompaar met die posisie van drie gene **R**, **S** en **T** onderskeidelik in 'n menslike, vroulike sel gedurende meiose.



- 2.1.1 Gee die naam van die orgaan in die vrou waar meiose plaasvind. (1)
- 2.1.2 Identifiseer die fase van meiose waarin die proses wat deur die bostaande diagram voorgestel word, plaasvind. (1)
- 2.1.3 Watter proses vind by punt **X** plaas? (1)
- 2.1.4 Wat is die belangrikheid van die proses soos genoem in VRAAG 2.1.3? (1)
- 2.1.5 “Die geslagschromosome is verantwoordelik vir die feit dat, in menslike bevolkings, daar ongeveer net soveel mans as vrouens is.”
Verduidelik waarom dit waar is. (3)
- 2.1.6 Verduidelik waarom kleurblindheid, wat 'n geslagsgekoppelde siekte is, meer by mans voorkom as by vrouens. (3)
- (10)**

2.2 Die onderstaande diagram toon een stadium van proteïensintese.



Die onderstaande tabel toon vyf kodons en hulle ooreenstemmende aminosure.


Kodon	Aminosuur
CUU	Leusien
GGA	Glisien
CAA	Glutamiensuur
GUA	Valien
CCU	Prolien

- 2.2.1 Identifiseer die stadium van proteïensintese wat deur die bostaande diagram voorgestel word. (1)
- 2.2.2 Gee die naam van die stadium van proteïensintese wat NIE in die bostaande diagram getoon word NIE. (1)
- 2.2.3 Gebruik die inligting in die tabel om die genummerde aminosuur 1 en 4 onderskeidelik, te identifiseer. (2)
(4)

- 2.3 Lees die onderstaande uittreksel en die inligting in die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.


Antibiotiese peptiede kom natuurlik op die oppervlak van die menslike vel voor. Daar is kommer dat peptiede skade kan aanrig aan lewende, menslike selle. Een vorm van beskadiging is die fragmentering van DNA. Menslike selle is vir 16 uur geïnkubeer met elk van die peptiedekstrakte A, B, C en D by verskillende konsentrasies ($2\mu\text{mol dm}^{-3}$, $6\mu\text{mol dm}^{-3}$, $20\mu\text{mol dm}^{-3}$ en $80\mu\text{mol dm}^{-3}$ onderskeidelik). Die hoeveelheid DNA-fragmentering is gemeet en word voorgestel in die onderstaande grafiek.

Bron: T Sigurdardottir *et al.* (2006). *Antimicrobial Agents and Chemotherapy*. 50(9). p. 2983-2989



- 2.3.1 Identifiseer die peptiedekstrakte wat die minste skade aan DNA veroorsaak. (1)
- 2.3.2 Bereken die persentasie toename in DNA-beskadiging wat ontstaan wanneer die peptiedkonsentrasie van A toeneem van $2\mu\text{mol dm}^{-3}$ na $6\mu\text{mol dm}^{-3}$. Toon AL die berekeninge. (3)
- 2.3.3 Wat is die hoogste hoeveelheid fragmentering wat plaasgevind het in peptiedekstrakte C? (1)
(5)

2.4 Die onderstaande diagram verteenwoordig 'n nukleïensuurmolekuul. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.4.1 Identifiseer die molekule wat deur die diagram voorgestel word. (1)
- 2.4.2 Gee TWEE WAARNEEMBARE redes vir die keuse van jou antwoord in VRAAG 2.4.1. (2)
- 2.4.3 Voorsien byskrifte vir verbinding X en deel 1. (2)
- 2.4.4 Beskryf hoe die molekule genoem in VRAAG 2.4.1 daartoe in staat is om kopieë van homself te maak. (6)
- 2.4.5 Bespreek die bydrae wat Watson en Crick gemaak het tot die ontdekkings wat gelei het tot die model van die molekule in die bostaande diagram. (2)

(13)

2.5 In 'n sekere plantspesie, *Acer rubrum* (rooi-esdoring), is lankheid (T) dominant oor kortheid (t) en rooi (R) vrugtekleur is dominant oor geel (r) vrugtekleur.

2.5.1 'n Plant wat homosigoties is vir beide lankheid en rooi vrugtekleur, word gekruis met 'n plant wat homosigoties is vir beide kortheid en geel vrugtekleur.

Noem die fenotipes en genotipes van

- (i) P₁- generasie. (2)
- (ii) F₁- generasie. (2)


2.5.2 Indien die F₁-generasie in VRAAG 2.5.1 ingeteel word, wat is die kans dat die nakomelinge kort met geel vrugte sal wees? (2)

2.5.3 Gee Mendel se wet van segregasie. (2)

(8)
[40]


VRAAG 3

3.1 Sedert 1972 het bioloë die vinkpopulasies op die Galapagos Archipelago-eilande bestudeer. Die onderstaande grafiek toon die verandering in die getal vinke, die reënval en die getal klein sade op een eiland (Daphne Major) oor 'n periode van sewe jaar. Klein sade is volop tydens die reënseisoen en groot sade is droogtebestand.




- 3.1.1 In watter jaar was die vinkpopulasie die hoogste? (1)
 - 3.1.2 Beskryf kortliks die neiging vanaf 1977 tot 1980 in die vinkpopulasie. (2)
 - 3.1.3 Noem die omgewingsfaktor wat die verandering in die vinkgetalle, soos beskryf in VRAAG 3.1.2, veroorsaak het. (1)
 - 3.1.4 Gebruik Darwin se teorie van natuurlike seleksie en verduidelik hoe saadetende vinke met groot snawels op die Daphne Major-eiland oor die periode van 1977 tot 1980 ontwikkel het. (6)
- (10)**

- 3.2 Die onderstaande grafiek toon die broeiseisoene van twee *Monarch*-skoelapperspesies wat fenotipies identies is, in dieselfde habitat voorkom en voed op die nektar van blomme. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.2.1 'Soms vind inteling plaas tussen verskillende, maar verwante spesies'. Gebruik die inligting wat gegee word om te verduidelik hoe die twee spesies hierbo verhoed word om te teel. (2)
- 3.2.2 Noem TWEE ander voortplantingsisoleringse meganismes wat nie in VRAAG 3.2.1 genoem is. (2)
(4)


3.3 'n Ondersoek is gedoen om die effek van 'n antibiotikum op twee tipes bakterieë (A en B), wat TB veroorsaak te bepaal. Die onderstaande diagram toon die resultaat van die antibiotikum om die infeksie te behandel na Dag 1 en Dag 2 van 'n vyf-dag kursus. Die bakterieë (tipe A en B) is gekweek in 'n petri-bakkie by 'n temperatuur van 37,5°C.



- 3.3.1 Stel EEN hipotese vir bostaande ondersoek. (3)
- 3.3.2 Watter faktore in die bostaande ondersoek verteenwoordig die
- (a) onafhanklike veranderlike? (1)
 - (b) afhanklike veranderlike? (1)
- 3.3.3 Watter bakterium, **A** of **B**, is weerstandig teen antibiotika? (1)
- 3.3.4 Verduidelik die effek wat die antibiotika het op die bakterieë na die eerste en tweede dag van behandeling. (2)
- 3.3.5 Noem die proses wat lei tot die verskil in die populasiegrootte van bakterie A en bakterie B. (1)
- 3.3.6 Voorspel wat die gevolge sal wees indien 'n persoon versuim om die antibiotikakursus te voltooi. (2)
- 3.3.7 Waarom moet die bakterieë by 37,5°C gekweek word? (2)
- 3.3.8 Gee TWEE voorsorgmaatreëls wat getref moet word om te verseker dat die resultate van die ondersoek geldig is. (2)

(15)

3.4. Bestudeer die onderstaande filogenetiese boom op die breinkapasiteit van hominiedspesies en beantwoord die vrae wat volg.



3.4.1 Identifiseer die DRIE hoofgenera van die hominiedspesies soos getoon in die bostaande illustrasie. (3)

3.4.2 Gebruik die filogenetiese boom en gee die naam van die gemeenskaplike voorouer van *H. sapiens* en *H. neanderthalensis*. (1)

Die onderstaande tabel verteenwoordig die gemiddelde skedelkapasiteit van hominiedspesies.

HOMINIEDSPESIE	GEMIDDELDE SKEDELKAPASITEIT (cc)
<i>A. afarensis</i>	300
<i>A. africanus</i>	400
<i>H. habilis</i>	700
<i>H. erectus</i>	1 000
<i>H. neanderthalensis</i>	1 400
<i>H. sapiens</i>	1 200

3.4.3 Gebruik die bostaande tabel en teken 'n kolomgrafiek om die gemiddelde breinkapasiteit van die hominiedspesies te toon. (7)

(11)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1 Sandy het geboorte geskenk aan 'n babadogter. Daar is twee mans wat aanspraak maak op vaderskap. Verduidelik hoe die oorerflikheid van bloedgroepe en DNA-toetse kan help om te bepaal wie die vader is.

Inhoud (17)
Sintese (3)

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloeddiagramme of diagramme nie.

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 150

EINDE



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2014

MEMORANDUM

VAK:

**LEWENSWETENSKAPPE V2
(10832)**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**LEWENSWETENSKAPPE
(Tweede Vraestel)**

MEMORANDUM

BEGINSELS ten opsigte van die merk van LEWENSWETENSKAPPE 2014

1. **Indien meer inligting as die puntetoekenning gegee word**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan.
2. **Indien drie redes vereis en vyf word gegee.**
Merk net die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek / nie korrek is nie.
3. **Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
4. **Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings word gegee**
Aanvaar indien die verskille/ooreenkomste duidelik is.
5. **Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee**
Kandidate sal punte verloor as hulle nie tabel getrek het nie.
6. **As geannoteerde diagramme aangebied in plaas van beskrywings wat vereis word**
Kandidate sal punte verloor.
7. **Indien vloiediagramme i.p.v beskrywings aangebied word**
Kandidate sal punte verloor.
8. **Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak nie**
Krediteer waar volgorde en skakelings korrek is. Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer nie. As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer.
9. **Onherkenbare afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde die regte volgorde van die vrae pas, is dit aanvaarbaar. Dui aan dat die nommering verkeerd is.

11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander**
Moenie aanvaar nie.
 12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is, met die voorbehoud dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe beteken nie of as dit buite konteks is.
 13. **Indien gewone name gegee word in terminologie**
Aanvaar, indien dit by die nasionale memobespreking aanvaar is.
 14. **Indien slegs letter vereis word en slegs die naam word gegee (en andersom)**
Geen krediet
 15. **As eenhede van mate nie aangedui word**
Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede aandui, behalwe waar dit reeds in die vraag gegee is.
 16. **Wees sensitief vir die betekenis van die antwoord, wat soms op 'n verskillende manier aangebied kan word**
 17. **Opskrif**
Krediet sal gegee word vir opskrifte by illustrasies (diagramme, grafieke, tabelle, ens.) behalwe waar dit reeds in die vraag gegee is.
 18. **Vermenging van amptelike tale (terme/konsepte)**
Slegs 'n enkele woord of twee wat in enige ander amptelike taal moet gekrediteer word, as dit korrek is. 'n Merker wat die taal magtig is, moet geraadpleeg word. Dit is van toepassing op al die amptelike tale.
 19. **Geen verandering mag aan die goedgekeurde memorandum aangebring word, sonder om met die Provinsiale Interne Moderator te beraadslaag nie.**
-
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C✓✓		
	1.1.2	C✓✓		
	1.1.3	D✓✓		
	1.1.4	A✓✓		
	1.1.5	D✓✓		
	1.1.6	B✓✓		
	1.1.7	D✓✓		
	1.1.8	B✓✓	(8 x 2)	(16)
1.2	1.2.1	DNA vingerafdruk✓/DNA profilering		
	1.2.2	Sentromeer ✓		
	1.2.3	Sentriool ✓/sentrosoom		
	1.2.4	Ribose ✓		
	1.2.5	Replisering✓		
	1.2.6	Gepunte ewewig✓	(6 x 1)	(6)
1.3	1.3.1	Beide A en B ✓✓		
	1.3.2	Slegs A ✓✓		
	1.3.3	Slegs A ✓✓		
	1.3.4	Geeneen ✓✓		
	1.3.5	Slegs A ✓✓		
	1.3.6	Beide A en B ✓✓		
	1.3.7	Slegs B ✓✓	(7 x 2)	(14)

1.4	1.4.1	a) Diskontinue ✓ variasie	(1)
		b) Groep organismes met soortgelyke eienskappe ✓ wat nakomelinge kan produseer ✓ wat kan in teel ✓ ENIGE 2	(2)
		c) <i>Equus grevyi</i> ✓	(1)
	1.4.2	a) Fenotipe ✓	(1)
		b) Geenmutasie: verandering in die struktuur van 'n geen ✓ Chromosoommutasie: verandering in die aantal chromosome ✓ / in die struktuur van die chromosoom / rangskikking van die gene in die chromosoom.	(2) (7)
1.5	1.5.1	Verhemelte: A – rond (parabolies) ✓, B – vierkantig ✓ Tande(Gebit): A – klein oogtande ✓, B – groot oogtande ✓	(4)
	1.5.2	Organisme A ✓	(1)
	1.5.3	In organisme A dui die posisie van die foramen magnum ✓ aan dat die kop direk bokant die werwelkolom is ✓ / in 'n vorentoe posisie is aan die basis van die skedel	(2) (7)
TOTAAL AFDELING A:			50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Ovarium ✓	(1)
	2.1.2	Profase I ✓	(1)
	2.1.3	Oorkruising ✓	(1)
	2.1.4	Lei tot genetiese variasie ✓	(1)
	2.1.5	Man het XY chromosome wat gamete vorm met of X of Y chromosome ✓ Vrou het XX chromosome en kan net gamete vorm met X chromosoom ✓ Na bevrugting kan die genotipe van die nakomeling XX of XY wees in 'n 1:1/ 50%:50% verhouding ✓	(3)
	2.1.6	Vrouens het twee X chromosome ✓ en omdat die mutasie resessief is, moet dit voorkom op beide ✓ chromosome voordat die siekte waarneembaar is. ✓ In mans is daar slegs een X ✓ chromosoom en daarom word die siekte getoon as slegs een mutante alleel teenwoordig is. ✓	(Enige 3) (3)
			(10)
2.2	2.2.1	Translasie ✓	(1)
	2.2.2	Transkripsie ✓	(1)
	2.2.3	1: Glisien ✓ 4: Prolien ✓	(1) (1) (4)
2.3	2.3.1	B ✓	(1)
	2.3.2	$20 - 5 = 15$ ✓ $15/5 \times 100$ ✓ = 300 ✓ %	(3)
	2.3.3	10 ✓ x-voudige toename oor kontrole	(1) (5)


2.4	2.4.1	DNA✓		(1)
	2.4.2	Dubbel✓ string molekule Teenwoordigheid van stikstofbasis timien✓	(2x1)	(2)
	2.4.3	X: Waterstofbinding✓ 1: Sitosien✓		(2)
	2.4.4	- Dubbel heliks draai af ✓ - swak waterstofbindings tussen stikstofbassisse breek ✓ - twee DNA-stringe skei ✓ - elke oorspronklike DNA-string dien as templaar ✓ vir die vorming van 'n nuwe string - deurdar vry nukleotide ✓ vanuit die nukleoplasma daaraan heg - om komplimentêre stringe te vorm ✓ (A aan T, C aan G) - elke DNA molekule bestaan nou uit een oorspronklike string en een nuwe string ✓ - die resultaat is twee geneties identiese ✓ DNA molekules - die hele proses word beheer deur ensieme ✓	(Enige 6)	(6)
	2.4.5	Watson en Crick het aangedui dat dit is 'n dubbel heliks✓ met komplimentêre basispare ✓		(2) (13)
2.5	2.5.1	(i) P ₁ Fenotipe: Lank, rooi vrugtekleur✓ en kort, geel vrugtekleur✓ P ₁ Genotipe: TTRR en ttrr✓		(2)
		(ii) F ₁ Genotipe: TtRr✓ F ₁ Fenotipe: Lank, rooi vrugtekleur✓		(2)
	2.5.2	1/16 of 6% ✓✓		(2)
	2.5.3	Die twee allele wat 'n gegewe eienskap beheer ✓, skei en gaan na verskillende gamete tydens meiose✓.		(2) (8) [40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 1975 ✓ (1)
- 3.1.2 Daar was 'n toename vanaf 1977 tot 1978 ✓ en 'n afname vanaf 1978 tot 1980 ✓ (2)
- 3.1.3 Hoeveelheid reënval ✓ (1)
- 3.1.4 - Daar was variasie ✓ in die snawelgroottes van die vinkpopulasie
 - Sommige vinke het klein snawels gehad en ander groot snawels ✓
 - Gedurende die seisoene van 1977 – 1980 was daar min reënval/droogtes ✓
 - Oorvloedigheid van groot sade/ gebrek aan klein sade ✓
 - Vinke met klein snawels is uitgeskakel ✓
 - Vinke met groot snawels het oorleef ✓ op die groter sade
 - Eienskap van groot snawels is oorgedra na die nakomelinge ✓
 - Wat veroorsaak dat die verhouding van groot snawels in toekomstige generasies toeneem ✓
- (enige 6) (6)
(10)
- 3.2 3.2.1 Die broeiseisoene ✓ is verskillend ✓ (2)
- 3.2.2 - Maniere van hofmakery ✓
 - Aanpassings vir verskillende bestuiwers ✓
 - Onvrugbare nakomelinge / steriele hibriede ✓
(Merk slegs EERSTE TWEE) (2x1) (2)
(4)
- 3.3 3.3.1 Daar was geen effek ✓ op die TB-bakterium ✓ na die antibiotika behandeling nie ✓
- OF
- Die grootte van die TB-bakteriepopulasie ✓ het afgeneem ✓ na die antibiotika behandeling ✓
- OF
- Die grootte van die TB-bakteriepopulasie ✓ het toegeneem ✓ na die antibiotika behandeling ✓ (3)
- 3.3.2 a) Toediening van antibiotika ✓ (1)
 b) Populasiegrootte van die TB-bakterie ✓ (1)
- 3.3.3 B ✓ (1)
- 3.3.4 Al die nie-weerstandige bakterieë ✓/ bakterie A word doodgemaak/vernietig ✓ en die populasiegrootte van bakterie B neem toe ✓ (2)
- 3.3.5 Natuurlike seleksie ✓ (1)

- 3.3.6 Die weerstandige bakterieë ✓ is onaangeraak ✓ deur die antibiotika en vermeerder ✓ infeksie. (2)
- 3.3.7 Bakterie is geneem van 'n mens ✓ met normale temperatuur ✓ van 37,5°C ✓. (2)
- 3.3.8 - Petri-bakke moet gesteriliseer wees ✓ voor die aanvang van die ondersoek
 - Temperatuur moet gehou word by 37,5°C/ liggaamstemperatuur ✓
 - Gebruik dieselfde antibiotikum ✓
 - Gebruik dieselfde konsentrasie van die antibiotikum ✓
 (Enige twee) (2)
- 3.4 3.4.1 *Ardipithecus* ✓
Australopithecus ✓
Homo ✓ (3)
- 3.4.2 *Homo heidelbergensis* ✓ (1)

3.4.3



Korrekte tipe grafiek	1
Grafiekopskrif	1
Korrekte benoeming van X-as en geskikte wydte van kolomme	1
Korrekte benoeming van Y-as en geskikte skaal vir Y-as	1
Grafiek benoem/sleutel voorsien	1
Teken van grafiek	1- Indien 1-5 kolomme korrek geteken is 2- Indien al 6 kolomme korrek geteken is

NOTA:

Indien verkeerde tipe grafiek geteken is:

-Punte sal verloor word vir 'korrekte tipe grafiek'

As asse omgeruil is:

-Punte sal verloor word vir die benoeming van die X-as en Y-as

(7)
(11)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1.
- Bloedgroepe word deur drie allele beheer I^A , I^B , i wat in kombinasie vier verskillende fenotipes lewer naamlik bloedgroepe A, B, O en AB. ✓
 - 'n Individu met bloedgroep A✓, sal een alleel ✓ vanaf elke ouer erf ✓ en sal daarom 'n genotipe erf van $I^A i$ ✓ of $I^A I^A$ ✓ van sy/haar ouers
Taung-kind, *Australopethicus africanus*, ✓ deur dr Raymond Dart ✓ in 1924 by Taung in die Noordwes. ✓

Mrs Ples ✓, *Australopethicus africanus*, deur dr Robert Broom ✓
1947 by die Sterkfonteingrotte ✓, noord van Krugersdorp by die
Wieg van die mensdom in SA.

in

Little Foot ✓, *Australopethicus africanus*, deur prof Phillip Tobias ✓
in 1997 ook by die Sterkfonteingrotte ✓, Krugersdorp.

Karabo, *Australopethicus sediba*, ✓ deur prof Lee Berger ✓ in 2008,
(aangekondig in 2010) by die Malapa-grotte ✓ naby Sterkfontein
Krugersdorp.

(Enige 2 voorbeelde + ontdekker + plek) (6)

Hominied-fossielbewyse in res van Afrika

Lucy, *Australopethicus afarensis*, is in 1970 deur Don Johansen in
Ethiopië gevind. ✓ Die spesie het so 3.8 tot 2.9 miljoen jaar gelede geleef.
By die Groot Rif Vallei in Oos-Afrika is fossiele gevind:

Neutkrakerman, *Paranthropus boisei*, is in 1959 deur Mary en Louis Leaky gevind
in die Olduvai Gorge in Tanzanië. ✓ Die spesie het geleef 2.2 tot 1.2m.jg.

Homo habilis is ook in Olduvai Gorge Tanzanië gevind in 1968 deur Peter Nzube.
✓

Laetoli-voetspore is deur Mary Leaky in Tanzanië gevind. ✓

Toumai, *Paranthropus robustus*, is in Chad gevind in 2001 ✓ en het skynbaar in
dieselfde tyd as *H. habilis* en *H. erectus* geleef.

Enige (2)

Genetiese/mitochondriale DNS-bewyse vir afstamming

Alle DNS het dieselfde stikstofbassisie ✓ Adenien, Guanien, Sitosien en
Timien. Sekere mutasies by DNS word as genetiese merkers gebruik ✓
om afstamming aan te toon.

Die **vroulike geslagslyn** vir mans en vroue se moeders word teruggevoer
deur die DNS in mitochondriums ✓ te gebruik. 'n Sperm se mitochondrium
versmelt nie saam met 'n eiersel tydens bevrugting nie. ✓ Mans en vroue
erf hul mitochondriale DNS (mtDNA) van hul moeders. ✓ Analise toon 'n
gemeenskaplike vroulike voorouer/'Eva' ± 150 000 jaar gelede in Oos-Afrika
(Tanzanië). ✓

Enige (4)

Feite: 17

Sintese: 3

Sintese - Beskrywing vir toekenning van 3 punte:	Punte
Geen poging aangewend nie / alle inligting is foutief	0

Alle aspekte is relevant aangespreek: Redes vir migrasie, tydlyn, fossielbewyse, genetiese/mt-DNS bewyse.	1
Logiese aanbieding van feite en beredenering	1
Leerder toon begrip vir wetenskaplike konsepte en gebruik dit korrek	1

[20]

TOTAAL: 150

LEWENSWETENSKAP GR 12

Junie Eksamen 2016

Tyd: 2 uur 30 min

Punte: 150

INSTRUKSIES


1. Beantwoord alle vrae op die foliopapier wat verskaf word.
2. Trek 'n regterkantlyn op elke folio.
3. Begin elke vraag (1,2,3 en 4) op 'n nuwe folio.
4. Alle sketse moet met potlood gemaak word en die bykryfte met blou ink.
5. Nommer duidelik en net soos in die vraestel.
6. Laat lyne oop tussen antwoorde van Afdeling B.

Afdeling A


Vraag 1

- 1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer op jou antwoordblad neer, byvoorbeeld 1.1.1 B.

1.1.1 Die diagram toon anafase I van meiose.



Watter diagram toon metafase II as meiose voortgaan in dieselfde sel?



- 1.1.2 Die diagram toon die bloedgroepgenotipes van die moontlike nakomelinge van twee ouers

	Gamete van tweede ouer	
Gamete van eerste ouer	$I^A I^B$	$I^B I^B$
	$I^A I^O$	$I^B I^O$

Wat is die bloedgroepe (fenotipes) van die twee ouers?

	Eerste ouer	Tweede ouer
A	Bloedgroep A	Bloedgroep AB
B	Bloedgroep A	Bloedgroep B
C	Bloedgroep B	Bloedgroep AB
D	Bloedgroep O	Bloedgroep B

1.1.3 Watter een van die volgende genetiese afwykings beïnvloed die rooibloedselle?

- A Kleurblindheid
- B Albinisme
- C Down se sindroom
- D Sekelselanemie

1.1.4 Watter struktuur skei progesteron af en hou die endometrium in stand?

- A Blastosist
- B Graafse follikel
- C Pituitêre klier
- D Corpus luteum

1.1.5 Die vermoë van die lens om sy kurwe te verander, staan bekend as...

- A astigmatisme.
- B binokulêre sig.
- C akkomodasie.
- D pupillêre meganisme.

1.1.6 Die perifere sensuweestelsel bestaan uit...


- A kraniale en rugmurgsensuwees.

- B kraniale en simpatiese senuwees.
- C simpatiese en rugmurgsenuwees.
- D simpatiese en parasimpatiese senuwees.

1.1.7 Elke somatiese sel in die menslike liggaam het ...

- A 23 verskillende chromosome
- B 46 chromosome wat dieselfde lyk
- C 23 paar chromosome
- D 46 paar verskillende chromosome

Vraag 1.1.8 en vraag 1.1.9 verwys na die grafiek hieronder wat die menstruele siklus en die invloed wat die verskillende hormone daarop het, aandui.



1.1.8 Op watter TWEE dae is die vlakke van hormone X en Y dieselfde?

- A 12 en 13
- B 14 en 21
- C 15 en 26
- D 7 en 27


1.1.9 Watter van die volgende toon die patroon/tendens van die vlakke van hormone X en Z van dag 13 tot 14 aan?

- A X neem af en Z neem toe

- B Beide neem af
- C **X** en **Z** is by hulle optimum vlak
- D Beide neem toe

1.1.10 Die diagram toon 'n gedeelte van 'n nukleiënsuurmolekuul.

Watter deel stel 'n nukleotied voor?



2 x 10 = (20)

1.2 Gee die korrekte term vir die volgende omskrywings:

- 1.2.1 Die effek wat verkry word wanneer die stralingsenergie van die son vasgevang word in die atmosfeer.
- 1.2.2 Die som van alle koolstofdiksiedvystellings as gevolg van menslike aktiwiteite, in 'n gegewe tydsduur.
- 1.2.3 'n Proses waartydens organismes met die gene vir gewenste eienskappe ingeteel word.
- 1.2.4 'n Spesie wat in 'n land ingevoer word waar dit nie natuurlik voorkom nie en omdat dit nie natuurlike vyande het nie, in 'n plaag ontwikkel.
- 1.2.5 Die vernietiging van die natuurlike tuiste van 'n bepaalde plant- of dierspesie.
- 1.2.6 Die onwettige jag/vang van diere.
- 1.2.7 Die oordeelkundige gebruik van natuurlike hulpbronne om in die mens se behoeftes te voorsien, terwyl daar verseker word dat daar genoegsame voorraad vir die toekomstige generasies is.
- 1.2.8 Die eienskap van stowwe wat daarop dui dat dit natuurlik deur mikroörganismes afgebreek kan word.

1.2.9 Nywerhede gebruik water uit 'n rivier as 'n afkoelmiddel en stort weer groot hoeveelhede warm water terug in die rivier.

1.2.10 Tipe afval wat energie in die vorm van bestraling afgee.

(10)

1.3 Vir elk van die beskrywings in kolom I, sê of slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen uit kolom II geld. Skryf: **Slegs A; Slegs B; Beide A en B; Geeneen** langs die korrekte nommer op die folio.

KOLOM I		KOLOM II
1.3.1	Retina	A. Keëltjies B. Fovea/ geelvlak
1.3.2	Embrio word gevoed uit die dooier wat in die eier voorkom	A. Oviparie B. Viviparie
1.3.3	Gas wat geproduseer word wanneer organiese stowwe ontbind	A. CFC's B. Metaan
1.3.4	Jong voëltjie kan nie self voed of beweeg nadat dit uitgebroei het nie	A. Prekosiale ontwikkeling B. Altrisiële ontwikkeling
1.3.5	Fetus voed deur 'n naelstring en plasenta	A. Oviparie B. Ovoviviparie

2 x 5 = (10)

1.4

'n Boer het 'n ondersoek uitgevoer om te bepaal watter soort kunsmis die opbrengs van haar koringoes sou verhoog.

- Sy het haar plaas in drie dele van 1 hektaar elk verdeel en hulle soos volg behandel:

Behandeling	Hektaar A	Hektaar B	Hektaar C
Soort kunsmis	Geen	Bevat stikstof	Bevat fosfor
Hoeveelheid kunsmis (kg)	Geen	10	10

- Sy het dieselfde soort gewas, naamlik koring, elke jaar in November vir vyf jaar geplant.
- Sy het water uit 'n rivier wat deur die plaas vloei, gebruik om haar gewas te besproei.
- Sy het die opbrengs per deel vir elke jaar aangeteken. Die opbrengs is gemeet deur die hoeveelheid kilogram koring wat per hektaar geproduseer is, te bereken.

- 1.4.1 Identifiseer die afhanklike veranderlike vir hierdie ondersoek. (1)
- 1.4.2 Verduidelik die doel van die insluiting van hektaar A by hierdie ondersoek. (2)
- 1.4.3 Noem EEN manier waarop die boer die betroubaarheid van haar resultate kon verhoog het. (1)
- 1.4.4 Noem DRIE negatiewe gevolge as dieselfde soort gewas vir baie jare op dieselfde stuk grond geplant sou word. (3)
- 1.4.5 Wat word die verskynsel genoem as daar te veel kunsmis in water en riviere beland en die water groen word? (1)
- 1.4.6 Noem TWEE meer omgewingsvriendelike maniere om grond vrugbaar te maak as om kunsmis te gebruik. (2)

[10]


Totaal Afdeling A: 50

Afdeling B

Vraag 2

2.1 Die onderstaande diagram verteenwoordig 'n nukleïensuurmolekuul.


Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.1.1 Identifiseer die molekule wat in die diagram voorgestel word. (1)
- 2.1.2 Gee TWEE waarneembare redes vir jou antwoord in 2.1.1. (2)
- 2.1.3 Voorsien byskrifte vir verbinding X en deel 1. (2)
- 2.1.4 Wanneer in die selsiklus sal hierdie proses plaasvind? (1)
- 2.1.5 Beskryf kortliks die proses wat in die skets uitgebeeld word. (5)

[11]

2.2 Die diagram toon 'n gedeelte van die proses van proteïensintese.



2.2.1 Watter stadium van proteïensintese word in die diagram voorgestel? (1)

2.2.2 Identifiseer: a) Molekuul X (1)

b) Molekuul Y (1)

c) Struktuur 1 (1)

2.2.3 Die tabel hieronder toon die DNA-basisdrietalte wat kodeer vir verskillende aminosure wat in die mens se proteïene voorkom.

AMINOSUUR	BASISDRIETAL IN DNS/DNA
Leusien	GAA
Prolin	GGG
Lisien	TTT
Histidien	GTA
Serien	TCA
Metionien	TAC
Glisien	CCC
Glutamien	GTC

Gebruik die inligting in die tabel en die diagram hierbo en skryf die volgorde neer van die aminosure wat met struktuur 1, 2 en 3 ooreenkom. (3)

[7]

2.3

Gregor Mendel het kruisteeleksperimente met ertjieplante gedoen om die oorerwingspatrone van vier verskillende kenmerke (planthoogte, saadvorm, saadkleur en saadhuidkleur) te ondersoek.

Vir elke kenmerk, byvoorbeeld planthoogte, het hy homosigotiese lang plante met homosigotiese kort plante gekruis. Die nageslag wat in die F₁-generasie verkry is, is dan gekruisteel om die F₂-generasie te vorm. Hy het dieselfde vir elk van die ander kenmerke gedoen.

Die resultate wat vir die F₂-generasie verkry is, word in die tabel hieronder getoon.

KENMERK	RESULTATE VAN F ₂ -KRUISING	VERHOUDING
Planthoogte (Hoog of dwerg)	Lank: 787	2,84 : 1
	Kort: 277	
Saadvorm (Rond of gerimpel)	Rond: 5 474	X
	Gerimpel: 1 850	
Saadkleur (Geel of groen)	Geel: 6 022	Y
	Groen: 2 001	
Saadhuidkleur (Grys of wit)	Grys: 705	3,15 : 1
	Wit: 224	

[Verwerk uit *Basiese Konsepte in Biologie*, 3de uitgawe, C Starr, 1997]


- 2.3.1 Wat is die verwagte fenotipiese verhouding vir 'n kenmerk waarby twee heterosigotiese ouers betrokke is? (1)
- 2.3.2 Bereken **X** en **Y** uit die resultate. Noem ook die kenmerk wat 'n verhouding gegee het wat die naaste is aan die verwagte verhouding wat in Vraag 2.3.1 genoem is. Toon ALLE bewerkings. (3)
- 2.3.3 Gee 'n moontlike rede waarom die verhouding wat in Vraag 2.3.2 gekies is, die naaste aan die teoretiese verhouding was. (2)
- 2.3.4 Gebruik die resultate en noem of die alleel vir ronde saad of vir gerimpelde saad dominant is. (1)
- 2.3.5 Noem TWEE faktore wat tydens hierdie kruisteeleksperimente deur Mendel beheer is. (2)
- 2.3.6 Verduidelik Mendel se beginsel van onafhanklike sortering. (2)
- 2.3.7 Mendel het gevind in sy ertjie-eksperimente dat die alleel vir lank (L)

dominant is oor die kort (l) kenmerk en die alleel vir ronde sade (R)
 dominant is oor die gerimpelde (r) saadkenmerk.
 Skryf die genotipes van die ouers in 'n dihibriedkruising neer as 'n
 ouerplant wat homosigotiese lank is en gerimpelde sade dra gekruis
 word met 'n lang plant wat ronde sade dra en heterosigoties is vir beide
 kenmerke. (2)

2.3.8 Skryf die genotipes van al die moontlike gamete wat deur albei ouerplante
 In Vraag 2.3.7 gevorm kan word, neer. (2)

[15]

2.4 Die diagramme hieronder illustreer stadiums in die vervaardiging van insulien.



2.4.1 Wat is die doel van genetiese manipulasie? (1)


2.4.2 Verduidelik wat in elke skets A tot F gebeur deur 'n enkele sin langs elke
 letter te skryf. Gebruik die korrekte terme in die verduideliking. (6)

[7]

(40)

Vraag 3

3.1 Bestudeer die skets van die brein en beantwoord die vrae wat volg.



3.1.1 Benoem dele X, Y en Z (3)

3.1.2 Noem TWEE funksies van deel W. (2)


3.1.3 Gee die letter van die deel wat 'n endokriene funksie het. (1)

3.1.4 a) Noem TWEE simptome van Alzheimer se siekte (2)

b) Verduidelik watter effek Alzheimer se siekte op die breinweefsel het. (3)

[11]

3.2 Die skets toon 'n lengtesnit deur die menslike oog.



3.2.1 Benoem dele 2, 3 en 4 (3)


3.2.2 a) Wat sal met nommer 1 gebeur as die lig dowwer word? (1)

b) Watter deel van die oog maak die reaksie genoem in 3.2.2(a) moontlik? (1)

3.2.3 Verduidelik wat gebeur met dele 3 en 4 wanneer die persoon 'n boek lees. (2)

[7]

3.3 Die diagram stel die menslike, manlike voortplantingstelsel voor.



3.3.1 Benoem klier B en gee EEN funksie daarvan. (2)


3.3.2 Wat is die funksie van die struktuur genommer G? (1)

3.3.3 Verduidelik hoe vrugbaarheid geaffekteer sal word indien klier C

- verwyder word. (2)
- 3.3.4 Gee die LETTER en NAAM van die struktuur waar meiose plaasvind. (2)
- 3.3.5 Wat is die doel van meiose in die struktuur genoem in 3.3.4? (2)
- 3.3.6 Verduidelik hoe die manlike voortplantingstelsel aangepas is vir interne bevrugting. (2)
- 3.3.7 Gee EEN voordeel van interne bevrugting. (1)

[12]

3.4 Bestudeer die skets en beantwoord die vrae wat volg:



- 3.4.1 Identifiseer die struktuur in die skets. (1)
- 3.4.2 Benoem strukture A en B. (2)
- 3.4.3 Word die senuwee-impuls vanaf 1 tot 2 of vanaf 2 tot 1 gelei? (1)
- 3.4.4 Verduidelik wat struktuur C is asook die funksie daarvan tydens die geleiding van die senuwee-impuls. (2)
- 3.4.5 Maak 'n benoemde skets van 'n sensoriese neuron. (4)

[10]

(40)

Totaal Afdeling B: 80

Afdeling C

Vraag 4

'n Egpaar verwag hul eerste baba.

Die Pa ly aan rooi-groen kleurblindheid en wonder of sy kind hierdie toestand kan erf.

Die Ma het normale sig hoewel haar Pa ook kleurblind was.

Die egpaar is deur vriende aanbeveel om 'n kariotipe van hul baba te laat doen. Hulle besluit egter om 'n genetiese berader te raadpleeg om vir hulle raad te gee en die toestand te verduidelik, asook wat hul baba se kans is om kleurblind te wees.

Skryf 'n opstel waarin verduidelik word wat rooi-groen kleurblindheid veroorsaak asook hoe dit die bou van die oog affekteer.

Verduidelik ook wat die berader die ouers sou meedeel en of sy sou aanbeveel dat hulle 'n kariotipe van die baba doen of nie.

Feite (17)

Sintese (3)

[20]

Groottotaal: 150

LEWENSWETENSKAP GR 12

Junie Eksamen Memorandum 2016

Tyd: 2 uur 30 min

Punte: 150

Afdeling A

Vraag 1

- 1.1
- 1.1.1 B ✓✓
 - 1.1.2 C ✓✓
 - 1.1.3 D ✓✓
 - 1.1.4 D ✓✓
 - 1.1.5 C ✓✓
 - 1.1.6 A ✓✓
 - 1.1.7 C ✓✓
 - 1.1.8 C ✓✓
 - 1.1.9 B ✓✓
 - 1.1.10 A ✓✓
- 2 x 10 = (20)

- 1.2
- 1.2.1 Kweekhuiseffek ✓
 - 1.2.2 Koolstofvoetspoor ✓
 - 1.2.3 Selektiewe teling/ kunsmatige seleksie ✓
 - 1.2.4 Indringer spesie ✓
 - 1.2.5 Habitaatvernietiging ✓
 - 1.2.6 Stroping ✓
 - 1.2.7 Volhoubare benutting ✓
 - 1.2.8 Bio-afbreekbaar ✓
 - 1.2.9 Termiese besoedeling ✓
 - 1.2.10 Kernafval ✓
- (10)

- 1.3
- 1.3.1 Slegs A ✓✓
 - 1.3.2 Slegs A ✓✓
 - 1.3.3 Slegs B ✓✓
 - 1.3.4 Slegs B ✓✓
 - 1.3.5 Geeneen ✓✓
- 2 x 5 = (10)

- 1.4 1.4.1 Opbrengs van koringoes in kg per hektaar ✓ (1)
- 1.4.2 Om opbrengs wanneer verskillende soorte kunsmis gebruik word te kan vergelyk ✓ met opbrengs as geen kunsmis gebruik word nie ✓
- OF**
- Dit dien as kontrole ✓ om te verseker dat die resultate wat verkry is wel a.g.v. die toediening van kunsmis ✓ is en geen ander faktor nie
- Enige (1 x 2) = (2)
- 1.4.3 Sy kon die steekproef vergroot ✓ het/ aantal dele waarin die plaas opgedeel is vermeerder/ aantal plante vir elke soort kunsmis
- Vermeerder
Herhaal die ondersoek ✓
(Merk slegs die eerste EEN) Enige (1)
- 1.4.4 Uitputting van voedingstowwe in die grond ✓
Lei tot 'n laer opbrengs ✓
Toename in peste ✓
Lei tot gronderosie ✓
Verminder biodiversiteit ✓
(Merk slegs die eerste DRIE) Enige (3)
- 1.4.5 Eutrofikasie ✓ (1)
- 1.4.6 Gebruik kompos ✓
Gebruik dieremis bv hoendermis ✓
Pas wisselbou toe ✓ Enige (2)
- [10]**
- Totaal Afd A: 50**

Afdeling B

Vraag 2

- 2.1 2.1.1 DNA/ DNS ✓ (1)
- 2.1.2 Dubbelheliks ✓
Besit Timien as stikstofbasis ✓ (2)
- 2.1.3 X – Waterstofbinding
1 – Sitosien ✓ (2)
- 2.1.4 Tydens Interfase ✓ (1)
- 2.1.5 **Proses van DNA-replisering:**
- Dubbele heliks draai af ✓
 - Swak waterstofbindings ✓ breek en molekule rits oop
 - ensiemwerking ✓ beheer alle stappe
 - Vrydrywende nukleotiede ✓ bou 'n komplementêre DNA-string op elke oorspronklike been wat optree as 'n templaet ✓
 - Twee identiese kopieë ✓ van die oorspronklike DNA is die eindresultaat
- Enige (5)
- [11]
- 2.2 2.2.1 Translasie/ translering ✓ (1)
- 2.2.2 a) mRNA/ boodskapper RNA ✓ (1)
b) tRNA/ oRNA ✓ (1)
c) kodon ✓ (1)
- 2.2.3 Histidien ✓, Glisien ✓, Metionien ✓ in korrekte volgorde (3)
- [7]
- 2.3 2.3.1 3 : 1 ✓ (1)
- 2.3.2 X: $5474/1850 = 2.96 : 1$ ✓
Y: $6022/2001 = 3.01 : 1$ ✓
Die kenmerk met die naaste verwagte verhouding is **saadkleur** ✓ (3)
- 2.3.3 Die steekproef was die grootste / daar was die meeste nakomelinge (sade) om te tel ✓✓ (2)
- 2.3.4 Rond is dominant ✓ (1)
- 2.3.5 Dieselfde soort saad is gebruik ✓
Die saad is ewe oud ✓
Die grond waarin sade geplant is, is dieselfde ✓
Sade ontvang ewe veel water / son / CO₂ ✓ of ander
Merk eerste twee (2)
- 2.3.6 Eienskappe waarvan die geenpare op verskillende homologe chromosoompare voorkom ✓, word onafhanklik van mekaar

- oorgeërf. √ agv ewekansige plasing van bivalente tydens metaphase I van meiose. (2)
- 2.3.7 LLrr √ X LIRr √ (2)
- 2.3.8 moontlike gamete: Lr (almaal) √ X LR, Lr, IR, lr √ (2)
- [15]**

2.4 2.4.1 Om die kwaliteit van mens se lewe te verbeter//
Om produktiwiteit in plante te verhoog √ of ander Enige (1)

2.4.2 A: Die geen wat vir insulien kodeer word in die DNA string geïdentifiseer √

B: Die betrokke geen word uit die DNA verwyder/ geïsoleer deur beperkingsensiem te gebruik √

C: Die geen word in 'n plasmied wat van 'n bakterie afkomstig is, gevoeg √ deur ensiemwerking (DNA – ligase) en staan bekend as rekombinante DNA

D: Die rekombinante DNA word teruggeplaas in die bakteriesel √

E: Die rekombinante bakterie groei en vermeerder √

F: Die nuwe bakterieë vermeerder vining in 'n fermentortenk en produseer insulien. √

(6)

[7]
(40)

Vraag 3

3.1 3.1.1 X – Hipofise/ pituïtêre klier √
Y- Serebrum √
Z- Serebellum √ (3)

3.1.2 Funksies van medulla oblongata:

- Gelei senuwee-impulse tussen brein en rugmurg
- Beheer outonome funksies
- Beheer hartklop
- Beheer asemhalingstempo
- Beheer vernouing en verwyding v bloedvate
- Beheer peristalse en braking of ander

Merk eerste twee

enige (2)

3.1.3 X √ (1)

3.1.4 a) Swak geheue/ geheueverlies
Sukkel toenemend om familie en vriende te herken
Raak toenemend moeilik om take uit te voer
Raak toenemend meer aggressief, geïrriteerd
Vermoë om te praat neem af of ander

Merk eerste twee

(2)

b) Proteïenagtige plaakaanpaksels word tussen neurone gevorm √

Bondels senuweevesels raak op plekke in die brein
 Verstrengel ✓
 'n Tekort aan neuro-oordragstof ontstaan by sinapse ✓
 Neurone gaan tot niet en breinweefsel krimp ✓


Enige (3)

[11]

- 3.2** 3.2.1 2 – Kornea ✓
 3 – Lens ✓
 4 – Suspensoriese ligament ✓ (3)
- 3.2.2 a) Sal vergroot ✓
 b) iris ✓ (2)
- 3.2.3 3 word meer rond/ konveks ✓
 4 word slapper ✓ (2)
- [7]
- 3.3** 3.3.1 Seminale/semen vesikels ✓ - Produseer voedende vloeistof
 (fruktose) vir sperme ✓ (2)
- 3.3.2 Rypwording en stoor van sperme tydelik ✓ (1)
- 3.3.3 Die afskeiding van klier C veroorsaak dat semen alkalies is/
 neutraliseer suur pH van uriene ✓ indien afwesig sal sperme
 beskadig word/doodgaan ✓ en vrugbaarheid verminder.
- OF**
- Klier C skei stof af wat sperme aktiveer/ beweeglik maak ✓
 Indien afwesig sal sperme nie kan swem tot by eiersel nie ✓ en
 Sodoende vrugbaarheid verminder.
- Merk eerste een** (2)
- 3.3.4 H ✓- testis ✓ (2)
- 3.3.5 Om haploïede ✓ gamete/spermselle ✓ te vorm (2)
- 3.3.6 Die penis ✓ plaas sperme in die vroulike liggaam/vagina ✓ (2)
- 3.3.7 Gamete/embrio goed beskerm binne liggaam ✓
 Sperms nader aan ovum, groter kans op bevrugting ✓
 Net enkele ovum hoef gevorm te word ✓
- Enige (1)
 [12]

- 3.4 3.4.1 Sinaps ✓ (1)
- 3.4.2 A – akson ✓
B – mitochondrion ✓ (2)
- 3.4.3 Van 2 na 1 ✓ (1)
- 3.4.4 Vesikel met neurotransmitter/oordrag stof ✓
word vrygestel en beweeg oor die sinaps om die (elektriese) impuls
voort te sit in die (dendrite van) volgende neuron. ✓ (2)

3.4.5



Korrekte skets (1)
Enige 3 korrekte byskrifte (3)
[4]

[40]

Totaal Afdeling B : 80

Afdeling C

Vraag 4

Wat kleurblindheid veroorsaak

- Die lyer kan nie tussen rooi en groen kleur onderskei nie ✓
- Dit word deur 'n geenmutasie ✓ veroorsaak
- Is 'n geslagsgekoppelde afwyking ✓
- En op die X-chromosoom ✓ voorkom
- Die kenmerk is resessief ✓

Enige (4)

Hoe dit die oog affekteer

- Die fotoreseptorlaag ✓ in die retina ✓ word geaffekteer
- Foutiewe proteïene ✓ wat die keeltjies ✓ uitmaak
- veral in die geelvlak ✓ wat kleur waarneem ✓

Enige (4)

Wat die genetiese berader sê

- Die Pa sal sy foutiewe X-chromosoom na sy dogter ✓ oordra maar
- nie na sy seun nie, omdat sy seun die Y-chromosoom kry ✓
- Die Ma is 'n draer/ heterosigoot ✓
- Want sy het haar Pa se foutiewe X-chromosoom gekry ✓
- As die baba 'n dogter is, het sy 'n 50% kans om kleurblind te wees ✓
- en 50% kans om 'n draer/heterosigoot ✓ te wees met normale sig ✓
- As die baba 'n seun is, het hy 'n 50% kans om kleurblind te wees ✓
- omdat hy sy Ma se foutiewe X-chromosoom kan kry ✓
- of hy het 'n 50% kans om normale sig te hê.

Enige (7)

Kariotipe of nie?

- Kan wel geslag bepaal ✓ maar nie wys of die baba kleurblind sal wees nie ✓
- Dus onnodig ✓ want elke geslag het dieselfde kans om kleurblind te wees ✓

Enige (2)

Rubriek vir sintese:

R – is alle inligting relevant ✓ Ja (1) Nee (0)

L - logiese volgorde van gegewens gegee en paragrawe ✓ (1)
geen orde/paragrawe + opskrifte(0)

B – begrip van konsepte ✓ (1)

Wat veroorsaak kleurblindheid – minstens 3/4

Oog – minstens 3/4

Berader – minstens 4/7

Kariotipe – minstens 1/2

(17 + 3)

Totaal Opstel: 20

Groottotaal: 150

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

DISTRIK: TSHWANE SUID
LEWENSWETENSKAPPE GRAAD 12
HALFJAAREKSAMEN
JUNIE 2016

TYD : 2 ½ ure

PUNTE : [150]

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE :

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Skryf AL die antwoorde op die gegewe foliopapier.
3. Begin elke vraag bo-aan 'n nuwe bladsy.
4. Nommer die antwoorde presies soos die nommering van die vraestel.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Indien antwoorde nie volgens die instruksies van elke vraag beantwoord is nie , sal punte afgetrek word.
7. ALLE tekeninge moet met potlood gemaak word en die byskrifte met blou-ink.
8. Teken slegs diagramme en vloeddiagramme indien dit vereis word.
9. Die diagramme in die vraestel is nie noodwendig volgens skaal geteken nie.
10. Die gebruik van grafiekpapier word NIE toegelaat NIE.
11. Nie programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word .

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye , insluitende die dekblad.

AFDELING A VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) op jou antwoordstel neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.
- 1.1.1 'n Ouerpaar het twee kinders . Een kind het sistiese fibrose , 'n outosomale resessiewe siekte . Die ander kind is normaal. Wat is die mees waarskynlike genotipes vir die ouers ?

A. albei is homosigoties dominant

B. beide is homosigoties resessief

C. een is heterosigoties dominant en die ander een is homosigoties resessief

D. een is homosigoties dominant en die ander een is heterosigoties

1.1.2 Wat is die naam van die genetiese siekte wat rooibloedselle aantast?

- A. malaria
- B. sekelselanemie
- C. sistiese fibrose
- D. hemofilie

1.1.3 Die volgende is waar van die struktuur van DNS.

- A. die stikstofbasispare is adenien en urasiel
- B. die swak stikstofbindings hou die basisse van die twee stringe saam
- C. die aantal sitosien basisse is gelyk aan die aantal guanien basisse
- D. chromosome kom voor in DNS

1.1.4 In 'n kruising tussen heterosigotiese ouers, is daar 300 nakomelinge. Hoeveel van hulle was homosigoties vir die dominante geen?

- A. 225
- B. 150
- C. 100
- D. 75

1.1.5 Watter van die volgende kombinasies is waar?

- A. Metafase II - chromosome kom by die pole bymekaar
- B. anafase I - chromosome rangskik hulself op die ewenaar
- C. profase I – DNS-replisering
- D. Telofase I - kernmembraan hervorm rondom 'n haploïede kern

1.1.6 Wat veroorsaak die genetiese afwyking waarby sommige mans die genotipe XXY het?

- A. 'n geslagsgekoppelde resessiewe alleel
- B. Nie-disjunksie van die chromosome tydens meiose
- C. Twee spermselle bevrug die eiersel
- D. Oorkruising gedurende meiose

1.1.7 Watter EEN van die volgende sal tot 'n genotipiese verhouding van 1 : 2 : 1 lei?

- A. Rr X rr
- B. RR X rr
- C. rr X rr
- D. Rr X Rr

1.1.8 Watter van die volgende genetiese afwykings is nie 'n geslagsgekoppelde siekte nie?

- A. Kleurblindheid
- B. Spierdistrofie
- C. Down Sindroom
- D. Hemofilie

1.1.9 As swart pels dominant is oor wit pels, van watter een van die volgende individue kan die genotipe bepaal word deur net daarna te kyk?

- A. Individue met 'n wit pels
- B. Individue wat dominante eienskappe besit
- C. Individue met 'n swart en wit pels
- D. Individue met 'n swart pels

1.1.10 Watter hormoon het 'n invloed op die tempo van die hartklop?

- A. Insulien
- B. Adrenalien
- C. Oksitosien
- D. Glukagon (10x2)


(20)

1.2 Gee die korrekte biologiese term vir elk van die volgende beskrywings . Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.10) op jou foliopapier neer.

- 1.2.1 Sigbare eienskap van individue.
- 1.2.2 Individue met twee allele wat 'n kenmerk op dieselfde manier beïnvloed.
- 1.2.3 Die volledige stel van al die gene in al die chromosome van 'n spesifieke organisme.
- 1.2.4 Binneste laag met fotoreseptorselle.
- 1.2.5 Die nageslag van twee geneties verskillende ouers.
- 1.2.6 Die struktuur wat reseptorselle vir gehoor bevat.
- 1.2.7 'n Verandering in die chromosoomgetal nadat een ekstra of een minder chromosoom oorgêrf is..
- 1.2.8 Chromosoomtoestand van 'n sel wat meer as twee stelle chromosome bevat.
- 1.2.9 Dele van 'n chromosoom verbind deur 'n sentromeer.
- 1.2.10 Wanneer daar die volle uitdrukking van twee allele is, want nie een van hulle is dominant oor die ander een nie.

(10)

1.3 Bestudeer die volgende diagram wat 'n deel van twee verskillende nukleïensuurmolekules in die sel van 'n organisme voorstel. Molekule A kan gevind word in die vorm wat voorgestel is, terwyl molekule B gevorm word met molekule A as die templaar. Beantwoord die vrae wat volg .



1.3.1 Watter nukleïensuur word verteenwoordig deur A? Motiveer jou antwoord.

(2)

1.3.2 Identifiseer die dele genommer 1, 2 en 4.

(3)

1.3.3 Wat word die dele wat 1, 2 en 4 genommer is gesamentlik genoem?

(1)

1.3.4 Wat word die proses genoem waartydens B gevorm word?


(1)

1.3.5 Wat word die segment van molekule A genoem waarop molekule B gevorm word?

(1)

(8)

1.4 Bestudeer die diagram en aminosuurkaart in die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.



DNS-basidrietal	Aminosuur
CCG	Glesien
TAC	Methionien
CTA	Asparticsuur
TGT	Threonien
TCC	Arginien
GGT	Prolien

- 1.4.1 Benoem die dele / strukture wat 7 , 9 , 10 en 11 gemerk is. (4)
- 1.4.2 Deur van regs na links te kyk, gee die antikodon vir die aminosure genommer 4 en 5. (2)
- 1.4.3 Gebruik die inligting in die tabel en benoem die aminosure genommer 1 , 2 en 3 in die korrekte volgorde. (3)
- 1.4.4 Wat is die funksie van die struktuur genommer 8? (1)
- 1.4.5 Wat word die proses wat in die diagram geïllustreer word genoem? (1)
- 1.4.6 Noem die bindings wat aminosure aan mekaar heg (1)

(12)


TOTAAL AFDELING A: 50 AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1 Lees die volgende gedeelte, bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg :


"Spesie X is 'n meersellige mariene dier wat stewig vas aan rotse op die strand lewe. Manlike en vroulike organismes is nie in staat om te beweeg nie. Om voort te plant, laat hulle miljoene gamete in die water op dieselfde tyd vry. Die meeste van hierdie gamete gaan verlore, maar sommige smelt wel saam om 'n sigoot te vorm. Slegs 'n klein aantal hiervan sal uiteindelik daarin slaag om 'n geskikte habitat te vind en om suksesvol te groei tot volwassenheid".

Voorstelling van die chromosome in Spesie X



[<http://bio100.class.uic.edu/lecturesf04am/prophase1m.jpg>]

- 2.1.1 Gaan **Spesie X** geslagtelik of ongeslagtelik voortplant? Gee een rede uit die gedeelte om jou antwoord te verduidelik. (2)
- 2.1.2 Verduidelik **EEN** nadeel van hierdie tipe van voortplanting vir **Spesie X**. (2)
- 2.1.3 Watter tipe seldeling vind plaas in die diagram? (1)
- 2.1.4 Watter fase van seldeling word hier getoon? Gee een rede vir jou antwoord. (2)
- 2.1.5 Gebruik die chromosome wat B gemerk is en maak benoemde diagramme om die proses wat in die sel plaasvind te verduidelik. (4)
- 2.1.6 Wat is die biologiese belangrikheid van hierdie tipe seldeling? (2)
- (13)
- 2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg .



2.2.1 Noem die hormoon wat verantwoordelik is en die vlakke (hoog / laag) in die bloed vir :

1. menstruasie
2. ovulasie
3. verdikking van die endometrium (3x2)

2.2.2 Verduidelik kortliks wat gebeur in die ovarium gedurende die eerste 14 (3) dae.

2.2.3 In watter stadium van meiose is die sel wanneer dit vrygestel word tydens ovulasie? (1)

2.2.4 Wanneer vind ovulasie plaas? (1)

2.2.5 Wat is die funksie van hormoon Y in die ovarium nadat ovulasie plaasgevind het? (1)


(12)

2.3 Lees die uittreksel en bestudeer dan die stamboomdiagram , wat die erfenis van kleurblindheid uitbeeld en beantwoord die volgende vrae:


Kleurblindheid , of kleurvisie tekort , is 'n tekort aan die vermoë om te onderskei tussen verskillende kleure . Dit is redelik algemeen in sowat 8% van mans met rooi-groen kleurblindheid en mans word 16 keer meer geraak as vroue. Dit is 'n goeie illustrasie van hoe X-gekoppelde resessiewe gene geërf word, omdat die mees algemene vorm van kleurblindheid X-gekoppel is.

Geneem uit Bowie , M. , de Beer , J. , Khan , M. A. , Naude , F. , Pretorius , E.J.P. & Wiese , S.M. (2011) Via Afrika Lewenswetenskappe Graad 12 Leerdersboek Kaapstad : Via Afrika Uitgewers

Sleutel



Donker kringe of blokkies dui individue met kleurblindheid aan



2.3.1. Verduidelik kortliks die betekenis van X-gekoppelde gene. (2)

2.3.2 (N) verteenwoordig die alleel vir normale visie en (n) verteenwoordig die kleurblind alleel . Deur gebruik te maak van individue genommer 1 en 2 (in die diagram), demonstreer hoe die gene wat hierdie vorm van kleurblindheid veroorsaak die resessiewe eienskap is.

(7)

2.3.3 Hoeveel keer meer as vroue word mans deur kleurblindheid geraak?

(1)

2.3.4 Stel 'n hipotese vir 'n ondersoek op waar jy die teorie toets dat die alleel vir kleurblindheid meer mans as vrouens in die bevolking raak.

(3)

2.3.5 Hoe kan jy die betroubaarheid van die resultate van jou ondersoek verbeter?


(2)

(15)

[40]

VRAAG 3

3.1 Die onderstaande vloeddiagram toon die volgorde waarin sommige selle gevorm word tydens spermatogenese in soogdier testis.



3.1.1 Noem die deel van die testis waar spermatogenese plaasvind. (1)

3.1.2 Deur watter proses word a) **Sel A** gevorm?

b) **Sel B** gevorm? (2)

3.1.3 Wat sal die chromosoomgetal van sel A en sel B wees? (2)

3.1.4 As die selle menslik was, hoeveel chromosome word gevind in spermatosoë (spermselle)? (1)

3.1.5 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg .

In monsters van semen gehou op 37 grade C sal sperm hul beweeglikheid en lewensvatbaarheid verloor. As dit gehou word by 4 °C sal hulle hul lewensvatbaarheid behou maar verloor hul beweeglikheid weens termiese skok. Die beste temperatuur vir semen om die spermselle se beweeglikheid te bewaar, is 20 grade C. Die verlies van beweeglikheid op 37 grade C is nie heeltemal voorkombaar deur bakteriële besmetting met antibiotika nie.

[<http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/23196>]


3.1.5.1 By watter temperatuur sal spermselle beide hul beweeglikheid en lewensvatbaarheid behou? (2)

3.1.5.2 Wat gebeur met spermselle op 4 °C? (2)

3.1.5.3 Watter struktuur in die manlike voortplantingstelsel is verantwoordelik dat die testes teen 'n ideale temperatuur vir die produksie van spermselle gehou word? Verduidelik hoe hierdie struktuur sy funksie uitvoer. (5)


(15)

3.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[<http://filestore.aqa.org.uk/subjects/AQA-GCSE-SCIENCE-COMMAND-WORDS.PDF>]

- 3.2.1 Identifiseer die struktuur wat in die diagram hierbo uitgebeeld word. (1)
- 3.2.2 Skryf slegs die letter van 'n sensoriese neuron en 'n verbindingsneuron neer. (2)
- 3.2.3 Wat is die funksie van die bostaande struktuur? (2)
- 3.2.4 Toon die volgorde waarin die refleksaksie plaasvind deur gebruik te maak van die letters in die diagram. (4)
- 3.2.5 Verduidelik die belangrikheid van 'n sinaps . (3)
- (12)**
- 3.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.3.1 Watter struktuur in voëls en reptiele sou die ekwivalent van die bostaande struktuur wees? (1)
- 3.3.2 Benoem die deel gemerk 7 en gee 'n funksie van hierdie gedeelte . (2)
- 3.3.3 Wat vorm dele 2 , 3 en 4? (1)

- 3.3.4 Noem en verduidelik drie maniere waarop die struktuur in 3.3.3, geskik is om sy funksies te verrig. (3X2)
- 3.3.5 Noem die hormoon wat vrygestel word deur die hipofise wat geboorte stimuleer. (1)
- 3.3.6 Beskryf kortliks wat die effek van die betrokke hormoon by 3.3.5 het op strukture gemerk 1 en 9. (2)
- (13)**
[40]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C VRAAG 4

Lewenswetenskapleerders sit in 'n klas sonder elektrisiteit en skryf 'n toets. Hulle hoor 'n harde ontploffing buite en hardloop na die deur om te kyk wat gebeur het. Die ontploffing was aan die oorkant van die rugbyveld. Verduidelik wat in hul oë en ore plaasgevind het terwyl hulle aanvanklik toets geskryf en later by die oop deur gestaan het.

Feite (17)

Sintese (3)

(20)

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 150

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

DISTRIK: TSHWANE SUID

LEWENSWETENSKAP: GRAAD 12

VRAESTEL 1: MERK RIGLYNE

JUNIE 2016

TYD : 2 ½ ure

PUNT : [150]

**BEGINSELS MET BETREKKING TOT DIE NASIEN VAN LEWENSWETENSKAPPE
2016**

- 1. Indien meer inligting as die punttoekenning gegee word.**
Hou op merk nadat die maksimum punte verkry is en trek 'n kronkellyn en dui 'maks' punte in die regterkantse kantlyn aan .
- 2. As byvoorbeeld drie redes vereis word en vyf word gegee**
Merk die eerste drie ongeag daarvan of almal of sommige korrek / nie korrek is nie.
- 3. Indien die hele proses beskryf word terwyl slegs 'n deel vereis word.**
Lees alles en krediteer die relevante dele.
- 4. Indien vergelykings vereis word, maar beskrywings word gegee** Aanvaar indien die verskille / ooreenkomste duidelik is.
- 5. Indien tabulering vereis word en paragrawe word gegee** Kandidate sal punte verbeur indien nie getabuleer nie .
- 6. As diagramme met byskrifte gegee word en beskrywings word vereis**
Kandidate sal punte verbeur
- 7. Indien vloiediagramme ipv beskrywings gegee word** Kandidate sal punte verbeur .
- 8. Indien die volgorde vaag en skakelings nie sin maak**
Waar volgorde en skakelings korrek is, krediteer . Waar volgorde en skakelings nie korrek is nie, moenie krediteer . As die volgorde weer korrek is, gaan voort om te krediteer

9. **Nie erkende afkortings**
Aanvaar indien dit aan begin van 'n antwoord omskryf is. Indien dit nie omskryf is nie, moenie die onherkenbare afkorting krediteer nie, maar krediteer die res van die antwoord indien dit korrek is.
10. **Verkeerd genommer**
Indien die antwoorde pas in die korrekte volgorde van die vrae maar die verkeerde nommer word gegee , is dit aanvaarbaar.
11. **Indien die taal wat gebruik word die bedoelde betekenis verander** Moenie aanvaar nie .
12. **Spelfoute**
Aanvaar as dit herkenbaar is maar dat dit nie iets anders in Lewenswetenskappe of as dit iets anders buite konteks beteken nie.
13. **Indien gewone name gegee word by terminologie**
Aanvaar , indien dit by die memobespreking aanvaar is.
14. **Indien letter vereis word en slegs die naam word gegee (en andersom)** Geen krediet
15. **As eenhede van mate nie aangedui word nie**
Kandidate sal punte verbeur . Memorandum sal afsonderlike punte vir eenhede toeken .
16. Wees sensitief vir die betekenis van 'n antwoord wat soms op 'n ander manier verduidelik word. .
17. **Byskrifte**
Alle illustrasies (soos diagramme , tekeninge, grafieke , ens) moet byskrifte hê.
18. **Vermenging van amptelike tale (terme en konsepte)**
'n Enkele woord of twee wat in enige ander amptelike taal anders as die taalassessering van die leerder gebruik word om die meeste van sy / haar antwoorde aan te bied, moet gekrediteer word, indien dit korrek is . 'n Nasieners wat vaardig is in die relevante amptelike taal moet geraadpleeg word . Dit is van toepassing op alle amptelike tale.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1 C ✓✓

1.1.2 B ✓✓

1.1.3 C ✓✓

1.1.4 D ✓✓

1.1.5 D ✓✓

1.1.6 B ✓✓

1.1.7 D ✓✓

1.1.8 C ✓✓

1.1.9 A ✓✓

1.1.10 B ✓✓

(10X2)

(20)

1.2

1.2.1 Fenotipe ✓

1.2.2 Homosigoties ✓

1.2.3 Genoom ✓

1.2.4 Retina ✓

1.2.5 Hibried ✓

1.2.6 Koglea / Orgaan van Corti ✓

1.2.7 Aneuploïdie ✓

1.2.8 Poliploïdie ✓

1.2.9 Chromatiedes ✓

1.2.10 Ko-dominansie ✓

(10)

1.3		
1.3.1	DNS ✓ besit timien ✓	(2)
1.3.2	1 – Fosfaat molekule ✓	
	2 – Suiker molekule / Deoksiribose suiker ✓	
	4 – Urasiel ✓	(3)
1.3.3	Nukleotiede ✓	(1)
1.3.4	Transkripsie ✓	(1)
1.3.5	Gene / templaar / sjabloon ✓	(1)
		(8)
1.4		
1.4.1	7 – kodon ✓	
	9 – mRNS ✓	
	10 – polipeptied ketting ✓	
	11 – ribosoom ✓ (4)	
1.4.2	4 – GGU ✓	
	5 – GAG ✓	(2)
1.4.3	Threonien ✓, methionien ✓, arginien ✓	(3)
1.4.4	Om aminosure in die korrekte volgorde ✓ in die polipeptiedketting te plaas	
	(1)	
1.4.5	Translasie ✓	(1)
1.4.6	Peptied ✓ bindings	(1)
		(12)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

2.1.1 Geslagtelik ✓


“ hulle stel miljoene gamete ✓ in die water vry “ (2)

2.1.2 Uitwendige bevrugting ✓ vind plaas en talle gamete word deur predatore gevreet ✓ (2)

2.1.3 Meiose ✓ (1)

2.1.4 Profase 1 ✓ homologe chromosome lê langs mekaar / oorkruising vind plaas ✓ (2)

2.1.5 Diagram wat die proses van oorkruising voorstel



Korrekte opskrif ✓

Korrekte diagram bv. Chromosome ✓

Oorkruising vind plaas op twee plekke ✓

Enige twee korrekte byskrifte ✓✓

(4)

2.1.6 Veroorsaak genetiese variasie ✓

Hou die chromosoomgetal konstant / verminder die aantal chromosome / verander die chromosoomgetal van diploïed na haploïed ✓

Produseer gamete ✓

Merk slegs eerste twee

Enige (2)(13)

2.2

- 2.2.1 1. Progesteron / Estrogeen√ laag √
 2. Luteiniserende Hormoon √ Hoog √
 3. Estrogeen / Progesteron√ Hoog√ (3X2)
- 2.2.2 Follikel begin om te ontwikkel√ weens FSH / follikelstimuleringshormoon √
 Binne-in die follikel ondergaan 'n eiersel meiose √
 Die follikel skei estrogeen af √
- Merk slegs eerste drie** Enige (3)
- 2.2.3 Meiose 1 volledig afgehandel / metafase 2 √ (1)
- 2.2.4 Dag 14√ (1)
- 2.2.5 Verorsaak dat die geskeurde Graafse follikel verander in die corpus luteum √ (1)(12)

2.3

- 2.3.1 Die kenmerke / gene √ word slegs gevind word op die X-chromosoom √ (2)

- 2.3.2 P₁ Fenotipe: Kleurblind man X Normale sig vrou √
 Genotipe: Xⁿ Y X X^NXⁿ √

Meiose

Gamete Xⁿ Y X^N Xⁿ √

Bevrugting

	X ^N	X ⁿ
X ⁿ	X ^N X ⁿ	X ⁿ X ⁿ
Y	X ^N Y	X ⁿ Y

√√

F₁ Genotipe: X^NXⁿ; XⁿXⁿ; X^NY; XⁿY √

Fenotipe: normale sig vrou ; kleurblind vrou ; normale sig man ; kleurblind man √

P₁ en F₁ √

Meiose en Bevrugting √ Enige (7)

2.3.3 16 √ (1)

2.3.4 Meer/minder mans \checkmark as vrouens \checkmark word beïnvloed deur kleurblindheid \checkmark

OF

Die aantal mans wat geraak word deur kleurblindheid \checkmark sal meer /
minder \checkmark as die aantal vroue wees wat geraak word deur kleurblindheid \checkmark

OF

Dieselfde getal \checkmark mans en vrouens \checkmark sal beïnvloed word deur kleurblindheid \checkmark (3)

2.3.5 Herhaal die ondersoek \checkmark

Verhoog steekproefgrootte \checkmark (2)

(15)

[40]

VRAAG 3

3.1

3.1.1 Saadbuisie \checkmark (1)

3.1.2 A – mitose \checkmark

B – Meiose / Meiose II \checkmark (2)

3.1.3 A – $2n$ \checkmark

B – n \checkmark (2)

3.1.4 23 \checkmark (1)

3.1.5.1 20°C \checkmark (2)

3.1.5.2 Behou hul lewensvatbaarheid maar beweeglikheid \checkmark gaan verlore as gevolg
van termiese skok \checkmark (2)

3.1.5.3 Skrotum \checkmark (1)

Wanneer eksterne temperatuur koud is \checkmark sal gladdespier in die muur
van die skrotum saamtrek \checkmark en die testes nader aan die liggaam trek \checkmark

Wanneer eksterne temperatuur warm is \checkmark sal gladdespier in die
skrotum ontspan \checkmark en die testes verder weg van

die liggaam \checkmark af hou.

Enige (4)

(15)

- 3.2
- 3.2.1 Refleksboog ✓ (1)
- 3.2.2 Sensories neuron – A ✓ Verbindings neuron – D ✓ (2)
- 3.2.3 Verorsaak 'n vinnige ✓ reaksie / reaksie ten einde die individu te beskerm ✓ (2)
- 3.2.4 A ✓; D ✓; B ✓; C ✓ (4)
- 3.2.5 Maak seker dat die impuls in een rigting beweeg ✓
 By die sinaps kan 'n senuwee-impuls versnel, vertraag of blokkeer word ✓
 Dit laat toe dat onnodige of onbelangrike agtergrond stimuli gefiltreer word ✓
 Kanaliseer impulse sodat reaksies geïntegreer en deel van leer en geheue word ✓
- Merk slegs eerste drie Enige (3)**
- (12)**
- 3.3
- 3.3.1 Amniotiese eier ✓ (1)
- 3.3.2 Amniotiese vloeistof ✓ (1)
 termoregulering ✓ / skok absorpsie ✓ / verhoed uitdroging ✓ (1)
- 3.3.3 Plasenta ✓ (1)
- 3.3.4 Villi en sinusse ✓ veroorsaak 'n toename in die ruil oppervlakte ✓
 Dun ✓ enkele laag selle tussen moeder se bloed en fetale bloed vir maklike diffusie ✓ van stowwe
 Goeie vervoermedium ✓ met baie vaskulêre weefsel en bloedvate ✓
 Beskermende ✓ membraan tussen fetale bloed en moeder se bloed om te verhoed dat die bloed meng ✓
- Merk eerste drie Enige (3X2)**
- 3.3.5 Oksitosien ✓ (1)
- 3.3.6 Verorsaak dat die spiere in 1 / uteruswand sterk saamtrek ✓ en 9 / serviks oop te rek ✓ (2)

(13) [40]

AFDELING C

VRAAG 4

- Die lig in die klas is dof \checkmark , dus sal die leerders se pupille wyd oop wees en akkommodasie vir die swak lig sal plaasvind.
- So die kringspiere van die iris het \checkmark ontspan en die radiale spiere gekontrakteer \checkmark
- Dit veroorsaak dat die pupille vergroot / verwyd \checkmark sodat genoeg lig in die oog \checkmark kan binnedring om te lees en te skryf
- Die lens het akkommodasie ondergaan \checkmark wat beteken dat die oog fokus op 'n naby voorwerp \checkmark
- Dit vind plaas wanneer die siliêre spier \checkmark saamtrek \checkmark , die vrystelling van die druk op die suspensoriese ligamente \checkmark sodat die lens terug keer na sy breë ronde vorm. \checkmark Maks (5)
- Die lens is nou in staat gestel om lig te breek \checkmark en te fokus op die geelvlak vir 'n presisie beeld \checkmark
- As hulle buite toe kyk in die helder lig \checkmark sal die pupil van die oog vernou en lens van vorm verander om te fokus op 'n verafgeleë voorwerp
- Die kringspiere in die iris trek saam \checkmark en die radiale spiere ontspan \checkmark en dit veroorsaak dat die pupil kleiner word en die vermindering van die hoeveelheid lig wat die oog binne gaan. \checkmark Die siliêre spier ontspan \checkmark en dit veroorsaak dat die suspensoriese ligamente styf trek \checkmark en trekkrag op die lens uitoefen. \checkmark Maks (5)
- Dit verander die vorm van die lens en maak dit langer en dunner \checkmark sodat die oog kan fokus op die vêr afgeleë voorwerp \checkmark

- Die klank van die ontploffing beweeg as drukgolwe deur die lug√
- Dit is gerig na die gehoorkanaal √by die pinna√
- Aan die einde van die gehoorkanaal is die trommelvlies / timpanummembraan √wat begin vibreer √wat die eerste van drie
- gehoorbeentjies / bene √ in die middeloor laat vibreer√ Klankgolwe word nou versterk √en omskep in meganiese vibrasies√
- Die derde been / die stiebeuel/stapes√ is geheg aan die ovale venster √wat 'n membraan is wat verbind is tot die binne oor√
- Die stiebeuel en ovaalvenster begin vibreer√ wat golwe in die perilimf√ in die koglea veroorsaak√
- Hierdie golwe veroorsaak dat die membrane begin vibreer √wat die (7) stimulering van die reseptorselle van die orgaan van Corti√ veroorsaak.
- Hierdie selle inisieer 'n impuls √wat via die kogleale tak van die gehoorsenuwee vervoer word na die serebrum en die klank van die ontploffing interpreteer.√

Maks

(7)



Feite (17)

Sintese (3)

(20)**ASSESERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE OPSTEL**

Kriteria	Relevansie (R)	Logiese volgorde (L)	Begrip (B)
	Alle inligting verskaf om pupillêre refleks , akkomodasie en gehoor te verduidelik	Idees word in 'n logiese / oorsaakgevolge volgorde verduidelik	Alle aspekte wat deur die opstel vereis is word voldoende aangespreek

TOTAAL AFDELING C: 20**GROOTTOTAAL: 150**




Metafase 1


LEWENSWETENSKAPPE GR 12

VRAESTEL 1

Memorandum van vrae 2017



L. Leung-Moore © BIODIDAC



NAAM: _____

MEIOSE ANTWOORDE

SKETS 1 (Bl. 25)

ANAFASE

SKETS 2 (Bl. 25)

- 1 Profase 1
- 2 Metafase 1
- 3 Anafase 1
- 4 Laat Anafase 1
- 5 Telofase 1
- 6 Profase 2
- 7 Metafase 2
- 8 Anafase 2
- 9 Laat Anafase 2
- 10 Telofase 2

VRAAG 1.2 (bl.26)

- 1.2.1 D ✓ B ✓ A ✓ C ✓ (4)
- 1.2.2 1 – Sentriool / Dogtersentrosom ✓
2 – Spoelvesel / Fibrilrade ✓ (2)
- 1.2.3 A ✓ en C ✓ (2)
- 1.2.4 Eiertjie/ovulum / Helmknop (1)

VRAAG 2: (bl. 27)

2.1.

- 2.1.1 Anafase II ✓ (1)
- 2.1.2 Chromatiede/ dogterchromosome ✓ beweeg na teenoorgestelde pole ✓ (2)
- 2.1.3 A - Spoeldrade/ fibrilrade/ spoel ✓
- B - Selmembraan ✓ (2)
- 2.1.4 (a) 8 ✓ (1)
- (b) 4 ✓ (1)
- 2.1.5 Ovarium ✓ (1)
- 2.1.6 - Reduksie/ halvering van chromosoomgetal ✓ om chromosoomgetal van generasie tot generasie konstant te hou
- Dra by tot genetiese variasie ✓
 - Vorming van gamete ✓
- (Sien slegs eerste TWEE na)** Enige (2)

2.2

MITOSE	MEIOSE
(a) Ligging	
1. Vind plaas in alle liggaamselle (somatiese selle).	1. Vind plaas in geslagsorgane om gamete te produseer. (2)
(b) Dogterselle	
1. Twee dogterselle word geproduseer	1. Vier dogterselle word geproduseer.
2. Dogterselle is identies aan mekaar en aan die oorspronklike moedersel	2. Dogterselle is nie identies aan mekaar of aan die oorspronklike moedersel nie.
3. Dogterselle besit dieselfde getal chromosome as die orspronklike moedersel.	3. Dogterselle besit die helfte van die chromosoomgetal van die moedersel / is haploïed
	Enige 1 x 2 = (2)
	(4)

2.3 (bl. 28)

2.3.1 Normale vrou: Chromosoompaar 23 = XX✓ / 46 chromosome

Vroue met Turner se sindroom: Slegs een X ✓ chromosoom / 45 chromosome
(moet asb nie net sê besit 45 / 46 chromosome nie – brei uit!) (2)

2.3.2 Sy sal nie in staat wees om kinders te hê nie ✓ omdat haar geslagsorgane nie sal ontwikkel nie. ✓

OF

Geen menstruele siklus nie ✓ omdat daar onderontwikkelde gonade ✓ / en gevolglik geen hormone is nie

OF

Geen hormone ✓ en gevolglik sal sekondêre geslagskenmerke afwesig ✓ wees

Merk slegs eerste EEN (2)

Vraag 2.4 (bl 29)

2.4.1 A Chromosoom

B Sentromeer


C Chromatied

D Chiasma

2.4.2 Oorkruising (NIE Chiasma-vorming nie!)

2.4.3 Verseker genetiese variasie a.g.v. uitruiling van genetiese materiaal tussen homoloë chromosome.

2.4.4 Profase 1



2.4.5

Vraag 2.5 (bl 30)

2.5	2.5.1	Metafase I ✓	(1)
	2.5.2	- Oorkruising het plaasgevind ✓ - en genetiese materiaal is uitgeruil ✓	(2)
	2.5.3	Anafase II ✓	(1)
	2.5.4	- Die spoelwesels trek saam ✓ - Die sentromere verdeel ✓ - en trek die dogterchromosome ✓ / chromatiede - na die teenoorgestelde pole van die selle ✓ - Sitokinese begin ✓	(Enige 3) (3)
	2.5.5	Testes ✓ / saadbuisies (Sien slegs eerste EEN na)	(1) (8) [40]

Vraag 3.2 (bl 31)

3.2.1	n – haploïed ✓ / enkel stel van chromosome $2n$ – diploïed ✓ / dubbel stel van chromosome	(2)
3.2.2	Interfase ✓	(1)
3.2.3	Vermeerder / verdubbel ✓ as die DNA repliseer ✓	(2)
3.2.4	(a) meiose ✓	(1)
	(b) die chromosoomgetal verander ✓ van diploïed na haploïed ✓ /chromosoomgetal verminder ✓ van $2n$ na n ✓	(2) (8)

VOORTPLANTING IN GEWERWELDES ANTWOORDE

1.1 (bl 41)

'n Groot hoeveelheid sperme word vermors✓
in uitwendige bevrugting aangesien baie nie
die eiersel bereik nie of vernietig word✓.
Organismes produseer 'n groot hoeveelheid
spermselle en eierselle✓ om te verseker dat
sommige wel bevrug word✓.

(4)

1.2

- Die moontlikhede van bevrugting is
groter✓
- Dit laat bevrugting selfs in droë habitatte
toe✓

2 (bl. 41)

In die mens word die funksies van
gaswisseling en voeding ✓ deur die plasenta
uitgevoer ✓.

(2)

3.1 (bl. 41)

Die groot beskikbaarheid van voedsel laat die
wyfies toe om goed te voed en eiers te
produseer met 'n groot hoeveelheid
voedsel✓. Dit gee die jonges langer tyd om te
ontwikkel ✓ voordat hulle uitbroei en die
jonges is dus meer onafhanklik ✓ en in staat
om predatore te vermy ✓.

(4)

(bl 42)

3.2

- 3.2.1 **A** Altrisieel: Die kleintjies is kaal/blind en hulpeloos. (3)
- 3.2.1 **B** Vroegselfstandig: Die kleintjies het hare/kan sien en is mobiel. (3)
- 3.2.2 Ovipariteit (1)
- 3.2.3 Groot hoeveelhede onbevugte eierselle word gevorm sodat daar genoeg oorbly om predasie te oorleef en die voortplantingsfase te bereik; die eiers broei uit as selfonderhoudende larwes sodat hulle self voedsel kan soek; die larwes gebruik ander voedselbronne as hul ouers sodat daar minder kompetisie vir voedsel is; die eiers en larwes versprei maklik sodat hulle na meer gepaste areas kan dryf waar hulle verder kan groei. *(Net die eerste twee word gemerk.)* (2)
- 3.2.4 Vivipariteit (1)
- 3.2.5 Plasentale soogdiere (1)
- 3.2.6 Dit verseker dat mannetjies en wyfies die gepaste maatswinda dit verseker dat albei terselfdertyd vrugbaar is. (1)

12

(bl. 42)

4.1

PREKOSIËLE DIERE BY GEBOORTE OF UITBROEIING	ALTRISIËLE DIERE BY GEBOORTE OF UITBROEIING
Oë is oop, kan dadelik goed sien	Oë is toe of sig is swak ontwikkel
Kan binne 'n kort tyd (minder as 'n uur) gekoördineerd beweeg	Kan nie onmiddellik gekoördineerd beweeg nie
Kan binne 'n kort tyd self voedsel soek, soms vir 'n tydlank van ouer vir voeding afhanklik	Is vir 'n lang tyd geheel en al van die ouers vir voeding afhanklik
Huidbedekking is goed ontwikkel	Huidbedekking is nog nie goed ontwikkel nie

MENSLIKE VOORTPLANTING ANTWOORDE

Bladsy 43

1. A - 46
- B - 23
- C - 46
2. Sigoot
3. Tussen A en B
4. Tussen C en D

Vraag 1 (bl. 61)

- 1.1 A - Prostaatklier ✓
- B - Vas deferens/ Saadleier ✓
- E - Penis ✓ (3)
- 1.2 C(epididimus) - rypwording van spermselle ✓
- F(akrosoom) - skei ensieme af om die membraan rondom die eiersel op te los ✓ sodat bevrugting kan plaasvind. (2)
- 1.3 D✓ - Testis./ saadbuisies ✓ (2)
- 1.4 Om die testis by 'n temperatuur te hou wat ongeveer 2 °C laer is as liggaamstemperatuur . ✓

'n Laer temperatuur is noodsaaklik vir die produksie en berging van gesonde sperms✓

/sodat gesonde sperms kan oorleef. (2)

1.5 (a) Ja ✓ (1)

(b) MI-virus word in die liggaamsvloeistowwe /semen/bloed/speeksel vervoer. ✓

Kan dus 'n persoon deur 'n oop wond/ bloedoortapping/seksuele omgang besmet ✓

Gevolgtik sal 'n vasektomie nie die oordrag van MIV keer nie. (2)

VRAAG 2 (bl. 62)

2.1 Ovarium ✓

2.2 Ovum/ eiersel ✓

2.3 Sigoot ✓

2.4 Naelstring ✓

2.5 Amniotiese vloeistof ✓

(5 X 1 = 5)

VRAAG 3 (bl. 63)

3.1 A Plasenta

B Naelstring

D Slymprop

3.2 - Dien as skokabsorbeerder wat die fetus beskerm teen fisiese beserings

- Verhoed dehidrasie van die fetus.
- Beskerm die fetus teen temperatuurwisselings.
- Laat relatief vrye bewegings van die fetus toe, vir groei en ontwikkeling.

3.3 Uteruswand trek kragtig saam om die fetus na die serviks opening te druk


3.4 Progesteronvlak daal.

VRAAG pp. 64

- .1 Aanvaar dag 14 of dag 15 ✓ (1)
- .2 Dae 0 - 7 ✓ (1)
- .3 - Veroorsaak dat die follikel oopbars ✓ /stimuleer ovulasie (1)
- .4 - Stimuleer die vorming van die corpus luteum ✓
 - LH vlakke bly laag tot dag 12/13 ✓
 - Dan verhoog dit skerp tot dag 14 ✓
 - Daarna neem dit af en bly laag ✓ (3)
- .5 As die estrogeenvlak verhoog ✓ verdik die endometrium ✓ (2)
- .6 Handhaaf die toename van die verdikking van die endometrium ✓ (2)
wat die kanse op inplantasie verhoog ✓
- .7 Nee ✓ (1)
- .8 Die progesteronvlakke ✓ het verlaag ✓ /word nie onderhou nie /corpus luteum begin degenerer (2)

VRAAG pp. 65

- 1 C - Endometrium ✓
D - Ovarium ✓ (2)
- 2 1 - Ovulasie ✓
2 - Bevrugting ✓
3 - Mitose ✓ (3)
- 3 (a) 23 ✓ (1)
(b) 46 ✓ / 23 paar (1)



- 5 Skok absorbeerder ✓ / verhoed fisiese of meganiese skade
Beskerm die fetus teen uitdroging ✓
Insuleer die fetus teen temperatuur fluktuasies ✓
Laat fetale beweging vir groei en ontwikkeling toe ✓ enige (2)
- 6 4.6.1 Suurstof ✓
Opgeloste voedsel ✓ (voorbeelde bv. glukose, aminosure, water)
Anti-liggame ✓ enige (1)
- 4.6.2 Metaboliese afvalstowwe ✓
Koolstofdioksied ✓
Stikstofbevattende afvalstowwe ✓
Water ✓ enige (1)

SSS en SINTUIGORGANE ANTWOORDE PP. 98

3.1 (bl. 98)

3.1.1 Refleksreaksie

3.1.2 Reseptors ✓ in die hand word geprikkel.

Prikkel word omgeskakel na 'n senu-impuls ✓ wat m.b.v. afferent uitloper van die sensoriese ✓ neuron na die selligaam van die sensoriese neuron in die ganglion ✓ van die dorsale wortel. Vandaar met die efferente uitloper tot in die dorsale horing van die grystof. Die impuls word deur 'n sinaps ✓ oorgedra na die verbindingsneuron ✓ en vandaar weer deur 'n sinaps na die dendriete van die motoriese neuron ✓. Die impuls beweeg dan na die selligaam van die motoriese neuron en verlaat die rugmurg deur die akson in die ventrale wortel ✓ van die rugmurg.

Die impuls beweeg nou na die die effektor✓/ nl. die armspier waar dit met die eindplaat oorgedra word. Die armspier ruk weg ✓. Die reaksie vind plaas sonder dat die persoon bewus is daarvan ✓

(enige 6) (6)

3.1.3 Oorkruising van senuweevesels vanuit die serebrale hemisfeer vind plaas

in die medulla oblongata ✓ (1)

(Bl. 98)

- 3.2.1 (i) Serebrum
(ii) Medulla oblongata
(iii) Corpus callosum
(iv) Pons van Varolii

(bl. 98)

3.2.2 Meninges en serebrospinale vloeistof

VRAAG 2 (bl. 99)

- 2.1.1 A Dendriet
B Akson
C Selliggaam
D Dendron/dendriet
E Interneuron / verbindingsneuron / akson
F Reseptor (sintuigorgaan)
- 2.1.2 (i) Sensoriese / monopolêre / afferente / unipolêre neuron Diagram 2
(ii) Motoriese / multipolêre / efferente neuron diagram 1
- 2.1.3 (i) Gelei impulse vanaf die verbindingsneuron / rugmurg
na die effektor / spier

OF

Verbind sensoriese neuron aan motoriese neuron

- (ii) Gelei impulse vanaf die reseptor
na die rugmurg / verbindingsneuron
- 2.1.4 - Gebied waar impulse vanaf een neuron na die volgende
- beweeg

OF

- Plek van kommunikasie / gebied of ruimte
- tussen twee neurone

2.1.5 Refleksboog / neuron

2.1.6 Neurotransmitters genereer elektriese seine wat as senuwee-impulse na die selliggaam van die volgende neuron gelei word.

(bl. 100)

- 2.2.1 (i) D
(ii) C
(iii) A
(iv) B

(bl. 100)

2.2.2 Benige skedel/kranium/membrane/serebrospinale vloeistof

(bl. 101)

2.4.1 A – Interneuron

B – Sensoriese/afferente neuron

2.4.2 E- Knie/tendon/reseptor

2.4.3 Impulse vanaf die refleksentrums sal nie die effector (spier) bereik nie OF voel maar geen reaksie.

2.4.4 Knip van oë, gaap, nies, hoes, peristalse, verwyding en vernouing van pupil, hartklop.

2.4.5 Beskermend

2.4.6 'n Refleksaksie is 'n vinnige, outomatiese beweeging van 'n effector in reaksie op a prikkel wat deur 'n reseptor ontvang is.

'n Refleksboog is die pad/baan waarlangs 'n senuwee-impuls gelei word vanaf 'n reseptor na 'n effector om 'n refleksaksie te veroorsaak.

(bl.102)

2.7.1 Simpatiese and parasimpatiese afdelings

2.7.2

	Simpatiese stelsel	Parasimpatiese stelsel
a.	Vesnel hartklooptempo	Laat hartklooptempo afneem
b.	Vernou bloedvate in die vel	Verwyd bloedvate in die vel
c.	Verminder peristalse	Vermeerder peristalse
d.	Verwyd pupille	Vernou pupille

VRAAG 3 (bl. 102)

3.1.1 (i) A }
C } Merk slegs die eerste 3

I/F

(ii) B }
D } Merk slegs die eerste 3
G }

- (iii) D (1)
F (1)
K (1) } Merk slegs die eerste 3

- 3.1.2 (i) Oogspier
(ii) Retina

(bl. 102)

- 3.1.3 - Kringspiere
- trek saam
- Radiale spiere
- verslap
- Pupil word kleiner
- minder lig gaan oog binne

(bl. 103)

3.3.1 Iris

- 3.3.2 (i) Tussen die tweede en derde intervalle
(ii) Tussen die sesde en sewende intervalle

3.3.3 Elektriese gloeilamp was dieselfde afstand vanaf die oog.

3.3.4 Vyde minuut interval of tussen 4-5 minute
By hierdie interval was die pupil die grootste
Dit was wyer oop om by dowwe lig aan te pas

3.3.5 By die 8 minute interval is die oog aangepas vir helder lig
By die 9 mm interval is die oog blootgestel aan dowwe lig
Die radiaalspiere trek saam en pupil verwyd en meer lig kom die oog binne

3.3.6 Hoe nader enige helder ligbron is aan die oog – hoe kleiner die deursnee van die pupil en vice versa

3.3.7 Trek saam in helder lig/voorkom dat te veel lig die oog binnedring

4.1 (bl. 104)

4.1.1 Druk ontstaan binne-in ✓ die agterste oogholte (1)

4.1.2 Die pasiënt sal blind word ✓✓ / maak dat retina bleker voorkom ✓ en lei tot
voedselhoud en dood van retinasselle ✓ (2)

4.1.3 Nee ✓ (1)

4.1.4 Die beeld van die naderende motor sal nie op die geelvlek val nie ✓
omdat die gloukoom dit beskadig ✓ het. (2)

4.1.5 'n Katarak ontstaan deurdat die lens verdof en verhard. ✓ (1)

(bl. 104)

4.2 AKKOMODASIE ✓✓ gaan plaasvind. (2)

Lees boek in skaduwee:

Oog is aangepas vir naby-visie ✓ dus is die lens meer konveks ✓ en vir skadu is
die pupil vergroot ✓ (enige 2) (2)

Kyk na vliegtuig in skerp sonlig:

Vêr sien:

Die siliêrspier ✓ in die siliêrliggaam ✓ verslap. ✓

Die straalvormige liggaam beweeg weg ✓ van die lens.

Die draagbandligamente/ suspensoriese ligamente ✓ trek styf ✓

Die lens word platter / minder konveks. ✓

Die ligstrale buig minder ✓ om 'n beeld op die geelvlek ✓ / van die retina te fokus.

Iodopsien ✓ in die keëltjies ✓ word afgebreek ✓ en

Impuls word opgewek ✓ wat met die oogsenuwee ✓ na

Die gesigstreek ✓ in die oksipetale lob/ van die serebrum ✓ vervoer word.

(enige 7) (7)

Skerp sonlig:

Die Kringspiere ✓ van die iris trek saam✓

Radiaalspiere✓ van die iris verslap✓

Pupil verklein ✓

(enige 4) (4)

PUNTE	VLAKBESKRYWINGS
0	Het nie die antwoord aangedurf nie.
1	Swak strukturering van die antwoord met aansienlike gapings in die kennis van die konsepte van die akkomodasie van die oog (0-5 feite)
2	Die antwoord is oppervlakkig gestruktureer, waar sommige relevante konsepte gebruik is. Daar mag gapings in die kennis van konsepte wees. Die werking van verskeie dele is terloops bygevoeg (geskei van die oorsake en gevolge wat lei tot die akkomodasie van die oog)(6 – 11 feite)
3	Die antwoord is goed gestruktureerd en beskryf logies die oorsake en gevolge wat lei tot die akkomodasie van die oog, tesame met die verwante konsepte. Die sleutelkonsepte word op so 'n manier verduidelik dat die antwoord insig en begrip van die relevante vakkonsep/ vraag demonstreer (12-15 feite)

Inhoud: 15

Sintese: 3

(18)

(bl. 105)

- 4.6.1 A – Timpanum membraan/Trommelvlies/oordrom✓
C – Ovaalvenster✓
D – Rondevenster✓
- 4.6.2 B – dra vibrasies oor✓ van die timpaniese membraan na die binne-oor/versterk klankgolwe
- D - voorkom opbou van golwe✓/absorbeer drukgolf deur timpaniese kanaal van die binne-oor/laat klankgolwe geleidelik uit binne-oor/voorkom dat klankgolwe terugwaarts in perilimf beweeg
- 4.6.3 Timpanum membraan/A het 'n groter oppervlakte✓ as die ovaalvenster✓/C
- 4.6.4 Gehoorbeentjies sal nie geredelik vibreer ✓
om vibrasies na die binne-oor oor te dra nie✓/ veroorsaak gedeeltelike doofheid✓

OF

Kan nie druk aan beide kante van timpanum membraan balanseer nie✓ veroorsaak pyn✓/oordrom bars/ vibrasies nie oorgedra nie/ veroorsaak gedeeltelike doofheid/ middeloor infeksie

MENSLIKE ENDOKRIENE STELSEL ANTWOORDE:


(bl. 119)

5.3.1 1 – pituitêre klier
2 – tiroïedklier

5.3.2 Tiroïedstimulerende hormoon/TSH

5.3.3 Hoë vlakke tiroksienkonsentrasie in die bloed
Stimuleer die pituitêreklier
Om minder TSH af te skei
Die laer vlakke van TSH
sal veroorsaak dat die tiroïedklier minder tiroksien afskei
wat 'n afname in die tiroksienvlak in die bloed tot gevolg het.

5.4 (bl. 119)



Terugvoermeganisme wat tiroksienproduksie beheer

(bl. 120)

5.5.1 B: Tiroïedklier
C: Bynier

5.5.2 - Sekresies moet bloedstroom binnedring om weg vervoer te word.

(bl. 120)

5.5.3 A

5.5.4 A.g.v 'n groter aanvraag vir energie in hierdie noodsituasie is daar 'n groter aanvraag vir tiroksien. Hipofise word gestimuleer om meer TSH af te skei. Verhoogde TSH vlakke stimuleer die tiroïedklier om meer tiroksien af te skei en sodoende die metabolisme tempo te verhoog.

- 5.5.5 (a) Neem af
(b) Neem toe
(c) Trek saam

HOMEOSTASE IN DIE MENSLIKE LIGGAAM ANTWOORDE (pp. 138)

VRAAG 6 (bl. 138)

- 6.1.1 A Epidermis
B Erektor/haarspier

6.1.2 Verwyd/toename in bloedvloei

6.1.3 Meer bloed vloei na die oppervlakte en gevolglik bereik meer hitte die oppervlakte wat die hittegradiënt tussen die oppervlakte en omgewing toeneem sodat meer hitte na die omgewing verlore gaan om die liggaam af te koel.

- 6.1.4 (i) Adrenaliene
(ii) Nood/woede/gevaar
(iii) Bloedvate vernou en minder bloed vloei na die vel.
Bloeddruk verhoog sodat meer bloed na organe wat dit benodig soos hart en longe om brandstof/glukose en suurstof te verskaf om die tempo van respirasie te verhoog.
(iv) Stimuleer dit om meer tiroksien af te skei.
(v) Om metabolisme/respirasie/laat toeneem sodat meer energie beskikbaar gestel word vir 'n noodtoestand.

PLANTREAKSIE OP DIE OMGEWING ANTWOORDE (PP. 147)

(bl. 147)

1.7

- 1.7.1 By takkie A: Geen oksien is teenwoordig nie/die groeppunt verwyder; syknopontwikkeling is nie onderdruk nie.
By takkie B: Daar is wel 'n groot konsentrasie oksien teenwoordig/ouksienpasta en syknopontwikkeling word geïnhibeer. (2)
- 1.7.2 Groeipunt (1)
- 1.7.3 Sal na die ligbron groei
Die verhoogde oksienkonsentrasie aan die skadukant sal selverlenging stimuleer en die tak na die ligbron krom. (3)
- 1.7.4 Positiewe fototropisme (1)
- 1.7.5 Dit verseker dat plante die maksimum sonlig vir fotosintese kry. (1)

(8)

2.1 (bl. 147 + 148)

- 2.1 - Hoër/laer persentasie ✓ van sade
- sal ontkiem ✓
- in gibberellienoplossing/water ✓
OF
- Dieselfde hoeveelheid sade ✓
- sal ontkiem ✓
- in gibberellienoplossing en in water ✓ (3)
- 2.2 Aanvaar enige waarde tussen 77 tot 78% ✓ (1)
- 2.3 - Water dien as kontrole ✓ om te bevestig dat gibberelliene 'n effek het op ontkieming ✓ (2)
- 2.4 - Die getal haselneutsade in beide groepe moet dieselfde wees ✓
- Dieselfde volume van gibberellienoplossing en water moet gebruik word ✓
- Gebruik sade van dieselfde plant ✓
- Behou dieselfde omgewingsfaktore ✓
enige (2)
- 2.5 - Water is beskikbaar ✓
- vir sade om te ontkiem ✓ nadat dit baie gereën het (2)

GRAAD 12 LEWENSWETENSKAPPE

Vraestel 1 – TYD: 2½ uur TOTAAL: 150

INSTRUKSIES:

1. Beantwoord al die vrae.
2. Begin elke nuwe vraag boaan 'n nuwe bladsy.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Bied jou antwoorde volgens die instruksies van elke vraag aan.
5. Maak alle sketse met potlood en die byskrifte met blou of swart ink.
6. Teken sketse, diagramme en vloiediagramme slegs wanneer dit gevra word.
7. Die diagramme in hierdie vraestel is nie noodwendig volgens skaal geteken nie.
8. Grafiekpapier mag nie gebruik word nie.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar, gradeboog en passer gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.


[Bron: DBE/Nov. 2013]

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende meervoudige keuse vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.6) in jou Antwoordboek neer, bv. 1.1.3 A

1.1.1 'n Inheemse gebruik in Limpopo is om mopaniebome (foto A en B) sekere tye van die jaar af te kap om mopaniewurms (foto C) te oes en ook te droog vir winterkos.



Die waarskynlikste motivering vir hierdie inheemse gebruik is . . .

- A. monokultuurlandbou.
- B. voedselsekuriteit.
- C. ontbossing.
- D. herwinning.


1.1.2 Die plant wat aan Suid-Afrika se ooskus aangetref word en deur die inheemse kennisstelsels gebruik word om MIV en kanker te behandel.

- A. Afrika-aartappel
- B. *Hoodia gordonii*
- C. Rooibos
- D. Duiwelsklou

1.1.3 Die kweekhuisgas wat verkry kan word uit stortingsterreine en aangewend kan word om elektrisiteit op te wek.

- A. Koolstofdiksied
- B. Distikstofoksied
- C. Ammoniak
- D. Metaan

Meegaande diagramme het betrekking op vrae 1.1.4 tot 1.1.6



1.1.4 Klier X in diagram A skei hormoon (i) af as Jannie geskrik het en hormoon (ii) as sy soutbalans te laag is.

Hormone (i) en (ii) is onderskeidelik:

	Hormoon (i)	Hormoon (ii)
A.	Insulien	Glukagon
B.	ADH	Aldosteroon
C.	Aldosteroon	Adrenalien
D.	Adrenalien	Aldosteoon

1.1.5 Wanneer Pieter vir 'n uur hard rugby ge oefen het en nie geeët het nie, is die reaksie van sy klier X (diagram A), klier Y en bloedvat Z (diagram B) waarskynlik die volgende:

	Klier X	Klier Y	Bloedvat Z
A.	ADH afskei	Minder sweet	Vasodilasie
B.	Progesteron afskei	Meer sweet	Vasokonstriksie
C.	Aldosteron afskei	Meer sweet	Vasodilasie
D.	Glukagon afskei	Minder sweet	Vasokonstriksie

1.1.6 Die beheersentrum waarvandaan Pieter se senuweestelsel impulse sal stuur om klier Y en bloedvat Z te aktiveer, is onderskeidelik die . . .

	Klier Y	Bloedvat Z
A.	serebrum	rugmurg
B.	hipotalamus	medulla oblongata
C.	serebellum	hipotalamus
D.	rugmurg	corpus callosum

(6 x 2) (12)

1.2 Gee die korrekte **biologiese term** vir elk van die volgende beskrywings.

Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.7) in die Antwoordboek neer.

1.2.1 Uitloper van 'n neuron wat impulse na die selliggaam gelei.

1.2.2 Stafies en keëltjies wat fotochemiese pigment besit.

1.2.3 Siekte wat veroorsaak word deur verharding/littekenweefsel by neurone se miëlienskesdes.

1.2.4 Handhawing van 'n konstante vlak van stowwe in die liggaam.

1.2.5 Buislose kliere wat hormone afskei.

1.2.6 Tydperk vanaf inplantering van 'n embrio tot geboorte.


1.2.7 Meganiese beskerming van 'n plant teen herbivore. (7)

1.3 Dui aan of elk van die stellings in KOLOM I van toepassing is op **slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen** van die items in KOLOM II nie.

Skryf **slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen** langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.4) in die Antwoordboek neer.

KOLOM I	KOLOM II
1.3.1 Produksie van 'n ovum.	A. Oögenese B. Gametogenese
1.3.2 Saailingwortels groei afwaarts in die grond vir waterabsorpsie en om plant te anker.	A. Negatiewe geotropie B. Positiewe fototropie
1.3.3 Twee chromatiede wat verbind is met 'n sentromeer.	A. Homoloë chromosome B. Gerepliseerde chromosome
1.3.4 Agteruitgang van 'n mens se intellektuele funksies van die brein.	A. Demensia B. Parkinson se siekte
1.3.5 Plante wat van ander lande af kom.	A. Endemies B. Eksoties

1.4 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.




1.4.1 Skryf die nommer en funksie neer vir elk van die volgende dele op die diagram:

- a) Motoriese neuron (2)
- b) Reseptor (2)
- c) Wortelganglion (3)

1.4.2 Skryf die nommer en naam neer van die gedeelte waar serebrospinale vloeistof aangetref word. (2)

1.4.3 Gee 'n gepaste opskrif vir die diagram. (2) (11)

1.5 Bestudeer onderstaande diagramme P tot T en antwoord die vrae wat volg.



1.5.1 Skryf die naam van die kontrasepsiemetode/voorbehoedingmetode vir Q, R en T volgens die diagramme onderskeidelik neer. (3)

1.5.2 Pas die volgende beginsels waarop die kontrasepsie werk by die korrekte diagram. Skryf slegs die diagram se letter teenoor die kontrasepsiebeginsel se vraagnommer neer.

- Voorkom dat ovulasie plaasvind.
- Voorkom dat bevrugting plaasvind.
- Voorkom dat 'n embrio op die uterus inplant.
- Permanente sterilisasie. (4)

1.5.3 Gee die naam van die mediese prosedure indien 'n man die proses in diagram S ondergaan en noem ook watter buise geknip word. (2)

1.5.4 Gee die letter van die diagram wat 'n "natuurlike" metode voorstel. (1) (10)


TOTAAL AFDELING A: [50]

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer onderstaande diagramme van orgaan A in lengtesnee en buis B in dwarsdeursnee gesien, asook fases van 'n tipe seldeling C.

Beantwoord die vrae wat volg.





2.1.1 Benaam die genommerde orgaan A en buis B onderskeidelik. (2)

2.1.2 Vergelyk die genommerde selle 3, 4 en 6 ten opsigte van elk se

chromosoomgetal (haploïed/diploïed). (3)

- 2.1.3 Gee die tipe seldeling wat in diagram C voorgestel word. (1)
- 2.1.4 Noem watter eindprodukte gevorm word aan die einde van die seldeling C, en gee die genummerde sel in buis B waarmee dit ooreenstem. (2)
- 2.1.5 Verduidelik kortliks wat in fase V plaasgevind het deur die chromosome met mekaar te vergelyk. (3)
- 2.1.6 Benaam die seldelingfases W en X volledig. (2)
- 2.1.7 Verduidelik hoe die liggaam verseker dat nommer 6 by 'n laer temperatuur as liggaamstemperatuur geproduseer word. (2) (15)

2.2 Bestudeer onderstaande diagram A en grafiek B en beantwoord die vrae wat volg.

Diagram A	
	<p>2.2.1 a) Benaam deel 1. (1) b) Verduidelik watter rol deel 1 in voortplanting speel en hoe dit aangepas is vir sy funksie. (4)</p> <p>2.2.2 Identifiseer die prosesse X en Y onderskeidelik. (2)</p> <p>2.2.3 Identifiseer die hormone D, E, F en G onderskeidelik. (4)</p>
Grafiek B	
	<p>2.2.4 Gee die nommer en naam van die orgaan waarin fase K plaasvind. (2)</p> <p>2.2.5 Watter endokriene kliere is verantwoordelik vir die afskeiding van die hormone D en G onderskeidelik? (2)</p> <p>2.2.6 Verduidelik watter invloed die afname van hormoon E onderskeidelik op 'n vrou se ovariale siklus en uterale siklus het. (4)</p> <p style="text-align: right;">(19)</p>


2.3 Werweldiere het sekere strategieë om hul kans om suksesvol voort te plant te verhoog. Vergelyk die strategieë van olifante en paddas ten opsigte van die volgende:

- a) Getal beskikbare eiers per voortplantingsiklus
- b) Tipe bevrugting
- c) Wyse waarop die eier in 'n nuwe individu ontwikkel (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer meegaande foto A van hawersaailinge wat voor 'n lamp in 'n donkerkamer gekweek is en beantwoord die vrae.

Foto A:	
	3.1.1 Formuleer 'n hipotese vir die ondersoek. (2)
	3.1.2 Watter planthormoon sal 'n invloed op die groeireaksie hê? (1)
	3.1.3 Noem twee vaste veranderlikes wat in die eksperimentele opstelling in ag geneem moet word. (2)
	3.1.4 Verklaar die groeireaksie wat na 'n paar dae by die hawerkoleoptiele waargeneem is. (4)
	(9)

3.2 Definieer die begrip 'voedselsekuriteit'. (4)

3.3 Bespreek vier swak boerderypraktyke wat biodiversiteitverlies in Suid-Afrika veroorsaak. (12)

- 3.4 Bestudeer onderstaande uittreksel uit 'n leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

Wat het geword van die renosters in 2013?

Altesaam 891 renosters is reeds vanjaar in Suid-Afrika gestroop. Dié getal sal waarskynlik einde vandeemaand op duisend te staan kom. Dit is die helfte meer as die rekordgetal van 668 renosters wat in 2012 vir hul horing gestroop is. Meer as 500 van die renosters wat in 2013 van kant gemaak is, is in die Nasionale Krugerwildtuin geskiet.


Die tempo waarteen renosters in Suid-Afrika gestroop word, neem tans met sowat 50 persent per jaar toe. In 2007 is slegs 13 renosters gestroop.

Hierdie skokkende statistiek oor renosterstropery is ten spyte van pogings deur die regering om dié tendens hok te slaan. Die tesourie het onlangs R75 miljoen beskikbaar gestel vir die bekamping van renosterstropery.

Bron: <http://huisgenoot.com/nuus/renosterstropery-wat-het-in-2013-gebeur/>

- 3.4.1 Wat word verstaan onder die term 'stropery'? (1)
- 3.4.2 Bereken die persentasie toename in renosterstropery van 2007 en 2012. Toon die berekening volledig. (4)
- 3.4.3 Stel twee redes voor waarom die bekamping van renosterstropery nie suksesvol is nie, nieëenstaande dat daar genoeg fondse deur die regering bewillig is. (2)
- 3.4.4 Noem waarvoor mense graag renosterhoring wil gebruik. (2) (9)

- 3.5 Bestudeer onderstaande foto en diagram van die menslike oog.



- 3.5.1 Verduidelik stapsgewys hoe 'n mens se oog akkommodeer om op die boek se bladsye te kan fokus.

(6)

[40]

AFDELING C

VRAAG 4

- 4.1 Baie mense raak hardhorend en selfs doof wanneer hul bejaard word.
Sommige mense word doof of hardhorend gebore.

Skryf 'n feitelike opstel waarin jy die pad van klank in die menslike oor verduidelik. Bespreek ook die faktore wat tot meganiese doofheid lei, asook die oorsake van senuweedoofheid. Meld hoe die twee vorme van doofheid behandel kan word om 'n persoon se gehoorfunksie te verbeter.

Feite (17)

Sintese (3)

[Relevante feite, Logiese aanbieding, Begrip van wetenskaplike konsepte]

LET WEL: GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde in die vorm van vloiediagramme, diagramme of tabelle nie.

Maak paragrawe, met gepaste opskrifte, volgens die vraag.

Skryf vol sinne en nie puntsgewys nie.

Geen sms-taal mag gebruik word nie.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 150

MEMORANDUM – Gr 12 Oefenvraestel 1

AFDELING A

VRAAG 1-1

1.1.1 B ✓✓

1.1.2 A ✓✓

1.1.3 D ✓✓

1.1.4 D ✓✓

1.1.5 C ✓✓

1.1.6 B ✓✓

6 x 2 (12)

VRAAG 1-2

1.2.1 Dendriet ✓

1.2.2 Fotoreseptore ✓

1.2.3 Veelvuldige sklerose ✓

1.2.4 Homeostase ✓

1.2.5 Endokriene ✓ kliere

1.2.6 Gestasie ✓

1.2.7 Dorings ✓

(7)

VRAAG 1-3

1.3.1 Beide A en B ✓✓

1.3.2 Geen ✓✓

1.3.3 Slegs B ✓✓

1.3.4 Slegs A ✓✓

1.3.5 Slegs B ✓✓

5 x 2 (10)

VRAAG 1-4

1.4.1 a) No. 4 ✓, Gelei impulse na spier/effektor ✓ (2)

b) No. 1 ✓, Neem prikkel/stimulus uit omgewing op ✓ (2)

c) No. 2 ✓, Huisves selliggame ✓ van sensoriese neurone ✓ (3)

1.4.2 No. 7 ✓, Sentrale kanaaltjie ✓ (2)

1.4.3 Rugmurg ✓ met refleksboog ✓ (2) (11)

VRAAG 1-5

1.5.1 Q = Die Pil ✓ R = Ritmemetode ✓ T = Kondome ✓ (3)

1.5.2 a) Q ✓ b) T ✓ c) P ✓ d) S ✓ (4)

1.5.3 Vasektomie ✓, Vas deferens ✓ (2)

1.5.4 R ✓ (1) (10)

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1.1 Orgaan A = Testis ✓ Buis B = Semenbuisie ✓ (2)
- 2.1.2 Sel 3 = diploïed/2n ✓
Sel 4 = haploïed/n ✓
Sel 6 = haploïed/n ✓ (3)
- 2.1.3 Meiose ✓ (1)
- 2.1.4 Sperms ✓, No. 6 ✓ (2)
- 2.1.5 Oorkruising ✓ van homoloë chromosome ✓ sodat stukkies
chromatiede genetiese materiaal uitruil. ✓ (3)
- 2.1.6 W = Metafase 2 ✓ X = Anafase 2 ✓ (2)
- 2.1.7 Testis hang buite ✓ die liggaam in die skrotum. ✓ (2) (15)
- 2.2.1 a) Fallopiusbuis ✓ (1)
b) Vervoer ovum/eiersel ✓ van ovarium na uterus deur middel
van peristalse ✓ en swaibewegings van die inwendige silia. ✓
Bevrugting ✓ vind in fallopiusbuis plaas. (4)
- 2.2.2 X = Menstruasie ✓ Y = Ovulasie ✓ (2)
- 2.2.3 D = Estrogeen ✓

E = Progesteron ✓

F = LH/Luteïniseringshormoon ✓

G = FSH/Follikelstimulerende hormoon ✓ (4)

2.2.4 No. 2 ✓ , ovarium ✓ (2)

2.2.5 D = Ovarium/Graaffollikel ✓

G = Hipofise/Pituitêre klier ✓ (2)

2.2.6 Ovariale siklus: Stimuleer nuwe follikel ✓ om 'n ovum ✓ te laat ryp word.

Uterale siklus: Menstruasie ✓ om die boonste lae van die endometrium en onbevrugte ovum uit te skei. ✓ (4) (19)

2.3.1 Vergelyking tussen voortplantingstrategieë van olifante en paddas:

	<u>Olifante</u>	<u>Paddas</u>
a) Getal eiers per siklus	Een ✓	Baie ✓
b) Tipe bevrugting	Inwendig ✓ na paring	Uitwendig ✓ in water
c) Tipe ontwikkeling	Viviparie ✓	Oviparie ✓

(6)

[40]

VRAAG 3

3.1.1 As hawersaailinge eensydig belig word ✓ in 'n donker groeikamer,
sal dit positief fototropies groei ✓ (2)

3.1.2 Ouksiene/IAS/Indoolasynsuur ✓ (1)

3.1.3 – Ewe lang beligtingstydperk ✓

– Dieselfde gloeilampe/energiesterkte gebruik ✓

– Saailinge ewe oud ✓

– Saailinge het ewe veel water/grond/potgrootte/temperatuur ✓

of enige ander korrekte konstante veranderlike. Enige (2)

3.1.4 Ouksiene is ligsensitief en diffundeer na die stingel se skadukant. ✓

Selle het 'n hoër/meer optimale oksienkonsentrasie ✓

en dit stimuleer selle aan die skadukant om meer te verleng ✓

as selle aan die ligkant. Gevolglik groei ✓ die stingel krom na die

lig toe/positief fototropies. ✓ Enige (4) (9)

3.2 Voedselsekuriteit behels dat alle mense bekostigbare toegang ✓

moet hê tot genoeg ✓ veilige ✓ voedsame ✓ voedsel om

gesond te kan leef. ✓ Enige (4) (4)

3.3 Biodiversiteitverlies as gevolg van swak boerderypraktyke:

Monokultuur ✓*

- 'n Enkele plantspesie word verbou om baie voedsel/hektaar te produseer. ✓
- As die gewas jaar na jaar op dieselfde grond verbou word, put dit die grond uit deur dieselfde minerale/nutriënte te absorbeer. ✓
Gevolgtlik verswak oeste as kunsmis nie toegevoeg word nie.
- Monokulture is maklik vatbaar vir siektes/plae ✓ wat voed op die gewas en hul natuurlike vyande ontbreek. ✓
- Natuurlike ekostelsel/habitat is vernietig ✓ om monokultuur te plant.

Oormatige gebruik van kunsmis ✓*

- Boere bemes landerye met kunsmis om nutriënte tot grond toe te voeg as gevolg van monokultuur en oesopbrengs te verhoog. ✓
- As wisselbou nie toegepas word nie, hoop sekere minerale in grond op/pH kan verander. ✓
- Met reën spoel grond met minerale na riviere/damme waar dit algebloei veroorsaak ✓ en eutrofikasie. ✓

Verlies aan boggrond ✓*

- Intensiewe landbou ✓ en oorbeweiding ✓ lei tot degradasie van grond.
- Die ontblote grondoppervlak bevorder gronderosie ✓ deur wind en water.
- Grond raak nutteloos vir boerdery en natuurlike plante vestig swak. ✓

Plaagbeheer ✓*

- Plaagdoders word gebruik om monokultuur te beskerm teen onkruid, insekte en plantsiektes. ✓
- Die plaagdoders maak natuurlike predatore dood ✓ en plaagbevolkings vermeerder ✓ wat die probleem vererger.
- Mikroörganismes in grond word ook vernietig en die grondvrugbaarheid neem af. ✓

4 verpligte punte* + 2 by elk (12) (12)

3.4.1 Stropery is die onwettige jag van diere. ✓ (1)

3.4.2 Verlies van 668 renosters in 2012 - 13 renosters in 2007 = 655 ✓

$$\frac{655}{668} \times 100 \quad \checkmark$$

$$668 \quad \checkmark$$

$$= 98,05 \% \quad \checkmark \quad (4)$$

3.4.3 – Swak polisiëring/beperkte hulpbronne bv. mannekrag en voertuie ✓

– Korrupsie by wildtuine en lughawens/omkoperie ✓

– Hoë monetêre waarde vir renosterhoring dryf stropers en hul leiers om voort te gaan daarmee. ✓ Enige (2)

3.4.4 Gebruike van renosterhoring:

– Vervaardig tradisionele medisyne in Oosterse lande vir bv. kanker ✓

– Seksstimulant/Afrodisiakum ✓

– Vervaardig ornamente/statussimbool om te besit ✓ Enige (2) (9)

3.5 Akkommodasie van ooglens om 'n boek te lees/nabyvisie:

– Siliêre spier trek saam ✓

– Spanning op suspensoriese ligament verminder/neem af/verslap ✓

– Elastiese lens word meer konveks/bolrond/dikker ✓

– Inkomende ligstrale word meer gebuig/gerefrakteer ✓

– Ligstrale word gefokus op een punt op die retina ✓

om 'n skerp beeld te vorm. ✓ (6) (6)

[40]

AFDELING B: [80]

AFDELING C

VRAAG 4

Pad van klank in die menslike oor:

Klankgolf word van die pinna/gehoorskulp in die gehoorgang ✓ gerig tot teen die timpanum/trommelvlies/oordrom ✓ wat teen dieselfde frekwensie vibreer. Vibrasie word oorgedra na drie ossikels ✓ /gehoorbeentjies/hamer, aambeel en stiebeuel/malleus, inkus, stapes wat die meganiese prikkel versterk. ✓

Die ovale venster vibreer ✓ en veroorsaak golfbewegings ✓ in die vog van die inwendige oor. Sensoriese haarselle in die orgaan van Corti ✓ van die koglea ✓ word gestimuleer en impulse ontstaan wat met die gehoorsenuwee ✓ gelei word na die serebrum/serebrale korteks ✓ se gehoorsentrum. Interpretasie van impulse ✓ vind plaas en die persoon raak bewus van wat gehoor word.

Enige (9)

Meganiese doofheid:

Timpanum verhard ✓ /verloor sy elasticiteit/beskadig van 'n harde hou en chroniese middeloorinfeksie ✓ veroorsaak dat die timpanum nie teen die regte frekwensie vibreer nie. ✓

Die ossikels vergroei of verkalk ✓ en versterk nie die meganiese prikkel nie.

Die stiebeuel vergroei met die ovale venster ✓ en min golfbeweging ontstaan in die vog van die inwendige oor.

Enige (3)

Senuweedoofheid:

Aangebore defekte soos koglea/orgaan van Corti/gehoorsenuwee wat swak of nie ontwikkel het nie. ✓

Blootstelling aan harde klank/geraas ✓ oorstimuleer die sensoriese haarselle en die sensoriese punte val plat. Min impulse word opgewek.

Breinbeserings ✓ van gehoorstreek op serebrale korteks. Enige (2)

Behandeling van doofheid:

Meganiese doofheid:

- Gehoorapparaat ✓
- Vervang ossikels ✓
- Dreineringsbuisies/grommets vir kind met middelloorinfeksie ✓ Enige (2)

Senuweedoofheid: Kogleêre inplanting ✓ (1)

Feite: (17)

Sintese: (3)

Sintese – Beskrywing vir toekenning van 3 punte:	Punte
Geen poging aangewend nie / alle inligting is foutief	0
Alle aspekte is relevant aangespreek: Pad van klank, meganiese doofheid, senuweedoofheid, behandeling	1
Logiese aanbieding van feite en beredenering	1
Leerder toon begrip vir wetenskaplike konsepte en gebruik dit korrek	1

TOTAAL AFDELING C: [20]

GROOT TOTAAL: 150

LEWENSWETENSKAP GR 12

Gekontroleerde Toets 2

Tyd: 1 uur

Punte: 60

INSTRUKSIES


1. Beantwoord alle vrae op foliopapier.
2. Trek 'n regterkantlyn op elke folio .
4. Trek 'n lyn na elke vraag (nie na elke onderafdeling van 'n vraag nie).
5. Laat lyne oop tussen vrae van Afdeling B.
6. Nommer duidelik en net soos in die vraestel.

Afdeling A

Vraag 1

1.1 Vier moontlikhede word as antwoord vir elk van die volgende vrae gegee. Skryf die korrekte antwoord teenoor die nommer op die foliopapier neer bv. 1.1.5 B.


- 1.1.1 In 'n familie van mense, is die geen vir regshandigheid (**R**) dominant oor die geen vir linkshandigheid (**r**). Die stamboomdiagram hieronder toon drie generasies aan.



Wat is die korrekte voorstelling van die genotipes van die volgende drie individue soos in die stamboomdiagram getoon?

	<u>Ouma</u>	<u>Ma</u>	<u>Dogter 1</u>
A	Rr	Rr	RR
B	Rr	RR	rr
C	RR	Rr	rr
D	Rr	Rr	rr

1.1.2 Die diagram toon die manlike voortplantingsorgane.



Wat sal die gevolg wees as die buisies by X gesny word?

- A Manlike hormone sal nie die bloedstroom bereik nie
- B Die vloei van uriene sal verhoed word
- C Die produksie van sperme sal gestaak word
- D Die man sal steriel wees

2 x 2 = (4)

1.2 Gee die korrekte term vir die omskrywing.

1.2.1 Die verskynsel dat eiers in die moederdier se liggaam uitbroei en die nuwe organismes die liggaam lewend verlaat

1.2.2 Die proses wat in die testis van 'n man plaasvind waartydens gamete gevorm word

2 x 1 = (2)

1.3 Vir elk van die beskrywings in kolom I, sê of slegs A, slegs B, beide A en B of geeneen uit kolom II geld. Skryf: **Slegs A; Slegs B; Beide A en B; Geeneen** langs die korrekte nommer.

KOLOM I		KOLOM II
1.3.1	Hoenderkuiken broei uit eier	A. Prekosiale ontwikkeling B. Altrisiële ontwikkeling
1.3.2	Die aanwesigheid van 'n chorion	A. Soogdierembrio B. Amnietiese eier

2 x 2 = (4)


[10]

Afdeling B

Vraag 2

- 2.1 Die vermoë van mense om hul tong te rol word toegeskryf aan 'n dominante alleel. 'n Man wat heterosigoties is vir tongrol en 'n vrou wat nie haar tong kan rol nie, het kinders. Gebruik die simbole T en t vir die allele van die tongrolkenmerke en toon deur middel van 'n genetiese kruising (punnetdiagram) die moontlike genotipes en fenotipes van die kinders aan. Benoem alle stappe en diagramme volledig. (6)


- 2.2 Bestudeer die diagram van 'n fase in meiose hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.2.1 Gee byskrifte vir dele B, C en D. (3)
- 2.2.2 Noem die proses in meiose wat in die skets uitgebeeld word. (1)
- 2.2.3 Noem EEN rede waarom die proses in 2.2.2 belangrik is vir die organisme. (1)
- 2.2.4 Teken 'n skets van struktuur A direk nadat die proses in 2.2.2 plaasgevind het. (1)

[6]

2.3 Die Grafiek hieronder toon 'n vrou se liggaamstemperatuur wat elke tweede dag gemeet is om 6:00 elke oggend.



2.3.1 Wat is die liggaamstemperatuur van die vrou op dag 2? (1)

2.3.2 Met hoeveel het die temperatuur gestyg tussen dag 16 en dag 24? (1)

2.3.3 Verduidelik hoe die vrou die grafiek kan gebruik om die dae wat sy op haar vrugbaarste is te voorspel. (1)


[3]

[15]

Vraag 3

3.1 Die diagram hieronder toon 'n gedeelte van die vroulike voortplantingstelsel.

Strukture B tot G en prosesse 1, 2 en 3 wat in die buis van Fallopius en die uterus plaasvind, is vergroot.



- 3.1.1 Benoem C en D. (2)
- 3.1.2 Noem watter prosesse by 1, 2 en 3 onderskeidelik plaasvind. (3)
- 3.1.3 Noem hoeveel chromosome in die volgende strukture aangetref word:
 - (a) E (1)
 - (b) Elke sel van struktuur G (1)
- 3.1.4 Watter hormoon veroorsaak dat proses 1 plaasvind en waar word die hormoon vervaardig? (2)
- 3.1.5 Watter TWEE hormone hou struktuur C in stand? (2)
- 3.1.6 Noem TWEE funksies van vloeistof A. (2)
- 3.1.7 Struktuur B besit bloedvate wat stowwe na en van die fetus vervoer.
 - (a) Noem die bloedvat wat stowwe na die fetus vervoer. (1)
 - (b) Noem een nuttige stof wat na die fetus vervoer word. (1)

[15]

Afdeling C

Vraag 4

'n Amniosintese word gedoen op 'n swanger vrou om 'n kariotipe van die fetus te verkry. Sekere chromosomale afwykings in die fetus, onder andere Downsindroom, kan sodoende bevestig of uitgesluit word.

Verduidelik wat 'n kariotipe is en hoe 'n persoon met Downsindroom se kariotipe verskil van dié van 'n normale persoon.

Beskryf die gedeelte van die proses van meiose wat skeefloop om aanleiding te gee tot Downsindroom, asook die tipe chromosomale afwyking. Noem ook fisiese kenmerke van 'n Downsindroomlyer.

17 + 3 (sintese) = **(20)**

TOTAAL : 60

LEWENSWETENSKAP GR 12

Gekontroleerde Toets 2 Memorandum

Tyd: 1 uur

Punte: 60

Afdeling A

Vraag 1

- 1.1 1.1.1 D ✓✓
 1.1.2 D ✓✓ 2 x 2 = (4)
- 1.2 1.2.1 Ovoviviparie ✓
 1.2.2 Spermatogenese ✓ (2)
- 1.3 1.3.1 Slegs A ✓✓
 1.3.2 Beide A en B ✓✓ 2 x 2 = (4)

Totaal Afdeling A : 10

Afdeling B

Vraag 2

2.1

P1(ouers) Man x Vrou
 Fenotipe: Tong roller x Nie- tongroller ✓
 Genotipe: Tt x tt ✓
 Meiose

Gamete T, t x t, t ✓

Bevrugting:

gamete	T	t
t	Tt	tt
t	Tt	tt

✓✓ een vir korrekte plasing van gamete en een vir korrekte genotipes

F1 (nakomelinge) genotipe : 2Tt : 2tt


Fenotipe: 2 tongrollers : 2 nie -tongrollers ✓

P1 en F1/ ouers en nakomelinge ✓

Meiose en bevrugting ✓ enige (6)

- 2.2 2.2.1 B – sentromeer ✓
 C – chromatied ✓
 D – chiasma ✓ (3)
- 2.2.2 Oorkruising ✓ (1)
- 2.2.3 Veroorsaak variase in gamete ✓ (1)

2.2.4



(1)

[6]

- 2.3** 2.3.1 36,7 °C ✓ (1)
2.3.2 $(37,1 - 36,8) = 0,3$ ✓ (°C) (1)
2.3.3 Sodra haar temperatuur styg ✓ (vanaf 36,6 tot 36.7) ovuleer sy (dag 14), en is sy op haar vrugbaarste vir die volgende 48 uur (1)

[3]

[15]

Vraag 3

- 3.1** 3.1.1 C – Plasenta ✓
D – Ovarium ✓ (2)
3.1.2 1 – ovulasie ✓
2 – bevrugting ✓
3 – mitose ✓ (3)
3.1.3 (a) 23 ✓
(b) 46 ✓ (2)
3.1.4 LH ✓/ lutiëniseringshormoon
Vervaardig in hipofise/ pituitêre klier ✓ (2)
3.1.5 Progesteron ✓ en estrogeen ✓ (2)
3.1.6 Absorbeer skokke ✓
Handhaaf 'n konstante temperatuur ✓
Waterige medium waarin fetus vrylik kan rondbeweeg/ontwikkel ✓
Beskerm fetus teen uitdroging ✓ Merk eerste twee (2)
3.1.7 (a) Naelstring-/ umbilikale aar/ vena ✓
(b) Suurstof, voedingstowwe bv glukose/ aminosure/
vetsure en gliserol/kalsium/water/geoksigineerde bloed
of ander enige (1)

Afdeling C – Opstel Downsindroom**Vraag 4****Kariotipe**

- Die volledige diploïede stel √ chromosome in een enkele sel √ (van fetus)
- In homoloë pare √ stem ooreen in lengte, grootte, en genetiese inligting √
- Van lank na kort gerangskik √
- 22 paar outosome en 1 paar geslagschromosome / gonosome √ enige (3)

Persoon met Downsindroom het **3 vchromosome /outosome nr 21 v**

Of trisomie 21

verpligte (2)

Normale persoon het net 2 chromosome nr 21 v

verpligte (1)

Meiose wat skeefloop

- Tydens Anafase √ (1 of 2) van meiose
- Skei homoloë paar nr 21 nie √ non/nie-disjunksie √/ veroorsaak aneuploëdie
- Albei chromosome (of chromatiede) nr 21 beweeg na dieselfde pool √ wanneer spoelrade √ verkort
- Daar ontstaan 'n ekstra chromosoom in een dogtersel/
24 chromosome in gameet/eiersel √
- Dit is 'n chromosoom **mutasie** √
- As bevrugting plaasvind het die sigoot 47 chromosome √
- 'n Downsindroom persoon het 47 chromosome in alle liggaamselle √ enige (7)

Fisiese Kenmerke:

- Klein amandelvormige oë
- Ore laag af teen kop
- Plat voorkop
- Plat neusbrug
- Groot tong (wat gewoonlik uit oop mond steek)
- Verstandelik gestremd
- Een enkele handvou
- Breë spasie tusse 1e en 2e toon
- Lae spieronus
- Geneigdheid tot hartprobleme, sig en gehoorprobleme (of ander) enige (4)

Rubriek

vir sintese:

R – is alle inligting relevant √ Ja (1) Nee (0)

L - logiese volgorde en paragrawe en onderopskrifte √ (1)
geen orde/paragrawe/ onderopskrifte (0)

B – begrip van wetenskaplike konsepte:

Ten minste 3/6 vir kariotipe en 4/7 vir meiose en 3/4 kenmerke (1)
nie alle onderwerpe gedek nie (0)

17 + 3 (sintese) = **(20)**